# KREATIWITEIT EN POëSIESKEPPING BY DIE ADOLESSENT

## 'N PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

deur

PAUL PHILIPPUS BOTHA

PROEFSKRIF

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in

PSIGOLOGIE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

PROMOTOR: PROF P E VAN JAARSVELD
MEDEPROMOTOR: PROF M C A SEYFFERT

Mei 1985

## D A N K B E T U I G I N G

Met opregte waardering wil ek graag my dank teenoor die volgende persone en instansies uitspreek:

- Prof P E van Jaarsveld vir sy bekwame en besielende leiding as promotor;

- Prof M C A Seyffert vir sy waardevolle leiding en ondersteuning met betrekking tot die literêr-teoretiese komponent van die ondersoek;

- Prof J Flowers van Unisa vir sy hulp met die keuse en gebruik van die verskillende statistiese tegnieke;

- Mev Rika Preller en die beoordelaars wat vir die beoordeling en evaluering van die poësie verantwoordelik was;

- Christa en Mev S M van Niekerk vir die noukeurige en netjiese versorging van die tikwerk;

- Die personeel van die Buro vir Studentevoorligting aan die RAU vir hulle belangstelling, ondersteuning en aanmoediging;

- Die Transvaalse Onderwysdepartement wat toestemming verleen het dat proefpersone van verskillende skole in Transvaal vir die doel van die ondersoek gebruik kon word;

- My gesin, familie en skoonfamilie vir die aanmoediging en meelewing.

*Opgedra aan Mariëtte,*

*Lynette en Daleentjie.*

# DIGTER

Ek is gevang
en met die stryd
êrens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban

waar al my drange
na 'n verlore vaderland
my dag na dag geëiland
hou met horisonne en verlange,

en in die geel gloed van die kers
snags deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stellasies vers

wat groei tot boeg en mas
en takelwerk - en die uiteindelike
reis met die klein skip
geslote agter glas.

D J OPPERMAN

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËNTASIE

1.1 Inleiding 1
1.2 Probleemstelling 3
1.3 Doelstellings 5
1.4 Verloop van die ondersoekprogram 7

HOOFSTUK 2: DIE KREATIWITEITSVERSKYNSEL: BEGRIPSOMSKRYWING, TEORETIESE BEGINSELS EN ENKELE BEGRIPSVERHELDERENDE FASETTE

2.1 Inleiding 8
2.2 Begripsomskrywing 9
2.3 Teorieë in verband met kreatiwiteit 14
2.3.1 Die veelvuldige intelligensieteorie 14
2.3.2 Die assosiasionistiese teorie 19
2.3.3 Die psigoanalitiese teorie 24
2.3.4 Die Gestalt-teorie 30
2.3.5 Die teorie van selfverwesenliking en selfaktualisering 31
2.3.6 Samevatting van teoretiese beginsels waarvolgens enkele doelstellings van die ondersoek gemotiveer kan word 33

2.4 Begripsverhelderende fasette ten opsigte van die kreatiwiteitsbegrip 37

2.4.1 Die kreatiewe proses 37

2.4.1.1 Die voorbereidingsfase 40

2.4.1.1.1 Samevoeging van konsepte 40

2.3.1.1.2 Herformulering van die probleem 40

2.4.1.1.3 Simbolisering 41

2.4.1.2 Die inkubasiefase 41

2.4.1.3 Die illuminasiefase 43

2.4.1.4 Die verifikasiefase 43

2.4.2 Die kreatiewe produk 45

2.4.3 Die kreatiewe omgewing 50

2.4.4 Die kreatiewe persoon 52

2.5 Oorkoepelende samevatting en kritiese evaluering van die kreatiwiteitsverskynsel 55

HOOFSTUK 3: VERANDERLIKES WAT 'N MOONTLIKE VERBAND MET KREATIEWE BEGAAFDHEID TOON

3.1 Inleiding 62

3.2 Intelligensie en kreatiewe begaafdheid 63

3.3 Persoonlikheid en kreatiewe begaafdheid 69

3.4 Fantasie en kreatiewe begaafdheid 76

3.5 Affektiewe prosesse en kreatiewe begaafdheid 82

3.6 Taalontwikkeling en kreatiewe begaafdheid 86

3.7 Belangstelling en kreatiewe begaafdheid 93

3.8 Geslagsverskille en kreatiewe begaafdheid 97

3.9 Oorkoepelende samevatting waarvolgens eksperimentele hipoteses geformuleer kan word 100

HOOFSTUK 4: KREATIWITEIT EN POËSIESKEPPING BY DIE ADOLESSENT: 'N EKSPERIMENTEEL-PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

4.1 Inleiding 104

4.2 Formulering van hipoteses 104

4.3 Eksperimentele ontwerp 115

4.3.1 Die identifisering van afhanklike en onafhanklike veranderlikes 115

4.3.2 Beskrywing en motivering vir die gebruik van die meetinstrumente 117

4.3.2.1 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (Vorms S en T) 118

4.3.2.2 Die Remote Associative Test 119

4.3.2.3 Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) 121

4.3.2.4 Die IPAT-Angsskaal 126

4.3.2.5 Die Imaginal Process Inventory (IPI) 128

4.3.2.6 Die Afrikaanse Taalvermoëtoets 132

4.3.2.7 Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV) 133

4.3.3 Metode van ondersoek 137

4.3.4 Steekproefneming 139

4.3.5 Statistiese tegnieke 143

HOOFSTUK 5: RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

5.1 Inleiding 145

5.2 HIPOTESE 1: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer konvergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is 146

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.3 | HIPOTESE 2: | Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer divergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is | 151 |
| 5.4 | HIPOTESE 3: | Konvergente en divergente denke is interafhanklik met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie | 155 |
| 5.5 | HIPOTESE 4: | Adolessente wat kreatiewe poësie skep, openbaar bepaalde persoonlikheidstrekke wat hulle onderskei van die adolessent wat minder of weinig kreatiewe poësie skep | 158 |
| 5.6 | HIPOTESE 5: | Adolessente wat kreatiewe poësie skep, is meer geneig om emosionele angs te ervaar in vergelyking met dié wat minder of weinig kreatief is | 175 |
| 5.7 | HIPOTESE 6: | Kreatiewe potensiaal, soos gemanifesteer in die persoonlikheid van die individu, hou verband met die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent | 178 |
| 5.8 | HIPOTESE 7: | Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor besonder ryk fantasieë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is ten opsigte van hierdie produk | 180 |
| 5.9 | HIPOTESE 8: | Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, is meer gereed om affektiewe belewenisse te rapporteer as dié wat minder of weinig kreatief is | 180 |

5.10 HIPOTESE 9: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor 'n sterker kognitiewe taalvermoë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is 182

5.11 HIPOTESE 10: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, stel meer belang in belangstellingskomponente soos taal, kreatiewe denke, uitvoerende kunste en beeldende kunste in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is 188

5.12 HIPOTESE 11: Adolessente dogters is meer geneig tot kreatiewe poësieskepping as adolessente seuns 193

5.13 HIPOTESE 12: Konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en belangstelling is interafhanklike veranderlikes met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie 195

5.14 Samevatting 201

HOOFSTUK 6: BESPREKING EN EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

6.1 Inleiding 202

6.2 Konvergente denke en kreatiewe poësieskepping 203

6.3 Divergente denke en kreatiewe poësieskepping 205

6.4 Die interafhanklike verband tussen konvergente en divergente denke met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie 206
6.5 Persoonlikheid en kreatiewe poësieskepping 207
6.6 Emosionele angs en kreatiewe poësieskepping 215
6.7 Kreatiewe potensiaal en kreatiewe poësieskepping 215
6.8 Fantasie en kreatiewe poësieskepping 216
6.9 Affektiewe prosesse en kreatiewe poësieskepping 217
6.10 Kognitiewe taalvermoë en kreatiewe poësieskepping 217
6.11 Belangstelling en kreatiewe poësieskepping 218
6.12 Geslagsverskille en kreatiewe poësieskepping 219
6.13 Die interafhanklikheid van kognitiewe, konatiewe en affektiewe veranderlikes met betrekking tot kreatiewe poësieskepping 221
6.14 Gevolgtrekkings 224
6.15 Evaluering en aanbevelings 227
6.16 Slotopmerking 229

HOOFSTUK 7: SAMEVATTING 230

BYLAE A: Literêr-teoretiese, estetiese en kreatiwiteitsbeginsels waarvolgens die poësie beoordeel en gekategoriseer is 242

BYLAE B: Voorbeelde van gedigte wat as potensieel kreatief, minder kreatief en weinig kreatief beoordeel en gekategoriseer is 254

BYLAE C: Bespreking en kritiese evaluering van poësie wat as kreatief, minder kreatief en weinig kreatief beoordeel en gekategoriseer is 285

BIBLIOGRAFIE 288

SUMMARY 301

# OPGAWE VAN FIGURE EN TABELLE

Bladsy

FIGUUR


1: Die Guilford-intelligensiemodel 15

2: Die verband tussen konvergensie en divergensie 18

3: Hipotetiese kurwe van die responshiërargie vir die stimulus "sneeu" by kreatiewe (K) en nie-kreatiewe (NK) persone 22

4: Toepassing van die Remote Associates Test 23

5: Grafiese voorstelling van produkkriteria 48

6: Integrasie van kreatiwiteitsvlakke en produkkriteria 50

7: Skematiese voorstelling van die uitwerking van eksterne faktore op die verskillende fases van die kreatiewe proses 51

8: Ontwikkelingskurwe vir die gemiddelde frekwensie van vrae by deel 1 (Ask) van die Ask-and-Guess-toets van Torrance 53

9: Die hedoniese kontinuum 84

10: Die normale verloop van taalontwikkeling 87

11: Skematiese voorstelling van die interafhanklike verband tussen veranderlikes soos aangedui uit die literatuur vir die motivering van hipotese 12 116

12.1: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: seuns 197

12.2: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: dogters 198

12.3: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: totaal 199

TABEL

1: Die verband tussen geïdentifiseerde afhanklike en onafhanklike veranderlikes soos aangetoon in hipotese 1 tot 11 117

2: Kort beskrywing van die persoonlikheidsdimensies van die HSPV 122

3: Die voorspelling van kreatiewe potensiaal volgens die HSPV-profiel 125

4: Skale van die Imaginal Process Inventory 129

5: Dagdroomskale wat gebruik is om die verband tussen fantasie en innerlike emosionele ervaringe met betrekking tot kreatiewe poësieskepping te ondersoek 131

6: Aantal proefpersone van elke proefskool wat in die doelpopulasie ingesluit is 140

7: 'n Uiteensetting van die steekproef soos ewekansig bepaal uit die geïdentifiseerde kategoriese doelpopulasie 142

8.1: Eenrigting-variansieanalise vir die nie-verbale komponent van intelligensie volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets 147

8.2: Eenrigting-variansieanalise vir die verbale komponent van intelligensie volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets 148

8.3: Eenrigting-variansieanalise vir die gesamentlike nie-verbale en verbale intelligensietellings volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets 150

| | | |
|---|---|---|
| 8.4: | Eenrigting-variansieanalise vir gemeenskaplike voorwerpe as komponent van divergente denke volgens die Remote Associative Test | 152 |
| 8.5: | Eenrigting-variansieanalise vir gemeenskaplike aktiwiteite as komponent van divergente denke volgens die Remote Associative Test | 153 |
| 8.6: | Eenrigting-variansieanalise vir die gesamentlike divergente tellings volgens die Remote Associative Test | 154 |
| 8.7: | Kovariansieanalise vir die interafhanklikheidsbepaling van konvergente en divergente denke | 156 |
| 8.8: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor A van die HSPV | 159 |
| 8.9: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor B van die HSPV | 161 |
| 8.10: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor C van die HSPV | 162 |
| 8.11: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor E van die HSPV | 164 |
| 8.12: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor G van die HSPV | 165 |
| 8.13: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor O van die HSPV | 166 |
| 8.14: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor $Q_2$ van die HSPV | 168 |
| 8.15: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor $Q_3$ van die HSPV | 169 |
| 8.16: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor $Q_4$ van die HSPV | 171 |
| 8.17: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor F van die HSPV | 172 |
| 8.18: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor I van die HSPV | 173 |
| 8.19: | Eenrigting-variansieanalise vir Faktor J van die HSPV | 174 |
| 8.20: | Eenrigting-variansieanalise vir telling A van die IPAT-Angsskaal: Onbewuste angs | 176 |
| 8.21: | Eenrigting-variansieanalise vir telling B van die IPAT-Angsskaal: Simptomatiese angs | 177 |

8.22: Eenrigting-variansieanalise vir die totale telling van die IPAT-Angsskaal 178

8.23: Eenrigting-variansieanalise vir die gemanifesteerde kreatiewe potensiaaltellings volgens die HSPV 179

8.24: Eenrigting-variansieanalise vir die totaaltelling van subskaal 1A en 1B van die Imaginal Process Inventory: Dagdroomfrekwensie 181

8.25: Eenrigting-variansieanalise vir die totale telling van die Imaginal Process Inventory ten opsigte van geselekteerde subskale wat affektiewe belewenisse kan voorspel 182

8.26: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent leesbegrip van die Afrikaanse Taalvermoëtoets 183

8.27: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent spelling van die Afrikaanse Taalvermoëtoets 185

8.28: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent woordeskat van die Afrikaanse Taalvermoëtoets 186

8.29: Eenrigting-variansieanalise vir die totaaltelling van die Afrikaanse Taalvermoëtoets 187

8.30: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent beeldende kunste van die 19-VBV 189

8.31: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent uitvoerende kunste van die 19-VBV 190

8.32: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent kreatiewe denke van die 19-VBV 191

8.33: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent taal van die 19-VBV 192

8.34: Frekwensiebepaling waarvolgens $x^2$ en 'n kontingensie-koeffisiënt vir die verband tussen geslagsverskille en die skepping van kreatiewe poësie uit die doelpopulasie bereken is 194

8.35: Diskriminantanalise vir die voospelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die uiterafhanklikheid van konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, kreatiewe potensiaal, kognitiewe taalvaardigheid en belangstelling 196

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE ORIëNTASIE

### 1.1 INLEIDING

In die jongste tyd word daar al hoe meer besef dat dit belangrik geword het om die begaafde kind te identifiseer sodat sy waarde en betekenis vir die gemeenskap nie misken word nie. Hierdie besef word veral deur Passow (1981: 5), Omond (1983: 4) en Roux (1984: 10) ondersteun wanneer hulle noem dat begaafde kinders in staat is tot bogemiddelde prestasies en daarom gedifferensieerde hulp- en onderwysprogramme benodig sodat hul potensiële bydrae aan die gemeenskap uiteindelik sal realiseer.

Alhoewel daar op nasionale en provinsiale vlak verskeie inrigtings bestaan wat verskillende kategorieë van buitengewone onderwys verskaf, was daar voor die instelling van buitekurrikulêre sentrums vir hoogbegaafde leerlinge in 1981 geen spesifieke voorsiening vir die begaafde kind gemaak nie. Met die instelling van hierdie sentrums word daar nou gepoog om nie net kennis oor te dra nie, maar om die verskillende denkprosesse van hierdie kinders verder te ontwikkel en te stimuleer.

Die waarde van buitekurrikulêre sentrums vir hoogbegaafde leerlinge kan nie genoeg beklemtoon word nie, maar as gevolg van die feit dat daar nog nie volkome helderheid ten opsigte van die begaafdheidsbegrip bestaan nie en ook omdat daar nog nie baie duidelike en spesifieke maatstawwe is waarvolgens die begaafde kind geïdentifiseer kan word nie, wil dit voorkom asof die doeltreffende funksionering van die sentrums tot 'n mate daardeur beperk word.

Volgens die inligtingstuk (TOD, 1983: 3) wat deur hierdie sentrums voorsien is, vertoon hoogbegaafde leerlinge sekere eienskappe soos weetgierigheid, skeppingsvermoë, selfstandige denke, oorspronklikheid, oordeelkundigheid, verbeeldingrykheid en deursettingsvermoë. Die aanwesigheid van 'n aantal van hierdie eienskappe word as identifiseringsmaatstaf gebruik om aan te dui of 'n kind moontlik hoogbegaafd is. Dit word aangevul deur intellektuele vermoë, skolastiese prestasie oor 'n aantal jare, prestasie in gestandaardiseerde skolastiese of aanlegtoetse, die onderwyser en portuurgroep se evaluering, prestasies in kurrikulêre en buitekurrikulêre aktiwiteite en die ouers se evaluering.

Hierdie vaagomlynde attribute word as oorkoepelende norm gebruik waarvolgens leerlinge vir wyduiteenlopende begaafdheidsstudierigtings soos staatkundig-wysgerigte studie, taal- en literatuurstudie, skeppende en uitvoerende kunste, kommunikasiestudie, informatika, sterrekunde en die studie van elektronika geïdentifiseer word.

Die gekompliseerdheid van die identifiseringsproses blyk veral ook uit die feit dat daar nog nie volkome eenstemmigheid bereik kon word oor wat die begaafdheidsbegrip alles impliseer nie. 'n Waardevolle bydrae in hierdie verband is gelewer deur Duminy (1960: 56) wat op grond van die soort arbeid wat deur begaafdes verrig word, tussen vier verskillende vorme van begaafdheid onderskei. *Reproduktiewe begaafdheid* is beperk tot getroue nabootsing en weergawe op manuele en intellektuele gebied. *Applikatiewe begaafdheid* dui op die talent wat 'n persoon in staat stel om die opvattinge, gedagtes en metodes van ander eie te maak en, indien nodig, te wysig. *Interpretatiewe begaafdheid* dui op die gawe om werk van ander so te kan uitlê of uitbeeld dat ook die persoonlikheid van die verteller na vore kom. *Kreatiewe begaafdheid* kom aan die orde in gevalle van persoonlikhede wat herhaaldelik iets nuuts tot stand bring.

Die huidige identifisering van kinders met begaafdheidseienskappe hou hoofsaaklik verband met die reproduktiewe, en in enkele gevalle - veral in die wiskundige en wetenskaplike studierigtings - met applikatiewe begaafdheid. Die kind met interpretatiewe en kreatiewe begaafdheid word tans nog in baie opsigte misken en baie min is sover gedoen om binne hierdie kategorieë begaafdheidseienskappe te identifiseer.

In hierdie ondersoek gaan daar gepoog word om na aanleiding van die skepping van poësie, wat 'n kreatiewe begaafdheidsmanifestasie is, bepaalde psigologiese attribute aan te dui waarvolgens die *kreatief-begaafde kind*, na aanleiding van 'n vollediger diagnostiese toetsprogram, geïdentifiseer kan word.

## *1.2 PROBLEEMSTELLING*

Die problematiek rondom die identifisering van die begaafde kind word volgens Yarborough en Johnson (1983: 135) in 'n groot mate daaraan toegeskryf dat navorsers algemeen aanvaar dat intelligensie en begaafdheid sinoniem is. Volgens Schepers (1979: 5) is superieure intellektuele vermoëns die belangrikste norm of algemeenste attribuut waarvolgens begaafde kinders huidiglik geïdentifiseer word. Hy word onderskryf deur Renzulli (1984: 6) wat tydens die Ingenium 2 000-kongres aangetoon het dat, alhoewel intelligensie as begaafdhiedsnorm gebruik word, dit beslis nie die enigste faktor is waarvolgens die identifisering van begaafdheid kan plaasvind nie. Gepaard met die begaafde se verstandelike eienskappe noem Van der Walt (1981a: 11) dat hierdie persone dikwels beskik oor 'n buitengewone intellektuele dryfkrag, 'n verstandelike uithouvermoë, 'n veelsydige belangstelling en 'n intrinsieke ingesteldheid om uitdagende en moeilike probleme aan te pak en op te los.

Shields (1968: 13) noem dat daar ander kognitiewe vermoëns is wat met begaafdheid verband hou - vermoëns wat nie deur die konvensionele verstandtoetse gemeet kan word nie. Hierdie denkvermoëns hou dikwels verband met ontdekking en uitvinding wat ook kenmerkend van die kreatiewe persoon is.

Volgens Schepers (1979: 6) staan laasgenoemde denkvermoëns ook bekend as kreatiewe of divergente vermoëns. Wanneer 'n persoon divergent dink, stuur hy nie soos by konvergente denke, dit wil sê soos in die geval van die konvensionele verstandtoets, op een regte antwoord af nie, maar dink hy aan 'n verskeidenheid oplossings vir 'n bepaalde probleem. Divergente denke impliseer ook dat 'n mens in staat is om dinge wat op die oppervlakte ver van mekaar verwyder is, bymekaar uit te bring, dit wil sê, om 'n verband te vind of 'n brug te slaan tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie.

Divergente denke omvat volgens Van der Walt (1981b: 143) die hoër deel van die verstand en sluit die element van verbeelding in. Dit is dus dié deel van die denkproses wat op kreatiwiteit van toepassing is. Daarteenoor kan konvergente denke as 'n nie-kreatiewe denkproses beskou word, aangesien dit te doen het met die bewaring van kennis sonder om iets nuuts tot stand te bring. Konvergente denke is dié soort vermoë wat gebruik word om 'n probleem op te los wat een bepaalde antwoord of oplossing het. Daarteenoor is divergente denke meer oop, minder analities - dit is 'n vermoë wat benodig word in verband met 'n probleem wat meer as net een moontlike oplossing kan hê.

Die identifisering van die *kreatief-begaafde kind* is baie meer gekompliseerd, aangesien dit wil voorkom asof hierdie vorm van begaafdheid direk met die divergente denkkategorie in verband gebring kan word. Die kreatiewe komponent van begaafdheid sluit egter nie nét divergente denke in nie, maar dui ook eerder op 'n funksionele vermoë van die persoonlikheid, naamlik die aanwending van bepaalde kognitiewe, konatiewe, emosionele en ander psigiese en noëtiese vermoëns om iets oorsponkliks en skeppends daar te stel. Van der Walt (1981b: 143) sluit hierby aan en meen dat kreatiwiteit nie net kenmerkend van intellekteule begaafdes is nie, maar dat die kind wat akademies gemiddeld presteer, ook byvoorbeeld kreatiewe talent ten opsigte van die artistieke kan openbaar.

Die aktualiteit van die geïdentifiseerde probleem is dus veral daarin geleë dat die *kreatief-begaafde kinders* onnodig misken word, aangesien daar eerstens nie voldoende geleenthede geskep word sodat hulle kreatiewe potensiaal tot uitdrukking kan kom nie. Tweedens is daar huidiglik ook nog nie duidelike riglyne en maatstawwe waarvolgens die identifisering kan plaasvind nie. Die bestaande identifiseringsprogramme maak in die meeste gevalle slegs voorsiening vir die primêr verstandelike vermoëns, en op grond van hoë toetstellings wat 'n persoon in die konvensionele verstandstoetse behaal, word hy as begaafd geklassifiseer.

Die waarde van hierdie ondersoek is dus veral daarin geleë dat dit 'n moontlike bydrae kan lewer om na aanleiding van *poësieskepping*, wat 'n *kreatiewe begaafdheidsmanifestasie* is, bepaalde *psigologiese identifiseringsattribute* aan te dui wat die kreatiewe persoon volgens die aanwending van bepaalde *kognitiewe, konatiewe, affektiewe* en ander *psigiese vermoëns* van die nie-kreatiewe persoon onderskei.

## 1.3 DOELSTELLINGS

Die belangrikste doelstelling van die ondersoek sal wees om 'n *psigologiese persoonsbeeld* aan te dui waarvolgens die *kreatief-begaafde adolessent* geïdentifiseer kan word. In hierdie verband sal relevante veranderlikes uit die literatuur nagevors word om te bepaal of dit moontlike identifiseringsattribute verteenwoordig wat binne die persoonsbeeld ingesluit kan word.

Ten opsigte van hierdie veranderlikes word die volgende belangrike doelstellings aangedui:

- om te bepaal wat die verband tussen *intellektuele* of *konvergente vermoëns* met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie is;

- om vas te stel of kreatiewe poësieskepping met *divergente denke* geassosieer kan word;

- om te bepaal of daar kenmerkende *persoonlikheidseienskappe* is wat die kreatiewe poësieskepper onderskei;

- om die rol van *fantasie*, en veral *dagdroomfantasieë*, met betrekking tot kreatiewe poësieskepping te ondersoek;

- om die rol van *affektiewe prosesse* met betrekking tot kreatiewe poësieskepping aan te dui;

- om te bepaal of die kind wat kreatiewe poësie skep, op grond van 'n besondere *taalvermoë en taalontwikkeling* onderskei kan word;

- om vas te stel of daar 'n andersoortige *belangstellingspatroon* is waarvolgens moontlike identifisering van die *kreatief -begaafde kind* kan plaasvind;

- om te bepaal of *geslagsverskille* 'n belangrike rol ten opsigte van kreatiewe poësieskepping speel;

- om die *interafhanklikheid* van konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, taalvermoë en -ontwikkeling, belangstelling en geslagsverskille te ondersoek, sodat vasgestel kan word wat die interafhanklike verband tussen hierdie veranderlikes met betrekking tot kreatiewe poësieskepping is, en

- om na aanleiding van die bevindinge 'n diagnostiese toetsprogram saam te stel waarvolgens die *kreatief-begaafde adolessent* geïdentifiseer kan word.

## 1.4 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEKPROGRAM

Om aan die doelstellings van die ondersoek te beantwoord, sal drie groepe adolessente, wat die ondersoekgroepe verteenwoordig, eksperimenteel-psigologies met mekaar vergelyk word om te bepaal watter veranderlikes verband hou met die persoon wat besonder, minder en weinig kreatief is ten opsigte van die skepping van poësie. Die adolessent word vir die doel van die ondersoek gebruik, aangesien dit volgens Brugman en Dudink (1976: 87) blyk dat kreatiewe vaardighede begin kulmineer wanneer 'n ouderdom van vyftien tot sestien jaar bereik word.

Die verloop van die ondersoek sluit die volgende in:

- 'n uiteensetting van die kreatiwiteitsverskynsel ten opsigte van begripsomskrywing, teoretiese beginsels en enkele begripsverhelderende fasette;

- 'n literatuuroorsig met betrekking tot veranderlikes wat 'n moontlike verband met kreatiewe begaafdheid toon;

- 'n eksperimenteel-psigologiese ondersoek waarin die verband tussen enkele veranderlikes en die skepping van kreatiewe poësie nagevors sal word;

- 'n uiteensetting en bespreking van die belangrike resultate, en

- 'n finale evaluering van die bevindinge waarvolgens aanbevelings vir verdere navorsing aangedui sal word.

Ten opsigte van die beoordeling en kategorisering van die poësie, word drie bylaes ingevoeg om meer helderheid met betrekking tot die evaluering volgens literêr-teoretiese, estetiese en kreatiwiteitsbeginsels te verkry.

# HOOFSTUK 2

# DIE KREATIWITEITSVERSKYNSEL: BEGRIPSOMSKRYWING, TEORETIESE BEGINSELS EN ENKELE BEGRIPSVERHELDERENDE FASETTE

## 2.1 INLEIDING

Alhoewel daar gedurende die afgelope aantal jare heelwat navorsing in verband met kreatiwiteit gedoen is, kon daar tot op hede nog nie eenstemmigheid bereik word oor presies wat kreatiewe denke alles impliseer nie. 'n Groot aantal uiteenlopende beskrywings en heelwat teenstrydige navorsingsresultate noodsaak nog baie navorsing oor 'n verskeidenheid aspekte van hierdie begrip.

Verskeie navorsers is dit eens dat daar nog heelwat onduidelikhede en konsepsuele verwarring ten opsigte van die kreatiwiteitsbegrip bestaan. Child (1973: 184) vat dit soos volg saam:

> *"It is amongst the most confused and misused concepts in the study of human behaviour ....... Consequently, there is no clear, unambiguous and widely accepted definition of creativity."*

Die gekompliseerdheid van die kreatiwiteitsverskynsel blyk veral uit die feit dat die begrip semanties met soortgelyke begrippe, soos talent, vermoë en begaafdheid in verband gebring word. Om die verskynsel nog verder te kompliseer, onderskei navorsers tussen verskillende kreatiwiteitsvorme. In 'n ondersoek deur die I.P.A.R. (Institute of Personality Asessment and Research) om meer helderheid oor die begrip kreatiwiteit te verkry, het dit volgens Taylor (1975: 70) aan die lig gekom dat daar vier verskillende kreatiwiteitsvorme bestaan, naamlik artistieke, wetenskaplike, tegnologiese en hibridiese kreatiwiteit.

Ten opsigte van artistieke kreatiwiteit is die skepping uitdrukkings van die skepper se innerlike toestande, sy begeertes, waarnemings en motiewe. Ten opsigte van wetenskaplike en tegnologiese kreatiwiteit is die skepping gerig op sekere aspekte en probleme van die omgewing waar min van die skepper of sy styl in die skepping teenwoordig is. Hibridiese kreatiwiteit verwys na die vermenging van persoonlike uitdrukking en die oplossing van 'n eksterne probleem.

Maslow (1962: 93) onderskei tussen twee kreatiwiteitsvorme, naamlik primêre en sekondêre kreatiwiteit. Primêre kreatiwiteit verwys na 'n skepping wat nuut en noodsaaklik is, terwyl sekondêre kreatiwiteit verband hou met 'n skepping waarin die individu, in samewerking met ander, iets nuuts voortbring of op ander se idees voortbou. Ghiselin (1963: 355) sluit hierby aan en onderskei tussen kreatiwiteit van 'n laer graad, waarin 'n bestaande idee of produk verbeter word, en kreatiwiteit van 'n hoër graad waarin iets heel nuuts en oorspronkliks voortgebring word.

Aangesien kreatiwiteit as begrip dus oënskynlik verwarrend is, sal dit vir die doel van hierdie ondersoek nodig wees om uit bestaande literatuur en navorsing 'n begripsomskrywing, belangrike teoretiese beginsels en ander begripsverhelderende fasette aan te dui waarvolgens die verskynsel in wyer perspektief verklaar kan word.

## *2.2 BEGRIPSOMSKRYWING*

Volgens Van der Walt (1981b: 140) is kreatiwiteit 'n omvattende begrip wat meer as bloot skeppende denke impliseer: die hele mens, die liggaam, die psige (die kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte daarvan) en die gees. Dit is daardie vermoë van die individu om iets te skep wat voorheen onbekend was. Dit is 'n proses met 'n tydsverloop wat gekenmerk word deur 'n aanvang, 'n verloop en 'n eindfase. Die produk of resultaat is enersyds waarneembaar, soos 'n artikel, 'n skildery, 'n letterkundige werk of 'n struktuur, en andersyds iets abstraks, soos 'n nuwe idee, 'n gesindheid of insig.

Die oënskynlik nie-verwante beskrywings van kreatiwiteit kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die feit dat navorsers dit in terme van veskillende en uiteenlopende benaderingswyses wil omskryf. Om hierdie stelling te motiveer, word enkele beskrywings aangehaal waarvolgens die kreatiwiteitsbegrip verklaar sal word.

Mednick (1962: 220), 'n belangrike voorstander van die assosiasiepsigologie, beskryf die kreatiewe denkproses as 'n kombinasie van geassosieerde konsepte. Dit is die samevoeging van assosiatiewe elemente tot nuwe kombinasies wat òf aan bepaalde vereistes voldoen òf op die een of ander wyse bruikbaar is. Hoe verder die elemente van die nuwe samestelling onderling verwyderd is, hoe meer kreatief is die proses of oplossing van die besondere probleem. Die verskillende kognitiewe assosiasies wat die individu tot sy beskikking het, word dus hersaamgestel om tot kreatiwiteit te lei.

Die kreatiewe denkproses word deur die stigter van die Gestaltpsigologie, Wertheimer (1945: 42), soos volg beskryf:

> *"The entire process is one consistent line of thinking. It is not an and-sum of segregated, piecemeal operations. No step is arbitrary, un-understood in its function. On the contrary, each step is taken surveying the whole situation."*

Volgens hierdie benaderingswyse is die beskrywing van kreatiwiteit in terme van die assosiasiepsigologie te beperk, aangesien die assosiasiewette van soortgelykheid en kontiguïteit deur die Gestalt-wette aangevul behoort te word.

Die faktoranalitiese benadering verklaar kreatiwiteit hoofsaaklik na aanleiding van die kognitiewe aspekte van die verskynsel. In hierdie verband verwys Brugman en Dudink (1976: 48) na Guilford wat glo dat kreatiwiteit aan 'n proses van probleemoplossings gekoppel behoort te word. Volgens laasgenoemde is daar iets kreatiefs in alle oorspronklike probleemoplossings en die kreatiewe skepping kan dus gesien word as 'n spesifieke middel tot 'n doel, naamlik 'n probleemoplossing. Gordon (1961: 33) onderskryf Guilford se siening en beskryf die kreatiewe proses as:

> "..... *the mutual activity in problem-stating, problemsolving situations where artistic or technical inventions are the result.*"

Butcher (1970: 95) beskou temperamentele en motiveringsdisposisies as net so belangrik as die kognitiewe aspekte van kreatiwiteit. Dit omvat dus, net soos begaafdheid, die wyer persoonlikheid. Williams (1969: 1) sluit hierby aan en beweer dat kreatiwiteit 'n brug tussen die kognitiewe en affektiewe aspekte van die bewussynslewe is. Ten opsigte van die kognitiewe aspekte verklaar hy dat kreatiwiteit verband hou met 'n aantal verstandelike vermoëns wat die volgende insluit: wydte en diepte van kennis; 'n stel denkvermoëns vir die registreer, behoud en prosesseer van waargenome informasie; die intellektuele prosesse van hipotetisering, sintetisering, ontdekking, assosiasie, transformasie, oordrag, ontwerp en kombinering. Die affektiewe, wat as tweede vereiste vir kreatiwiteit deur Williams (1969: 1) genoem word, lê op die breë terrein van estetiese betrokkenheid en sluit gevoel, skoonheid en vorm in.

Volgens Ausubel en Robinson (1973: 71) het kreatiwiteit betrekking op die produksie van iets nuuts. Dit dui op 'n vlak van sintetisering, dit wil sê die samevoeging van elemente om 'n nuwe produk te vorm.

Shapiro (1968: 15) probeer om uit 'n aantal bestaande omskrywings in verband met die kreatiwiteitsbegrip 'n geïntegreerde definisie saam te stel wat die volgende belangrike eienskappe insluit:

> *"Creativity is a potential capacity by means of which an individual may produce something original that serves to fill a gap in a particular field of human endeavour. The degree of creativity expressed can be roughly gauged by the magnitude of the effect that the product has on the field, in the sense of the changes introduced into the traditional state of knowledge or modes of expression, formerly characterizing that field."*

Lytton (1971: 4) se beskrywing van kreatiwiteit fokus op die persoonlikheid. Hy assosieer die verskynsel met verbeelding en intuïsie, maar ondersteun ook Massialas en Zevin (1967: 11) wat intelligensie, oorspronklikheid, skeptisisme, humor, buigsaamheid en selfversekerdheid as belangrike eienskappe van die kreatiewe persoon noem.

Jones (1972: 7) kom na aanleiding van 'n verskeidenheid beskrywings van kreatiwiteit tot die volgende gevolgtrekking:

> *"Creativity is a combination of flexibility, originality and sensitivity to ideas which enables the thinker to break away from usual sequences of thought into different and productive sequences, the result of which gives satisfaction to himself and possibly to others."*

Wanneer die groot aantal uiteenlopende beskrywings van die kreatiwiteitsbegrip in oënskou geneem word, blyk dit dat daar nog nie tot 'n sintese van die verskillende benaderingswyses gekom kon word nie. 'n Kenmerk wat wel uit enkele van die beskrywings kristalliseer, en wat veral vir die doel van die huidige ondersoek belangrik is, is die mening dat kreatiwiteit met produktiewe denke verband hou. Hiervolgens blyk dit dat kreatiwiteit 'n onkonvensionele manier van dink is en dat dit ook 'n vermoë is om nuwe, oorspronklike en ongewone idees voort te bring.

Die vermoë om op 'n onkonvensionele wyse produktief te dink, word deur navorsers soos Schepers (1979: 6) en Wolters (1980: 36) met die divergente denkkategorie geassosieer. Soos reeds in *hoofstuk 1* opgemerk, is divergente denke daardie vermoë wat 'n persoon in staat stel om aan 'n verskeidenheid oplossings vir 'n probleem te dink of om 'n verband te vind tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie.

Die onkonvensionele aard van divergente denke word deur De Bono (1978: 38) ondersteun wanneer hy aantoon dat hierdie vorm van denke, ook laterale denke genoem, "spronge" maak wat in 'n rigting beweeg om nuwe, oorspronklike en ongewone idees voort te bring.

Alhoewel dit nie moontlik is om uit al die verskillende benaderingswyses ten opsigte van die kreatiwiteitsbegrip tot 'n sintese te kom nie, word enkele riglyne uit die bestaande omskrywings vir die doel van die onderhawige ondersoek afgelei, naamlik dat:

- kreatiwiteit met produktiewe denke geassosieer word;
- kreatiwiteit 'n onkonvensionele manier van dink is;
- kreatiwiteit 'n vermoë is om nuwe, oorspronklike en ongewone idees voort te bring en dat
- kreatiwiteit met die divergente- of laterale denkkategorie in verband staan.

Die skepping van kreatiewe poësie kan dus ook, na aanleiding van die voorafgaande riglyne in verband met die kreatiwiteitsbegrip, gesien word as die resultaat van produktiewe denke wat divergent, of lateraal, en onkonvensioneel van aard is. Dit is produktief, divergent en onkonvensioneel in dié sin dat daar uit gegewe informasie in die poësie nuwe idees en nuwe informasie geskep word.


## 2.3 *TEORIEË IN VERBAND MET KREATIWITEIT*

In 'n poging om meer duidelikheid ten opsigte van die kreatiwiteitsbegrip te verkry, het 'n aantal navorsers enkele teoretiese beginsels aangedui waarvolgens die verskillende en uiteenlopende benaderings verklaar kan word.

### 2.3.1 *Die Veelvuldige Intelligensieteorie*

Prentky (1980: 44) noem dat Guilford in sy bekende werk - *The nature of human intelligence* die intelligensieteorie rondom 'n konsepsuele model sentreer. Hierdie model word die struktuur van die intellek genoem en is ontwerp omdat Guilford van mening was dat daar ten opsigte van die intelligensietoetse 'n eenvoudige en beperkte opvatting oor die denke bestaan. Hy suggereer 'n moontlike honderd en twintig faktore of vermoëns wat voorgestel word deur sekere werkverrigtinge of *operasies*, toegepas of sekere *inhoude* of materiaal, wat dan sekere *produkte* tot gevolg het. Skematies stel Prentky (1980: 45) die *driedimensionele struktuur van die Guilford-intelligensiemodel* in *figuur 1* voor.

Die eerste beginsel van hierdie model is dat intellektuele faktore verskil na gelang van die soort inhoud waarmee 'n persoon werk. Die *nie-verbale inhoud* word onderverdeel in vormsisteme, dit wil sê, konkreet waarneembare vorme en eienskappe. Die *simboliese inhoud* word saamgestel uit onder andere letters, tekens en getalle, terwyl die *semantiese inhoud* die werk met begrippe en konsepte behels. In 'n poging om addisionele terreine, waarin kreatiewe handeling kan plaasvind, in sy teorie in te sluit, noem Guilford later ook 'n vierde soort inhoud, naamlik *gedragsmateriaal* wat op menslike interaksie betrekking het.




*Figuur 1: Die Guilford-intelligensiemodel (Prentky, 1980: 45)*

Die model maak voorsiening vir vyf soorte werkverrigtinge of operasies wat op die verskillende inhoudskomponente toegepas kan word. Die eerste werkverrigting is *kognisie* wat met die herkenning van informasie in verband staan. So ontdek die individu waarneembare voorwerpe en vormsisteme met hulle bepaalde eienskappe, sekere simboliese eenhede soos woorde en uitdrukkings, asook die semantiese betekenis van begrippe. *Geheue*, wat die tweede soort werkverrigting verteenwoordig, dui op informasie wat herroep word. Vir elke soort inhoud, of dit nie-verbaal, simbolies, semanties of gedragsmatig is, is die individu se geheue verskillend. Geïdentifiseerde informasie van die een inhoudskomponent word byvoorbeeld makliker as informasie van 'n ander herroep. *Konvergente* en *divergente denke*, wat onderskeidelik die derde en vierde soort werkverrigting is, hou verband met produktiewe denke, aangesien daar by hierdie soort werkverrigting nuwe materiaal uit gegewe informasie geskep word. Die vyfde soort werkverrigting is *evaluering* waarvolgens informasie in terme van die juistheid en geskiktheid daarvan beoordeel en waardeer word. Evaluering behels dus die gedurige kontrolering en herkontrolering van informasie en die vermoë om te kan oordeel of dit wat herken of daargestel is, geskik is en aan bepaalde vereistes en norme voldoen.

Die derde hoofkomponent van die *Guildford-model* sluit ses verskillende produkte of eindresultate in. *Eenhede* is relatief goed omskryfde en afsonderlike informasiedele wat een bepaalde eienskap besit. *Klasse* is groepe eenhede met een of meer gemeenskaplike kenmerk, terwyl *verhoudinge* verbindinge is wat 'n eiesoortige eienskap bevat. *Sisteme* dui op 'n samestelling van afhanklike dele en *transformasie* op veranderinge en nuwe beskrywings, waar die eindresultaat of produk van een toestand na 'n ander oorgaan. Laasgenoemde word volgens Prentky (1980: 46) in verband gebring met divergente denke en kreatiewe vermoë, aangesien dit betrekking het op die hersiening, herinterpretasie en reorganisasie van dit wat die individu reeds ervaar het. Die sesde produk staan bekend as *implikasies*, waar iets uit bestaande formasie voorspel kan word.

Die kombinasies van die vier soorte inhoude, die vyf soorte werkverrigtinge en die ses soorte produkte het die honderd en twintig intellektuele faktore of vermoëns tot gevolg. 'n Sekere aantal van hierdie faktore speel 'n belangrike rol by kreatiwiteit en word veral gevind in die divergente denkkategorie. Prentky (1980: 45) meen dat daar slegs agtien van hierdie honderd en twintig faktore is wat kreatiewe denke insluit en dat dit slegs "klassieke" kreatiwiteit (skilders, komponiste en skrywers) verteenwoordig.

Volgens Guilford (1966: 188) word 'n aantal *vlotheidsfaktore* binne die divergente denkkategorie onderskei. Hierdie faktore het betrekking op die verskaffing van 'n verskeidenheid response binne 'n bepaalde tydsbestek uit formasie wat die individu deur vorige kennisinname verkry het. In hierdie verband word daar 'n onderskeid gemaak tussen die vermoë om informasie te bewaar en om hierdie bewaarde informasie na vore te bring wanneer die nuwe omstandighede dit vereis.


Die eerste vlotheidsfaktor is *woordvlotheid* wat omskryf kan word as die vermoë om woorde te gee wat aan strukturele vereistes voldoen. Hierdie vermoë kan getoets word deur byvoorbeeld aan 'n persoon te vra om woorde wat met spesifieke agtervoegsels eindig, op te noem. *Assosiatiewe vlotheid* is die vermoë om woorde wat tot dieselfde betekenisveld behoort, aan te dui. Dit kan getoets word deur te vra dat daar sinonieme vir bepaalde woorde gegee moet word. *Begripsvormende vlotheid* is die vermoë om 'n verskeidenheid idees op te noem wat aan sekere vereistes voldoen. So byvoorbeeld word begripsvormende vlotheid aangedui wanneer 'n persoon voorwerpe wat vierkantig is, vinnig kan opnoem. *Uitdrukkingsvlotheid* veronderstel dat 'n persoon die vermoë besit om sinne, wat bepaalde eienskappe gemeen het, te maak. Ten opsigte van hierdie soort vlotheid word gevra dat sinne, wat dieselfde drie woorde bevat, geformuleer moet word.

Binne die divergente denkkategorie word ook 'n aantal *buigsaamheidsfaktore* aangetref wat kenmerkend van die kreatiewe persoon is. *Semantiese spontane buigsaamheid* is die vermoë om 'n verskeidenheid van idees voort te bring. Die persoon moet byvoorbeeld, met betrekking tot sekere gebruiksmoontlikhede van voorwerpe, verskillende ongewone gebruike vir dieselfde alledaagse voorwerpe kan opnoem. *Simboliese oriënteringsbuigsaamheid* is die vermoë om, wanneer daar met simboliese informasie gewerk word, 'n probleem of situasie te herstruktureer.

Dit kan geïllustreer word deur onderdele van gerangskikte patrone so te herstruktureer dat 'n gespesifiseerde aantal vierkante of driehoeke sal oorbly. *Figurale spontane buigsaamheid* is die derde buigsaamheidsfaktor en dit dui op die vermoë om vinnig wisselende figure en patrone waar te neem.

'n Verdere onderskeiding ten opsigte van die divergente denkkategorie is die *oorspronklikheidsfaktor* wat beskryf kan word as die vermoë om response daar te stel wat afwyk van die gewone en dus nuut en anders is. Die oorspronklikheid van 'n respons kan bepaal word volgens die seldsaamheid daarvan, die verwyderdheid van die elemente waaruit dit saamgestel is en die intelligensie-inhoud wat die respons openbaar.

Die driedimensionele struktuur van die intellek is voortdurend gewysig en verbeter sodat daar later tot die besef gekom is dat die konvergente denkkategorie ook met kreatiewe denke in verband gebring kan word. Prentky (1980: 47) stel die vorige en huidige bevindinge ten opsigte van die rol van konvergente en divergente denke met betrekking tot kreatiwiteit en intelligensie skematies in *figuur 2* voor.




*Figuur 2: Die verband tussen konvergensie en divergensie (Prentky, 1980: 47)*

Die belangrikheid van die konvergente denkkategorie met betrekking tot kreatiewe denke is volgens Guilford (1971: 82) veral geleë in die begrip *herbeskrywing* wat simbolies sowel as semanties van aard kan wees. *Simboliese herbeskrywing* is die vermoë om eenhede te herorganiseer in terme van hulle simboliese eienskappe wat die nuwe gebruik van die onderdele tot gevolg het. Dit word geïllustreer deur 'n toetsitem wat vereis dat die persoon 'n woord wat tot 'n bepaalde kategorie behoort, sal vind, deurdat gedeeltes van woorde wat in dieselfde sin op mekaar volg, gekombineer word. *Semantiese herbeskrywing* is die vermoë om die funksie of onderdeel van 'n voorwerp te verskuif, sodat dit 'n ander en nuwe funksieverrigting tot gevolg het. Dit word geïllustreeer deur die feit dat 'n voorwerp ook vir 'n ander doel as die oorspronklike waarvoor dit gemaak is, aangewend kan word.

Alhoewel voorgaande uiteensetting van Guilford se veelvuldige intelligensieteorie heelwat lig werp op 'n verskeidenheid aspekte in verband met die kreatiwiteitsverskynsel, is dit egter onaanvaarbaar om kreatiewe vermoë hoofsaaklik hiervolgens te omskryf. Die redusering van skeppingskrag slegs tot die oplossing van sekere toetsitems, soos blyk uit die *Guilford-model*, het wel praktiese waarde, maar kan nie as die enigste beginsel gebruik word waarvolgens die verskynsel verklaar word nie. Ten opsigte van die huidige ondersoek bied dit tog enkele riglyne waarvolgens hipotetiese veronderstellings later, met betrekking tot die skepping van poësie as kreatiewe handeling, gesuggereer kan word.

### *2.3.2 Die Assosiasionistiese teorie*

Assosiasionisme is gebaseer op die beginsel dat denke die assosiasie van idees is. Kreatiewe denke is dus die resultaat van 'n kombinasie van bestaande idees wat lei tot 'n nuwe idee. Hoe meer dikwels en duidelik twee idees saam in die denksisteem voorkom, hoe meer waarskynlik is dit dat, indien een van hierdie idees herroep word, die ander ook te voorskyn sal tree. Wanneer die individu voor 'n probleem gestel word, versamel hy kombinasies van idees totdat hy 'n kombinasie vind wat 'n oplossing vir die probleem sal bied. Die kombinasie wat op hierdie wyse verkry word, is dus 'n nuwe idee wat 'n kreatiewe handeling impliseer.

Verskeie navorsers kan aangehaal word wat hierdie teorie onderskryf. Mednick (1964: 55) beskryf kreatiwiteit, gebaseer op die assosiasionistiese teorie, soos volg:

> *"Creative thinking consists of forming new combinations of associative elements, which combinations either meet specified requirements, or are in the same way useful. The more mutually remote the elements of the combination, the more creative is the process or solution."*

Williams (1967: 175) noem dat oorspronklike response, idees of produkte die resultaat van breedte en diepte in kennis is, en die krag om die oorspronklike daar te stel, berus op nuwe assosiasies van bestaande informasie. Offner (1967: 19) sluit hierby aan en beskryf kreatiwiteit in terme van die assosiasie-psigologie soos volg:

> *"Invention is little more than new combinations of those images which have been previously gathered and deposited in the memory."*

Mednick (1964: 55) verwys in dié verband na die kombinasie van poëtiese idees en stel dit soos volg:

> *"The coupling that moves you, that stirs you, is the association of two things that you did not expect to see associated."*


Razik (1966: 162) ontleed verskeie definisies van kreatiwiteit en vind 'n ooreenstemming wat betref die beskouinge dat dit die vermoë is om oorspronklike idees te produseer, om nuwe en onverwagte verbande waar te neem, en om idees te orden deur middel van kombinasies wat skynbaar geen verband getoon het nie.

Brugman en Dudink (1976: 42) beskryf kreatiwiteit in terme van die assosiasionistiese benadering as die verbinding van idees wat voorheen nog nie met mekaar verbind was nie. Volgens laasgenoemde moet die kombinasie van inhoude nuut en bruikbaar wees, met ander woorde, dit moet lei na die oplossing van 'n probleem. Die graad van kreatiwiteit word bepaal deur die afstand tussen die bestaande idees - hoe verder hulle uitmekaar is, hoe groter is die kreatiwiteit.

Die basiese uitgangspunt van die assosiasionisme, met betrekking tot kreatiwiteit, is dus dat idees wat gewoonlik van mekaar verwyderd is, bymekaar gebring word sodat 'n nuwe idee of probleemoplossing die gevolg daarvan kan wees. Die wyse waarop die assosiasie tot stand kom, word op drie maniere verklaar:

Eerstens kan dit volgens Mednick (1962: 224) verwys na 'n vermoë om deur middel van toevalligheid tot onverwagte ontdekkings te kom. Die ontdekking van x-straalfoto's en penisillien word hieraan toegeskryf.
Tweedens mag die vereiste assosiatiewe elemente in samehang na vore gebring word as gevolg van die ooreenkomste of gelyksoortigheid van die stimuli wat hierdie assosiatiewe elemente na vore bring. Hierdie wyse van assosiasie mag gevind word in kreatiwiteitsvorme soos poësie, musiek en die skilderkuns waar sekere ooreenkomste ten opsigte van vorm, klank en kleur belangrik is.
In die derde plek noem Mednick (1962: 225) die verskynsel wat as bemiddeling bekend staan en waarskynlik die belangrikste verklaring van nuwe insigte is. Die vereiste assosiatiewe elemente mag gelyktydig aan die lig gebring word deur die bemiddeling van wat 'n gemeenskaplike element of tussenskakel genoem kan word. Idees A en C, wat gewoonlik nie met mekaar geassosieer word nie, word bymekaar gebring deur die bemiddeling van idee B wat met albei in verband gebring kan word.


Om kreatiewe potensiaal te verklaar, maak Brugman en Dudink (1976: 44), volgens die beginsels van Mednick se assosiasionistiese teorie, 'n onderskeid tussen die assosiatiewe hiërargieë van verskillende persone. Die assosiatiewe hiërargie van 'n persoon verwys na die organisasie of groepering van sy assosiatiewe idees. Persone wat op 'n sekere idee met 'n stereotipe of konvensionele assosiasie reageer, het 'n assosiatiewe hiërargie wat minder kreatief is as dié wat hulle losmaak en met weinig algemene assosiasies na vore kom. Om die responshiërargie te illustreer, word die woord "sneeu" as voorbeeld gebruik waarvolgens Brugman en Dudink (1976: 44), aan die hand van 'n hipotetiese kurwe, kreatiwiteit probeer verklaar:




*Figuur 3: Hipotetiese kurwe van die responshiërargie vir die stimulus "sneeu" by kreatiewe (K) en nie-kreatiewe (NK) persone: Brugman en Dudink (1976: 44)*

Die grafiek illustreer dus 'n belangrike hipotese van die assosiasionistiese teorie, naamlik dat daar 'n verskil tussen kreatiewe en nie-kreatiewe persone se assosiasies bestaan. By laasgenoemde loop die kurwe snel na die nulpunt. Die mees voor-die-hand-liggende en nabygeleë assosiasies word gegee, dit wil sê, assosiasies wat 'n groter responssterkte het. In teenstelling hiermee loop die grafiek van kreatiewe persone geleidelik na 'n nulpunt, dit wil sê, na verafgeleë assosiasies waarvan die responssterkte ook baie minder is.

Die hipotetiese veronderstellinge met betrekking tot die assosiasionisme word deur Mednick in 'n toets, naamlik die *Remote Associates Test (RAT)*, saamgevat. Die wyse waarop 'n proefpersoon drie woorde wat weinig verband met mekaar toon, met 'n nuwe woord in verband kan bring, bepaal die graad van kreatiwiteit wat teenwoordig is. Om bogenoemde toets te verduidelik, gebruik Brugman en Dudink (1976: 46) 'n voorbeeld waar die woorde *perseel-gebied-grap* gegee word en vra dat die proefpersoon na aanleiding hiervan 'n verbindingswoord moet vind wat 'n verband met elkeen van hierdie woorde toon.




*Figuur 4: Toepassing van die Remote Associates Test (RAT) (Brugman en Dudink, 1976: 46)*

Om tot die ontdekking van "streek" as verbindingswoord te kom, neem die oplossingsproses moontlik die vorm aan, soos in *figuur* 4 aangetoon is. Hoe verder die elemente wat met mekaar verbind moet word, dus van mekaar geleë is, hoe meer kreatief word die proses waardeur die assosiasies tot stand gekom het.

Die assosiasionistiese interpretasie van kreatiewe denke laat egter volgens Shapiro (1968: 18) sekere vrae onbeantwoord. Die teorie veronderstel dat 'n persoon slegs gebruik maak van idees wat uit vorige ervarings aan hom bekend is. Ten opsigte van hierdie veronderstelling is dit nog nie duidelik waarom sekere assosiasies aan die individu gesuggereer word en ander nie. Onsekerheid bestaan ook ten opsigte van die feit dat sekere persone met oorheersend oorspronklike en ander met oorheersend eenvoudige en onoorspronklike response na vore kom. Ten opsigte van laasgenoemde sal die huidige ondersoek, in 'n poging om 'n verband tussen kreatiwiteit en 'n bepaalde psigologiese persoonsbeeld aan te dui, probeer lig werp op besondere attribute van die kreatiewe poësieskepper wat moontlik met oorspronklike en onoorspronklike assosiasies in verband gebring kan word.

Die waarde van die assosiasionistiese teorie vir die onderhawige ondersoek is veral daarin geleë dat dit 'n moontlike verband met divergente denke toon. Volgens Schepers (1979: 6) impliseer divergente denke dan ook dat 'n mens in staat is om dinge wat op die oppervlak ver van mekaar verwyder is, bymekaar uit te bring, dit wil sê om 'n verband of brug te slaan tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie.

Hiervolgens wil dit voorkom dat die begrippe assosiasionisme en divergensie in sekere opsigte sinoniem is en dat die resultate wat verkry sal word na aanleiding van die kognitiewe meting van kreatiwiteit, die mate van divergente denke sowel as assosiatiewe vermoë ten opsigte van kreatiewe poësieskepping sal aandui.

### *2.3.3 Die Psigoanalitiese teorie*

In sy werk *The relation of the poet to day-dreaming* dui Freud (1908), in Jones (1953: 175), aan wat die belangrike rol van onbewuste funksionering met betrekking tot kreatiewe denke is. Hy sentreer sy teorie rondom die ooreenkoms wat gevind word tussen die skryf van verbeeldingryke kunswerke en die bevrediging van dagdrome. Volgens hierdie teorie is daar twee vorme van onbewuste manifestasies wat in noue verband met kreatiewe poësieskepping staan, naamlik kinderspel en dagdroomfantasieë.

Dit is volgens Freud (Psychological Essays, 1964: 25) verkeerd om te aanvaar dat die kind nie sy verbeeldingspel ernstig benader nie; inteendeel, dit is vir hom baie ernstig en hy doen dit met 'n groot mate van besieling. Die teenoorgestelde van spel is nie vir die kind ernstigheid nie, maar werklikheid. Die digter doen dieselfde as die kind wanneer laasgenoemde speel. Hy skep met 'n groot mate van entoesiasme en besieling 'n wêreld wat vir hom baie ernstig is, maar onderskei dit op dieselfde oomblik baie duidelik van die werklikheid.

Freud noem ook dat dagdroomfantasieë veral twee belangrike elemente bevat wat dit van kinderspel onderskei en nader aan kreatiewe skepping bring:

Die eerste basiese onderskeid is daarin geleë dat die kind nooit skaam is vir sy spel nie en dat hy dit ook nie vir volwassenes sal wegsteek nie. Daarteenoor is die volwassene skaam vir hulle eie fantasieë, verswyg dit en steek dit weg as hulle mees innerlike geheime. Die tweede, en volgens Freud die belangrikste om poëtiese kreatiwiteit te verstaan, is die oorsprong van hierdie fantasieë. Onbevredigde begeertes is die prikkels en stimuli vir drome en fantasieë. 'n Fantasie is die verwesenliking van 'n begeerte, 'n kompensasie vir 'n gefrustreerde werklikheid; daarom beweer Freud dat die basis van poëtiese kreatiwiteit, sowel as die basis van drome en fantasieë in onbevredigde begeertes geleë is. Hierdie begeertes, waarvoor ons skaam is en wat ons vir onsself wil verswyg, word nou na die onbewuste verplaas.

Volgens hierdie benadering is kreatiewe verbeelding dus 'n voortsetting van en plaasvervanger vir kinderspel. Freud (Psychological Essays, 1964: 26) vat dit soos volg saam:

> *"Creativity, as the 'dream in a state of wakefulness', is nothing but the continuation and substitution of an old childs game."*

Freud glo verder dat kreatiewe skepping die gevolg is van 'n herkonstruksie van verouderde onbewuste denkbeelde, nadat dit bewustelik aanvaar is en nadat dit herformuleer is binne hedendaagse aanvaarbare modaliteite. Die kreatiewe proses het dus sy oorsprong binne en nie buite die persoon nie, en die skepping self weerspieël onbewuste fantasieë wat deur die ego ontwikkel en verfyn is.

Kreatiwiteit kan ook gesien word as plaasvervanger vir realiteitsprobleme. Die kreatiewe persoon beweeg weg van die werklikheid na die wêreld van die fantasie waar hy hom uitleef in sy erotiese begeertes. Kreatiewe skepping kan dus die resultaat wees van onbewuste konflikte, voortspruitende uit onbevredigde begeertes wat deur die ego gesublimeer word tot iets wat vir sowel die skepper as die gemeenskap betekenis het.

Die kreatiewe kunstenaar hou hom dus nie besig met volwasse seksualiteit nie, maar met die verlenging van sy fantasie en spel uit sy kinderjare. Hierdeur kry hy in 'n gesublimeerde vorm bevrediging vir sy seksuele begeertes.

Samevattend kom hierdie beskouing van Freud daarop neer dat die individu in 'n stryd met sy omgewing gewikkel is, aangesien die bevrediging van sy seksuele behoeftes deur die streng reëls van die samelewing in die weg gestaan word. Om hierdie probleem te oorbrug,

> *"stelt de kunstenaar het afweermechanisme van de sublimatie in werking: via het spel en fantasie-achtige karakter van de kunst kan hij zijn impulsen ontladen en toch gevrijwaard blijven van maatschappelijke sancties"*
> (Brugman en Dudink, 1976: 32 en 33).

In 'n werk wat later verskyn, gee Freud (1917: 376) nog meer aandag aan die oorsprong en betekenis van fantasieë. In aansluiting by sy vorige beskouinge lê hy nou veral klem op die kreatiewe impuls as verdedigingsmeganisme. Volgens hierdie beskouing gebruik die kunstenaar sy fantasieë om hom van sy neurose te bevry. Ten opsigte hiervan word Freud (1917: 377) soos volg aangehaal:

> *"An artist is once more in rudiments an introvert, not far removed from neurosis. He is oppressed by excessively powerful instinctual needs. He desires to win honour, power, wealth, fame and the love of woman; but he lacks the means for achieving these satisfactions. Consequently, like any other unsatisfied man, he turns away from reality and transfers all his interest, and his libido too, to the wishful constructions of his life of phantasy, whence the path might lead to neurosis ..... ."*

Die kreatiewe persoon vind egter op die volgende wyse 'n pad terug na die werklikheid:
Hy weet hoe om met sy dagdrome te werk en daarom verstaan hy ook hoe om sy dagdrome te verander sodat dit nie maklik aan ander die verbode oorsprong daarvan sal verraai nie. Verder beskik hy oor die verborge vermoë om bepaalde materiaal so te vorm dat dit 'n getroue beeld van sy fantasie voorstel. In hierdie voorstelling van sy onbewuste fantasieë weet hy ook hoe om 'n groot mate van genot daaraan te verleen sodat dit die onderdrukking van sy realiteitsprobleme en konflikte verberg.

Die resultate van nuwe ontwikkelinge, met betrekking tot die psigoanalitiese teorie, dui op wysigings in die oorspronklike konsepte wat Freud aangedui het. Die neiging van die neo-psigoanalitiese skool is volgens Shapiro (1968: 27) 'n klemverskuiwing vanaf die id- na ego-prosesse met die gevolg dat daar 'n verskuiwing vanaf die onbewuste na die voorbewuste denkprosesse plaasgevind het.

In sy werk *Psychoanalytic explorations in art* (1952) het Ernst Kris, wat as die grondlegger van die ego-psigologie beskou kan word, sy teorie van "regressie in diens van die ego" so omskryf dat dit kan lig werp op kreatiwiteit, humor, probleemoplossings en fantasieë. Om hierdie ietwat gekompliseerde teorie te verstaan, is dit nodig om na twee belangrike aspekte wat deur Freud genoem is, te verwys:

Die eerste het betrekking op die sisteem van die voorbewuste wat beskryf kan word as 'n ingrypingsproses tussen onbewuste en bewuste optrede. Dit kom daarop neer dat die voorbewuste sisteem besluit watter materiaal tot die bewuste sisteem toegelaat word en watter onderdruk behoort te word sodat die permanente onbewuste dit kan opneem.
Die tweede belangrike oorsprong van Kris se teorie is geleë in Freud se beskrywing van wat hy die primêre en sekondêre prosesse noem. Die primêre proses is 'n energiesisteem wat vry en beweeglik van aard is en wat die ongeneutraliseerde poging tot onmiddellike ontlading behels. Dit is dus die proses in die id waardeur direkte bevrediging van libidinale en ander instinktuele wense gesoek word.
Die sekondêre proses, wat op die realiteitsbeginsel funksioneer, neig om die primêre pogings van die primêre proses te inhibeer. Dit is dus die wyse waarop die ego funksioneer, en sluit handelinge soos denke, redenering en uitstel van wensbevrediging in.

Met inagneming van Freud se beskouinge in verband met fantasie, die voorbewuste, die primêre en sekondêre prosesse, meen Kris (1952: 306) dat twee belangrike veronderstellings na aanleiding hiervan gemaak kan word:

> *"First, that the ego directs countercathexis against id impulses and, second, that a preconscious process, from which the ego withdrawns cathexis, becomes subject to cathexis with id (mobile) energy and will be drawn into the primary process."*

Laasgenoemde veronderstelling is in der waarheid die basiese konsep van die psigoanalitiese teorie met betrekking tot droomformulering.

Kris (1952: 312) gebruik die term ego-regressie om te verwys na die proses waardeur die ego ongeneutraliseerde libidinale en aggressiewe energie, as infantiele wyse van uitdrukking ontlaai, en bring die proses ook in verband met kreatiewe handeling:

> *"Topographically, ego regression (primitivization of ego functions) occurs not only when the ego is weak - in sleep, in falling asleep, in fantasy, in intoxication, and in the psychoses - but also during many types of creative processes."*

Volgens Shapiro (1968: 28) verwerp Kubie die beskouing van Freud dat kreatiwiteit deur die sublimering van onbewuste drange geaktiveer word, en veronderstel nog 'n meer uiterste benadering as Kris, deurdat hy konstateer dat die voorbewuste die enigste werklike komponent is wat met kreatiwiteit verband kan hou. Volgens hierdie beskouing word die belangrikheid van die onbewuste ontken, aangesien die inhoud daarvan geheel en al verdring word en daarom nie 'n onbewuste manifestasie in die vorm van 'n kreatiewe handeling tot gevolg kan hê nie.

Alhoewel die rol van die onbewuste ten opsigte van kreatiewe handeling, volgens die psigoanalitiese teorie van Freud, vir Kubie onaanvaarbaar is, kan die belangrikheid daarvan met betrekking tot kreatiewe poësieskepping nie net sonder meer verwerp of misken word nie, aangesien daar duidelike teoretiese beginsels aangedui is wat eers empiries nagevors behoort te word. Daarom sal dit in hierdie ondersoek nodig wees om vas te stel of fantasieë, en veral dagdroomfantasieë wat uit die onbewuste voortspruit, 'n moontlike verband met kreatiewe poësieskepping toon.

Die beskouing van Freud dat die kunstenaar sy fantasieë gebruik om hom van sy neurose te bevry, het ook besondere waarde vir die onderhawige ondersoek, aangesien dit uit bestaande literatuur en navorsing wil voorkom dat daar tog 'n moontlike verband tussen kreatiwiteit en neurose bestaan.

### 2.3.4 *Die Gestalt-teorie*

In sy werk *Productive thinking* (1959) dui die belangrike verteenwoordiger van die Gestalt-psigologie, naamlik Wertheimer, enkele teoretiese beginsels aan waarvolgens kreatiewe denke verklaar kan word. Aangesien hierdie teorie hoofsaaklik gaan om die oplossing van 'n probleem en nie om die raaksien van 'n nuwe probleem of 'n eie oorspronklike skepping soos byvoorbeeld die skryf van poësie nie, sal slegs enkele belangrike beginsels aangedui word om die kreatiwiteitsverskynsel verder te belig.

Wertheimer (1959: 238) stel die kreatiewe situasie as 'n oorgangsproses voor met die oorsprong daarvan by $S_1$, dit wil sê, die situasie waarin die werklike denkproses begin en wat, na 'n aantal stappe, lei tot $S_2$ waarin die proses eindig, met ander woorde waar die probleem dus opgelos is. $S_1$ is struktureel onvoltooi en behels 'n gaping wat nog gevul moet word, terwyl die oplossing, $S_2$, struktureel voltooi is en daar dus geen gaping weer voorkom nie. Wertheimer noem enkele stappe wat lei vanaf die probleemsituasie ($S_1$) tot die oplossing van die probleem ($S_2$):
Die persoon neem waar dat die probleemsituasie onvoltooi is. Hierdie waarneming veroorsaak sekere spanninge binne die persoon. Die spanninge gee voorkeur aan vektore in die rigting van die situasie wat verbeter moet word. Die hele studieveld word nou struktureel dieper waargeneem, terwyl veranderinge in die funksionele betekenisse, groepering en reorganisasie van items in die studieveld plaasvind totdat gapings opgevul en ontbrekende elemente toegevoeg is, en die veld dan harmonies hersaamgestel word. Die oplossing ($S_2$) word deur Wertheimer (1959: 239) soos volg beskryf:

> *"It is a state of affairs that is held together by inner forces as a good structure in which there is harmony in the mutual requirements, and in which the parts are determined by the structure of the whole, as the whole is by the parts."*

Die beperkinge van hierdie teorie lê veral opgesluit in die toepaslikheid daarvan met betrekking tot kreatiewe denke. Die teorie is geskik indien 'n $S_1$-$S_2$-situasie bestaan, dit wil sê, wanneer 'n gegewe probleemsituasie voorkom wat tot die oplossing van die probleem, naamlik 'n $S_2$-situasie kan lei. Die konsepte van Wertheimer kan dus toegepas word wanneer daar 'n doel gestel is en die persoon sekere stappe moet neem om die doel of oplossing te bereik. Dit gebeur ook egter dat die doel eers bereik word, alvorens daar tot die besef gekom word wat die gebruik daarvan is. Flemming se ontdekking van penisillien is 'n tipiese voorbeeld van 'n doel wat bereik is en daarna deur die uitvinder aan 'n probleem gekoppel is waarvoor dit aangewend kan word.

Getzels en Jackson (1962: 87) wys daarop dat die meer kreatiewe persoon geneig is om nuwe probleme raak te sien, eerder as om oplossings vir gegewe probleme te vind. Die konvensionele $S_1$-$S_2$-situasie impliseer dus dat daar slegs 'n oplossing vir 'n bepaalde probleem gevind moet word en dat dit nie werklik 'n oorspronklike en nuwe kreatiewe manifestasie veronderstel nie.

### *2.3.5 Die teorie van selfverwesenliking en selfaktualisering*

Hierdie teorie hou veral verband met die motiveringsaspekte verbonde aan kreatiwiteit. Verskeie navorsers ondersteun mekaar in 'n poging om kreatiewe denke hiervolgens te verklaar.

Volgens Kneller (1965: 36) toon Schachtel aan dat elke mens 'n aangebore behoefte het om te ondersoek en te ontdek. Hy wil sy wêreld verstaan en self 'n eie en nuwe wêreld skep wat dus op sigself 'n skeppende aktiwiteit is. Om aan hierdie behoefte te voorsien, moet die individu se wêreld vir ander toeganklik wees en hy ook ontvanklik vir hulle wêreld. Daar moet dus van die tradisionele en gebruiklike konsepte wegbeweeg word sodat kreatiwiteit die resultaat van veranderinge, intensiteit van belange en 'n verskeidenheid van benaderingswyses kan wees. Steinburg (1967: 125) sluit ook hierby aan en noem verder dat kreatiwiteit as 'n geestesingesteldheid gesien behoort te word en dus nie 'n aangebore eienskap impliseer nie. Volgens hierdie beskouing is daar dus, met betrekking tot die kreatiwiteitsverskynsel, 'n klemverskuiwing vanaf prestasie en probleemoplossing na persoons- en uitdrukkingskwaliteite.

Steinburg (1967: 126) verwys na Rogers se beskouing wat glo dat die kreatiewe handeling die gevolg van 'n behoefte by elke mens is om homself te verwesenlik. Hy beskryf kreatiwiteit as die neiging by die individu om uitdrukking te gee aan al sy potensialiteite en om dit in so 'n mate te aktiveer dat dit tot selfverwesenliking kan lei.

Volgens Rogers is daar twee voorwaardes waaraan voldoen moet word om werklik tot selfverwesenliking te kan kom:
Eerstens is dit nodig dat die persoon oor die vermoë sal beskik om op die werklikheid te reageer soos dit aan hom geopenbaar word.
Tweedens is dit belangrik dat hy sal weet hoe om met begrippe en konsepte te "speel." Laasgenoemde hou veral verband met die psigoanalitiese benadering van Freud waarin aangedui word dat die volwassene met idees, in plaas van die speelgoed van sy kinderjare, speel.

Maslow (1962: 93) ondersteun Rogers se beskouing dat kreatiwiteit die strewe na selfrealisering is en dat 'n persoon kreatief is in die mate waarin hy sy potensialiteite as mens verwesenlik. Twee vorme van kreatiewe denke word deur Maslow genoem, naamlik "special talent" en "selfactualizing creativeness." Eersgenoemde verwys na 'n besondere bekwaamheid op een of ander gebied, wat relatief onafhanklik van ander persoonskwaliteite is. Die tweede word deur Maslow (1962: 94) met die totale persoonstruktuur in verband gebring:

> *"The latter, springing much more directly from the personality, shows itself as an effect of positive mental health and appears as creative flexibility and free energy to accomplish the ordinary affairs of life in a creative way."*

Die beskouing van Maslow dat kreatiwiteit met die totale persoonstruktuur verband hou, is van besondere belang aangesien 'n belangrike doelstelling van die huidige ondersoek 'n poging is om 'n psigologiese persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper aan te dui, waarvolgens kreatiewe denke verklaar kan word. Taylor (1964: 114) noem ook, in aansluiting by Maslow, dat die wesenlike van kreatiwiteit nie in die kreatiewe produk gesoek moet word nie, maar wel in daardie persoonskwaliteite wat die produk moontlik maak.

### *2.3.6 Samevatting van teoretiese beginsels waarvolgens enkele doelstellings van die ondersoek gemotiveer kan word.*

Verskillende teorieë oor die aard en wese van kreatiwiteit het aan die lig gekom waarvan die mees relevante, met betrekking tot die huidige ondersoek, in voorafgaande bespreking uiteengesit is.

Die veelvuldige intelligensieteorie van Guilford, soos beskryf en geëvalueer deur Prentky (1980: 44-46), verklaar kreatiwiteit in terme van 'n verskeidenheid intellektuele vermoëns en lê veral klem op die konvergente en divergente denkkategorie. Waar die klem voorheen slegs op die divergente denkkategorie geval het, dui Prentky (1980: 46) daarop dat die rol van konvergente denke nie buite rekening gelaat kan word by die verklaring van die kreatiwiteitsverskynsel nie. Die waarde van die veelvuldige intelligensieteorie, met betrekking tot die huidige ondersoek, is veral daarin geleë dat dit 'n teoretiese agtergrond bied waarvolgens hipoteses geformuleer kan word om die verband en die interafhanklikheid van konvergensie en divergensie met betrekking tot kreatiewe poësieskepping te ondersoek.

Volgens die assosiasionistiese teorie is kreatiewe denke die resultaat van die kombinasie van bestaande idees tot 'n nuwe idee. Die teorie veronderstel dat die kombinasie van die inhoude nuut en bruikbaar moet wees, met ander woorde, dat dit sal lei tot die oplossing van 'n probleem. Mednick (1964: 55), wat as een van die belangrikste verteenwoordigers van die assosiasionistiese teorie beskou kan word, beweer dat kreatiewe persone geneig is om hoogs onwaarskynlike elemente met mekaar te assosieer, terwyl die gewone persoon 'n element sal koppel aan 'n ander waarmee dit normaalweg afgepaar word. Hoogs kreatiewe persone is dus besonder vaardig wanneer dit kom by die effektiewe samevoeging van aspekte van die omgewing wat op grond van hul ondervinding nie werklik saamhoort nie. Na aanleiding van hierdie teorie het Mednick 'n toets, die *Remote Associates Test* (RAT) saamgestel, waarvolgens die kreatiwiteitsgraad in terme van die assosiasies van 'n persoon se idees bepaal kan word.

Jackson en Messick (1965: 315) beweer dat die RAT eerder 'n aspek van intelligensie as kreatiwiteit meet, aangesien bevind is dat 'n besonder hoë korrelasie tussen die intelligensiekwosiënt van 'n persoon en die RAT bestaan. Hiervolgens wil dit voorkom dat die konvergente denkkategorie 'n verband met die resultate van die RAT toon. Die bestaande toets van Mednick is egter later deur Shapiro (1968: 85) ontwikkel en verfyn sodat die meting van moontlike divergente vermoëns ook ingesluit kon word. Dit wil dus voorkom dat die begrippe assosiasionisme en konvergente denke, asook assosiasionisme en divergente denke, met mekaar in verband gebring kan word, en dat die resultate wat na aanleiding van die kognitiewe meting van kreatiwiteit, volgens die RAT en die nuwe aangepaste toets van Shapiro verkry sal word, die mate van konvergente en divergente vermoë met betrekking tot kreatiewe poësieskepping sal aandui.

Die psigoanalitiese teorie van Freud verklaar kreatiwiteit in terme van die manifestasie van onbewuste prosesse. Fantasie, as belangrikste onbewuste manifestasie, word aangewend om erotiese en ander ambisieuse wense te bevredig. Dit gee aanleiding tot die verwerking van fantasieë tot nuwe werklikhede, naamlik die kreatiewe persoon se skeppinge op kuns-, musiek-, wetenskaplike of letterkundige terreine. Die kreatiewe kunstenaar hou hom dus nie besig met volwasse seksualiteit nie, maar met die verlenging van sy fantasieë en spel uit sy kinderjare. Hierdeur kry hy in 'n gesublimeerde vorm bevrediging vir sy seksuele begeertes. 'n Verdere beskouing van Freud is dat die kunstenaar sy fantasieë gebruik om hom van sy neurose te bevry.

Aangesien Shapiro (1968: 28) aandui dat sekere navorsers, soos byvoorbeeld Kubie, die rol van die onbewuste ten opsigte van kreatiwiteit verwerp, sal dit in die onderhawige ondersoek van besondere belang wees om vas te stel of die teoretiese beginsels van Freud empiries bevestig kan word. Daarom sal dit nodig wees om fantasie, as belangrike manifestasie van die onbewuste, te ondersoek, om daardeur te bepaal wat die invloed van veral dagdroomfantasieë op kreatiewe poësieskepping is.

Die gedagte van Freud dat die kreatiewe persoon sy fantasieë gebruik om hom van sy neurose te bevry, behoort ook empiries nagevors te word. Hierdeur kan moontlik bepaal word of die persoon wat kreatief is ten opsigte van die poësie, ook bepaalde neurotiese gedragseienskappe openbaar.

Wertheimer (1959: 238), wat 'n belangrike verteenwoordiger van die Gestalt-psigologie is, sien beperkinge in die assosiasionistiese teorie raak en op grond daarvan beskryf hy kreatiwiteit volgens die Gestalt-teorie soos volg:
Eerstens kom 'n bepaalde terrein van die studiegebied helder in die bewussyn, sonder om van die res van die gebied geïsoleer te raak. Die hele gebied word hierna struktureel dieper waargeneem, terwyl veranderinge in die funksionele betekenisse, groepering en reorganisasie van items in die studieveld plaasvind totdat gapings opgevul en ontbrekende elemente toegevoeg is, en die veld dan harmonies hersaamgestel word. Alhoewel hierdie teorie hoofsaaklik gaan om die oplossing van 'n probleem en nie om die skepping van 'n eie oorspronklike werk soos byvoorbeeld die skryf van poësie nie, wil dit tog voorkom dat die strukturele harmonie wat ten opsigte van die probleemoplossing ontstaan, ook met kreatiewe poësieskepping in verband gebring kan word, aangesien die beoordeling van poësie op literêre kriteria berus wat ook struktuur insluit.

Maslow en Rogers bring kreatiwiteit in verband met die strewe van elke mens om homself te verwesenlik en beklemtoon die motiverende aspekte wat kreatiwiteit onderlê. Volgens Maslow (1962: 93) is daar veral twee belangrike kreatiwiteitsvorme.
Die eerste verwys na 'n besondere bekwaamheid op een of ander gebied, wat relatief onafhanklik van ander persoonskwaliteite is, terwyl die tweede met die totale persoonstruktuur verband hou. Die relevansie van hierdie teorie, met betrekking tot die huidige ondersoek, is veral daarin geleë dat daar gepoog sal word om so 'n volledig moontlike psigologiese persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper aan te dui, waarvolgens die kreatiewe persoon van die persoon wat minder of weinig kreatief is, onderskei kan word.

## 2.4 BEGRIPSVERHELDERENDE FASETTE TEN OPSIGTE VAN DIE KREATIWITEITSBEGRIP

### 2.4.1 *Die kreatiewe proses*

Die term *kreatiewe proses* word in die literatuur gebruik om te verwys na die wyse waarop die kreatiewe produk tot stand gekom het. Die proses begin gewoonlik by die ontvang van 'n opdrag om 'n probleem op te los of by 'n stimulus wat 'n persoonlike skeppingsdrang na vore bring. Dit eindig by die oplossing van die gegewe probleem of by die voltooiing van die eie persoonlike skepping.

Volgens Van der Walt (1981b: 143) was Wallas een van die eerste persone wat tot die besef gekom het dat daar 'n aantal onderskeidende fases binne die kreatiewe proses teenwoordig is. Die volgende vier belangrike fases word onderskei:
Die eerste word die *voorbereidingsfase* genoem waarin die probleem ondersoek word.
Die tweede is die *inkubasiefase* waartydens die bewuste prosesse onderbreek word en plek vir die werking van onbewuste prosesse gemaak word.
Tydens die derde of *illuminasiefase* dwing die oplossing tot die bewuste deur.
Gedurende die vierde fase, wat as *verifikasie* bekend staan, word die idee getoets, gewysig en afgerond.

Révész (1952: 52) ondersteun Wallas en noem verder dat *voorbereiding* deur besondere konsentrasie, wat met spanning gepaard gaan, gekenmerk word; *inkubasie* in die onbewuste plaasvind en 'n ryping van idees impliseer; *illuminasie* vinnig plaasvind en 'n verhelderende lig op die probleem werp en *verifikasie* besondere eise aan die persoon stel wanneer die idee getoets en afgerond moet word.

Van Jaarsveld (1970: 13) verdeel die kreatiewe proses ook in vier soortgelyke fases, naamlik:

- Die stadium van invoeling of empatisering.
- Die verbeelding en kreatiwiteit. Dit word ingedeel in 'n vryswewende en gestruktureerde verbeelding.
- Die fase van konsentrasie. Dit word onderverdeel in bewuste konsentrasie en die onderbewuste.
- Die finale manifestasie van die kreatiewe handeling.

Die eerste eksperimentele ondersoek in 'n poging om die fases binne die kreatiewe proses te verifieer, is gedoen deur Catherine Patrick (1935), aangehaal deur Shapiro (1968: 20), toe sy die proses van poësieskepping onder laboratoriumtoestande waargeneem het. Die ondersoekgroep het bestaan uit vyftig kreatiewe poësieskeppers en agt en vyftig nie-kreatiewe poësieskeppers wat op grond van woordeskat, ouderdom, geslag en ras met mekaar vergelyk is. Die proefpersone is gevra om 'n gedig te skryf na aanleiding van 'n prent wat aan hulle getoon is. Die proefpersone moes vanaf die oomblik van stimulusaanbieding tot en met die geskrewe voltooiing van die gedig al hierdie gedagtes verwoord sodat dit in snelskrif aangeteken en later ontleed kon word. Die totale tydsduur wat dit elke proefpersoon geneem het om die gedig te voltooi, is in vier dele verdeel en ontleed om te bepaal watter soort aktiwiteit kenmerkend van elke onderdeel is.

Die resultate ondersteun die veronderstellinge van Wallas en toon aan dat die vier fases ook in die skepping van poësie teenwoordig is. By albei ondersoekgroepe is gevind dat idees wat as gevolg van die stimulusaanbieding verkry is, verbind en noukeurig verwerk is (fase van voorbereiding). Hierdie idees word dan tydelik "gebêre" sodat die proefpersoon ook aan ander sake aandag gee (fase van inkubasie). Die derde onderdeel is gekenmerk deur die eerste werklike formulering van versreëls (fase van illuminasie). In die finale stadium is die versreëls hersien, verwerk en afgerond (fase van verifikasie).

Volgens Shapiro (1968: 21) kritiseer Eindhoven en Vinacke (1952) die eksperimentele ondersoeke waarin die verskillende fases binne die kreatiewe proses aangetoon is. 'n Belangrike beswaar is dat die gegewens onder hoogs gekontroleerde laboratoriumomstandighede verkry is en nie in natuurlike kreatiewe toestande nie, en dat die resultate in terme van 'n voorafgaande vierfasekonsep ontleed is. Daarom het bogenoemde kritici 'n eie studie onderneem om hierdie konsep te ondersoek.

Die ondersoekgroepe het bestaan uit dertien professionele en veertien nie-professionele skilders wat gevra is om 'n illustrasie van die gedig "Night" deur Charles Peguy te skets. Besoeke kon enige tyd aan die laboratorium gebring word en die proefpersone het self besluit hoe lank hulle gedurende elke sessie wou werk. 'n Maksimum tydsduur van een uur per sessie is aan die hand gedoen en die totale aantal sessies wat benodig was, is op 'n maksimum van vier gestel. Uit die resultate van hierdie ondersoek is tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie genoegsame bewyse is om te aanvaar dat die kreatiewe proses uit vier fases bestaan nie. Hulle stel voor dat kreatiwiteit as 'n enkele proses beskou behoort te word en dat die vier fases wat vorige navorsers onderskei het, net aspekte daarvan is wat in samewerking met mekaar optree. Vinacke (1952: 247-248) stel dit soos volg:

> *"The real weakness in the view that creative thinking consists in a sequence of fairly well defined phases is not that these stages do not exist but that they are regarded as universal, clearly recognizable, successive, and distinct from each other. In actuality, it would be better conceive of creative thinking in more holistic terms, a total pattern of behaviour in which various processes overlap and interveave between the occurrence of the original stimulus and the formation of the final product."*

Haefele (1962: 31-35) ontleed elke fase in meer besonderhede om lig te werp op die ietwat teenstrydige navorsingsresultate met betrekking tot die vierfasekonsep. Hy beskryf die vier fases soos volg:

#### 2.4.1.1 *Die voorbereidingsfase*

Die aanvangsfase in die kreatiewe proses sluit 'n aantal belangrike aktiwiteite, soos die waarneming van die probleem, die ontleding van 'n verskeidenheid moontlikhede en die versameling van gegewens of idees in. Daarna volg 'n belangrike fase van denkaktiwiteit wat in drie hoofkomponente verdeel kan word:

##### 2.4.1.1.1 *Samevoeging van konsepte*

Haefele (1962: 31) sluit aan by die voorstanders van die assosiasionisme en sien die kreatiewe proses as 'n aktiwiteit wat verband hou met die daarstelling van 'n skakel tussen konsepte A en B. Die samevoeging van hierdie konsepte lei tot die nuwe idee of oplossing C. Die hooffunksie van die voorbereidingsfase is dus om konsepte A en B in die denksisteem te plaas om dit sodoende te aktiveer; daarna, gedurende die inkubasiefase, dit saam te voeg totdat 'n nuwe insig (oplossing C) waargeneem en dan finaal geverifieer word.

##### 2.4.1.1.2 *Herformulering van die probleem*

Nadat die probleem waargeneem is, is dit noodsaaklik om die korrekte leidraad uit 'n verskeidenheid gegewens, wat deur die probleem opgelewer is, te kan kies. Die belangrikheid van 'n ondersoekmodel waardeur die probleem op so 'n wyse hergestruktureer word dat dit nuwe idees wat ondersoek kan word, te voorskyn bring, word beklemtoon. Die kreatiewe handeling impliseer dus nie net die belangrikheid van die regte vrae wat gevra word nie, maar ook dat die vrae op die mees effektiewe wyse gevra behoort te word.

### 2.4.1.1.3 *Simbolisering*

Probleme word heel dikwels gesimboliseer in 'n poging om die oplossing daarvan te vergemaklik. Koestler (1964: 118 en 183) verwys na enkele voorbeelde om aan te toon hoe die kreatiewe proses deur die gebruik van simbole vergemaklik word om by die oplossing van die spesifieke probleem te kom:

Friedrich von Kekulé het na aanleiding van 'n droom waarin hy lang rye atome in die vorm van bewegende slange gevisualiseer het, wakker geword met 'n opgewonde ervaring van insig. In sy droom het hy ervaar dat een van die slange sy eie stert vasbyt. Hierdie ervaring het aanleiding gegee tot die revolusionêre bekendstelling dat molekules van sekere organiese samestellings nie oop strukture is nie, maar dat dit net soos die visualisering van die slang, wat sy eie stert vasbyt, geslote strukture of kringe is.

Albert Einstein het geglo dat hy in staat was om die skynbaar teenstrydighede in sy relatiwiteitsteorie toe te laat, aangesien daar by hom die neiging bestaan het om nie verbaal nie, maar eerder in visuele beelde te konseptualiseer. Koestler (1964: 183) stel dit soos volg:

> *"The logic of language would not have allowed him to accept the paradox that events which may be simultaneous for one observer are not necessarily simultaneous for another."*

### 2.4.1.2 *Die inkubasiefase*

Inkubasie is 'n rusperiode wat volg wanneer die voorbereidingswerk opgehou het sonder dat daar 'n oplossing vir die probleem gevind is. Hierdie konsep impliseer dat daar 'n onderbreking in die bewuste denksisteem gekom het en dat die probleemoplossing nou op 'n onbewuste vlak kan plaasvind. Die onbewuste of intuïtiewe denke funksioneer dus wanneer daar nie meer bewustelik na 'n oplossing gesoek word nie.

Shapiro (1968: 24) haal drie teorieë aan wat poog om die proses wat tydens die inkubasiefase voorkom, te verklaar:
Die eerste teorie veronderstel dat die verstand vir 'n oomblik rus en dan, wanneer dit uitgerus is, weer die probleem aanpak en dit oplos.
Volgens die tweede teorie word die onsuksesvolle kombinasies van idees en konsepte gedurende die inkubasiefase vergeet; gevolglik bly slegs die korrekte kombinasies oor wat dan duidelik waargeneem word.
Volgens die derde teorie word die idees of konsepte (A en B) wat gedurende die voorbereidingsfase gevind is, op verskillende wyses met mekaar verbind totdat die ideale kombinasie gedurende die inkubasiefase gevind word.

Alhoewel dit wil voorkom asof die inkubasiefase 'n rusperiode is en dat daar gedurende hierdie fase geen konstruktiewe vordering is nie, moet dit in gedagte gehou word dat daar wel 'n mate van kontrole oor die aktiwiteite van die onbewuste mag wees en dat dit nie geheel en al willoos plaasvind nie.

Die belangrikheid van die inkubasiefase word deur verskeie kreatiewe persone genoem om die waarde en betekenis daarvan te beklemtoon. Volgens Kneller (1965: 55) konstateer Poincaré, na aanleiding van sy wiskundige prestasies, dat die skielike verskyning van illuminasie die resultaat van 'n lang, voorafgaande proses van onbewuste funksionering is. Hy voeg by dat die waarde van die onbewuste tydens die inkubasiefase onbetwisbaar is. Ghiselin (1954: 15 en 16) verwys na die voorwoord van Henry James se roman *The American* waarin die waarde van onbewuste funksionering tydens hierdie fase en die vergeefsheid van pogings om hierdie proses te probeer verhaas, benadruk word:

> *"I was charmed with my idea, which would take, however, much working out; and precisely because it had so much to give, I think, must I have dropped it for the time into the deep well of unconscious cerebration: not without the hope, doubtless, that it might eventually emerge from that reservoir, as one had already known the buried treasure to come to light, with a firm iridescent surface and a notable increase of weight."*

### 2.4.1.3 *Die illuminasiefase*

Illuminasie is die oomblik wanneer 'n oplossing vir die probleem of die korrekte kombinasie van elemente bewustelik waargeneem word. Die ervaring van illuminasie is kort en kan as die hoogtepunt van die kreatiewe proses beskou word. Hierdie fase is dus die kulminerende resultaat van voorbereiding en inkubasie wat die besondere probleem ophelder en die feite in die regte perspektief plaas.

### 2.4.1.4 *Die verifikasiefase*

Verifikasie is die fase waartydens die nuwe insig, wat gedurende die illuminasiefase ervaar is, opnuut georden, geselekteer en afgerond moet word. Volgens Shapiro (1968: 24) speel persoonlikheidsfaktore gedurende hierdie fase 'n belangrike rol aangesien die verifikasie van idees in 'n groot mate daardeur beïnvloed word. So gebeur dit byvoorbeeld soms dat persone, nadat hulle die voorafgaande fases suksesvol deurloop het, met oorspronklike en nuwe idees na vore kom, maar dat 'n gebrek aan motivering en dryfkrag hulle daarvan weerhou om deur harde werk die nuwe idees te verifieer. Psigodinamiese faktore, soos 'n gevoel van vrees of mislukking, kan ook die rede wees waarom die ervaring van 'n nuwe insig gedurende die illuminasiefase nie tot die praktiese gebruik daarvan kan lei nie.

Uit voorgaaande uiteensetting is dit duidelik dat 'n verskeidenheid navorsers en kreatiewe persone die bestaan van die vierfasekonsep binne die kreatiewe proses aanvaar. Die teenstrydige beskouinge verwerp nie die bestaan van die konsep nie, maar betwis slegs die wyse waarop dit optree.

Samevattend word enkele gedagtes ten opsigte van die kreatiewe proses uitgelig, waarby die huidige ondersoek kan aansluit in 'n poging om na aanleiding van kreatiewe poësieskepping meer helderheid oor bepaalde fasette in verband met die kreatiwiteitsbegrip te verkry:

- Die belangrikheid van onbewuste funksionering gedurende die inkubasiefase word deur navorsers en kreatiewe persone bevestig. Freud het veral in sy werke *The relation of the poet to day-dreaming* (1908) en *Psychological Essays: The poet and fantasy* (1964), in terme van die psigoanalitiese benadering van kreatiwiteit, aangetoon watter vername rol die onbewuste by die skepping van poësie speel. Alhoewel die geldigheid van hierdie teoretiese beginsel van Freud nog nie empiries bewys is nie, staan dit nogtans in noue verband met onbewuste funksionering tydens die inkubasiefase van die kreatiewe proses. Een van die belangrikste doelstellings van hierdie ondersoek is, soos reeds aangedui, om die rol van fantasie as manifestasie van die onbewuste na te vors. Daardeur kan eksperimenteel psigologies bepaal word wat die invloed daarvan op kreatiewe poësieskepping is. Hiervolgens kan moontlik ook, na aanleiding van die voorkoms en aard van fantasieë, aangedui word wat die belangrikheid van die inkubasiefase ten opsigte van hierdie kreatiewe handeling is.

- Die gekompliseerdheid van die kreatiewe proses blyk veral uit die implikasie dat psigodinamiese en persoonlikheidsfaktore binne die vier fases optree, en dus die reeds ingewikkelde kognitiewe meganismes, soos in die bespreking van die teoretiese beginsels aangedui, nog meer kompleks maak. Daarom sal dit ook nodig wees om in die huidige ondersoek nie net die veranderlikes afsonderlik na te vors nie, maar dat die interafhanklikheid van hierdie veranderlikes veral ondersoek sal word om te bepaal watter verband dit met kreatiewe poësieskepping toon.

- 'n Interessante bevinding ten opsigte van die vierfasekonsep van Wallas is dat dieselfde vier fases binne die kreatiewe proses by die eksperimentele sowel as die kontrolegroepe onderskei is, ten spyte van die feit dat die kontrolegroepe veronderstel was om nie-kreatiewe persone in te sluit. Hierdie bevinding impliseer dus dat alle persone in 'n sekere mate kreatief is en dat kreatiwiteit nie 'n gawe is wat slegs by uitsonderlike persone aangetref word nie. Die kreatiewe produk wat tot stand kom, bepaal egter die kreatiwiteitsgraad wat aan die persoon toegeskryf word. Om aan die belangrikste doelstellings van die ondersoek te beantwoord, sal dit eerstens nodig wees om die kreatiwiteitsgraad van die poësie te bepaal en om na aanleiding daarvan sekere eienskappe te identifiseer op grond waarvan 'n psigologiese persoonsbeeld van kreatiewe, minder kreatiewe en weinig kreatiewe persone aangedui sal word.

### *2.4.2 Die kreatiewe produk*

Aangesien poësie die kreatiewe produk in die huidige ondersoek verteenwoordig, sal daar in hierdie bespreking veral aandag aan bepaalde kriteria gegee word waarvolgens die beoordeling van kreatiwiteit kan plaasvind, of soos Brugman en Dudink (1976: 59) dit stel:

> *"Er zal een poging worden gedaan maatstaven aan te geven waarmee vasgesteld kan worden of en zo ja in welke mate het 'creatieve opstel van Jeroen' creatiever is dan bijvoorbeeld de roman 'De God Denkbaar, Denkbaar de God' van Willem Frederik Hermans."*

Die kernprobleem by die bepaling van kriteria om kreatiwiteit te beoordeel, is geleë in gekompliseerde aard van die verskynsel. In teenstelling met intelligensie, waar die responsbeoordeling op die korrekte of foutiewe berus, gaan dit by kreatiewe produkte om subjektiewe maatstawwe, dit wil sê, maatstawwe wat meningsverskille impliseer. Volgens Brugman en Dudink (1976: 62-70) is daar, ten spyte van die subjektiewe aard van kreatiewe maatstawwe, tog enkele belangrike kenmerke van 'n kreatiewe produk waarvolgens die kreatiwiteitsgraad daarvan moontlik aangedui kan word:

In die eerste plek moet die produk *nuut* wees. Onder 'n nuwe produk word verstaan dat dit nog nie in hierdie bepaalde gevormde kombinasie van elemente voorgekom het nie. Die nuutheid moet gesien word binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk wat op 'n sekere kultuur, ouderdomsgroep en tyd betrekking het. Dít wat as nuut en ongewoon beskou word, sal op 'n bepaalde tyd in elke samelewing verskillend wees. By die hantering van hierdie kriterium moet daar dus gewerk word met die nuutheid of ongewoonheid van die relatiewe (binne 'n bepaalde groep en op 'n bepaalde tyd) frekwensie van die produk. In dié verband kan 'n vergelyking met intelligensie getref word wat ook 'n relatiewe begrip impliseer. So byvoorbeeld moet 'n onderskeid gemaak word tussen die intelligensie van 'n tweejarige honderd jaar gelede, tussen 'n persoon hier en een in Australië. Daarom sal dit nodig wees om, ten opsigte van die nuutheidsgraad van die produk, kennis te hê van die verwysingsgroep van die kreatiewe persoon om hom te vergelyk met die norme en standaarde van daardie bepaalde groep.


Brugman en Dudink (1976: 65) noem in die tweede plek dat die produk, wat as kreatief beskou word, *bruikbaar* moet wees. Ten opsigte van estetiese kreatiwiteit word die term bruikbaarheid gebruik om te verwys na 'n produk wat moet beantwoord aan die eise van estetiek. In hierdie verband merk Jackson en Messick (1965: 310) soos volg op met betrekking tot die relevansie of gepastheid van estetiese produkte:

> *"There are times, of course, when the judgment is still fairly easy to make. It does not require much aesthetic training to realize that the meter of a poem beginning 'Death is here/Death is there/Death is lurking everywhere/'.... is inappropriate to the theme being treated."*

*Transformasie* is 'n derde noodsaaklike voorwaarde waaraan 'n kreatiewe produk moet voldoen. Die beoordeling daarvan vind plaas volgens die wyse waarop die voorgeskrewe en konvensionele gebruike verbreek is. Dit dui daarop dat die werklikheid op 'n ander en nuwe manier waargeneem word en die produk dus anders is as die gebruiklike.

*Kondensasie*, wat die laaste en mees gekompliseerde kriterium is waaraan 'n produk kan voldoen, verwys na die verskynsel wanneer eenvoud en kompleksiteit "paar". Produkte wat oënskynlik eenvoudig voorkom, blyk by nadere ondersoek baie meer gekompliseerd te wees as wat aanvanklik gemeen is. Daarteenoor bestaan produkte wat met die eerste ondersoek baie kompleks vertoon het, by nadere ondersoek uit onderdele wat eenvoud kenmerk. Produkte wat aan die laaste twee kriteria, naamlik transformasie en kondensasie voldoen, is relatief seldsaam.

Om die kreatiwiteitsgraad van 'n produk te voorspel, gebruik Brugman en Dudink (1976: 68) die vier belangrike kriteria in 'n grafiese model om ook die interafhanklikheid daarvan volgens beoordelingsvlakke aan te dui.




*Figuur 5: Grafiese voorstelling van produkkriteria: Brugman en Dudink (1976: 68)*
*Beoordelingsvlakke: 1 = hoog; 2 = gemiddeld; 3 = laag.*

Die oorvleueling van die kriteria *nuutheid* en *bruikbaarheid* dui, volgens *figuur 5*, op 'n lae beoordelingsvlak (3). Dit impliseer dat die produk alledaags en die kreatiwiteitsgraad laag is.
Wanneer een van die ander twee kriteria, naamlik *transformasie* of *kondensasie* ingesluit word, dui dit op 'n beoordelingsvlak (2) wat hoër as die eerste is en 'n produk met 'n gemiddelde kreatiwiteitsgraad veronderstel.
Die hoogste beoordelingsvlak (1) word gevind wanneer *transformasie* en *kondensasie* mekaar oorvleuel sodat 'n produk met 'n hoë kreatiwiteitsgraad vermoed kan word.

Volgens Brugman en Dudink (1976: 69) is daar 'n ooreenkoms ten opsigte van die beoordeling van 'n produk volgens bogenoemde vier kriteria en die *kreatiwiteitshiërargie* van Taylor (1959) wat vyf beoordelingsvlakke onderskei.
Die eerste is die *ekspressiewe vlak* waar dit gaan om die onafhanklike uiting, waarby oorspronklikheid en kwaliteit van die produk van sekondêre belang is. Dit is 'n vlak waar dit dus uitsluitlik gaan om vrye uiting van kuns, soos "l'art pour l'art," en wat as die noodsaaklike grondslag vir die optrede van hoër kreatiwiteitsvlakke beskou kan word.

Die tweede, of die *produktiewe vlak*, hou veral verband met die kwaliteitsaspek van die produk waar oorspronklikheid nog relatief onbelangrik is. In hierdie opsig is daar 'n ooreenkoms met betrekking tot die vier genoemde produkkriteria en meer spesifiek waar dit gaan om die bruikbaarheid, geskiktheid of toepaslikheid van die produk.

Die *ontdekkingsvlak* word gekenmerk deur die uitvinding of ontdekking van iets nuuts. Die waarneem van 'n nuwe verwantskap tussen onderdele of elemente wat voorheen nie bestaan het nie, is 'n tipiese voorbeeld hiervan en stem ooreen met die kreatiwiteitsbeskrywing, soos gevind in die assosiasionistiese benadering en gemeet deur die *Remote Associates Test (RAT)*.

Ten opsigte van die *ontdekkingsvlak* kan genoem word dat 'n sekere mate van kwaliteit al teenwoordig is, maar dat daar nie besonder hoë eise in dié verband aan die produk gestel word nie.

Die *innovasievlak* dui, net soos in die geval van die produkkriterium wat as *transformasie* bekend staan, op die beduidende veranderinge wat deur die nuwe produk op 'n bepaalde gebied teweeggebring is.

Die *oprysingsvlak* veronderstel, in teenstelling met die *innovasievlak* waar dit om beduidende veranderinge gaan, die verskyning en optrede van 'n heel nuwe beginsel.

Net soos in die geval van die *produkkriteria* wat as *transformasie* en *kondensasie* bekend staan, toon weinig produkte die kenmerke van 'n *innovasie* of *oprysingsvlak*.

'n Vergelyking tussen die *produkkriteria* en die *kreatiwiteitsvlakke* dui op 'n aantal belangrike ooreenkomste wat deur Brugman en Dudink (1976: 69) in *figuur 6* aangetoon word.

Aangesien die skepping van poësie 'n literêre produk veronderstel en dus nie net volgens bepaalde kreatiwiteitsbeginsels beoordeel kan word nie, sal daar in die huidige ondersoek gepoog word om duidelike maatstawwe aan te dui waarvolgens poësie in terme van die kreatiewe, literêre en estetiese geëvalueer kan word.


| *KREATIWITEITSVLAKKE* | *PRODUKKRITERIA* |
|---|---|
| *Ekspressiewe vlak* | - |
| *Produktiewe vlak* | *Bruikbaarheid* |
| *Ontdekkingsvlak* | *Nuutheid en bruikbaarheid* |
| *Innovasievlak* | *Transformasie* |
| *Opnysingsvlak* | *Kondensasie en transformasie* |

*Figuur 6: Integrasie van kreatiwiteitsvlakke en produkkriteria: Brugman en Dudink (1976: 69)*

### *2.4.3 Die kreatiewe omgewing*

Kreatiewe omgewing verwys na die werking van die stimulerende en inhiberende eksterne faktore met betrekking tot die totstandkoming en ontwikkeling van kreatiewe gedrag. In *figuur 7* word die invloed van eksterne faktore op die kreatiewe proses deur middel van 'n eenvoudige skematiese voorstelling (Brugman en Dudink, 1976: 119), waarvan die veelvuldige intelligensiemodel as uitgangspunt gebruik is, aangedui.

Volgens dié skema is daar veral twee belangrike aspekte waarna verwys kan word. Die omgewingsfaktore kan in die eerste plek direk of indirek inwerk op die kreatiewe proses. Die indirekte inwerking vind plaas deur mediërende of meewerkende omgewings- en persoonlikheidseienskappe. Dit kan verduidelik word aan die hand van die voorbeeld van 'n kind wat met persoonlikheidseienskappe soos vindingrykheid en nuuskierigheid geïnhibeer word deur die streng voorgeskrewe leerplanne wat geen uitdaging tot nuwe ontdekkings bied nie. Daar is van 'n direkte inwerking sprake wanneer 'n persoon in 'n arm stimulusomgewing opgroei; gevolglik ontbreek die geleentheid om materiaal waarmee in die kreatiewe proses gewerk kan word, te versamel.





*Figuur 7: Skematiese voorstelling van die uitwerking van eksterne faktore op die verskillende fases van die kreatiewe proses: Brugman en Dudink (1976: 119)*

Die tweede belangrike aspek waarna in die skematiese voorstelling verwys kan word, is die differensiële invloed van eksterne faktore op die kreatiewe proses, dit wil sê, die stimulerende of inhiberende invloed op die verskillende fases binne die proses. Wanneer 'n persoon hom byvoorbeeld in 'n omgewing bevind wat geen uitdaging aan sy potensialiteite bied nie, is die moontlikheid ook groot dat sy prestasiemotivering sal daal. Dit kan veral inwerk op die verifikasiefase van die kreatiewe proses in dié sin dat die persoon gou tevrede is met 'n oplossingsmoontlikheid sonder dat hy ander moontlikhede oorweeg het. Dit is dus onwaarskynlik dat dit 'n unieke oplossing of produk sal wees. Eberle (1972: 201) verwys na die differensiële invloed van eksterne faktore en lê veral klem op die belangrikheid van die voorbereidingsfase binne die kreatiewe proses. In hierdie verband verwys die eksterne faktor na die stimulus wat in baie gevalle tot die begin van die kreatiewe handeling kan lei en die kreatiewe proses dus in werking stel. Ook ten opsigte van poësieskepping kan die belangrikheid van eksterne faktore as stimulus nie buite rekening gelaat word nie.

### *2.4.4 Die kreatiewe persoon*

Aangesien dit in hierdie ondersoek hoofsaaklik sal gaan om die identifisering van psigologiese persoonsattribute wat die kreatiewe poësieskepper kenmerk, word net enkele gedagtes hier genoem ter aansluiting by die volledige literatuuroorsig van *hoofstuk 3*.

Torrance (1962: 93) het in 'n uitgebreide ondersoek die ontwikkeling van kreatiewe vaardighede in terme van die kognitiewe aspekte daarvan by tien verskillende kulture of subkulture bestudeer. Afgesien van die diversiteit van die kulture, vind hy nog 'n duidelike ontwikkelingslyn by elkeen wat redelik uniform is. Sy vernaamste bevinding is dat die kurwe (*figuur 8*) afwyk van die gebruiklike ontwikkelingskurwe by intellektuele vaardighede. Die lyn toon, in teenstelling met die intelligensiekurwe, 'n afname by sekere punte. 'n Tweede belangrike bevinding was dat die kurwes vir die manlike en vroulike geslag baie dieselfde is.




*Figuur 8: Ontwikkelingskurwe vir die gemiddelde frekwensie van vrae by deel I (Ask) van die Ask-and-Guess-toets van Torrance: Torrance (1962: 93)*

Die ontwikkelingskurwe is gebaseer op grond van die resultate wat Torrance uit die eerste deel van die *Ask-and-Guess-toets* verkry het. In 'n voorbeeld van een van hierdie verbale subtoetse word 'n prent aan die toetsling getoon van 'n figuur wat sy weerkaatsing in die water bestudeer. Eers moet hy al sy vrae omtrent die prent neerskryf, daarna moet hy so veel redes as moontlik vir die oorsaak van die prent verskaf en ten laaste moet hy alle moontlike gevolge van die situasies uitstip.

Die afwyking in die ontwikkelingskurwe by die ouderdomme 9 tot 12 jaar word eerstens deur Torrance toegeskryf aan die soort vrae wat gevra moes word. Die afname by 'n ouderdom van 9 jaar hou verband met die "waarom-vrae", terwyl daar 'n toename in die ontwikkeling is ten opsigte van die "wat-vrae". Met betrekking tot die afname by 'n ouderdom van 12 jaar vind Torrance dat dit saamval met die "terugval" in die vaardigheid om kousale hipoteses op te stel.

'n Tweede verklaring vir die twee afwykings in die ontwikkelingskurwe is geleë in die feit dat albei deur 'n sterk toename in sosiale konformeringsdruk gekenmerk word. Op 'n ouderdom van 9 jaar is daar 'n duidelike aksentverskuiwing op skool vanaf die "speelse" na die "ernstige", dit wil sê, 'n verskuiwing vanaf die ekspressiewe na die konvergente denke. Die tweede afwyking val saam met die oorgang van een soort skool na 'n ander. Die hoërskool word gekenmerk aan 'n toename in sosiale druk, as gevolg van tydgenote op sosiale gebied. Hierdie verklaring word in verband gebring met die kultuurpatroon van Samoa waar konformeringsdruk en prestasiegerigtheid veel minder as in die Westerse kultuur is. Die ontwikkelingskurwe toon 'n afwyking in die geval van Amerikaanse proefpersone, terwyl geen afwyking by graadvlak 7 van die Samoaanse proefpersone gevind is nie.

Dudek (1974: 285) ontken die feit dat daar sprake van "terugval" by 'n ouderdom van 9 jaar kan wees en verklaar die afwyking in terme van verandering in kwaliteit. Volgens hom kan daar op hierdie stadium nog nie van kreatiwiteit gepraat word nie, maar slegs van ekspressie. Hierdie opvatting sluit aan by die kreatiwiteitsvlakke waarvolgens Brugman en Dudink (1976: 69) aantoon dat ekspressie slegs 'n primitiewe voorstadium van kreatiwiteit veronderstel. Die oënskynlik kreatiewe in die produk, soos byvoorbeeld gesien in kindertekeninge wat deur die onkonvensionele, vryheid en lewendigheid gekenmerk word, is maar die manier hoe die kind teken sodat die verskynsel daardeur minder uniek gemaak word. Die onkonvensionele kan byvoorbeeld eerder gesien word as die resultaat van 'n tegniese onvermoë by die kind. Die produkte op hierdie stadium is nog net globale, ongedifferensieerde persepsies en manifestasies van die werking van primêre prosesse.

Die waarde van Torrance se navorsing, met betrekking tot die onderhawige ondersoek, is veral daarin geleë dat hy deur middel van hierdie ontwikkelingskurwes ten opsigte van kreatiwiteit, riglyne aangedui het waarvolgens proefpersone gekies kan word. Aangesien dit volgens *figuur 8* wil voorkom dat kreatiewe vaardigheid begin kulmineer wanneer 'n ouderdom van vyftien tot sewentien bereik word, is besluit om proefpersone uit die adolessensietydperk vir die doel van die ondersoek te gebruik.

## 2.5 OORKOEPELENDE SAMEVATTING EN KRITIESE EVALUERING VAN DIE KREATIWITEITSVERSKYNSEL

- Die groot aantal uiteenlopende beskrywings van die kreatiwiteitsbegrip het aan die lig gebring dat daar nog nie eenstemmigheid bereik kan word oor wat kreatiewe denke alles impliseer nie. Die gekompliseerdheid van die verskynsel is geleë in die multidimensionele aard daarvan, met die gevolg dat navorsers nog nie tot 'n sintese kon kom om die fenomeen te omskryf nie.

- Alhoewel die verskillende beskrywings van die begrip oënskynlik konsepsuele verwarring veroorsaak het, kan die waarde daarvan nie ontken word nie, aangesien dit bepaalde riglyne vir verdere navorsing aangedui het. 'n Waardevolle bydrae in hierdie verband, waaroor daar tóg 'n mate van eenstemmigheid bestaan, is die besef dat kreatiwiteit met *produktiewe denke* verband hou. Hiervolgens word die kreatiwiteitskonsep beskryf as die vermoë om op 'n onkonvensionele wyse nuwe, oorspronklike en ongewone idees daar te stel.

- Die multi-dimensionele aard van die kreatiwiteitsverskynsel kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die uiteenlopende *teoretiese beginsels* waarvolgens dit beskryf en verklaar word.

  - Volgens die *veelvuldige intelligensieteorie* blyk dit dat navorsers tot die besef gekom het dat die toetsitems by intelligensiemeting nie noodwendig die skeppende vermoëns meet nie. Dit was veral Guilford wat van mening was dat daar aan die huidige intelligensietoetse 'n eensydige en beperkte opvatting oor die denke bestaan. Binne die *driedimensionele intelligensiemodel* onderskei hy tussen drie aspekte van die intellek, naamlik *inhoud, operasies of werkverrigtinge* en *produkte*. Hy voeg later 'n vierde, *die gedragsaspek*, by. Ten opsigte van die werkverrigtinge onderskei hy tussen vyf komponente van die intellek. Die eerste is *kognisie* wat slegs te doen het met die herkenning van informasie: waarneembare voorwerpe, vormsisteme, simboliese eenhede, konsepte en betekenisse. 'n Tweede werkverrigting is die *geheue*. Die derde en vierde soort werkverrigting het met *produktiewe denke* te doen, naamlik *konvergente* en *divergente denke*, terwyl die vyfde werkverrigting wat as *evaluering* bekend staan, 'n gedurige kontrolering en herkontrolering van informasie behels. Volgens Wolters (1980: 36) kan die byvoeging

van die begrip *divergente denke* by die bestaande begrippe kognisie, geheue, konvergente denke en evaluering gesien word as 'n poging om addisionele terreine, waarop kreatiewe werkverrigtinge kan plaasvind, in sy teorie in te sluit.

- Die *assosiasionistiese teorie* beskryf kreatiwiteit in terme van die bymekaar bring van idees wat gewoonlik ver van mekaar verwyderd is sodat 'n nuwe idee of probleemoplossing die gevolg daarvan kan wees. Hierdie teorie word ondersteun deur die beginsel van *divergensie* wat produktiewe denke beskryf as 'n vermoë om dinge wat op die oppervlakte ver van mekaar verwyderd is, bymekaar uit te bring - dit wil sê om 'n verband te vind tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie. Die veronderstelling van die assosiasionistiese teorie dat kreatiwiteit verband hou met idees wat uit vorige ervarings voortspruit, laat die vraag ontstaan waarom sekere assosiasies aan 'n persoon gesuggereer word en ander nie. Verder bestaan daar ook onsekerheid oor die feit waarom sekere persone met oorheersend oorspronklike en ander met oorheersend eenvoudige en onoorspronklike response na vore kom.

- Die assosiasionistiese benadering van kreatiwiteit is volgens die Gestalt-psigologie te beperk omdat die assosiasiewette van soortgelykheid en kontiguïteit deur die gestaltwette aangevul behoort te word. Die *Gestalt-teorie* veronderstel dat die kreatiewe proses 'n aaneenlopende lyn van denke is, dat elke fase tot die geheelfunksie bydra en dat geen fase arbitrêr en onverstaanbaar is nie.

- Die *psigoanalitiese teorie* verskuif die klem na die emosionele aspek van gedrag. Vir Freud en die psigoanaliste bestaan kreatiwiteit uit 'n wisseling van rasionele en irrasionele prosesse. Hiervolgens is kreatiwiteit 'n psigiese verskynsel waartydens die rasionele deur dagdrome en fantasieë verdring word. Freud meen dat die verdringing na die onbewuste, konflikte veroorsaak wat in kreatiwiteit, as 'n soort verdedigingsmeganisme teen neurose, manifesteer. Kreatiwiteit en neurose het dus dieselfde oorsprong, naamlik 'n konfliksituasie in die onbewuste. Die kreatiewe persoon haal sy materiaal uit die onbewuste en is nie afhanklik van die bewuste om dit te verkry nie. Nuutheid en oorspronklikheid, wat veral in humor en fantasie manifesteer, ontstaan ook eerder uit die onbewuste en word nie aan die werking van bewuste prosesse gekoppel nie. Indien 'n persoon sy idees uit die onbewuste wil ontvang, moet die Ego nie 'n te streng optrede handhaaf nie, aangesien dit die impulse van die onbewuste kan onderdruk, met die gevolg dat 'n hoogs stereotipe gedrag, wat intellektueel van aard is, geopenbaar word.

- Die *neo-freudiaanse denke* verskuif die klem na die voorbewuste en aanvaar nie die werking van onbewuste prosesse volgens die psigoanalitiese teorie nie. Hierdie benadering veronderstel dat die kreatiewe persoon in 'n fase van voorbewustelike denke verval en dat hy min van die omgewing waarneem wanneer daar gefantaseer word. Op grond hiervan aanvaar van die neo-freudiaanse denkers dat kreatiewe manifestasies nie die gevolg van onbewuste funksionering kan wees nie.

- Volgens die teorie van *selfverwesenliking* en *selfaktualisering* is kreatiewe handeling die gevolg van 'n behoefte by elke mens om homself te verwesenlik. Verskeie navorsers ondersteun mekaar in dié verband en meen dat kreatiwiteit 'n strewe na selfrealisering is en dat 'n persoon kreatief is in die mate waarin hy sy potensialiteite as mens verwesenlik.

Alhoewel dit uit voorgaande duidelik blyk dat daar geen algemeen aanvaarde teorie oor die aard en wese van kreatiwiteit bestaan nie, is dit tog opvallend dat elkeen van hierdie teorieë 'n besondere bydrae gelewer het in 'n poging om die kreatiwiteitsbegrip beter te verstaan. Elk van hierdie teorieë is geformuleer in die lig van 'n spesifieke benaderingswyse en 'n spesifieke perspektief op die kreatiwiteitsverskynsel. Ten spyte van die feit dat dit vanuit verskillende perspektiewe geformuleer is, is hierdie teorieë nie noodwendig teenstrydig nie, maar eerder aanvullend om die begrip beter te omskryf.

Om die kreatiwiteitsverskynsel nog duideliker te omlyn, is enkele begripsverhelderende fasette aangedui wat die *kreatiewe proses*, *die kreatiewe produk*, *die kreatiewe omgewing* en die *kreatiewe persoon* insluit.

- Die *kreatiewe proses* word deur Wallas volgens 'n Vier-Fase-model omskryf. Hierin word voorsiening gemaak vir 'n *voorbereidings-*, 'n *inkubasie-*, 'n *illuminasie-* en 'n *verifikasiefase*. Alhoewel die verdeling van die kreatiewe handeling volgens hierdie indeling moontlik is, wil dit tog voorkom dat die gekompliseerdheid en multi-dimensionele aard van die kreatiwiteitsverskynsel die rigiditeit van sodanige indeling bevraagteken. Só 'n verdeling moet eerder as die ideale verloop van die kreatiewe proses beoordeel word en nie as 'n algemeen aanvaarde verskynsel gesien word nie. In die lig van die fase-indeling het dit ook geblyk dat die kreatiewe handeling nie net volgens kognitiewe faktore verklaar moet word nie, aangesien konatiewe en affektiewe faktore ook 'n belangrike rol speel.

- Die *kreatiewe produk* is die finale manifestasie wat uit die kreatiewe handeling voortspruit. Die kreatiwiteitsbeoordeling van hierdie produk is egter 'n kernprobleem wat veral in die gekompliseerde aard van die verskynsel geleë is. Ten spyte van die subjektiewe aard van die kreatiewe maatstawwe is navorsers dit tóg eens dat daar belangrike kreatiwiteitsmaatstawwe is waarvolgens 'n produk beoordeel kan word. Hierdie eienskappe word gekoppel aan bepaalde *produkkriteria* wat verband hou met *bruikbaarheid, nuutheid, transformasie* en *kondensasie*. Volgens die *kreatiwiteitsvlak-kriteria* word daar onderskei tussen 'n *ekspressiewe, 'n produktiewe, 'n ontdekkings-, 'n innovasie- en 'n oprysingsvlak*. Die samevoeging van die produk- en kreatiwiteitsvlak-kriteria kan as 'n geïntegreerde beoordelingsmaatstaf aangewend word, aangesien dit in baie opsigte oorvleuel. Die beperking van hierdie maatstawwe is veral daarin geleë dat dit 'n te algemene vorm van beoordeling impliseer. 'n Kreatief-wetenskaplike manifestasie kan byvoorbeeld nie volgens dieselfde maatstaf as 'n kreatief-literêre manifestasie beoordeel word nie, aangesien dit op verskillende en uiteenlopende teoretiese beginsels gefundeer is. Daarom is 'n meer spesifiek-omlynde beoordelingsmaatstaf ten opsigte van elke kreatiwiteitsvorm 'n noodsaaklike vereiste om betroubare beoordelingsresultate te verkry.

- Die *kreatiewe omgewing* verwys na die invloed van stimulerende en inhiberende eksterne faktore op kreatiewe gedrag. Hierdie faktore kan direk of indirek inwerk op die verskillende fases binne die kreatiewe proses of op die kreatiewe proses as geheel. Die belangrikheid van die kreatiewe omgewing met betrekking tot die invloed van stimulerende en inhiberende eksterne faktore op kreatiewe gedrag kan nie

ontken word nie, maar die invloed van 'n kombinasie van kognitiewe, konatiewe en affektiewe faktore blyk meer bepalend ten opsigte van die skepping van 'n kreatiewe produk te wees.

- Aangesien daar in die huidige ondersoek gepoog sal word om 'n persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper aan te dui, is daar ten opsigte van die *kreatiewe persoon* slegs enkele eienskappe in die voorgaande bespreking aangedui wat as riglyne kon dien op grond waarvan proefpersone vir hierdie ondersoek gekies kon word. Die belangrike bevinding dat kreatiewe vaardighede vanaf 'n ouderdom van vyftien jaar begin kulmineer, het daartoe gelei dat die adolessent geskik gevind is om as proefpersone vir dié ondersoek te dien.

Alhoewel daar al heelwat navorsing in verband met die kreatiewe persoon gedoen is, is daar nog nie voldoende resultate verkry om 'n algemene persoonsbeeld van sodanige persoon te konstrueer nie. Dit is moeilik om te aanvaar dat alle kreatiewe persone dieselfde persoonsbeeld moet openbaar, aangesien elke kreatiwiteitsvorm nie noodwendig dieselfde kreatiewe vaardighede vereis nie en daarom ook nie ooreenstemmende persoonsattribute sal aantoon nie.

Die belangrikste doelstelling van die huidige ondersoek sal dus wees om na aanleiding van poësieskepping, wat 'n artistieke kreatiwiteitsvorm is, 'n persoonsbeeld van die *kreatief- begaafde* persoon te konstrueer op grond waarvan bepaalde identifiseringseienskappe onderskei kan word.

As vertrekpunt vir die formulering van die hipoteses word enkele veranderlikes in *hoofstuk 3* ondersoek om vas te stel watter verband daar in die literatuur ten opsigte van hierdie veranderlikes en kreatiewe begaafdheid bestaan.

# HOOFSTUK 3

# VERANDERLIKES WAT 'N MOONTLIKE VERBAND MET KREATIEWE BEGAAFDHEID TOON

## 3.1 INLEIDING

Meer resente navorsing ten opsigte van die kognitiewe aard van kreatiwiteit dui daarop dat konvergente en divergente denke nie geïsoleerde en selfstandige denksisteme is nie, maar dat dit interafhanklike komponente van die kreatiwiteitsverskynsel veronderstel. Prentky (1980: 47) noem dat vorige navorsers kreatiwiteit hoofsaaklik in terme van die divergente denkkategorie probeer verklaar en dat die rol van konvergente denke in 'n groot mate uitgesluit word.

Volgens Schepers (1979: 6) verteenwoordig konvergente vermoëns daardie primêre verstandelike vermoëns wat 'n persoon in staat stel om vrae korrek te beantwoord, en waarvolgens begaafdheidseienskappe geïdentifiseer kan word. Daarteenoor help divergente of kreatiewe vermoëns 'n persoon om dinge wat op die oppervlak ver van mekaar verwyder is, bymekaar uit te bring, dit wil sê om 'n verband te vind of 'n brug te slaan tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie.

Alhoewel daar al heelwat navorsing in verband met die kognitiewe aspekte van kreatiwiteit gedoen is, wil dit tog voorkom asof die onderskeid tussen bogenoemde denksisteme 'n belangrike rede is waarom begaafdheid en kreatiwiteit as afsonderlike verskynsels in die verlede nagevors en bestudeer is. Ten opsigte van die huidige ondersoek sal daar gepoog word om by resente beskouinge aan te sluit waarvolgens konvergensie en divergensie as interafhanklik beskou word en dus ook 'n verband tussen begaafdheid en kreatiewe denke impliseer.

Aangesien die belangrikste doelstelling van die ondersoek sal wees om bepaalde psigologiese identifiseringsattribute aan te dui waarvolgens die *kreatief-begaafde* kind onderskei kan word, is dit dus nodig om, uit bestaande literatuur en navorsing ten opsigte van kreatiwiteit en begaafdheid, bepaalde veranderlikes te bestudeer sodat belangrike hipoteses met betrekking tot die skepping van poësie geformuleer kan word. Die veranderlikes wat vir die doel van die huidige ondersoek gebruik word, hou nie nét verband met die kognitiewe aspekte van kreatiwiteit en begaafdheid nie, maar sluit ook, soos in die doelstellings aangedui, veranderlikes in wat konatief en affektief van aard is en dus moontlike identifiseringsattribute binne die wyer psigologiese persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper verteenwoordig.

## 3.2 INTELLIGENSIE EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Die teenstrydige navorsingsresultate en uiteenlopende beskouinge van navorsers in 'n poging om intelligensie met kreatiwiteit in verband te bring, kan toegeskryf word aan die verwarring wat daar omtrent die begrip intelligensie bestaan. Sommige navorsers gebruik hierdie term om na 'n breë spektrum van bewuste denkvermoëns te verwys, terwyl ander dit weer aan 'n kleiner aantal intellektuele vermoëns, wat deur die tradisionele intelligensietoets gemeet word, koppel.

Pyle (1979: 2) haal 'n aantal navorsers aan wat verskillende betekenisse aan die begrip intelligensie heg:

> *"to judge well, to comprehend well, to reason well" (Binet);*
>
> *"general intelligence which involves mainly the education of relations and correlates" (Spearman);*

*"the capacity to form concepts and to grasp their significance" (Terman);*

*"stresses a simple and non-specific definition, such as 'allround thinking capacity' or mental efficiency" (Vernon);*

*"innate, general, cognitive ability" (Burt);*

*"intelligent activity consists in grasping the essentials in a situation and responding appropriately to them" (Heim);*

*"the aggregate or global capacity of the individual to act purposefully, to think rationally and to deal effectively with the environment" (Wechsler);*

*"adaptation to the physical and social environment" (Piaget).*

Die verskynsel van intelligensie, en die verband daarmee met kreatiwiteit, word nog verder gekompliseer as gevolg van vorige navorsers se veronderstelling dat kreatiewe of divergente denke van die nie-kreatiewe of konvergente denke onderskei behoort te word. So byvoorbeeld noem Gielen (1967: 284) dat denke wat vernuwend en ondersoekend is, wat neig na reïnterpretasie van wat reeds geken word, wat soek na verskillende

moontlike oplossings en wat 'n veelvoud van moontlikhede erken, as kreatiewe denke beskryf word. Daarteenoor beklemtoon nie-kreatiewe denke die geheue, is meer metodies en konserwatief van aard. In hierdie verband onderskei Kneller (1965: 7) soos volg tussen hierdie twee verskynsels:

> *"The one mode tends toward retaining the known, learning the predetermined, and conserving what is. The second mode tends toward revising the known, exploring the undetermined, and constructing what might be. A person for whom the first mode or process is primary tends toward the usual and expected. A person for whom the second mode is primary tends toward the novel and speculative. The one favours certainty, the other risk."*

Verskeie uitgebreide ondersoeke is onderneem in 'n poging om 'n verband tussen kreatiwiteit en intelligensie aan te toon. Volgens Prentky (1980: 27) is een van die bekendste dié van Getzels en Jackson wat hulle bevindinge gegrond het op vyf kreatiwiteitstoetse wat deur 'n groep adolessente beantwoord is. Alhoewel bevind is dat vier van die vyf toetse beduidend met die intelligensiekwosiënt van dogters en al vyf beduidend met die intelligensiekwosiënt van seuns korreleer, kon daar nie beduidende interkorrelasies tussen die vyf kreatiwiteitstoetse gevind word nie.

Die onbeduidende interkorrelasies kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die meeste kreatiwiteitstoetse wat gebruik is, nog in 'n eksperimentele stadium verkeer en dat daar nog heelwat onsekerheid oor die geldigheid en betroubaarheid daarvan bestaan. In hierdie verband is die waarde van die huidige ondersoek dus moontlik ook daarin geleë dat daar ten

opsigte van die korrelasie tussen kreatiewe poësieskepping en intelligensie nie met kreatiwiteitstoetse gewerk sal word nie, maar dat die kreatiwiteitsgraad van poësie, wat volgens bepaalde literêre en estetiese kreatiwiteitsbeginsels beoordeel sal word, 'n moontlike positiewe resultaat daar kan stel waarvolgens kreatiwiteit en intelligensie met mekaar in verband gebring kan word. Hierdie moontlikheid word versterk deur die beskouing van Arieti (1976: 344) wat meen dat daar met betrekking tot die verband tussen kreatiwiteit en intelligensie aanvaar kan word dat konvergente, maar veral divergente denke, belangrike komponente van kreatiwiteit verteenwoordig. Aangesien poësieskepping 'n kreatiewe begaafdheidsmanifestasie veronderstel, dit wil sê, 'n kreatiewe uitdrukking wat die interafhanklikheid van konvergente en divergente denke impliseer, wil dit tog voorkom dat daar 'n moontlike verband tussen kreatiewe poësieskepping en intelligensie kan bestaan.

Alhoewel heelwat navorsers van mening is dat kreatiewe vermoë en intelligensie onafhanklik van mekaar is, beklemtoon verskeie navorsers die gevaar daaraan verbonde om hierdie begrippe te skei. Yamamota (1966: 195) skryf dat die onafhanklikheid nie oorbeklemtoon moet word nie, aangesien kreatiewe vermoë die grondslag vir bepaalde intellektuele aktiwiteite veronderstel. Guilford (1971: 79) sluit hierby aan en glo dat die vermoë om kreatief te dink, 'n belangrike aspek van intelligensie verteenwoordig.

MacKinnon (1966: 154) bevind in 'n studie oor die verband tussen kreatiwiteit en intelligensie dat daar 'n korrelasie van ,08 tussen hierdie twee veranderlikes bestaan. Hy meen tog dat daar ten opsigte van die hele terrein van kreatiwiteit en intelligensie 'n redelike verband is en voeg by dat, terwyl 'n sekere hoeveelheid intelligensie vir kreatiwiteit nodig is, dit nie die vlak van kreatiwiteit bepaal nie, aangesien ander faktore daarvoor verantwoordelik is.

Volgens MacKinnon beteken dit egter nie dat intelligensie 'n persoon kreatief maak nie. Intelligensie, soos gemeet deur die intelligensietoets, moet egter onderskei word van die effektiwiteit waarmee 'n persoon se intelligensie aangewend word. Die effektiewe aanwending hou volgens MacKinnon verband met sekere persoonlikheidstrekke, houdings- en motiveringsveranderlikes, belangstellings en waardes. Van der Walt (1981b: 140) sluit hierby aan en meen dat kreatiwiteit nie nét met die kognitiewe aspekte verband hou nie, maar dat dit ook konatief en affektief van aard is. Hierdeur word dus ook 'n interafhanklikheid tussen 'n aantal intellektuele en nie-intellektuele faktore geïmpliseer. Ten opsigte van die begaafdheidsbegrip noem Van der Walt (1981a: 11) dat, ten spyte van die begaafdes se verstandelike eienskappe, hulle dikwels ook oor 'n buitengewone intellektuele dryfkrag, 'n verstandelike uithouvermoë en 'n veelsydige belangstelling beskik.

Na aanleiding hiervan wil dit dus voorkom dat die kreatiwiteitsgraad sowel as die intelligensievlak van 'n persoon nie net suiwer kognitiewe manifestasies impliseer nie, maar dat dit ook deur die interafhanklike optrede van ander nie-kognitiewe veranderlikes bepaal word. Ten opsigte van die huidige ondersoek sal dit dus ook nodig wees om vas te stel of daar interkorrelasies tussen kognitiewe en nie-kognitiewe veranderlikes bestaan, om daardeur te bepaal wat die interafhanklikheid daarvan met betrekking tot kreatiewe poësieskepping is.

Prentky (1980: 29) dui daarop dat daar wel 'n positiewe korrelasie tussen kreatiwiteit en intelligensie bestaan, maar dat dit veral die laer intelligensievlakke verteenwoordig. Ten opsigte van 'n intelligensiekwosiënt van bokant 120 kon geen beduidende korrelasie met kreatiwiteit gevind word nie. In hierdie verband merk Prentky (1980: 28) soos volg op:

> *"Over the whole range of intelligence and creativity there is, of course, a positive relationship between the two variables. It is clear, however,*

*that above certain required minimum level of intelligence which varies from field to field and in some instances may be surprisingly low, being more intelligent does not guarantee a corresponding increase in creativeness."*

Volgens hierdie beskouing van MacKinnon is 'n hoë intelligensiekwosiënt dus nie noodwendig 'n waarborg vir besondere kreatiewe potensiaal nie. Ginsburg en Whittemore (1968: 137) wys egter daarop dat 'n lae intelligensiekwosiënt nie met kreatiewe vermoë in verband gebring kan word nie. Alhoewel laasgenoemde stelling vir sommige navorsers soos Groenewald (1970: 86) onaanvaarbaar is, omdat daar volgens hom geglo word dat alle mense kreatiewe potensiaal besit, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon met 'n lae intelligensie as kreatief-begaafd geklassifiseer kan word.

In hierdie verband kan daar ook kortliks verwys word na 'n poging van Duminy (1963: 13) om begaafdheid as psigologiese begrip te omskryf. Hiervolgens meen hy dat 'n besondere prestasie wat deur 'n persoon op 'n bepaalde terrein gelewer word, gewoonlik net tot die bogemiddelde intelligensievlak beperk is, met uitsluiting van die ondernormale en die gewone. Ten opsigte van die huidige ondersoek kan die hipotese gestel word dat kreatiewe poësieskepping 'n verbale uiting is en dat 'n persoon oor besondere verbale intelligensievermoëns moet beskik om hierdie kreatiewe handeling uit te voer.

Samevattend kan daar dus uit die literatuuroorsig, met betrekking tot die verband tussen intelligensie en kreatiewe begaafdheid, die volgende belangrike beginsels vir die formulering van 'n hipotese aangetoon word:

- Meer resente navorsing dui daarop dat daar wel 'n positiewe korrelasie tussen intelligensie en kreatiwiteit bestaan, maar dat dit deur intelligensievlakke van onder 120 verteenwoordig word.

- Daar is verder bevind dat persone met 'n hoë intelligensiekwosiënt nie noodwendig kreatief is nie, maar dat kreatiewe begaafdheid besondere intelligensievermoëns veronderstel.

- Dit wil ook voorkom dat kreatiwiteit nie net divergente insluit soos voorheen algemeen aanvaar is nie, maar dat die belangrikheid van konvergente denke ook beklemtoon word. Kreatiwiteit word hiervolgens in terme van die interafhanklikheid van divergensie en konvergensie verklaar.

- Daar is bevind dat die kreatiwiteitsgraad, begaafdheid en die effektiewe aanwending van intelligensie deur ander nie-kognitiewe faktore beïnvloed kan word.

Na aanleiding van bogenoemde bevindinge kan die volgende belangrike hipotetiese veronderstellinge dus met betrekking tot die huidige ondersoek gemaak word, naamlik:

- dat kreatiewe poësieskepping 'n kreatiewe begaafdheidsmanifestasie is wat bepaalde divergente en konvergente denkvermoëns insluit;

- dat kreatiewe poësieskepping, as begaafdheidsbegrip, besondere verbale vermoëns veronderstel, en

- dat kreatiewe begaafdheid, soos gevind in die skepping van poësie, die interafhanklike optrede van kognitiewe en ander nie-kognitiewe faktore impliseer.

## 3.3 PERSOONLIKHEID EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Aangesien dit reeds in die probleemstelling duidelik gestel is dat kreatiwiteit die kognitiewe, konatiewe en emosionele aspekte van die mens insluit, is dit heel waarskynlik dat die kreatiefbegaafde persoon deur middel van besondere persoonlikheidstrek-

ke van die persoon wat weinig of minder kreatief is, onderskei kan word. Pogings om 'n algemene persoonlikheidsbeeld van die besonder kreatiewe persoon te konstrueer, is reeds deur verskeie navorsers ondersoek, maar teenstrydige navorsingsresultate is ook in hierdie verband opgemerk.

Die oorsaak van hierdie teenstrydighede is moontlik daarin geleë dat kreatiewe prestasies op verskillende terreine gelewer word en dat hierdie terreine ook besondere eise aan die persoon stel wat met dié spesifieke persoonlikheidskenmerke in verband gebring kan word. MacKinnon (1966: 152) het saam met 'n aantal navorsers van die *Institute of Personality Assessment* aan die Universiteit van Kalifornië 'n aantal besonder kreatiewe skrywers, argitekte, ingenieurs en wiskundiges aan verskillende toetsprogramme onderwerp. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n algemene ooreenkoms tussen die persoonlikheidskenmerke van die verskillende groepe gevind kon word nie.

Tog is daar wel 'n sekere mate van bestendigheid in resultate van ondersoeke met besonder kreatiewe persone uit diverse terreine. Kreatiwiteit en begaafdheid is twee van hierdie terreine wat ten opsigte van persoonlikheidsondersoeke as geïsoleerde en afsonderlike komponente nagevors is, maar wat tog ooreenkomste met betrekking tot die voorkoms van sekere persoonlikheidstrekke openbaar. Die belangrikheid van 'n literatuuroorsig waarin bepaalde persoonlikheidseienskappe van die kreatiewe sowel as die begaafde persoon uitgelig sal word, is veral daarin geleë dat dit vir die huidige ondersoek 'n aanduiding kan gee waarvolgens kreatiewe begaafdheid en persoonlikheid met mekaar in verband gebring kan word.

Stein (1974: 58-60) onderskei die volgende belangrike persoonlikheidseienskappe van die kreatiewe persoon:

- Hy is gemotiveerd en het 'n behoefte aan orde en stelselmatigheid.

- Die kreatiewe persoon is weetgierig, laat homself geld, dominant, aggressief, selfgenoegsaam, neem die leiding en openbaar inisiatief.

- Hy verwerp repressie, is minder geïnhibeerd, minder formeel, minder konvensioneel, is radikaal en behaal 'n lae telling vir outoritêre waardes.

- Die kreatiewe persoon hou van werk, het 'n besondere werkskapasiteit, is selfgedissiplineerd, volhard, het 'n hoë energievlak en is baie deeglik.

- Hy is onafhanklik en selfstandig.

- 'n Wye belangstellingsveld, veelsydigheid en breë kennisveld onderskei ook die meer kreatiewe van die minder kreatiewe persoon.

- Gevoel is vir die kreatiewe persoon belangriker as denke, hulle is meer subjektief en openbaar besondere lewenskrag en entoesiasme.

- Die kreatiewe persoon is ook meer esteties in sy beoordeling en waardeoriëntasie.

- Hy stel nie belang in interpersoonlike verhoudinge nie, wil nie sosiale interaksie bewerkstellig nie en is introverties.

- Die kreatiewe persoon is emosioneel minder stabiel, intuïtief, empaties en sien hulle self as kreatiewe persone.

Wolters (1980: 8-13) noem die volgende eienskappe van die kreatiewe persoonlikheid: kompleksiteit, integrasie, kinderlike naïwiteit, gedifferensieerdheid, onkonvensionele gedrag, onafhanklikheid en individualiteit, verdra onsekerhede en konflikte en is nie-outoritêr. Jones (1972: 15-17) en Foster (1971: 26-29) noem eienskappe soos oopheid, self-aktualisering, vermoë om verbande raak te sien, verbeelding en oorspronklikheid. Mowly (1970: 405) sluit hierby aan en noem dat oorspronklikheid,

spontaneïteit, soepelheid en aanpasbaarheid ook kenmerkende eienskappe van die kreatiewe persoon is.

Volgens Groenewald (1970: 61) is die kreatiewe persoon besonder bewus van die wêreld waarin hy hom bevind en besonder ontvanklik vir indrukke wat die wêreld op hom maak. Hy ondervind dus meer as die minder kreatiewe persoon en juis as gevolg van hierdie ontvanklikheid en skerp waarnemingsvermoë ervaar hy ook volgens MacKinnon (1965: 274) verhoogde spanningsvlakke, aangesien hy kreatiewe oplossings vir probleme soek wat hy vir homself skep.

Die skeppende individu openbaar ook volgens Groenewald (1970: 62) volhardende ywer. Om op 'n hoë vlak kreatief werksaam te wees, is dit nodig dat die persoon hom oor 'n lang tydperk met voldoende ywer en toegewydheid aan sy werk sal wy. In hierdie verband is reeds in *hoofstuk 2* opgemerk dat sommige persone met oorspronklike en nuwe idees na vore kom, maar dat 'n gebrek aan motivering en dryfkrag hulle daarvan weerhou om deur harde werk die nuwe idees te verifieer.

Butcher (1970: 113) noem dat kreatiewe persone meer intellektueel-selfgenoegsaam en radikaal in hulle optrede as nie-kreatiewe persone is. Hulle geniet die risiko en onsekerheid wat aan die onbekende verbonde is. Groenewald (1970: 67) sluit hierby aan en glo dat die kreatiewe persoon skeptisisme openbaar, naamlik dat daar by hom 'n ingesteldheid is om nie enige verklaring altyd goedgelowig te aanvaar nie. Waar baie mense skepties staan teenoor nuwe idees en eerder op die beproefde sal terug val, staan die kreatiewe persoon eerder meer skepties teenoor die algemeen aanvaarde en is hy minder agterdogtig teenoor die nuwe idees. Hierdie skeptisisme het tot gevolg dat hy hom kan losmaak van die konvensionele en op oorspronklike wyse nuwe kreatiewe prestasies lewer.

'n Verdere kenmerk van die besonder kreatiewe persoon is sy opvallende sin vir humor. Met humor word bedoel die insigtelike begrip van die subtiele, ongewone en dikwels verborge

humoristiese implikasies van sekere situasies. Kneller (1965: 66) glo dat humor 'n teken is van die intensiteit van sodanige persoon se gevoel wat op 'n ander manier ontvlugting soek en wat hom in staat stel om uitdrukking te gee aan gevoelens wat minder kreatiewe persone moontlik sal onderdruk. Havighurst (1961: 527) verwys na 'n ondersoek wat deur middel van spontaan geskrewe verhale met jeugdiges gedoen is. Daar is bevind dat die meer kreatiewe groep meer humorsin geopenbaar en oor die algemeen 'n vryer fantasie vertoon het.

Volgens Van der Walt (1981b: 144) is 'n ander interessante waarneming in verband met kreatiewe persone dat twee fundamentele trekke van kreatiwiteit, naamlik sensitiwiteit en onafhanklikheid, onderskeidelik vroulike en manlike eienskappe is. Gevolglik sal kreatiewe seuns soms tot verwyfdheid geneig wees en dogters seunsagtig - persoonlikheidseienskappe wat aanpassing in die portuurgroep bemoeilik. Van der Walt (1981b: 144) wys verder daarop dat kreatiewe kinders soms hul skeppende vermoë verdoesel om sodoende hul manlikheid of vroulikheid te behou.

Butcher (1970: 114) kom tot die gevolgtrekking dat kreatiewe persone oor die algemeen 'n hoër angspeil vertoon as die nie-kreatiewe persone. Hoewel neurotiese eienskappe betreklik min by wetenskaplikes voorkom, blyk dit dat die voorkomssyfer van neurose en selfs psigose onder veral die skilders, skrywers en komponiste relatief hoog is.

Brugman en Dudink (1976: 95 en 96) vat die belangrikste persoonlikheidseienskappe van die kreatiewe persoon soos volg saam:

Inisiatiefryk, energiek, hardwerkend, hoë ego-sterkte, sensitief, intuïtief en empaties, impulsief, fantasieryk, egosentries, stel hoë eise, hou van uitdagings, is ontvanklik, selfgedissiplineerd en selfversekerd, hou van spel, is meer buigsaam, het 'n wye

belangstellingsveld, is esteties, emosioneel minder stabiel, dominant, aggressief, verwerp repressie, is onafhanklik, stel min belang in interpersoonlike verhoudinge, is radikaal en gee voorkeur aan die abstrakte denke.

Volgens Van der Walt (1981a: 11) word daar algemeen aanvaar dat die begaafde persoon veral uitgeken word aan sy opmerklik hoër verstandelike vermoëns. Gepaard met sy besondere verstandelike eienskappe word daar dikwels by hom 'n buitengewone intellektuele dryfkrag aangetref, 'n veelsydige belangstelling in idees en 'n intrinsieke ingesteldheid om uitdagende en moeilike vraagstukke aan te pak en uit te voer. Hierdie voorgaande stelling verwys dus ook na ander persoonlikheidstrekke as dié van 'n intellektuele aard.

Net soos in die geval van kreatiwiteit is weetgierigheid een van die kenmerkendste persoonlikheidseienskappe wat by die begaafde persoon aangetref word. Hy het dus 'n begeerte om kennis te bekom, om uit te vind, om te ontdek en om antwoorde en oplossings vir probleme te vind. Sumption en Luecking (1960: 118) sluit hierby aan en meld ook dat begaafdes oorspronklik optree, soos gesien kan word in die skryf van gedigte, musiekkomposisies, teken, handewerk en speelaktiwiteite.

Die begeerte om uit te blink en te presteer, is 'n verdere eienskap wat ooreenstem met dié van die kreatiewe persoon. Hierdie begeerte is soms so intens dat dit dikwels tot spanning kan lei - ook 'n kenmerk wat herinner aan die kreatiewe persoon.

Sumption en Luecking (1960: 120) noem dat pligsgetrouheid, 'n bereidheid om verantwoordelikheid te aanvaar, 'n sin vir humor en 'n onafhanklikheidsin belangrike eienskappe van die begaafde is. 'n Uitgesproke kritiese gedrag teenoor die self en andere word ook deur Van der Walt (1981a: 12) vermeld. Hulle is dikwels ook veelsydig en vindingryk, beskik oor 'n goeie oordeelsvermoë en besit 'n groot mate van selfvertroue omdat die begaafde aan sy eie vermoëns glo.

De Haan en Havighurst (1962: 29) noem dat begaafdes 'n sterk disposisie tot intellektuele bedrywigheid toon en dat hulle, veral die vroulike geslag, sterker esteties ingestel is. Ander belangrike persoonlikheidseienskappe van die begaafde sluit volgens De Haan en Havighurst (1962: 29) die volgende in:

> *"... gifted students are less authoritarian, less rigid, and therefore tend to be 'mistakers' in the world of ideas. They react with greater originality, imagination and resourcefulness to the stimulation they receive."*

Van Niekerk (1972: 28) noem die volgende as onderskeidende persoonlikheidstrekke van begaafde studente wat presteer:
die vermoë om angs positief te verwerk of te hanteer; 'n positiewe gevoel van eie-waarde; die aanvaarding en aanpassing by gesagseise; 'n betreklik minder openbaring van konflik ten opsigte van selfstandigheid - afhanklikheid en die realistiese inskakeling van eie aktiwiteite by akademiese verpligtinge en belangstellings.

Cilliers (1972: 175) vermeld ook die voorkoms van emosionele rypheid by presterende begaafde studente. Volgens Van der Walt (1981a: 13) dui hierdie eienskap op die begaafde se selfbeheersing en aanpasbaarheid.

Samevattend kan daar dus met betrekking tot die huidige ondersoek aangedui word dat kreatiwiteit en begaafdheid, alhoewel in die verlede meestal geïsoleerd nagevors, tog 'n ooreenstemmende verband ten opsigte van bepaalde persoonlikheidstrekke openbaar. Na aanleiding hiervan kan gekonstateer word dat kreatiewe begaafdheid, soos gemanifesteer in die skepping van poësie, 'n moontlike verband met sekere persoonlikheidstrekke toon. Ooreenstemmende persoonlikheidskenmerke van die kreatiewe en begaafde persoon, soos blyk uit die literatuuroorsig en waarvoor daar deur die persoonlikheidsvraelys van die huidige ondersoek voorsiening gemaak word, sluit die volgende in:

- Hulle is oorspronklik en vindingryk, meer intelligent, abstrakdenkend, onafhanklik, krities, volhardend, selfgenoegsaam, verkies eie besluitneming, is beheersd, self-gedissiplineerd en gespanne.

- 'n Teenstrydighed wat noodwendig in hierdie ondersoek nagevors behoort te word, is die verskil in navorsingsresultate wat betref die voorkoms van neurotiese gedragsvorme. Alhoewel Butcher (1970: 114) glo dat kreatiewe persone 'n hoër angsvlak vertoon, kon dieselfde resultaat nie by begaafde persone gevind word nie. Van Niekerk (1972: 28) merk in dié verband op dat die begaafde persoon angs positief kan verwerk.

Ten opsigte van die huidige ondersoek sal dit dus belangrik wees

- om te bepaal of kreatief-begaafde persone persoonlikheidseienskappe openbaar wat hulle onderskei van dié wat minder of weinig kreatief is met betrekking tot die skepping van poësie;

- om vas te stel of die ooreenstemmende persoonlikheidskenmerke tussen kreatiewe en begaafde persone, soos in die literatuuroorsig aangedui, korreleer met die persoonlikheidseienskappe van die kreatief-begaafde poësieskepper, en

- om te bepaal of angsneurose 'n verband met kreatiewe begaafdheid toon.

## 3.4 FANTASIE EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Alhoewel Freud belangrike teoretiese beginsels aangedui het waarvolgens kreatiewe poësieskepping psigoanalities probeer verklaar word, is weinig empiriese navorsing tot dusver gedoen om die belangrikheid van fantasie ten opsigte van kreatiewe skepping aan te dui. Ten einde die moontlike verband tussen fantasie en kreatiewe begaafdheid na te gaan, sal die fantasiebegrip, vanuit 'n psigoanalitiese perspektief, vervolgens kortliks aandag geniet.

Klinger (1971: 7) noem dat fantasie 'n innerlike, nie-waarneembare proses is wat impliseer dat alle metings daarvan afhanklik is van 'n persoon se verbalisering van sy denkbeelde. Hierdie denkbeelde word gekenmerk deur die afwesigheid van eienskappe wat by instrumentele, taakgeoriënteerde aktiwiteite gevind word. Fantasie vind op 'n spontane wyse plaas, verg geen inspanning nie en word ook nie geëvalueer in terme van die bereiking van doelstellings nie. Dit word verder aanvaar dat fantasieë 'n weerspieëling van die emosionele lewe van die individu is en dus in noue verband staan met sy persoonlikheidsamestelling.

Volgens Klinger (1971: 32) is fantasie en spel in die vroeë kinderjare feitlik onskeibaar. Spel word vroeër waargeneem as verbale fantasie, maar verbeeldingryke spel en taal verskyn tydens of na die derde lewensjaar. Albei neem tot en met die vyfde lewensjaar in verbeeldingrykheid toe, waarna albei meer realisties raak. Met die aanvang van die puberteitsjare neem spel grotendeels af, terwyl fantasie steeds toeneem om in laat adolessensie en vroeë volwassenheid 'n hoogtepunt te bereik.

Spel sowel as fantasie word volgens Klinger (1971: 49) gereflekteer in onopgeloste probleme, onvoltooide take, rolkonflikte, prominente affektiewe response en die uitdagings van interpersoonlike verhoudinge. Singer (1973: 36) meen ook dat 'n groot deel van die spel, fantasieë en selfs die drome van kinders in 'n noue verband staan met hulle daaglikse lewe sowel as die persone met wie hulle omgaan. Wanneer die kind voor 'n situasie in die werklike lewe te staan kom wat hy nie wil aanvaar of kan waardeer nie, gebruik hy sy fantasie om die probleem te ontvlug. Verbeelding word hiervolgens gesien as 'n moontlikheid tot katarsis of ontlading van spanning, asook 'n metode wat gebruik kan word om emosionele uitdrukkings en impulse te beheer. In die vroeë lewensjare is spel en verbeelding meer konkreet en op aktiwiteite gerig. Later vorm nie-waarneembare aktiwiteite die basis van denke en is meer komplekse denkbeeldige aktiwiteite moontlik.

Shapiro (1968: 64), een van die weinige navorsers wat eksperimenteel psigologiese navorsing ten opsigte van die verband tussen kreatiwiteit en fantasie onderneem het, gebruik die begrippe primêre en sekondêre prosesse van Freud op grond waarvan hy sy navorsingshipotese formuleer.

Volgens hierdie beskouing van Freud, soos reeds in *hoofstuk 2* aangedui, wil dit voorkom dat kreatiewe persone geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp, met die gevolg dat hulle onbewuste denke relatief vrylik toegang tot die bewuste het. Maslow (1962: 96) glo dat baie kinders kreatief is juis as gevolg van die feit dat hulle baie selde onbewuste impulse verdring. Hy veronderstel verder dat repressie die belangrikste hindernis in die weg tot kreatiewe skepping is, aangesien die onbewuste die oorsprong van innovasie impliseer. Maslow (1962: 96) stel dit soos volg:

> *".... out of this deeper self, out of this portion of ourselves of which we generally are afraid and therefore try to keep under control, out of this comes the ability to play - to enjoy, to fantasy, to laugh, to loaf, to be spontaneous - and, what's more important for us here, creativity, which is a kind of permission to be ourselves, to fantasy, to let loose, and to be crazy, privately."*

Die persoon wat sy onbewuste denke onderdruk, neig om obsessief-kompulsief op te tree. Hy is bang vir sy emosies en sal alles in sy vermoë doen om te verseker dat dit nie aan ander bekend gemaak word nie. 'n Kenmerkende manifestasie van hierdie sindroom by die manlike geslag is 'n vrees om enige gedragsvorm wat as feministies beskou word, bekend te maak.

Die waarnemings van Maslow sluit aan by die eksperimentele bevindinge van MacKinnon (1963: 43) waarvolgens dit, na aanleiding van die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*, aan die lig gekom het dat manlike kreatiewe persone hoë tellings ten opsigte van die mf (feministiese) skaal behaal het. In dié verband merk MacKinnon (1963: 43) soos volg op:

> *"The greater femininity of the creative male suggests that in him, as compared with less creative men, there is a greater openness to and acceptance of feeling and emotion, a more sensitive intellect, and more far-ranging interests including many which in the United States would be thought to feminine."*

Volgens die psigoanalitiese benadering van Freud vind die primêre proses in die id plaas en verwys dit na die manier waardeur direkte bevrediging van libidinale en ander instinktiewe wense gesoek word. Daarteenoor is die sekondêre proses die wyse waarop die ego funksioneer. Dit sluit handelinge soos werklikheidstoetsing, denke, redenering en die uitstel van wensbevrediging in. Alhoewel 'n aantal teenstrydighede in verband met die funksionering van hierdie prosesse ten opsigte van kreatiewe skepping aangedui is, kan die belangrikheid van nie een van die prosesse in die verklaring van kreatiwiteit uitgesluit word nie.

Na aanleiding van die kreatiewe persoon se verwerping van repressie as verdedigingsmeganisme gebeur dit dat onbewuste materiaal of inhoude van die primêre proses in 'n groter mate tot die bewuste denke toegelaat word as by die persoon wat minder kreatief is. Hierdie beskouing laat egter die vraag ontstaan of instinktiewe impulse van die primêre proses nie die produktiewe denke van 'n persoon versteur nie. Die antwoord word gevind in die teoretiese formulerings van die neo-psigoanaliste wat die konsep van regressie in diens van die ego

gebruik om te illustreer dat regressie kan plaasvind onder die beheer van 'n ryper en meer gedifferensieerde persoonlikheidstruktuur, naamlik realiteit. Binne hierdie raamwerk word die primêre proses bewustelik deur verbeelding beheer, en impliseer verbeelding meer as 'n terugkeer tot 'n infantiele vlak. Dit kom dus daarop neer dat die ego intree om te verseker dat die inhou van die primêre proses deur produktiewe denke aangevul word.

Schafer (1958: 125) probeer om na aanleiding van 'n breedvoerige definisie meer helderheid ten opsigte van hierdie teorie te gee. Hy skryf soos volg:

> *"Regression in the service of the ego refers to the ego's permitting relatively free play to the primary process in order to accomplish its adaptive tasks. The ego detours through regression toward adaptation. It is warranted to speak here of regression insofar as primary process or its close derivatives, normally warded off, are allowed a place in conscious experience; and it is warranted to speck of the process being in the service of the ego insofar as the regression serves ego interests (such as being creative or emphatic), is relatively easily reversible, and is amenable to productive working over by the ego in terms of its adaptive pursuits."*

Die werking van primêre en sekondêre prosesse, met betrekking tot kreatiwiteit, staan volgens Shapiro (1968: 67) in noue verband met die opeenvolgende fases van belewing en noukeurige verwerking binne die kreatiewe proses. Belewing word

ervaar wanneer die ego vir 'n oomblik sy funksie as sensor intrek, met die gevolg dat id-impulse (die primêre proses) 'n hoë graad van uitdrukking verkry. Die primêre proses word dan, in oorleg met die realiteitskontrolerende ego, tot georganiseerde fases van uitdrukking gekanaliseer. Laasgenoemde verteenwoordig die verwerkingsfase van die kreatiewe proses en word deur die verifikasiefase opgevolg. Hierdie transformasie van id-impulse deur die ego vind volgens die neo-psigoanalitiese teorie in die voorbewuste plaas.

Aangesien die primêre proses onbewuste inhoude veronderstel en daardeur impliseer dat fantasie 'n innerlike en nie-waarneembare verskynsel is, beteken dit dat alle metings daarvan aan die manifestasie van onbewuste denkbeelde gekoppel word. Die verbeeldingslewe word veral in die latere kinderjare deur manifestasies soos skynaktiwiteite, verbeeldingspel, leuens, dagdrome, skeppingswerk en sprokies weerspieël.

Die belangrikheid van dagdrome, as manifestasie van die onbewuste, word deur Freud (1900-1901: 492) in sy werk *The interpretation of dreams* benadruk. Volgens Freud is fantasieë dieselfde as dagdrome en toon dit ook heelwat ooreenkomste met die eienskappe van nagtelike drome. Soos drome, is fantasieë ook wensvervullend en is dit grootliks gebaseer op die indrukke van infantiele ervarings.

Freud is van mening dat elke droom van die mens 'n betekenis het en verband hou met sy persoonlikheidsamestelling. Op grond hiervan onderskei hy tussen 'n manifeste en 'n latente droominhoud. Die manifeste droominhoud is die droom, mondeling of in geskrewe vorm weergegee, soos die persoon dit onthou het. Die latente droommateriaal bestaan in die onbewuste en bevat hoofsaaklik verdronge, dit wil sê, na die onbewuste verplaasde ervaringe wat pynlik vir die bewuste is, omdat hulle in stryd met die norme van die samelewing is. Nogtans trag die verdronge ervaringe steeds om 'n weg tot bewuswording te vind sodat dit in dagdrome of ander manifestasies, soos byvoorbeeld in die skepping van poësie, tot uitdrukking kan kom.

Samevattend kan daar ten opsigte van die verband tussen fantasie en kreatiewe begaafdheid die volgende belangrike beginsels vir eksperimenteel-psigologiese navorsing aangedui word:

- Fantasie is 'n onbewuste, nie-waarneembare geestesaktiwiteit wat hoofsaaklik teoreties gefundeer is en waarvan die belangrikheid met betrekking tot kreatiewe skepping nog nie werklik empiries bewys kon word nie.

- 'n Kreatiewe handeling is volgens die psigoanalise die gevolg van die interafhanklike optrede van primêre en sekondêre prosesse. In hierdie verband is opgemerk dat kreatiewe persone geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp, sodat die onbewuste denke vrylik toegang tot die bewuste verkry.

- Drome is volgens Freud 'n manifestasie van onbewuste denkbeelde en kan geassosieer word met die persoonlikheidsamestelling van die individu.

Volgens hierdie beginsels wil dit voorkom dat

- kreatiewe poësieskepping deur die interafhanklike optrede van primêre (onbewuste) en sekondêre (bewuste) prosesse bepaal word;

- fantasie, soos gemanifesteer in dagdrome, 'n verband met kreatiewe poësieskepping toon;

- fantasie en persoonlikheid interafhanklik is met betrekking tot die skepping van poësie.

## 3.5 AFFEKTIEWE PROSESSE EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Aangesien die skepping van poësie 'n gevoelsmanifestasie impliseer en dus in noue verband met die affektiewe staan, sal enkele belangrike gedagtes ten opsigte van hierdie prosesse kortliks aangedui word sodat dit as moontlike riglyne kan dien waarvolgens kreatiewe begaafdheid nagevors kan word.

Heelwat navorsing is die afgelope jare onderneem in 'n poging om die affektiewe proses duideliker te omskryf. Volgens Jordaan (1975: 471) is die begrippe affek en emosie vir sommige navorsers sinoniem, terwyl daar vir ander 'n onderskeid is. Jordaan (1975: 471) wys verder daarop dat die verskillende menings oor die funksies van die affektiewe prosesse net so uiteenlopend is. Sommige navorsers meen dat die affektiewe prosesse slegs 'n disintegrerende uitwerking op normale doeltreffende funksionering het, terwyl ander weer die positiewe effekte daarvan raaksien. Volgens 'n derde siening is affektiewe prosesse energiewekkend en aktiverend, en word veral in motiveringstoestande gemanifesteer. Vandaar dat die affektiewe prosesse dikwels saam met motivering bespreek word en emosie dan ook as 'n motief vir optrede gesien word.

'n Belangrike rede waarom daar tot dusver geen algemeen-aanvaarde teorie oor die affektiewe prosesse ontwikkel kon word nie, is die gebrek aan betroubare eksperimentele gegewens. Al is dit moontlik om in eksperimentele situasies emosionele toestande te ontlok, meng die aard van die eksperimentele situasie dikwels in met die subtiele komponente van die emosie wat ondersoek word.

Ter inleiding tot die werk *Cognition and affect* deur Antrobus (1970) skryf Smith dat kognisie en affek interafhanklike komponente veronderstel. Volgens laasgenoemde beteken dit ook dat kognitiewe gebeure en affektiewe toestande 'n raamwerk bied waarbinne dagdrome bestudeer kan word. Singer (1970: VI) sluit hierby aan en meen dat dagdrome 'n kognitiewe vaardigheid is wat gebruik kan word om aandag te gee aan onvoltooide sake, om perspektief te herwin en 'n verandering in affektiewe toestande teweeg te bring.


Jordaan (1975: 475) onderskryf die interafhanklike verband tussen kognisie en affek en meen dat daar slegs van 'n emosie gepraat kan word indien 'n persoon die waarnemende gevoel wat hy ervaar, met 'n betekenisvolle stimulussituasie, naamlik 'n kognitiewe inhoud, in verband bring. In dié opsig val die klem op drie interafhanklike komponente van emosie, naamlik die waarneming van stimulusinligting in ooreenstemming met verband-

houdende geheue-inligting, die differensiëring van 'n betekenisvolle kognitiewe inhoud en die bewuste belewenis daarvan.

Die rol van affektiewe prosesse met betrekking tot kreatiewe begaafdheid is moontlik veral geleë in die teoretiese beginsel dat kognisie en affek interafhanklike komponente impliseer. Hiervolgens wil dit voorkom dat die kreatief-begaafde persoon daartoe in staat is om dagdrome as kognitiewe vaardigheid te gebruik sodat die waarnemende gevoel wat ervaar is, in 'n kreatiewe skepping met 'n betekenisvolle kognitiewe inhoud gemanifesteer word.

Alhoewel die bewuste belewenis noodsaaklik is vir die ervaring van 'n emosie, moet daar nie noodwendig aanvaar word dat onbewuste faktore geen rol by die differensiëring en ervaring van emosies speel nie. Die kwaliteit, intensiteit en duur van emosies word dikwels sterk beïnvloed deur faktore waarvan 'n persoon onbewus is.

Ten opsigte van die kwaliteit van 'n emosie word bedoel die algemene aard van die gevoel wat bewustelik ervaar word. Op grond hiervan kan emosies volgens hul aangenaamheidseffekte (positiewe affektiwiteit) en onaangenaamheidseffekte (negatiewe affektiwiteit) onderskei word. Die kwaliteit van emosies word gewoonlik in verband gebring met die sogenaamde hedoniese kontinuum *(figuur 9)*.




*Figuur 9: Die hedoniese kontinuum.*
*Jordaan (1975: 473)*

Volgens hierdie kontinuum wil dit voorkom asof die kwaliteit van droefheid en vrees duidelik onaangenaam is, terwyl vreugde en liefde duidelik aangenaam is. Jordaan (1975: 473) meen dat daar ook emosionele belewenisse kan wees wat neutraal is, aangesien dit dikwels ook nie op 'n spesifieke punt op die kontinuum geplaas kan word nie. In dié verband word gedink aan emosies van jammerte, verwondering en verbasing wat nie 'n duidelike aangename of onaangename kwaliteit het nie. Alhoewel die klassifisering van emosies volgens die hedoniese kontinuum 'n aanduiding van die kwaliteit van die emosie gee, is dit uiters arbitrêr omdat die gevoel van situasie tot situasie kan verskil en gevolglik dus op verskillende posisies van die kontinuum geplaas kan word.

Die intensiteit van 'n emosie verwys na die sterkte van die emosionele belewenis. Hierdie belewenis word nie noodwendig gekenmerk deur 'n geleidelike oorgang van 'n lae intensiteit na 'n hoë intensiteit nie, maar kan, na gelang van die situasie, oombliklik intens wees. Hoe meer die persoon se self by die situasie betrokke is, hoe meer intens is die emosionele belewenisse wat daardeur gewek word. Laasgenoemde kan veral gemotiveer word na aanleiding van die emosionele gedrag van die adolessent. Vroeë adolessensie word as gevolg van puberteitsveranderinge gekenmerk deur verhoogde emosionaliteit en buie wat beweeg van een uiterste na die ander. Die jeugdige reageer emosioneel op 'n alles-of-niks-manier, met òf 'n vurige liefde en entoesiasme òf uiterste teensin en onverskilligheid.

Emosie het ook, afgesien van die wisselende kwaliteit en intensiteit, 'n wisselende tydsduur. 'n Belangrike faktor wat volgens Jordaan (1975: 474) die duur van 'n emosie bepaal, is die stimulering wat die emosie meebring. So byvoorbeeld sal 'n emosie wat deur 'n bepaalde stimulussituasie ontlok word, eers verswak wanneer die stimulus verdwyn. Dit kan egter gebeur dat 'n intens-ervaarde emosie, al is dit van korte duur, dikwels 'n nadraai of nawerking in die vorm van 'n gevoel of stemming het. Die gevolg hiervan is dat die stemming ure, dae of selfs weke kan duur.

Alhoewel dit reeds aangedui is dat die uiteenlopende beskouinge in verband met die affektiewe proses aan gebrekkige betroubare eksperimentele gegewens gekoppel moet word, is die waarde van een van die meetinstrumente, naamlik die *Imaginal Process Iventory* (Singer en Antrobus 1970: 1-30), wat vir die doel van hierdie ondersoek gebruik sal word, veral daarin geleë dat dit die gereedheid van innerlike emosionele ervarings uit dagdroommanifestasies kan rapporteer.

Die gereedheid en gebruik van innerlike emosionele ervarings om tot kreatiewe denke te lei, word veral beïnvloed deur die kognitiewe stimulussituasie en die responssterkte wat daardeur ontlok word. Volgens hierdie teoretiese beginsel wil dit voorkom dat kreatiewe poësieskepping begin by die gereedheid van 'n emosie vir kreatiewe aanwending. Hierdie emosie word dan ontlok deur 'n kognitiewe stimulus sodat dit met die hulp van kognitiewe prosesse en persoonlikheidsfaktore tot produktiewe denke kan lei.


Na aanleiding van bogenoemde uiteensetting waarin gepoog is om teoretiese riglyne aan te dui waarvolgens die verband tussen affektiewe prosesse en kreatiewe begaafdheid nagevors kon word, kan moontlik gepostuleer word dat

- affektiewe emosionele belewenisse, soos gemanifesteer in dagdrome, 'n verband met kreatiewe poësieskepping toon;

- affektiewe ervaringe, kognitiewe denke en persoonlikheidsfaktore interafhanklike komponente binne die proses van kreatiewe poësieskepping veronderstel.

### *3.6 TAALONTWIKKELING EN KREATIEWE BEGAAFDHEID*

Die ontwikkeling van taal verloop volgens Smith (1976: 86) in 'n logiese volgorde en sluit verskillende fases soos ervaar, luister, mondelinge uitdrukking, lees, skriftelike taalgebruik en kreatiewe skryfwerk in. Die verskillende ontwikkelingsfases van taal word deur Smith (1976: 87) soos volg voorgestel:




*Figuur 10: Die normale verloop van taalontwikkeling.*
*Smith (1976: 87)*

Die fases van ervaar, luister en mondelinge uitdrukking dui implisiet aan dat taal 'n kommunikasiekarakter het en dat 'n kind wat binne 'n bepaalde taalgemeenskap grootword, nie anders kan as om hierdie taal aan te leer nie. De Bruto (1980: 10) sluit hierby aan en meen dat lede van 'n taalgemeenskap dink en praat en dinge wat hulle ervaar, deur medium van die taal benoem. Hiervolgens blyk dit dat taalontwikkeling gedurende die eerste drie fases primêr gekenmerk word deur die aanwending van taal as sinsgewingsmiddel, uitdrukkingsmiddel en kommunikasiemiddel.

Die aanleer van 'n taal impliseer die vermoë om die simbole binne die taalsisteem te identifiseer en te gebruik. In die taalgebruik is die *woord* 'n besondere simbool, aangesien dit 'n plaasvervanger is van alles wat in die werklikheid waargeneem word. Binne hierdie konteks funksioneer die woord as 'n eenheid waarin klankvorm, betekenis en grammaties-sintaktiese verbindingsmoontlikhede die essensiële momente is.

Heelwat navorsers is dit eens dat taalvermoë 'n manifestasie van begaafdheid is. Hierdie begaafdheidsvorm word volgens Guilford, Scheuerle en Shonburn (1981: 159) gekenmerk deur 'n buitengewone en gevorderde woordeskat, 'n betekenisvolle aanwending van verskillende taalsimbole en verbale gedrag wat vlotheid, duidelikheid en 'n "rykheid" van uitdrukkings insluit.

Master (1983: 162) sluit hierby aan en meen dat 'n uitgebreide woordeskat een van die belangrikste eienskappe van begaafdheid is. In hierdie verband haal sy Baskin (1980) soos volg aan:

> *"Another characteristic often cited as evidence of giftedness is the possession of a large vocabulary. However, this is observed primarily in the children's reading comprehension, rather than in their oral or spontaneous written work."*

Ondersoeke waarin gepoog word om 'n verband tussen 'n verskeidenheid taalkomponente en intelligensie aan te dui, het volgens Guilford, Scheuerle en Shonburn (1981: 159) aan die lig gebring dat, van die verskillende elemente van vroeë taalontwikkeling, dit veral die woordeskat, waarvoor die kind ontvanklik is, wat 'n hoë korrelasie met intelligensie toon. Verbale uitdrukking en woordeskatontwikkeling, soos gekwantifiseer deur die konvensionele intelligensietoets, word oor die algemeen as een van die belangrikste identifiseringsattribute vir die klassifikasie van begaafdheid gebruik. Die leemte ten opsigte van hierdie klassifikasiemetode is egter daarin geleë dat dit nie 'n volledige beeld van taalvermoë aandui nie. So byvoorbeeld word gevind dat die Stanford-Binet-intelligensietoets relatief min verbale uitdrukking meet en dat 'n betroubare meting van woordeskat en verbale begrip van die meer volwasse taalgebruiker nie ingesluit word nie.

Die gekompliseerdheid van taal as 'n begaafdheidsmanifestasie is veral ook geleë in die verband wat tussen taal en denke bestaan. Alhoewel verskillende menings al hieroor uitgespreek is, wil dit tog voorkom dat die meeste navorsers dit eens is dat taal- en denkontwikkeling nie onafhanklike prosesse is nie en daarom ook nie van mekaar geskei kan word nie.

Smit (1977: 128) meen dat taal die medium is waardeur die mens kommunikeer, sodat afgelei kan word dat die mens se denke sy uiting in taal vind. Volgens Nel (1965: 21) is daar 'n genetiese parallelisme tussen taalontwikkeling en denkontwikkeling. Hiervolgens word aangedui dat, alhoewel denke primêr en taal sekondêr is, taal die voorwaarde vir die verdere ontwikkeling van die denke is. Volgens Koschmieder (1975: 15-16) is denke 'n voorwaarde vir taal, maar meen dat denke sonder taal wel moontlik is. Hy voeg verder by dat taal sonder twyfel die basis vir logiese denkontwikkeling veronderstel.

Smit (1977: 127) kom tot die gevolgtrekking dat, alhoewel die kind se taalvermoë struktureel vorder en ontwikkel, hy taalmatig funksionele tekorte ondervind, aangesien hy nog op die drumpel van geordende denke staan. Hieruit kan dus afgelei word dat hoe groter die denkordening, hoe meer verfynd sal die taalgebruik ook wees.

Ten opsigte van die kreatiewe aanwending van die verskillende taalsimbole in die poësie, wil dit voorkom dat 'n persoon nie net oor 'n uitgebreide woordeskat, wat as begaafdheidsnorm dien, moet beskik nie, maar dat sy denke sodanig georden en taalgebruik so verfyn moet wees dat hy dit produktief in 'n nuwe en oorspronklike taalproduk kan manifesteer. Hierdie veronderstelling sluit aan by die beskouing van Smith (1976: 87) wat aantoon dat taalontwikkeling kulmineer wanneer 'n persoon in staat is om sy skriftelike taalgebruik kreatief aan te wend.

Die kreatiewe aanwending van taal in 'n literêre kunswerk impliseer dat 'n persoon oor die vermoë moet beskik om die geykte taalpatroon te verbreek. Die verskillende taalsimbole kan sodanig aangewend word dat dit verrassend en oorspronklik afwyk van die konvensionele. Omdat die taal op ongewone wyse gebruik word, kry ons volgens Müller (1970: 7) ook 'n ongewone kyk, 'n besondere perspektief op sake en toedragte: dinge word op 'n besondere wyse uitgehef uit die raamwerk van die konvensionele siening en opvattings. Deur hierdie proses word dinge geaktualiseer en verkry dit simboliese waardes wat veel wyer is as die gewone, geykte simboliek van die woorde.

'n Belangrike feit in verband met die taalspel in die kunswerk is dat alle struktuurmomente van die taal daarby betrek kan word - klank, betekenis, woordespel, sintaktiese verbindinge en al die ander bruikbare taalsimbole word aangewend om by te dra tot die geheelfunksie binne die kunswerk. Deur 'n organisasie van taalmiddele kom 'n eenheid tot stand waarin 'n besondere werklikheid vervat is - 'n werklikheid wat in die vorm van 'n strukturele taalmanifestasie geprojekteer word. Die estetiese van 'n kunswerk lê dan ook juis volgens Müller (1970: 17) in die harmonie van die struktuurmomente. Wanneer gevind word dat 'n literêre kunswerk werklik 'n hegte struktuur is en dat 'n eie 'wêreld' geaktualiseer is, kan verklaar word dat dit 'goed' of 'mooi' is, dit wil sê, dat die taalkunswerk 'n estetiese karakter het. (In *Bylae A* word die verskillende struktuurmomente ten opsigte van die poësie in meer besonderhede aangedui).

Die veronderstelling dat 'n persoon, wat kreatief-begaafd ten opsigte van 'n taalmanifestasie is, oor 'n besondere taalvermoë en verfynde taalgebruik moet beskik, behoort hom in staat te stel om deur middel van verskillende taalsimbole 'n belewenis van die werklikheid in 'n literêre kunswerk te verbeeld. Hierdie belewenis kan in die eerste plek 'n gevoelsreaksie wees, aangesien die mens sy wêreld ook deur die gevoel of affek leer ken en beleef. Erasmus (1982: 45) wys daarop dat taal juis die besondere eienskap besit dat dit inderdaad 'n draer van

affek is waardeur die kind in affektiewe kontak en verhouding tot die wêreld van sy medemens kan toetree. Binne die kommunikatiewe funksie van taal is daar bepaalde woorde, stemtoon en sekere nuanseringe wat die gevoelsreaksie kan oordra. In die skepping van 'n literêre kunswerk, soos byvoorbeeld in die geval van poësie, beskik die skepper daarvan ook oor bepaalde middele, naamlik woorde, beelde, stylfigure, ruspunte en ander versmiddele wat hom help om 'n gevoelsbelewenis in taal te manifesteer.

Volgens Müller (1970: 16) is dit nie nét 'n gevoelsbelewenis wat in 'n taalkunswerk verbeeld word nie, maar ook ander belewenisse waarvan die inhoud nie aan affek gekoppel word nie. Hy stel dit soos volg:

> *"Die hê van 'n streng logiese gedagtegang kan 'n belewenis wees: om 'n moeilike probleem logies te deurdink, vereis 'n sekere psigiese dinamiek, 'n spanning wat hier stuit, daar opwéég teen iets anders, uiteindelik dalk opgelos word."*

Alhoewel dit hiervolgens blyk dat feitelike wetenskaplike gegewens in 'n taalkunswerk kan voorkom, gaan dit nog steeds oor die veraanskouliking van 'n belewenis van daardie waarheid in taal. Wanneer droombeelde, fantasieë, sprokies en mites in 'n literêre werk voorkom, gaan dit ook om 'n belewenis van hierdie dinge, volgens die konvensies van die vrye fantasie. Die 'waarheid' van die literatuur lê dus daarin dat die menslike ervaringsmoontlikhede (logies, irrasioneel, emosioneel en patologies) konkreet in taal geaktualiseer word.

Smith (1976: 196) meen dat 'n voorvereiste vir taalontwikkeling en taalvaardigheid ook 'n waardering vir die taal veronderstel. Om 'n taal kreatief aan te wend, moet die kind dus die verskillende kognitiewe taalvaardighede aanleer en ontwikkel sodat dit op 'n konvensionele en onkonvensionele wyse aangewend kan word.

Uit die literatuuroorsig waarin gepoog is om 'n moontlike verband tussen taalontwikkeling en kreatiewe begaafdheid aan te dui, kan samevattend soos volg gekonstateer word:

- Taalontwikkeling is 'n geordende proses wat normaal verloop vanaf die aanleer van taal, dit wil sê, vanaf die kind se eerste ervaringe en kommunikasie met ander, totdat dit begin kulmineer wanneer taal so verfyn is dat dit kreatief aangewend kan word.

- Taal is 'n begaafdheidsmanifestasie, aangesien dit 'n besondere kognitiewe vaardigheid impliseer wat verband hou met die intellektuele vermoë van die kind.

- Taal en denke is interafhanklike ontwikkelingsprosesse waaruit afgelei kan word dat taal as kreatiewe begaafdheidsmanifestasie die verband tussen 'n verfynde taalontwikkeling en 'n geordende denksisteem suggereer.

- 'n Taalkunswerk veronderstel die gebruik van 'n verskeidenheid taalsimbole en struktuurelemente om 'n belewenis of 'werklikheid' wat affektief, rasioneel of irrasioneel van aard is, tot 'n harmoniese eenheid te struktureer.

- Kognitiewe taalvaardighede, wat kreatief in 'n literêre kunswerk aangewend kan word, ontwikkel na aanleiding van 'n besondere waardering en belangstelling vir die taal.

Ten opsigte van die huidige ondersoek wil dit voorkom dat

- 'n kognitiewe taalontwikkeling, soos gemanifesteer in spelling, woordeskat en begrip as kognitiewe taalvaardighede, 'n verband met kreatiewe poësieskepping toon, en

- taalontwikkeling, intelligensie en belangstelling interafhanklik is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie.

## 3.7 BELANGSTELLING EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Verskeie navorsers is dit eens dat belangstelling 'n tweeledige oorsprong het wat aan konstitusie en omgewing gekoppel kan word. In dié verband noem Pelser (1982: 2) dat belangstelling deels ontstaan uit die innerlike psigiese struktuur van die mens, wat aangebore is, en deels as gevolg van 'n persoon se ondervindinge wat hy binne 'n bepaalde lewensmilieu ervaar. Die interafhanklike verband tussen erflikheid en omgewing, met betrekking tot belangstelling, blyk uit die feit dat sekere belangstellings, wat moontlik aangebore is, deur 'n persoon se ervaringe kan verskerp, verswak of verander word.

In 'n poging om die begrip belangstelling duideliker te omskryf, het verskillende menings en gesigspunte die afgelope aantal jare na vore gekom. Volgens Alberts (1969: 13) beskryf die strukturele sielkundiges belangstelling as 'n gevoel, 'n element van ervaring of ook as 'n komplekse gedagte-ervaring met 'n sterk gevoelskomponent. Troost (1966: 64) verwys na die benadering waarvolgens belangstelling as 'n houding beskryf word en wat duidelik tussen die kognitiewe en konatiewe aspekte van die proses onderskei. Daar is 'n subjektiewe bewuswording van die aangename of onaangename gevolge wat mag volg op dit wat ondervind word, maar terselfdertyd is daar 'n strewe om volgens hierdie wete te handel, om verwagte bevrediging te realiseer of om verwagte ongemak te ontwyk. Die gevoel wat by die belangstelling betrokke is, kan volgens Van Straten (1967: 3) varieer vanaf die heel primitiefste emosies tot die mees verfynde nuanses soos sentimente, houdings en waardes, afhangende van die aard van belangstelling.

Pelser (1982: 4) meen dat daar 'n duidelike verband tussen belangstelling en persoonlikheid bestaan. Hy sluit aan by Kriel (1952: 151) wat aantoon dat belangstelling 'n bepaalde psigiese toestand van die persoonlikheid is waarin daar 'n neiging of dryfkrag na 'n voorwerp, saak of ideaal, wat vir die persoon van waarde is, bestaan.

Van Straten (1967: 14) beklemtoon die motiveringsaspekte verbonde aan belangstelling. Volgens hierdie benadering is belangstelling die bewuste uiteinde van 'n motiveringsproses wat na aanleiding van onbewuste behoeftes ontstaan het en as gevolg van 'n eksterne stimulus tot die bewuste, in die vorm van belangstelling, na vore tree.

Alhoewel dit uit voorgaande blyk dat daar verskillende omskrywings van belangstelling bestaan, wil dit tog voorkom dat eenstemmigheid ten opsigte van sekere aspekte van die begrip in die literatuur aangedui is. In hierdie verband kan daar dus samevattend opgemerk word dat die begrip belangstelling die volgende eienskappe insluit:

- Dit is 'n bepaalde bewussyns- en psigiese toestand van die persoonlikheid wat deur die interafhanklike werking van konstitusie en omgewing bepaal word en waarby 'n gevoelselement en 'n motivering of dryfkrag aanwesig is na iets wat vir 'n persoon waarde het.

Enkele ondersoeke wat onderneem is om 'n verband tussen kreatiwiteit en belangstelling aan te dui, het aan die lig gebring dat 'n eiesoortige belangstellingspatroon kenmerkend van die kreatiewe persoon is. Volgens Taylor (1975: 76) blyk dit dat kreatiewe persone min of meer dieselfde belangstellings toon as sielkundiges, skrywers, joernaliste en regsgeleerdes. Hierdie belangstellingspatroon word vertolk met die betekenis dat kreatiewe persone betreklik ongeïnteresseerd is in min besonderhede en feite, en meer belangstel in die betekenis en implikasies daarvan, verbaal baie bekwaam en intellektueel baie weetgierig is.

Trollinger (1983: 94) bevind in 'n ondersoek waarin 'n groep besonder kreatiewe musiekstudente met 'n groep musiekstudente wat minder kreatief is, vergelyk word, dat 'n verband tussen sekere belangstellings en kreatiwiteit aangetoon kan word. Volgens hierdie ondersoek blyk dit dat die kreatiewe persoon geneig is om deurgaans belangstellings te kies waarin sosiale

interaksie vermy word. Daarteenoor het die minder kreatiewe persoon voorkeur gegee aan aktiwiteite en belangstellings wat sosiale interaksie insluit. Ten opsigte van meer spesifieke belangstellings is gevind dat die kreatiewe persoon hoër tellings behaal het in belangstellingskomponente soos skryfwerk, kuns en handwerk.

Oor die waarde van belangstellingsvraelyste as aanwysers van kreatiewe vermoë het Holland en Taylor (1962: 98) gevind dat uit 'n battery aanwysers, waaronder aanlegtoetse, kreatiwiteitstoetse, persoonlikheids- en selfbeoordelingsvraelyste ingesluit is, dit veral die belangstellingsvraelyste is wat die beste aanwysers van kreatiewe vermoë is. MacKinnon (1966: 56) en sy medewerkers aan die Universiteit van Kalifornië het op hulle beurt aangetoon dat belangstellingsvraelyste wel uitstaande kreatiewe argitekte en natuurwetenskaplikes uitwys.

Uit die literatuur blyk dit dat daar met betrekking tot die huidige ondersoek moontlik aangeneem kan word dat die kreatiewe poësieskepper op grond van 'n eiesoortige belangstellingspatroon van die persoon wat minder of weinig kreatief is, onderskei kan word. Hierdie veronderstelling hou verband met veral vier belangstellingskomponente wat vir die doel van die ondersoek nagevors sal word.

Die moontlikheid dat daar 'n verband tussen 'n belangstelling in *taal* en kreatiewe poësieskepping kan bestaan, word versterk deur die navorsingsresultate van Trollinger (1983: 94) wat 'n positiewe korrelasie tussen 'n belangstelling in skryfwerk en kreatiwiteit kon aantoon. Die feit dat 'n waardering vir die taal volgens Smith (1976: 196) 'n voorvereiste vir taalontwikkeling en taalvaardigheid is, impliseer ook 'n moontlike interafhanklike verband tussen 'n belangstelling vir taal, 'n kognitiewe taalvaardigheid en die skepping van kreatiewe poësie.

Die belangstellingskomponent wat volgens die *19-Veld-belangstellingsvraelys* as *kreatiewe denke* bekend staan, gee 'n aanduiding van die persoon se belangstelling in die gebruik van logiese denke vir die oplossing van vraagstukke en in die

uitvoering van skeppende werk. Aangesien poësieskepping ook 'n kreatiewe taalmanifestasie is, is die moontlikheid dus baie sterk dat daar 'n beduidende korrelasie tussen hierdie belangstellingskomponent en die skepping van kreatiewe poësie sal bestaan.

Die navorsingsbevinding van Trollinger (1983: 94) dat die kreatiewe persoon ook 'n belangstelling vir kuns toon, versterk die moontlikheid dat 'n verband tussen die belangstellingskomponent *uitvoerende kuns*, asook *beeldende kuns*, en kreatiewe poësieskepping aangedui kan word. Die aanname dat poësie 'n taalkunswerk is en dus ook, soos in die geval van uitvoerende en beeldende kunste, aan die estetiese gekoppel word, motiveer verder waarom daar 'n korrelasie kan bestaan.

Met betrekking tot die huidige ondersoek kan dus samevattend gepostuleer word dat die persoon wat kreatief-begaafd is ten opsigte van die skepping van poësie, moontlik oor 'n eiesoortige belangstellingspatroon beskik wat taal, kreatiewe denke, beeldende kuns en uitvoerende kuns as belangstellingskomponente insluit. Daar is ook gevind dat persoonlikheid, affek en belangstelling interafhanklik is, wat impliseer dat hierdie veranderlikes moontlik ook 'n interkorrelatiewe verband met kreatiewe poësieskepping sal toon. Na aanleiding hiervan wil die afleiding dus gemaak word dat

- taal, kreatiewe denke, uitvoerende kuns en beeldende kuns afsonderlike belangstellingsvelde verteenwoordig wat 'n verband met kreatiewe poësieskepping toon;

- taal, kreatiewe denke, uitvoerende kuns en beeldende kuns 'n interkorrelatiewe verband met die skepping van kreatiewe poësie toon;

- belangstelling, persoonlikheid en affek interafhanklik is met betrekking tot die skepping van poësie.

## 3.8 GESLAGSVERSKILLE EN KREATIEWE BEGAAFDHEID

Volgens Barron (1963: 221) is die meeste navorsing in verband met kreatiwiteit veral rondom mans en kinders gesentreer. Hy skryf dit toe aan die feit dat intellektuele kreatiwiteit baie minder by die vrou aangetref word:

> *"The creative art is a kind of giving birth, and it is noteworthy that as an historical fact intellectual creativity has been conspicuously lacking in women whose products are their children."*

Taylor (1975: 79) meen dat die kreatiewe gebrek by die vrou, ten opsigte van oorspronklikheid in die kunste en wetenskappe, aan 'n verskeidenheid faktore gekoppel moet word. Heelwat navorsing kan volgens Taylor nog in hierdie verband gedoen word om te bepaal of dit toegeskryf kan word aan sosiale en kulturele faktore, verskille in rolverwagtinge en -moontlikhede of aan die meer basiese psigologiese en biologiese verskille.

In 'n poging om vas te stel of die kreatiewe proses verskillend by mans en vrouens is, het Helson (1968: 35) 'n studie van Erich Newmann se fenomenologiese beskrywing van die twee bewustheidsvorme gemaak. Volgens haar onderskei Newmann tussen 'n patriargale en 'n matriargale bewustheid. Eersgenoemde word beskryf as doelgerig, objektief en analities en hou verband met 'n meganiese of logiese oorsaak. In matriargale bewustheid is die psige gevul met emosionele inhoude, weerspieël onbewuste prosesse, is meer geïnteresseerd in die betekenis eerder as in feite en is ingestel ten opsigte van organiese groei.

In haar ondersoek, waarin sy 'n groep Wiskundiges gebruik het, het Helson (1968: 40), met inagneming van die bewustheidskonsepte van Newmann, bevind dat mans geneig is om hulle benadering ten opsigte van wiskundige navorsing te beskryf as

doelgerig, objektief en analities. Daarteenoor beskryf die vroue hulle benadering in terme van die verkryging van idees uit die onbewuste.

Kavolis (1972: 28) meen dat enige konflik tussen spontaneïteit en die proses van repressie verband hou met emosionaliteit. Aangesien mans nie so maklik in hierdie kultuur toegelaat word om ontslae te raak van hulle emosies soos vroue nie, word hulle gedwing om dit in 'n kreatiewe handeling te kanaliseer, met die gevolg dat daar deur sommige navorsers aanvaar word dat mans oor die algemeen meer kreatief as vrouens is.

Duminy (1963: 62) vind dat vroue oor die algemeen 'n geringer kapasiteit vir die verrigting van wetenskaplike arbeid het. Hy skryf dit toe aan 'n sterker emosionaliteit, wat na sy mening, hul prestasie in hierdie rigting belemmer. Daarteenoor stimuleer die emosionaliteit weer die belangstelling vir die estetiese. De Haan en Havighurst (1962: 29) sluit hierby aan en noem dat begaafdes 'n sterk disposisie tot intellektuele bedrywigheid toon en dat hulle, veral die vroulike geslag, sterker esteties ingestel is.

Die rol van geslagsverskille ten opsigte van kreatiewe begaafdheid word volgens Aliotti (1981: 40) en Flor-Henry (1974: 148) in terme van 'n fisiologiese benadering verklaar. Flor-Henry (1974: 148) glo dat

> *"a biologically determined, gender-related, lateralized differential hermispheric vulnerability distinguishes the male brain from the female brain."*

Volgens Prentky (1980: 128) beweer Buffery en Gray dat geslagsverskille in die ontwikkeling van die menslike brein se topografie verklaar waarom die vroulike geslag superieur ten opsigte van taalvaardighede en die manlike geslag superieur ten

opsigte van ruimtelike vermoëns is. Flor-Henry (1974: 146) ondersteun hierdie bewering van Buffery en Gray en verklaar soos volg:

> *"Females demonstrate a superiority in language acquisition, while males are superior in visuospatial abilities."*

Samevattend blyk dit dat daar met betrekking tot die verband tussen geslag en kreatiewe begaafdheid nog heelwat teenstrydige beskouinge bestaan. Dit wil voorkom dat die verskynsel in 'n groot mate toegeskryf kan word aan veralgemenings wat sonder genoegsame empiriese navorsingsresultate gerapporteer is. Om te aanvaar dat die vroulike geslag, volgens Barron (1963: 221), nie intellektueel kreatief is nie, blyk ongegrond te wees, aangesien heelwat vroue juis in die skepping van 'n kreatiewe produk intellektuele eienskappe openbaar. Die algemene beskouing dat die manlike geslag meer kreatief as die vroulike geslag is, kan toegeskryf word aan die feit dat heelwat veralgemenings in dié verband op grond van een bepaalde kreatiwiteitsvorm gemaak word. Soos reeds aangedui, onderskei Taylor (1975: 70) tussen vier kreatiwiteitsvorme, naamlik estetiese of artistieke kreatiwiteit, wetenskaplike, tegnologiese en hibridiese kreatiwiteit. Die indeling van die verskillende kreatiwiteitsvorme impliseer dus dat die resultate wat verkry is uit ondersoeke in verband met wetenskaplike kreatiwiteit nie noodwendig van toepassing kan wees op byvoorbeeld estetiese kreatiwiteit of kreatiwiteit in die algemeen nie.

Ten opsigte van die huidige ondersoek, waarin kreatiewe poësieskepping as *estetiese kreatiwiteitsvorm* nagevors word, wil dit voorkom dat daar tog enkele riglyne in die literatuurstudie uiteengesit is op grond waarvan gesuggereer kan word dat die skepping van kreatiewe poësie met die vroulike geslag in verband staan. Die benadering dat skeppende werk by die vrou, in terme van die verkryging van idees uit die onbewuste verklaar word, sluit aan by Freud (Jones 1953: 175) wat in sy

werk *The relation of the poet to day-dreaming* die belangrike rol van onbewuste funksionering met betrekking tot poësieskepping aantoon.

Die groter emosionaliteit by die vroulike geslag kan ook met poësieskepping in verband gebring word, aangesien hierdie kreatiewe handeling die gevolg van 'n intense emosionele belewenis kan wees wat deur die interafhanklike optrede van emosionele ervaringe en kognitiewe inhoude gemanifesteer word.

Op grond van bogenoemde riglyne, tesame met die feit dat die vroulike geslag, volgens Flor-Henry (1974: 146) oor 'n besondere taalvermoë beskik, kan dus afgelei word dat

- kreatiewe poësieskepping 'n estetiese kunsvorm is wat in noue verband met die vroulike geslag staan;

- emosies en fantasie, soos gemanifesteer in dagdrome, interafhanklike attribute binne die wyer persoonsbeeld van die vroulike kreatiewe poësieskepper verteenwoordig.

### 3.9 OORKOEPELENDE SAMEVATTING WAARVOLGENS EKSPERIMENTELE HIPOTESES GEFORMULEER KAN WORD

Die noodsaaklikheid van 'n ondersoek waarin die verband en interafhanklike verband tussen sekere veranderlikes en kreatiewe begaafdheid nagevors behoort te word, het veral uit die literatuurstudie duidelik gekristalliseer.

In 'n poging om die begrip kreatiewe begaafdheid duideliker te omlyn, het dit uit die literatuurstudie geblyk, dat alhoewel daar ten opsigte van sekere fasette van kreatiwiteit en begaafdheid positiewe korrelasies gevind is, dit nie noodwendig impliseer dat die kreatief-begaafde persoon volgens hierdie ooreenstemmende attribute geïdentifiseer kan word nie. Die belangrikste bevindinge uit die literatuur, waarvolgens die begrip in terme van die identifisering van kreatiewe begaafdheid ondersoek sal word, kan soos volg saamgevat word:

- Ten opsigte van die rol van *intelligensie* wou dit voorkom dat konvergente- en divergente denke nie van mekaar geskei kan word nie en dat 'n kreatiewe begaafdheidsmanifestasie die interafhanklike optrede van hierdie denksisteme veronderstel.

- Die rol van ander nie-kognitiewe faktore kan nie by die identifisering van kreatiewe begaafdheid uitgesluit word nie. In dié verband is opgemerk dat die begaafde en die kreatiewe persoon volgens ooreenstemmende persoonlikheidseienskappe geassosieer word. Hieruit kan moontlik afgelei word dat die kreatief-begaafde persoon oor besondere *persoonlikheidseienskappe,* wat in die totale psigologiese persoonsbeeld ingesluit kan word, moet beskik.

- Alhoewel die rol van *fantasie* met betrekking tot kreatiewe begaafdheid nie misken kan word nie, is weinig empiriese navorsing in dié verband onderneem sodat die literatuurstudie slegs 'n teoretiese raamwerk bied waarvolgens 'n eksperimentele hipotese geformuleer kan word. Uit die literatuurstudie het dit wél geblyk dat fantasie 'n nie-waarneembare en onbewuste geestesaktiwiteit is wat in die vorm van dagdrome gemanifesteer word. In hierdie verband kan opgemerk word dat die kreatief-begaafde persoon moontlik meer geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp, met die gevolg dat onbewuste denke vrylik toegang tot die bewuste verkry sodat dit kognitief aangewend kan word.

- Die veronderstelling dat 'n kreatiewe begaafdheidsmanifestasie die resultaat van 'n *affektiewe* belewenis kan wees, versterk die moontlikheid dat 'n persoon wat kreatief-begaafd is, oor die vermoë beskik om innerlike emosionele toestande, wat in die vorm van dagdrome gerapporteer word, kreatief aan te wend.

- Die vermoë om 'n psigiese belewenis in taal te verbeeld, blyk ook 'n begaafdheidsmanifestasie te wees, aangesien hierdie kreatiewe handeling impliseer dat 'n persoon in staat is om bepaalde taalvaardighede, wat kognitief en affektief ontwikkel is, só te gebruik dat dit in 'n taalkunswerk tot uitdrukking kan kom. 'n Verfynde *taalontwikkeling* onderskei dus moontlik die kreatief-begaafde persoon van dié wat minder of weinig kreatief is ten opsigte van die skepping van so 'n produk.

- Ten opsigte van die rol van *belangstelling* kan moontlik gesuggereer word dat 'n eiesoortige belangstellingspatroon binne die wyer persoonsbeeld van die kreatief-begaafde persoon ingesluit kan word. Hierdie belangstellingspatroon sal heel waarskynlik gekenmerk word deur belangstellingskomponente soos taal, kreatiewe denke, beeldende kunste en uitvoerende kunste.

- Dat *geslagsverskille* 'n rol kan speel in die skepping van 'n kreatiewe taalkunswerk, blyk veral uit navorsingsgegewens wat aantoon dat die vroulike geslag oor die algemeen meer superieur ten opsigte van taalvaardighede as die manlike geslag is. In aansluiting hiermee is in die literatuur ook opgemerk dat die groter emosionaliteit by die vroulike geslag, tesame met die feit dat die vrou oor die vermoë beskik om idees uit die onbewuste vir haar skeppingswerk te verkry, die moontlikheid versterk dat die vroulike geslag meer kreatief-begaafd ten opsigte van die skepping van 'n taalkunswerk as die manlike geslag sal wees.

- Die veronderstelling dat kreatiewe begaafdheid 'n omvattende begrip is, wat die kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte van die psige behels, impliseer 'n *interafhanklike* verband tussen 'n groot aantal veranderlikes wat binne die wyer psigologiese persoonsbeeld van die kreatief-begaafde persoon ingesluit kan word.

Om aan die doelstellings van die huidige ondersoek te beantwoord, sal kreatiewe poësieskepping as begaafdheidsmanifestasie gebruik word om die verband en interafhanklike verband van die veranderlikes, soos in die literatuur aangedui, met betrekking tot kreatiewe begaafdheid na te vors. Na aanleiding hiervan sal daar gepoog word om 'n volledige persoonsbeeld te konstrueer op grond waarvan die kreatief-begaafde persoon volgens bepaalde identifiseringsattribute onderskei kan word.

# HOOFSTUK 4

## KREATIWITEIT EN POËSIESKEPPING BY DIE ADOLESSENT: 'N EKSPERIMENTEEL-PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

### 4.1 INLEIDING

Alhoewel dit uit die literatuurstudie geblyk het dat daar nog min empiriese navorsing gedoen is waarvolgens identifiseringsattribute vir kreatiewe begaafdheid aangedui kon word, is daar tóg met betrekking tot die begrippe *kreatiwiteit* en *begaafdheid* duidelike riglyne aangedui waarvolgens eksperimentele hipoteses vir die onderhawige ondersoek geformuleer kan word. In hierdie hoofstuk sal dit dus belangrik wees om, na aanleiding van die formulering en motivering van die verskillende eksperimentele hipoteses, 'n navorsingsontwerp saam te stel wat die volgende sal insluit: 'n duidelike identifisering van die afhanklike en onafhanklike veranderlikes, 'n beskrywing en motivering van die meetinstrumente, die metode van ondersoek, 'n beskrywing van die steekproef en 'n uiteensetting van die statistiese tegnieke wat gebruik sal word om die eksperimentele resultate te verkry.

### 4.2 FORMULERING VAN HIPOTESES

*Hipotese 1:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer *konvergente vermoëns* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is ten opsigte van hierdie produk.

- Ten spyte van die feit dat heelwat teenstrydige navorsingsresultate met betrekking tot die verband tussen kreatiwiteit en intelligensie opgelewer is, dui Prentky (1980: 29) daarop dat daar wel 'n positiewe korrelasie tussen konvergente vermoëns en kreatiwiteit bestaan. Soos reeds in *hoofstuk 3: 67* aangedui, hou hierdie positiewe korrelasie nie noodwendig verband met 'n superieure intelligensievlak nie. Alhoewel in dié verband opgemerk is dat 'n intelligensiekwosiënt van bokant 120

geen beduidende korrelasie met kreatiwiteit toon nie, is navorsers tog van mening dat 'n lae intelligensievlak nie met kreatiewe vermoë geassosieer kan word nie. Ten opsigte van die huidige ondersoek word daar geglo dat kreatiewe poësieskepping 'n verbale kunsuiting is en dat die adolessent oor besondere verbale intelligensievermoëns moet beskik om hierdie kreatiewe handeling uit te voer.

*Hipotese 2:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer *divergente vermoëns* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

- Volgens Schepers (1979: 6), soos opgemerk in *hoofstuk 3: 62* van die literatuurstudie, staan divergente vermoëns in noue verband met kreatiwiteit. 'n Persoon wat divergent dink, stuur nie soos by konvergente denke op een korrekte antwoord af nie, maar dink aan 'n verskeidenheid oplossings vir 'n bepaalde probleem. Divergente denke impliseer dat 'n persoon in staat is om 'n verband te vind tussen dinge wat oënskynlik nie met mekaar verband hou nie. Van der Walt (1981b: 143) sluit in die opmerking van *hoofstuk 1: 4* hierby aan en meen dat divergente denke die hoër deel van die verstand omvat wat op kreatiwiteit van toepassing is.

*Hipotese 3:* *Konvergente* en *divergente vermoëns* is interafhanklik met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent.

- In *hoofstuk 2: 18* wys Prentky (1980: 47) daarop dat navorsers begin besef het dat die konvergente denkkategorie ook met kreatiewe vermoëns in verband gebring kan word. Die teenstrydige bevindinge ten opsigte van die verband tussen konvergensie, divergensie en IK word dan ook daaraan toegeskryf dat die rol van konvergente denke, met betrekking tot kreatiwiteit, voorheen ontken is. Ten opsigte van vorige bevindinge is aangedui dat konvergensie, soos gemeet deur die IK-toets, tesame met divergensie, wat kreatiwiteit veronderstel, die wyer intellektuele vermoëns van 'n persoon verteenwoordig. Huidige

bevindinge dui egter daarop dat daar nie 'n direkte verband tussen divergensie en IK bestaan nie, maar dat kreatiwiteit 'n interafhanklike verband tussen konvergente en divergente denke impliseer.

*Hipotese 4:* Adolessente wat kreatiewe poësie skep, openbaar bepaalde *persoonlikheidstrekke* wat hulle onderskei van die adolessent wat minder of weinig kreatief is met betrekking tot die skepping van poësie:

*Hipotese 4.1:* Die kreatiewe poësieskepper is meer *teruggetrokke*, afsydig, krities en koel.

*Hipotese 4.2:* Die kreatiewe poësieskepper is meer *intelligent*, abstrakdenkend en beskik oor sterker skolastiese en verstandelike vermoëns.

*Hipotese 4.3:* Die kreatiewe poësieskepper is meer *aantasbaar deur gevoelens* en emosioneel minder stabiel.

*Hipotese 4.4:* Die kreatiewe poësieskepper is *onafhanklik,* aggressief, laat hulle self geld en is meer dominerend.

*Hipotese 4.5:* Die kreatiewe poësieskepper is *pligsgetrou,* volhardend, stemmig, reëlgebonde en het 'n sterk superego-ontwikkeling.

*Hipotese 4.6:* Die kreatiewe poësieskepper is *bevreesd,* bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens.

*Hipotese 4.7:* Die kreatiewe poësieskepper is *selfgenoegsaam,* vindingryk en verkies eie besluite.

*Hipotese 4.8:* Die kreatiewe poësieskepper is *beheersd,* sosiaal korrek, self-gedissiplineerd en besit 'n hoë mate van selfsentiment.

*Hipotese 4.9:* Die kreatiewe poësieskepper is *gespanne,* aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd.

Die bevindinge van Stein (1974: 58-60), soos in *hoofstuk 3: 70-71* van die literatuurstudie uiteengesit, word vervolgens aangehaal op grond waarvan bogenoemde hipoteseformulerings met betrekking tot die verband tussen persoonlikheid en kreatiewe poësieskepping gemotiveer kan word:

- Die kreatiewe persoon stel nie belang in interpersoonlike verhoudinge nie, wil nie sosiale interaksie bewerkstellig nie en is introverties *(Hipotese 4.1)*.

- Die kreatiewe persoon is emosioneel minder stabiel, intuïtief en empaties. Gevoel is vir die kreatiewe persoon belangriker as denke en daarom is hy ook meer subjektief *(Hipotese 4.3)*.

- Kreatiewe persone laat hulle self geld, is dominant, aggressief, selfgenoegsaam, neem die leiding en openbaar inisiatief. Hulle is onafhanklik en selfstandig *(Hipotese 4.4* en *Hipotese 4.7)*.

- Die kreatiewe persoon hou van werk, het 'n besondere werkskapasiteit, is selfgedissiplineerd, volhard, het 'n hoë energievlak en is baie deeglik *(Hipotese 4.5* en *Hipotese 4.8)*.

- Volgens Groenewald (1970: 61), soos aangetoon in *hoofstuk 3: 72*, ervaar die kreatiewe persoon verhoogde spanningsvlakke, aangesien hy kreatiewe oplossings vir probleme soek wat hy vir homself skep *(Hipotese 4.6* en *Hipotese 4.9)*.

- In *hoofstuk 3: 72* is opgemerk dat die kreatiewe persoon, volgens Butcher (1970: 113), meer intellektueel-selfgenoegsaam en meer radikaal in hulle optrede as nie-kreatiewe persone is *(Hipotese 4.2)*.

Aangesien kreatiewe poësieskepping ook 'n begaafdheidsmanifestasie impliseer, word enkele persoonlikheidstrekke van die begaafde persoon hier aangedui ter aansluiting by die motivering ten opsigte van hipoteses wat in verband staan met persoonlikheid en kreatiewe poësieskepping by die adolessent:

- In die uiteensetting van die literatuurstudie word in *hoofstuk 3: 74* volgens Van der Walt (1981a: 11) aangetoon dat die begaafde persoon veral aan sy opmerklik hoër verstandelike vermoëns uitgeken word. 'n Intrinsieke ingesteldheid om uitdagende en moeilike vraagstukke aan te pak en uit te voer, 'n buitengewone intellektuele dryfkrag en 'n veelsydige belangstelling in idees word ook as kenmerkende persoonlikheidseienskappe van die begaafde persoon genoem *(Hipotese 4.2* en *Hipotese 4.5)*.

- In *hoofstuk 3: 74* word deur Van der Walt (1981a: 12) melding gemaak van die begaafde persoon se uitgesproke kritiese gedrag teenoor die self en andere. Hulle beskik oor 'n goeie oordeelsvermoë, besit 'n groot mate van selfvertroue, is veelsydig en ook vindingryk. Verder word daar deur Sumption en Luecking (1960: 118) en *hoofstuk 3: 74* opgemerk dat begaafdes oorspronklik optree, soos opgemerk kan word in die skryf van gedigte, musiekkomposisies, teken, handewerk en speelaktiwiteite *(Hipotese 4.1* en *Hipotese 4.7)*.

- Daar is ook in *hoofstuk 3: 74* aangedui dat die begeerte om uit te blink en te presteer, 'n eienskap is wat aan die begaafde persoon gekoppel kan word. Dit is 'n begeerte wat so intens is dat dit dikwels tot spanning kan lei *(Hipotese 4.9)*.

- Sumption en Luecking (1960: 120) noem ook volgens 'n opmerking in die literatuurstudie, *hoofstuk 3: 74*, dat pligsgetrouheid, verantwoordelikheid en 'n onafhanklikheidsin belangrike persoonlikheidstrekke van die begaafde persoon is *(Hipotese 4.5* en *Hipotese 4.7)*.

*Hipotese 5:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, toon 'n hoër graad van *emosionele angs* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

- Die motivering van genoemde hipotese blyk veral uit die bevinding van Butcher (1970: 114) wat in die literatuur van *hoofstuk 3: 73* aantoon dat kreatiewe persone oor die algemeen 'n hoër angspeil as nie-kreatiewe persone openbaar. Die voorkoms van neurotiese eienskappe onder wetenskaplikes het betreklik min voorgekom terwyl die voorkomssyfer van neurose onder skrywers, skilders en komponiste relatief hoog was.

*Hipotese 6:* *Kreatiewe potensiaal*, soos gemanifesteer in die persoonlikheid van die individu, hou verband met die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent.

- Aangesien kreatiwiteit, volgens die handleiding van die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (RGN - 1967: 8), in noue verband staan met persoonlikheid, temperament en vermoë, kan die HSPV-profiel ook nuttig gebruik word om die potensiaal vir kreatiwiteit te voorspel. Ten opsigte van vier van die sewe persoonlikheidsdimensies wat vir die bepaling van kreatiewe potensiaal gebruik word, kon 'n positiewe korrelasie uit die literatuur met betrekking tot die verband tussen persoonlikheid en kreatiwiteit aangedui word:

*Faktor A:* Teruggetrokke, afsydig, krities, koel: *Hipotese 4.1.*

*Faktor B:* Meer intelligent, abstrakdenkend, meer skolastiese verstandelike vermoë: *Hipotese 4.2.*

*Faktor E:* Onafhanklik, aggressief, laat homself geld, dominerend: *Hipotese 4.4.*

*Faktor* $F^{+}$: Sober, versigtig, ernstig, swygsaam.

*Faktor H*$^{+}$*:* Waaghalsig, sosiaal vrypostig, ongeïnhibeerd, spontaan.

*Faktor I*$^{+}$*:* Teerhartig, afhanklik, oorbeskermd, fyngevoelig.

*Faktor* $Q_2$*:* Selfgenoegsaam, verkies eie besluite, vindingryk: *Hipotese 4.7.*

$^{+}$ Alhoewel geen beduidende verband ten opsigte van Faktor F, H en I uit die literatuur aangetoon kon word nie, sal dit vir die doel van hierdie ondersoek tog nodig wees om vas te stel of dit nie ook moontlik persoonlikheidseienskappe is wat binne die persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word nie.

*Hipotese 7:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor besonder ryk *fantasieë* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is ten opsigte van hierdie produk.

- Volgens 'n psigoanalitiese verklaring van kreatiwiteit, soos aangedui in *hoofstuk 3: 78*, wil dit voorkom dat kreatiewe persone geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp, met die gevolg dat hulle onbewuste fantasieë vrylik toegang tot die bewuste het. In dié verband merk Maslow (1962: 96) in *hoofstuk 3: 78* op dat repressie die belangrikste hindernis in die weg tot kreatiewe skepping is, aangesien onbewuste fantasieë die oorsprong van innovasie verteenwoordig. Baie kinders is juis ook kreatief omdat hulle baie selde onbewuste impulse verdring.

  Die belangrikheid van dagdrome, as manifestasie van die onbewuste, word veral deur Freud, volgens *hoofstuk 3: 81* benadruk. Hiervolgens blyk dit dat fantasieë dieselfde as dagdrome is en dat dit ook heelwat ooreenkomste met die eienskappe van nagtelike drome openbaar. Ten opsigte van die formulering van *hipotese 7*, waarin 'n verband tussen fantasie en kreatiewe poësieskepping aangedui wil word, is

dit dus nodig om van 'n meetinstrument gebruik te maak wat die voorkoms van dagdrome, as manifestasie van onbewuste fantasieë, kan aantoon.

*Hipotese 8:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, is meer gereed om *affektiewe belewenisse* te rapporteer as dié wat minder of weinig kreatief is.

- Soos reeds in *hoofstuk 3: 83* van die literatuur aangedui, word die uiteenlopende beskouinge in verband met die *affektiewe proses* gekoppel aan gebrekkige en onbetroubare eksperimentele gegewens. Alhoewel enkele teoretiese beginsels in die literatuuroorsig aangedui is, waarvolgens 'n moontlike verband tussen die veranderlikes in *hipotese 8* gemotiveer kan word, is die rol van affektiewe prosesse met betrekking tot kreatiwiteit nog nie werklik empiries nagevors nie.

'n Teoretiese beginsel wat ook vir die doel van hierdie ondersoek belangrik is, is die interafhanklike rol van kognisie en affek in die verklaring van die skepping van kreatiewe poësie. In dié verband noem Jordaan (1975: 475), volgens *hoofstuk 3: 83*, dat daar slegs van 'n emosie gepraat kan word indien 'n persoon die waarneembare gevoel wat hy ervaar, met 'n betekenisvolle stimulussituasie, naamlik 'n kognitiewe inhoud, in verband kan bring.

Alhoewel die bewuste belewenis noodsaaklik is vir die ervaring van 'n emosie, moet daar nie noodwendig aanvaar word dat onbewuste faktore nie 'n rol by die differensiëring en ervaring van emosies speel nie. Die gereedheid, kwaliteit, intensiteit en duur van emosies word dikwels deur onbewuste faktore bepaal. Die waarde van een van die meetinstrumente wat vir die doel van hierdie ondersoek gebruik sal word, naamlik die *Imaginal Process Inventory*, is dan ook veral daarin geleë dat dit die gereedheid van innerlike emosionele ervarings uit dagdroommanifestasies kan rapporteer.

*Hipotese 9:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor 'n sterker *kognitiewe taalvaardigheid* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

- Volgens die literatuurstudie word in *hoofstuk 3: 88* opgemerk dat taalvermoë, as begaafdheidsmanifestasie, met 'n buitengewone woordeskat en 'n betekenisvolle aanwending van verskillende taalsimbole geassosieer word. 'n Verfynde kognitiewe taalontwikkeling impliseer 'n besondere vaardigheid wat die kreatiewe persoon in staat kan stel om die verskillende taalsimbole so aan te wend dat dit in 'n nuwe en oorspronklike taalproduk kan manifesteer.

*Hipotese 10:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, stel meer belang in *belangstellingskomponente* soos *taal, kreatiewe denke, uitvoerende kunste* en *beeldende kunste* in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

- In *hoofstuk 3: 94* blyk dit dat ondersoeke wat onderneem is om 'n verband tussen belangstelling en kreatiwiteit aan te dui, aan die lig gebring het dat 'n eiesoortige belangstellingspatroon kenmerkend van die kreatiewe persoon is. Die belangstellingskomponente binne die eksperimentele hipotese hou in 'n groot mate verband met die navorsingsbevindinge van Trollinger (1983: 94) wat, soos in *hoofstuk 3: 95* aangetoon, bevind dat die kreatiewe persoon hoër tellings behaal het in belangstellingsvelde soos skryfwerk, kuns en handwerk.

*Hipotese 11:* *Adolessente dogters* is meer geneig tot kreatiewe poësieskepping as adolessente seuns.

- In *hoofstuk 3: 98* word opgemerk dat die vroulike geslag hulle benadering ten opsigte van kreatiewe skepping in terme van die verkryging van idees uit die onbewuste beskryf. Die belangrike rol van onbewuste funksionering

met betrekking tot die skepping van poësie is reeds in *hoofstuk 2* aangedui. Hiervolgens blyk dit dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die skryf van verbeeldingryke kunswerke en die bevrediging van dagdrome.

Flor-Henry (1974: 148) verklaar in *hoofstuk 3: 98* dat die vroulike geslag superieur ten opsigte van taalvermoë is. Hierdie eienskap, tesame met die groter emosionaliteit, die gebruik van onbewuste prosesse in die uitvoer van kreatiewe skeppingswerk en die groter estetiese waarderingsgesindheid by die vroulike geslag, verklaar dus moontlik waarom die adolessente dogter meer geneig tot kreatiewe poësieskepping as die adolessente seun kan wees.

*Hipotese 12:* Konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en belangstelling is *interafhanklike veranderlikes* met betrekking tot die skepping van poësie.

- Soos reeds in *hoofstuk 2: 9* opgemerk, is kreatiwiteit 'n omvattende begrip wat die kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte van die psige insluit. Hierdie beskrywing van die kreatiwiteitsbegrip impliseer dus 'n interafhanklikheid van veranderlikes waarvolgens kreatiewe poësieskepping ook verklaar behoort te word. Die verskillende veranderlikes wat volgens die literatuurstudie 'n interafhanklike verband toon, word skematies in *figuur 11* uiteengesit.

Ten opsigte van die verband tussen *konvergente* en *divergente vermoëns* is reeds in die motivering van *hipotese 3* aangedui dat meer resente bevindinge die rol van konvergente denke met betrekking tot kreatiwiteit nie meer soos vorige navorsers ontken nie, maar eerder wys op die belangrike interafhanklike verband wat tussen konvergensie en divergensie bestaan *(Figuur 11.1)*.

In *hoofstuk 3: 81* is reeds gewys op die interafhanklikheid van primêre en sekondêre prosesse in 'n poging om die moontlike verband tussen fantasie en kreatiwiteit te verklaar. Gedurende die verwerkingsfase van die kreatiewe proses word die konvergente en divergente denkkategorieë as *kognitiewe denkprosesse* gebruik om die primêre id-impuls tot 'n bewuste manifestasie te struktureer. Die *primêre proses* word dus in oorleg met die realiteit-kontrolerende ego (sekondêre proses) tot georganiseerde fases van uitdrukking gekanaliseer. Dit word opgevolg deur die verifikasiefase waartydens die nuwe insig opnuut georden, geselekteer en afgerond moet word. Gedurende hierdie fase speel *persoonlikheidsfaktore* 'n belangrike rol, aangesien dit blyk dat die verifikasie van idees, volgens *hoofstuk 2: 43*, in 'n groot mate daardeur beïnvloed word *(Figuur 11.2)*.

Die interafhanklike rol van *kognisie* en *affek* is in die motivering van *hipotese 8* reeds aangedui. Hiervolgens wil dit voorkom dat daar 'n besliste interafhanklike verband tussen kognisie en affek bestaan omdat 'n persoon die waarneembare gevoel wat hy ervaar, met 'n betekenisvolle kognitiewe inhoud in verband bring. Die emosie wat deur 'n kognitiewe stimulus ontlok word, word dan met die hulp van *kognitiewe denkprosesse* en *persoonlikheidsfaktore* tot 'n kreatiewe handeling gevoer *(Figuur 11.3)*.

Soos reeds in *hoofstuk 3: 88* opgemerk, is *taalvermoë* 'n begaafdheidsmanifestasie wat in noue verband met *verbale intelligensie* staan. Dit sluit aan by die opmerking in *hoofstuk 3: 89* waar die belangrike interafhanklike verband tussen taal en denke aangetoon word. Hiervolgens blyk dit dus dat taal as *kognitiewe vaardigheid* 'n interafhanklikheid met *konvergente- en divergente* denke veronderstel. Die affektiewe gebruik van taal, soos veral gemanifesteer in 'n taalkunswerk, toon 'n noue verband met *belangstelling*, aangesien dit volgens *hoofstuk 3: 91* blyk dat 'n verfynde taalontwikkeling ook 'n besondere gevoel en waardering vir taal impliseer *(Figuur 11.4)*.

In *hoofstuk 3: 94* is opgemerk dat daar tog 'n mate van eenstemmigheid bestaan in 'n poging om die begrip *belangstelling* te omskryf. 'n Belangrike kenmerk wat uit die omskrywings gekristalliseer het, is dat belangstelling in terme van die interafhanklike verband van enkele veranderlikes verklaar behoort te word. Na aanleiding hiervan kan, volgens die sintese waartoe in *hoofstuk 3: 94* gekom is, gekonstateer word dat die moontlike korrelasie wat tussen belangstelling en kreatiewe poësieskepping bestaan, ook 'n interafhanklike verband tussen *kognisie, affek* en *persoonlikheid* suggereer *(Figuur 11.5)*.


Ten opsigte van *hipotese 11* is reeds in *hoofstuk 3* aangedui dat daar 'n interafhanklikheid van veranderlikes in die verklaring van kreatiwiteit en geslag bestaan. Die feit dat die vroulike geslag hulle kreatiewe handeling beskryf in terme van die verkryging van idees uit die onbewuste, die groter emosionaliteit wat daarmee saamgaan en die besondere taalvermoë waaroor hulle beskik, impliseer dus 'n interafhanklike verband tussen *fantasie, affek* en *kognitiewe taalvermoë (Figuur 11.6)*.

## 4.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP

Aangesien dit die belangrikste doelstelling van die huidige ondersoek is om 'n *persoonsbeeld* van die kreatiewe poësieskepper te konstrueer, waarvolgens moontlike *identifiseringsattribute* vir *kreatiewe begaafdheid* aangedui kan word, sal dit nodig wees om 'n navorsingsontwerp saam te stel na aanleiding waarvan die hipoteses empiries nagevors kan word.

### 4.3.1 *Die identifisering van afhanklike en onafhanklike veranderlikes*

Die subjektiewe aard van poësie, as kreatiewe begaafdheidsmanifestasie, impliseer dat dit moeilik kwantifiseerbaar is en daarom as kategoriese afhanklike veranderlike vir die doel van die huidige ondersoek gebruik sal word. Die verskillende kategorieë binne dié veranderlike sal volgens *literêr-teoretiese, estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels* bepaal word sodat drie




*Figuur 11: Skematiese voorstelling van die inter-afhanklike verband tussen veranderlikes soos aangedui uit die literatuur vir die motivering van hipotese 12*

ondersoekgroepe, verteenwoordig deur *adolessente* wat *kreatiewe, minder kreatiewe* en *weinig kreatiewe poësie* skep, hierby ingesluit word.

Volgens die uiteensetting van die eksperimentele hipoteses, waarin 'n moontlike verband tussen *kategorie 1* van die afhanklike veranderlike en die verskillende onafhanklike veranderlikes gesuggereer word, blyk dit dat die identifisering van die veranderlikes skematies soos in *tabel 1* voorgestel kan word.

*Tabel 1: Die verband tussen geïdentifiseerde afhanklike en onafhanklike veranderlikes soos aangetoon in hipotese 1 tot 11*

| *ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES* | *KATEGORIESE AFHANKLIKE VERANDERLIKE* |
|---|---|
| *1. Konvergente vermoëns* | |
| *2. Divergente vermoëns* | |
| *3. Konvergensie en divergensie as interafhanklike denksisteme* | |
| *4. Persoonlikheid* | *Kategorie 1: Kreatiewe poësie* |
| *5. Emosionele angs* | *Kategorie 2: Minder kreatiewe poësie* |
| *6. Kreatiewe potensiaal* | *Kategorie 3: Weinig kreatiewe poësie* |
| *7. Fantasie* | |
| *8. Affektiewe prosesse* | |
| *9. Kognitiewe taalvaardigheid* | |
| *10. Belangstelling* | |
| *11. Geslag* | |

### *4.3.2 Beskrywing en motivering vir die gebruik van die meetinstrumente*

Die meting van die geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes berus op 'n aantal meetinstrumente wat duidelike operasionaliseringsmoontlikhede vir die onderhawige ondersoek inhou. Ter

wille van meer duidelikheid, met betrekking tot die toepassing van die verskillende meetinstrumente, word die beskrywing en motivering vir die gebruik daarvan vervolgens elk in 'n geïntegreerde bespreking uiteengesit.

#### 4.3.2.1 *Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (Vorms S en T)*

Hierdie toets word gebruik om die *algemene intelligensie* of *konvergente vermoëns* van 'n persoon te bepaal en is geskik vir proefpersone tussen die ouderdomme van 13 tot 18 jaar. Die toets bestaan uit ses subtoetse waarvan drie uit *nie-verbale* en drie uit *verbale* items saamgestel is. Die nie-verbale items behels *getallerye, figuuranalogieë* en *patroonvoltooiing*, terwyl die verbale items die *klassifikasie van woordpare, verbale redenering* en *woordanalogieë* insluit. Die roupunte wat na aanleiding van hierdie subtoetse verkry word, kan met behulp van normtabelle na intelligensiekwosiënte omgeskakel word.

Die *betroubaarheid* van die *Senior reeks* van die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* is volgens die *Kuder-Richardsonformule* $_2$,($K$-$R_2$,) bereken en toon betroubaarheidskoeffisiënte vir Afrikaanssprekende leerlinge van 0,82 vir nie-verbale items, 0,85 vir verbale items en 0,90 vir die totaal. Die *geldigheid* van die toets is bepaal volgens die korrelasies daarvan met skolastiese toetse wat *Stillees, Woordeskat, Paragrawe* en *Rekenkunde* insluit. Hiervolgens blyk dit dat die korrelasies tussen die nie-verbale, verbale en totale IK-tellings en die skolastiese toetse vanaf 0,74 tot 0,86 wissel. 'n Volledige uiteensetting van die verskillende betroubaarheids- en geldigheidskoeffisiënte word in die handleiding van die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* (RGN-1965: 19-23) aangetoon.

Die waarde van die toets vir die huidige ondersoek is veral daarin geleë dat dit die *konvergente denkvermoëns* van die *kreatiewe, minder kreatiewe* en *weinig kreatiewe* persoon kan kwantifiseer, op grond waarvan afgelei kan word of daar 'n

positiewe korrelasie tussen 'n besonder hoë konvergente denkvermoë en kreatiewe poësieskepping bestaan. Die verbale komponent van konvergente denke blyk volgens *hoofstuk 3* 'n meer positiewe verband met die skepping van 'n kreatiewe taalkunswerk te hê as wat dit in die geval van die nie-verbale komponent sal wees, aangesien taal en denke interafhanklike ontwikkelingsprosesse veronderstel. Die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* beskik ook oor dié besondere eienskap om tussen die *verbale* en *nie-verbale* komponente te onderskei, op grond waarvan 'n moontlike positiewe korrelasie tussen verbale vermoë en kreatiewe poësieskepping aangedui kan word.

*4.3.2.2 Die Remote Associative Test*

Die toets is gebaseer op die oorspronklike *Remote Associative Test* van Mednick, maar is later deur Shapiro (1965: 40-48) verder ontwikkel, verfyn en vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas.

Die integrering van verwyderde geassosieerde konsepte word deur twee belangrike metings bepaal, naamlik *gemeenskaplike voorwerpe* en *gemeenskaplike aktiwiteite*.

Die eerste meting van die toets maak voorsiening vir twintig pare woorde wat bekende voorwerpe bevat. Die woorde word op so 'n manier saam gegroepeer dat daar oënskynlik geen verwantskap of ooreenkoms tussen hulle bestaan nie. 'n Groot aantal woordpare is uitgesoek waarmee 'n inleidende toets uitgevoer is om te verseker dat die voorwerpe geen oënskynlike eienskappe met mekaar gemeen het nie. Die proefpersone moet nou probeer om een of ander skakel of gemeenskaplike eienskap tussen elke paar van hierdie oënskynlik nie-verwante voorwerpe raak te sien. Die persoon word toegelaat om soveel as moontlik antwoorde op elke woordpaar te verskaf, maar 'n maksimum tydsduur van 25 minute word toegelaat om die twintig woordpare te voltooi.

Vir elke aanvaarbare antwoord word een punt toegeken. Twee kriteria is gebruik om te bepaal of die antwoorde reg of verkeerd is, naamlik die *spesifiekheid van die respons* en die *verwydendheid van die assosiasie.*

*Voorbeeld:* Boek .............. Akker

*Onaanvaarbare response:*

- Albei bevat sellulose (Nie spesifiek nie en ook nie verwyderd nie)
- Albei is pienk of bruin (Nie spesifiek nie en ook nie verwyderd nie)

*Aanvaarbare response:*

- Groei. 'n Akker groei in 'n boom en 'n boek kan in 'n mens groei.
- Om dit te geniet - 'n mens en 'n eekhoring. Om dit te geniet, moet jy in die hart van elkeen kom - die binnekant van 'n akker en die intrige van 'n verhaal.

Die belangrike beginsel van divergensie, naamlik dat 'n persoon in staat moet wees om dinge wat op die oppervlakte ver van mekaar verwyder is, bymekaar uit te bring, is dus baie duidelik in die aanvaarbare respons opgemerk.

Die tweede meting, wat voorsiening maak vir *gemeenskaplike aktiwiteite*, bevat twintig pare woordgroepe wat verskillende aktiwiteite beskryf. Dieselfde beginsels geld ook soos in die geval van gemeenskaplike voorwerpe.

In 'n poging om 'n korrelasie tussen genoemde assosiasietoetse en 'n totale kreatiwiteitstelling aan te dui, is die som van die *z-tellings* vir faktore soos oorspronklikheid, sensitiwiteit vir probleme, ideevlotheid en oorspronklikheid bereken. Die positiewe korrelasie wat gevind is, verklaar ook volgens Shapiro

(1965: 46) die *geldigheid* van die twee assosiasietoetse. Korrelasies vir die twee assosiasietoetse is eers afsonderlik en daarna gesamentlik met die totale kreatiwiteitstelling gedoen. Op grond hiervan het dit geblyk dat die korrelasie ten opsigte van gemeenskaplike voorwerpe 0,58 en dié ten opsigte van gemeenskaplike aktiwiteite 0,45 was. Die korrelasie vir die gemeenskaplike assosiasietoetse ten opsigte van die totale kreatiwiteitstelling was 0,63.

Die *betroubaarheidskoeffisiënte* vir die twee assosiasietoetse is volgens die *half-verdelingstegniek* bereken. Vir elkeen van hierdie twee toetse is die items volgens hulle moeilikheidsgraad georden en in twee dele verdeel. Die betroubaarheid, wat volgens die *Spearman-Brown formule* bereken is, dui op 'n koeffisiënt van 0,68 ten opsigte van gemeenskaplike voorwerpe en 0,54 ten opsigte van gemeenskaplike aktiwiteite.

'n Eienskap van die twee assosiasietoetse wat veral ten opsigte van die huidige ondersoek van besondere betekenis is, is naamlik dat dit die verbale komponent van divergensie kan kwantifiseer en daarom dus baie toepaslik is in 'n poging om 'n moontlike verband tussen divergente vermoë en kreatiewe poësieskepping aan te dui.

### *4.3.2.3 Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)*

Die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)* is 'n psigologiese meetinstrument wat veertien afsonderlike persoonlikheidsdimensies of trekke meet en wat min of meer die totale persoonlikheid dek. Dit is 'n gestandaardiseerde toets, wat behálwe die veertien afsonderlike persoonlikheidsdimensies, ook nog twee belangrike tweede-orde faktore, naamlik dinamiese integrasie angs en introversie-ekstroversie, kan meet. Die leespeil van die toets is aangepas vir die ouderdomsgroep 12 tot 18 jaar.

Volgens die handleiding van die *HSPV* (RGN - 1967: 7) word elke persoonlikheidsdimensie of faktor deur 'n alfabetiese letter aangetoon wat in *tabel 2* verskyn.

*Tabel 2: Kort beskrywing van die persoonlikheidsdimensies van die HSPV (RGN, 1967: 7)*

| LAE TELLING (-3) | ALFABETIESE BENAMING VAN TREK | HOË TELLING (7-9) |
|---|---|---|
| SCHIZOTHYMIA<br>*Teruggetrokke*, afsydig, krities koel | A | CYCLOTHYMIA<br>*Na-buite-lewend*, hartlik, sorgeloos, deelnemend |
| *Minder intelligent*, konkreetdenkend, minder skolastiese verstandelike vermoë | B | *Meer intelligent*, abstrakdenkend, meer skolasties verstandelike vermoë |
| *Aantasbaar deur gevoelens*, emosioneel minder stabiel, maklik ontstel, veranderlik, swak ontwikkelde ego | C | *Emosioneel stabiel*, sien die werklikheid in die oë, kalm, hoë egosterkte |
| *Flegmaties*, doelbewus, onaktief, selfgenoegsaam, word nie maklik jaloers nie | D | *Prikkelbaar*, opgewonde, ongeduldig, veeleisend, ooraktief |
| *Gehoorsaam*, gematig, inskiklik, gedwee | E | *Aanmatigend*, laat homself geld, onafhanklik, aggressief, hardkoppig, dominerend |
| *Sober*, versigtig, rustig, swygsaam, neerslagtig | F | *Onbesorgd*, vrolik, entoesiasties, impulsief, opgewek |
| *Opportunisties*, ontwyk reëls, voel min verpligtinge en het 'n swak superego-ontwikkeling | G | *Pligsgetrou*, volhardend, stemmig, reëlgebonde; sterk superego-ontwikkeling |

| | | |
|---|---|---|
| THRECTIA<br>*Skaam*, beheersd, geen vrymoedigheid nie, sku | H | PARMIA<br>*Waaghalsig*, sosiaal vrypostig, ongeïnhibeerd, spontaan |
| HARRIA<br>*Ontoegeeflik*, selfstandig, realisties, onverdraagsaam | I | PREMSIA<br>*Teerhartig*, afhanklik, fyngevoelig, saggeaard |
| ZEPPIA<br>*Lewenskragtig*, gaan redelik saam met die groep, lewensbly, tree handelend op | J | COASTHENIA<br>*Weifelagtig*, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend, onwillig om handelend op te tree |
| *Kalm*, vol selfvertroue, bedaard, onbekommerd | O | *Bevreesd*, bekommerd, onrustig, geneig tot skuldgevoelens |
| *Groepafhanklik*, "'n aanhanger" en 'n goeie volgeling | $Q_2$ | *Selfgenoegsaam*, verkies eie besluite, vindingryk |
| *Geneig tot ongedissiplineerde selfkonflik*, verontagsaam protokol, volg eie aandrange, gebrek aan integrasie | $Q_3$ | *Beheersd*, sosiaal korrek, selfgedissiplineerd, hoë mate van selfsentiment |
| *Ontspanne*, rustig, traag, ongefrustreerd | $Q_4$ | *Gespanne*, aangedrewe, oorspanne, gefrustreerd |

Die routelling van elkeen van bogenoemde faktore kan in stientellings omgesit word. Op sommige faktore is laer stientellings gewens, terwyl hoër stientellings weer op ander persoonlikheidsfaktore gewens is. Die gemiddelde routelling op elke faktor is ongeveer 10, terwyl die gemiddelde stientelling 5 tot 6 op elke faktor is. *Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys* kan binne die bestek van ongeveer 40 tot 50 minute individueel of groepsgewys toegepas word.

Die *betroubaarheid* van die *HSPV* is deur middel van hertoetsing vasgestel. Die hertoetsbetroubaarheid (hertoetsing na een week) vir verskillende groepe leerlinge tussen die ouderdomme van 14 tot 18 jaar is deurgaans bevredigend. Die betroubaarheidskoeffisiënte vir elke persoonlikheidsdimensie, vanaf die ouderdom 14 tot 17 jaar, word in die handleiding van die *HSPV* (RGN-1967: 2) volledig uiteengesit.

Die *geldigheid* van die toets is gebaseer op ekwivalensiekoëffisiënte. In die geval van hierdie soort geldigheidskoëffisiënte word aanvaar dat net die faktor wat gemeet word, gemeenskaplik is aan die twee afsonderlike vorms. Wanneer daar in ag geneem word dat die skale van die *HSPV* slegs tot 10 items per skaal beperk is, is die geldigheidskoëffisiënte van die *HSPV* besonder hoog. Die geldigheidskoëffisiënte word in die handleiding van die *HSPV* (RGN-1967: 3) volledig aangedui.

'n Relatief eenvoudige skatting van *kreatiewe potensiaal* kan ook deur middel van die *HSPV-profiel* verkry word. Die kwantifisering daarvan berus op enkele kwantifiseringsbeginsels wat in *tabel 3* uiteengesit word.

In die voorbeeld, soos in *tabel 3* aangedui, is die saamgestelde telling vir kreatiwiteit 77. Die stientelling van 8 wat hieruit verkry word, gee aan die persoon 'n potensiaal vir kreatiwiteit wat duidelik bo die gemiddeld is.

Die waarde van die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys*, as meetinstrument vir die onderhawige ondersoek, is veral daarin geleë dat dit geïdentifiseerde persoonlikheidseienskappe, soos aangetoon vanaf *hipotese 4.1 tot 4.9*, kan kwantifiseer sodat daaruit afgelei kan word wat die moontlike verband tussen *persoonlikheid* en *kreatiewe poësieskepping* is. Volgens die handleiding van die *HSPV* (RGN-1967: 8) is 'n verdere nuttige gebruik van die vraelys dat dit die potensiaal vir kreatiwiteit kan voorspel. Na aanleiding hiervan is dit dus moontlik om vas te stel of daar volgens *hipotese 6* 'n beduidende verband tussen *kreatiewe potensiaal* en *kreatiewe poësieskepping* bestaan.

Tabel 3: Die voorspelling van kreatiewe potensiaal volgens die HSPV-profiel (RGN, 1967: 8)

| KREATIEWE KANT VAN HSPV-FAKTOR | ALFABETIESE LETTER VIR PERSOONLIKHEIDSFAKTOR | GEWIG VAN STIENTELLING | LEERLING SE STIENTELLING AS VOORBEELD | GEWEEGDE TELLING |
|---|---|---|---|---|
| Teruggetrokke, koel | A (Lae telling) | Trek stientelling af van 11 en vermenigvuldig oorblywende stien met 2 | 3 | 16(11 – 3 = 8; 8 x 2 = 16) |
| Intelligent | B | Vermenigvuldig stien met 2 | 5 | 10:(2 x 5) |
| Selfgeldend, aggressief | E | Vermenigvuldig stien met 1 | 7 | 7:(1 x 7) |
| Sober, ernstig | F (Lae telling) | Trek stientelling af van 11 en vermenigvuldig oorblywende stien met 2 | 6 | 10(11 – 6 = 5; 5 x 2 = 10) |
| Waaghalsig | H | Vermenigvuldig stien met 1 | 8 | 8:(1 x 8) |
| Sensitief, teerhartig | I | Vermenigvuldig stien met 2 | 6 | 12:(2 x 6) |
| Selfgenoegsaam, vindingryk | $Q_2$ | Vermenigvuldig stien met 2 | 7 | 14:(2 x 7) |
| | | | TOTAAL: | 77 |

| Saamgestelde HSPV: | 12–47 | 48–51 | 52–56 | 57–61 | 62–66 | 67–70 | 71–75 | 76–80 | 81–84 | 85–120 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stien vir kreatiwiteit | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

### 4.3.2.4 *Die IPAT-Angsskaal*

Hierdie skaal het ontstaan uit omvattende navorsing met die doel om 'n vinnige, objektiewe en gestandaardiseerde metode daar te stel, wat gebruik kan word om die *gemanifesteerde, vrye angspeil* van 'n persoon vas te stel. Die angspeil word gemeet, onafhanklik van die onmiddellike situasie waarin 'n persoon hom bevind.

Die veertig vrae waaruit die *Angsskaal* bestaan, word in twee dele verdeel waarvan die eerste twintig vrae *onbewuste angs* en die laaste twintig vrae *simptomatiese angs* meet. Die items in verband met die meting van onbewuste angs is indirek gestel sodat die doel daarvan vir die proefpersone onduidelik is. In die gedeelte wat simptomatiese angs meet, is die items ingedeel om eerstens te dien as verslag van wat die werklike simptome van die proefpersoon se angs is en tweedens kan dit 'n aanduiding gee van hoe bewus die persoon van sy eie probleme is.

Onbewuste angs word weergegee in die *A-telling* en simptomatiese angs in die *B-telling*. Die twee tellings vorm saam die *Totaaltelling* op die *Angsskaal*. Albei die skale, dit wil sê, die skaal oor onbewuste angs sowel as die skaal oor simptomatiese angs, word in vyf subklasse of komponente verdeel. Aangesien die telling wat van elke subskaal verkry word, so kort is, kan daar nie betroubare en geldige afleidings gemaak word bloot op grond van 'n enkele subskaal se telling nie. By die interpretasie van die gegewens is veral die *Totaaltelling* van betekenis. Die vyf subskale wat onbewuste angs sowel as simptomatiese angs meet, is die volgende:

*$Q_3$(-): Gebrekkige integrasie en 'n gebrek aan selfsentiment*

In hierdie subklas dui 'n lae telling op die proefpersoon se motivering om sy gedrag by 'n gangbare, bewuste selfsentiment en sosiaal aanvaarde standaarde te laat aansluit. 'n Hoë telling dui op 'n gebrek aan selfsentiment en gebrekkige integrasie.

*C(-): Swak ego-ontwikkeling en 'n gebrek aan egosterkte*

'n Lae telling in hierdie subklas dui op die persoon se vermoë om op 'n aanvaarbare en realistiese wyse uitdrukking te gee aan spanning wat frustrasie tot gevolg mag hê. Swak ego-ontwikkeling of 'n gebrek aan egosterkte wat angs kan verwek, word deur 'n hoë telling verteenwoordig.

*L: Agterdogtigheid en 'n paranoïse gevoel van onveiligheid*

'n Hoë telling in hierdie subklas dui op agterdogtigheid en 'n paranoïse gevoel van onveiligheid wat sosiale probleme kan veroorsaak en wat kan lei tot isolasie en angs.

*O: Geneigdheid tot skuldgevoelens*

Gevoelens van onwaardigheid, teneergedruktheid en skuld is die belangrikste kenmerke wat in hierdie subklas deur 'n hoë telling verteenwoordig word.

*$Q_4$: Spanning as gevolg van druk van die id*

In hierdie subklas is druk deur die id as gevolg van opgewekte drange en onbevredigde (gefrustreerde) behoeftes die aanleidende oorsake van angs. 'n Hoë telling dui op die geneigdheid tot emosionaliteit, gespannenheid, prikkelbaarheid en senuweeagtigheid, wat in noue verband met angs staan.

Volgens die handleiding van die *IPAT-Angsskaal* (RGN – 1968: 4) is die toets geskik vir die ouderdomsgroepe 14 tot 18 jaar en ouer. Die skaal het geen bepaalde tydsbeperking nie, maar neem gemiddeld ongeveer 15 minute om dit te voltooi. Die roupunte wat vir die verskillende angstellings behaal is, kan in stientellings omgesit word. Lae stientellings, byvoorbeeld 1, 2, 3 en 4, dui *lae angs* aan, terwyl hoë stientellings, byvoorbeeld 7, 8, 9 en 10, *hoë angs* aandui.

Die *betroubaarheid* van die *IPAT-Angsskaal* wat volgens die *Toets-hertoetsmetode* en die *Halfverdelingsmetode* bereken is, is deurgaans hoog soos in die handleiding (RGN 1968: 7) opgemerk kan word.

Die *geldigheid* van die skaal is bepaal deur die *NB-Aanpassingsvraelys* van die RGN, wat wanaanpassing meet, met die *Angsskaal* te korreleer. Die korrelasies is bereken tussen die verskillende velde van die NB-Aanpassingsvraelys en die A-telling (onbewuste angs), die B-telling (bewuste en simptomatiese angs) en die totale telling van die *IPAT-Angsskaal*. Die korrelasies is gebaseer op gegewens verkry uit vorige ondersoeke wat Talentopname voorafgegaan het. 'n Volledige uiteensetting van die verskillende korrelasies word in die handleiding (RGN 1968: 8) aangedui.

Die teenstrydige resultate wat ten opsigte van die voorkoms van neurose by kreatiwiteit en begaafdheid in *hoofstuk 3* van die literatuurstudie opgemerk is, toon aan dat die waarde van die *IPAT-Angsskaal*, as meetinstrument met betrekking tot die huidige ondersoek, veral daarin geleë is dat dit meer lig kan werp op die moontlike verband wat tussen *angs* en *kreatiewe begaafdheid* bestaan.

*4.3.2.5 Die Imaginal Process Inventory (IPI)*

Volgens die handleiding van die *Imaginal Process Inventory* (Singer en Antrobus, 1970: 1-30) bestaan die vraelys uit 332 items wat in 27 skale verdeel is. Die skaalitems is oor die hele vraelys versprei waarvan sommige in die negatiewe vorm geskryf is om die invloed van responsstyl te beperk.

Die eerste deel van die vraelys bestaan uit dagdroom- en nagdroom-frekwensies. Die tweede deel bestaan uit strukturele en inhoudelike dagdroomskale en skale van aandag en nuuskierigheid. Die items word op 'n vyfpuntskaal met die volgende kategorie aangedui:

5: baie waar; 4: meestal waar;
3 en 2: soms waar; 1: beslis nie waar nie.

Die skale waaruit die *Imaginal Process Inventory* bestaan, word in *tabel 4* uiteengesit.

*Tabel 4: Skale van die Imaginal Process Inventory (Singer en Antrobus 1970: 1-30)*

| NOMMER VAN SKAAL | NAAM VAN SKAAL |
|---|---|
| Skaal 1 | Dagdroomfrekwensies |
| Skaal 2 | Nagdroomfrekwensies |
| Skaal 3 | Absorpsie in dagdrome |
| Skaal 4 | Aanvaarding van dagdrome |
| Skaal 5 | Positiewe reaksies op dagdrome |
| Skaal 6 | Vreesreaksies op dagdrome |
| Skaal 7 | Visuele beelding in dagdrome |
| Skaal 8 | Ouditiewe beelding in dagdrome |
| Skaal 9 | Probleemoplossing in dagdrome |
| Skaal 10 | Hede georiënteerde dagdrome |
| Skaal 11 | Toekoms georiënteerde dagdrome |
| Skaal 12 | Verlede georiënteerde dagdrome |
| Skaal 13 | Bizarre onwaarskynlike dagdrome |
| Skaal 14 | Swak konsentrasie (mind wandering) |
| Skaal 15 | Prestasiegerigte dagdrome |
| Skaal 16 | Hallusinatoriese helderheid van dagdrome |
| Skaal 17 | Vrees vir mislukking in dagdrome |
| Skaal 18 | Vyandige dagdrome |
| Skaal 19 | Seksuele dagdrome |
| Skaal 20 | Heroïse dagdrome |
| Skaal 21 | Skuld-dagdrome |
| Skaal 22 | Nuuskierigheid: interpersoonlik |
| Skaal 23 | Nuuskierigheid: onpersoonlik-meganies |
| Skaal 24 | Verveling |
| Skaal 25 | Snelheid en frekwensies van beelding |
| Skaal 26 | Afleibaarheid |
| Skaal 27 | Behoefte aan eksterne stimulering |

Die *interne betroubaarheid* van elke skaal is deur Singer en Antrobus (1972: 187-209) bereken. In die geheel was die betroubaarheid van die skale, soos gemeet deur *Cronbach se Alfa*, bevredigend. Slegs drie van die skale het 'n betroubaarheidskoëffisiënt van minder as 0,75 getoon, terwyl die meerderheid van die skale 'n betroubaarheidskoëffisiënt van meer as 0,80 getoon het.

Die *geldigheid* van die vraelys is moeilik om te bepaal, aangesien dagdrome 'n nie-waarneembare aktiwiteit is, met die gevolg dat kriteria waarmee dagdroomtellings vergelyk kan word, moeilik verkrygbaar is. In 'n poging om die geldigheid van die vraelys te bepaal, het Singer en Antrobus (1963: 187-209) 'n *faktorontleding* met die oorspronklike Dagdroomvraelys onderneem om die patrone van dagdrome, sowel as verwante kognitiewe en persoonlikheidsveranderlikes, te identifiseer. 'n Verdere faktorontleding van Singer en Antrobus (1972: 4) is op 130 manlike en 76 vroulike studente, tussen die ouderdom van 18 en 19 jaar toegepas. In albei geldigheidstudies was die proefpersone uit laer-middel tot hoër-middel sosio-ekonomiese klasse afkomstig. Die betekenis van die skale is nagegaan deur 'n vergelyking van die dagdroomskale met die *California Psychological Inventory*, die *Guilford-Zimmerman Temperament Survey*, die *Moudsley Personality Inventory*, die *Stein-Craik Activity Preference Inventory* en Eysenck se *Personality Inventory*.

Dat die *Imaginal Process Inventory* tog 'n geldige meetinstrument is, blyk uit die feit dat dagdrome, volgens die faktorontledings, in vier kategorieë verdeel kan word, naamlik:

*Faktor 1:* Neurotisme: angstigheid, absorpsie in dagdrome

*Faktor 2:* Sosiale ekstroversie

*Faktor 3:* Skuldbelaaide, obsessionele of emosionele dagdrome

*Faktor 4:* Positiewe, helder dagdrome

Vir die doel van hierdie ondersoek is slegs enkele skale van die vraelys gebruik om die voorkoms van dagdrome as manifestasie van *fantasie* en as manifestasie van *innerlike emosionele ervaringe* met betrekking tot kreatiewe poësieskepping aan te dui.

*Tabel 5: Dagdroomskale wat gebruik is om die verband tussen fantasie en innerlike emosionele ervaringe met betrekking tot kreatiewe poësieskepping te ondersoek*

| *FANTASIE* | | *INNERLIKE EMOSIONELE ERVARINGE* | |
|---|---|---|---|
| *Skaal 1:* | Dagdroomfrekwensies | *Skaal 6:* | Vreesreaksies op dagdrome |
| *Skaal 3:* | Absorpsie in dagdrome | *Skaal 17:* | Vrees vir mislukking in dagdrome |
| *Skaal 9:* | Probleemoplossing in dagdrome | *Skaal 18:* | Vyandige dagdrome |
| *Skaal 10:* | Hede georiënteerde dagdrome | *Skaal 21:* | Skuld-dagdrome |
| *Skaal 11:* | Toekoms georiënteerde dagdrome | *Skaal 27:* | Behoefte aan eksterne stimulering |
| *Skaal 12:* | Verlede georiënteerde dagdrome | | |

Alhoewel dit volgens *hoofstuk 2* van die literatuurstudie blyk dat die belangrikheid van onbewuste fantasieë in die verklaring van poësieskepping nie ontken kan word nie, is weinig navorsing tot dusver nog gedoen om dit werklik empiries te kan bewys. Die waarde van die *Imaginal Process Inventory*

is dus veral daarin geleë dat dit die navorser nou in staat stel om deur middel van dagdrome, wat 'n manifestasie van onbewuste prosesse is, 'n meting van *fantasie* te verkry op grond waarvan 'n moontlike verband met *kreatiewe poësieskepping* aangedui kan word. Met betrekking tot die huidige ondersoek is die waarde van die vraelys verder ook daarin geleë dat dit die gereedheid van innerlike emosionele ervaringe in die vorm van dagdrome kan rapporteer. Hiervolgens kan moontlik ook 'n verband tussen *affektiewe prosesse* en *kreatiewe poësieskepping* gevind word.

#### 4.3.2.6 *Die Afrikaanse Taalvermoëtoets*

Hierdie toets word gebruik vir die meting van Afrikaanse taalvermoë op die gebied van spelling, begrip en woordeskat. Die eerste deel van die toets bestaan uit vier paragrawe. In twee van hierdie paragrawe moet die proefpersoon besluit of die bewerings *Waar* of *Onwaar* is. In die ander twee paragrawe word daar vrae gestel waaruit die persoon die korrekte antwoord uit vier bewerings moet kies.

Die tweede deel bestaan uit 'n lys van 30 woorde. Elke woord word op vier verskillende maniere gespel sodat die persoon moet besluit watter een van die vier die korrekte spelling is.

Die derde deel van die toets bestaan uit 30 woorde wat in die linkerhandse kolom van die bladsy gedruk is. Die doel van dié toets is om uit te vind of die proefpersoon die betekenis van hierdie woorde ken. Na elkeen van dié woorde word vier ander woorde gegee waarvan die persoon een moet kies wat ongeveer dieselfde betekenis het as die woord in die linkerhandse kolom.

Die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* is geskik vir matrikulante en vir persone met hoër kwalifikasies. Die totale tydsduur van die toets is 19 minute en die roupunt van elke deel kan in stentellings omgesit word.

In *hoofstuk 3* word geïmpliseer dat 'n persoon wat kreatief begaafd ten opsigte van 'n taalmanifestasie is, oor 'n besondere *taalvermoë* moet beskik om 'n belewenis van die werklikheid in 'n literêre kunswerk te verbeeld. Die besondere waarde van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* is dan veral ook daarin geleë dat dit as meetinstrument gebruik kan word om *kognitiewe taalvaardighede* soos begrip, spelling en woordeskat te kwantifiseer, na aanleiding waarvan 'n moontlike verband met *kreatiewe poësieskepping* aangetoon kan word.

*4.3.2.7 Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)*

Die vraelys is opgestel om beroepsbelangstellings van hoërskoolleerlinge in standerds 8 tot 10, studente en volwassenes in 19 breë belangstellingsvelde te meet.

Die vraelys sluit die volgende *belangstellingsvelde* in:

- *Beeldende Kunste (BK)*
  Beeldende Kunste omsluit die belangstelling in aktiwiteite wat op skilder-, beeldhou- en sketswerk, asook op die ontwerp van advertensies betrekking het.

- *Uitvoerende Kunste (UK)*
  Uitvoerende Kunste het betrekking op belangstelling in musiek, sang, ballet, opera en operette.

- *Taal (T)*
  Taal sluit belangstelling in die waardering van letterkunde en praktiese aanwending en ontleding van taal in.

- *Histories (H)*
  Histories gee 'n aanduiding van die persoon se belangstelling in die antieke en in gebeure wat in die verlede plaasgevind het.

- *Diens (D)*
  Diens het betrekking op die lewering van diens aan niehulpbehoewendes in die samelewing.

- *Welsynwerk (Ww)*
  Belangstelling in die lewering van diens aan hulpbehoewendes in die samelewing word deur dié veld gedek.

- *Geselligheid (G)*
  Geselligheid is gerig op belangstelling in gesellige verkeer. Dit sluit die reëling van, asook deelname aan gesellighede in.

- *Openbare Optrede (Oo)*
  Openbare optrede het hoofsaaklik betrekking op die lewering van toesprake en openbare optrede.

- *Regte (R)*
  Regte het betrekking op die bestudering sowel as die toepassing van wette en regsbeginsels.

- *Kreatiewe Denke (KD)*
  Kreatiewe Denke gee 'n aanduiding van die persoon se belangstelling in die gebruik van logiese denke vir die oplossing van vraagstukke en in die uitvoering van skeppende werk.

- *Wetenskap (W)*
  Wetenskap dek belangstelling in die fisiese en biologiese wetenskappe.

- *Prakties-Manlik (PM)*
  Prakties-Manlik dek die meganiese en tegniese veld en sluit belangstelling in die hantering van gereedskap vir die praktiese uitvoering van 'n taak in.

- *Prakties-Vroulik (PV)*
  Prakties-Vroulik het betrekking op belangstelling in huishouding, maak van klere en ander huishoudelike aktiwiteite wat veral deur vroue tuis verrig word.

- *Numeries (Nu)*
  Numeries meet die persoon se belangstelling in die gebruik van getalle en ander wiskunde sisteme vir die uitvoering van berekeninge.

- *Besigheid (B)*
  Besigheid sluit belangstelling in alle vorms van handeldryf met die oog op winsbejag in.

- *Klerklik (K)*
  Klerklik sluit belangstelling in die roetinewerk, wat normaalweg deur klerke verrig word, in.

- *Rondreis (Rr)*
  Rondreis is gerig op die meting van die mate waarin die persoon daarvan hou om dikwels te reis.

- *Natuur (Na)*
  Natuur het veral betrekking op belangstelling in aktiwiteite wat buitenshuis verrig word en hou verband met veeboerdery, verbouing van gewasse en bosbou.

- *Sport (Sp)*
  Hierdie belangstellingskomponent gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n persoon in buitenshuise sportsoorte belangstel.

- *Werk-Stokperdjie (W/S)*
  Hiervolgens kan bepaal word of 'n persoon in sy belangstelling werk- of stokperdjiegerig is.

- *Aktief-Passief (A/P)*
  Volgens hierdie belangstellingsveld kan vasgestel word of 'n persoon aktief in die beoefening van aktiwiteite belang stel en of hy slegs passief as toeskouer daarin wil deel.

Alhoewel slegs enkele van hierdie belangstellingskomponente in die formulering van *hipotese 10* ingesluit is, word die vraelys in sy geheel deur die proefpersone beantwoord om vas te stel watter *belangstellingspatroon* kenmerkend van die kreatiewe, die minder kreatiewe en die persoon wat weinig kreatief is in die skepping van poësie.

Die *betroubaarheid* van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* is volgens die *Halfverdelingsmetode* bereken. Om 'n aanduiding van die mate van interafhanklikheid van die verskillende belangstellingsvelde te verkry, is die interkorrelasies tussen die velde bereken. Volgens die handleiding van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* (RGN-1971: 24) blyk dit dat daar ten opsigte van al die belangstellingsvelde besonder hoë betroubaarheidskoëffisiënte bestaan.

Die *konstrukgeldigheid* van die vraelys is volgens *faktorontleding* bepaal. In dié verband en in die proses van die ontwikkeling van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* is die *Kuderbelangstellingsvraelys* saam met die *20-Veld-Belangstellingsvraelys* gebruik. Twee van laasgenoemde belangstellingsvraelys se velde, naamlik *Kreatiwiteit (Kr)* en *Dinkwerk (Dw)* is uiteindelik saamgevoeg om die veld *Kreatiewe Denke (KD)* van die 19-Veld-Belangstellingsvraelys te vorm. Die konstrukgeldigheid van die vraelys, soos bepaal volgens interkorrelasies met die *Kuderbelangstellingsvraelys*, word volledig in die handleiding (RGN - 1971: 28) uiteengesit. Volgens hierdie interkorrelasies blyk dit dat die meetinstrument baie geldig is.

Geen vasgestelde toetstyd is vir die voltooiing van die vraelys voorgeskryf nie. Die vraelys behoort egter in 45 minute voltooi te word. Die roupunte van elke belangstellingsveld kan ook in stentellings bereken word.

Ter motivering vir die gebruik van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* kan vermeld word dat uit die literatuur in *hoofstuk 3*, dit wou voorkom dat die kreatiewe poësieskepper se belangstellings moontlik gerig is op taal, beeldende kunste, uitvoerende kunste en kreatiewe denke. Aangesien hierdie belangstellingsvraelys genoemde belangstellingskomponente kan kwantifiseer, is besluit om dit vir die doel van die onderhawige ondersoek te gebruik.

### 4.3.3 *Metode van ondersoek*

- Nadat die noodsaaklikheid van navorsing ten opsigte van die geïdentifiseerde probleem skriftelik aan die hoof van die Onderwysburo verduidelik is, is toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om leerlinge van 'n aantal sekondêre skole in Johannesburg vir die doel van die ondersoek te gebruik.

- Die belangrikste doelstellings is aan die verskillende skoolhoofde verduidelik sodat die positiewe samewerking van die personeel, wat ook met die ondersoek behulpsaam sal wees, verkry kon word.

- Personeel wat Afrikaans Eerste Taal aan leerlinge in die gewone kursus onderrig, is gevra om na aanleiding van bepaalde riglyne, die volgende prosedure te volg:

  - Die belangrikste doelstellings van die ondersoek word aan die leerlinge verduidelik.
  - Hulle word positief gemotiveer en ook geïnspireer om elkeen drie gedigte van goeie gehalte aan die onderwyser vir beoordeling en evaluering voor te lê.
  - Die keuse van die soort gedig, die titel en die belewenis wat verbeeld word, berus by die leerling self.
  - As riglyn word die belangrikste literêr-teoretiese beginsels binne die verwysingsraamwerk van die voorgeskrewe leergang aanbeveel. Aangesien die beoordeling van die poësie ook volgens bepaalde kreatiwiteitsbeginsels sal plaasvind, word leerlinge toegelaat om van die konvensionele af te wyk.
  - 'n Tydperk van drie weke word gegee waarin die opdrag afgehandel moet word.
  - Om te verseker dat leerlinge ook persoonlike en emosionele belewenisse verbeeld, moet die vertroulikheid met betrekking tot die hantering van die gedigte baie sterk benadruk word.

- Na aanleiding van die belangrikste *literêr-teoretiese, estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels*, soos uiteengesit in *Bylae A*, word die poësie deur die betrokke onderwyser beoordeel en voorlopig gekategoriseer. (Die beginsels word as bylae ingesluit sodat dit 'n duideliker en meer volledige agtergrondperspektief kan gee waarvolgens 'n vereenvoudigde evalueringsnorm, wat vir die beoordeling en kategorisering van die poësie gebruik is, afgelei kan word).

- Aangesien dit uit die voorlopige beoordeling wou voorkom dat die skepping van kreatiewe poësie 'n baie seldsame verskynsel is en dus impliseer dat daar in sommige skole nie een kreatiewe poësieskepper aangedui kon word nie, is besluit om slegs dié skole waar daar drie duidelike kreatiwiteitskategorieë onderskei kon word, in die ondersoek in te sluit. Die vyf skole wat hiervolgens geïdentifiseer is, word dus as die doelpopulasie gebruik.

- Nadat die poësie van die proefpersone binne die doelpopulasie voorlopig deur die onderwyser beoordeel en gekategoriseer is, is twee onafhanklike beoordelaars benoem wat die kategorisering volgens dieselfde *literêr-teoretiese, estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels (Bylae A)* sou doen. Die beoordelaars is aangewys op grond van hulle akademiese kwalifikasies, ervaring in die aanbieding van Afrikaans as Eerste Taal en hulle besondere belangstelling in en waardering vir die letterkunde.

- Die geïdentifiseerde kreatiwiteitskategorieë binne die doelpopulasie is vervolgens gebruik op grond waarvan die steekproef getrek kon word sodat dit verteenwoordigend van die kreatiewe, minder kreatiewe en weinig kreatiewe poësieskepper kan wees. Enkele voorbeelde van gedigte wat volgens hierdie kategorieë geklassifiseer is, word in *Bylae B* ingesluit.

- Weens die omvang en tydsduur van die meetinstrumente waarvolgens die onafhanklike veranderlikes gekwantifiseer moes word, kon die verskillende proefpersone wat die steekproef verteenwoordig, nie saamgegroepeer word sodat die

toetse op een bepaalde dag afgeneem kon word nie. As gevolg hiervan is die *toetsprosedure* soos volg beplan:

- Ten opsigte van een bepaalde proefskool is goedgunstiglik toestemming deur die skoolhoof verleen om 'n dag gedurende die eksamen uitsluitlik vir dié doel te gebruik.
- Proefpersone in die ander skole is genader om hulle twee middae na skool by die Akademiese Adviesburo van die Randse Afrikaanse Universiteit aan te meld sodat die toetse gedurende hierdie twee sessies afgeneem kon word.
- 'n Personeellid van die Sielkundige Hulpdienste (Transvaalse Onderwysdepartement) het ook gehelp om sommige van die toetse gedurende normale skoolure af te neem.

- Die gemiddelde *tydsduur* van die verskillende meetinstrumente is soos volg vasgestel:

| | |
|---|---|
| - Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets: | 90 minute |
| - Die Remote Associative Test: | 50 minute |
| - Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys: | 45 minute |
| - Die Imaginal Process Inventory: | 30 minute |
| - Die IPAT-Angsskaal: | 15 minute |
| - Die Taalvermoëtoets: | 20 minute |
| - Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys: | 45 minute |

### 4.3.4 *Steekproefneming*

Die doelpopulasie van die onderhawige ondersoek bestaan uit al die standerd 10-leerlinge, in die gewone kursus, van vyf Afrikaanse sekondêre skole in Johannesburg. In *tabel 6* word die totale aantal proefpersone wat in die doelpopulasie ingesluit is, volledig aangedui.

*Tabel 6: Aantal proefpersone van elke proefskool wat in die doelpopulasie ingesluit is*

| PROEFSKOOL | SEUNS (N) | DOGTERS (N) | TOTAAL (N) |
|---|---|---|---|
| 1 | 48 | 54 | 102 |
| 2 | 104 | 107 | 211 |
| 3 | 72 | 83 | 155 |
| 4 | 65 | 79 | 144 |
| 5 | 56 | 37 | 93 |
| | 345 | 360 | 705 |

Soos reeds in *hoofstuk* 4 opgemerk, is die doelpopulasie saamgestel op grond van die feit dat daar volgens die voorlopige beoordeling en kategorisering van die poësie vasgestel is dat hierdie skole proefpersone insluit wat kreatiewe, minder kreatiewe en weinig kreatiewe poësie skep en dus verteenwoordigend van al drie kreatiwiteitskategorieë is.

Nadat die poësie van die proefpersone binne die doelpopulasie deur die verskillende beoordelaars finaal beoordeel en gekategoriseer is, is die steekproef soos volg saamgestel:

- Proefpersone kon slegs vir die steekproef kwalifiseer indien die opdrag, naamlik om drie gedigte te skryf, volledig uitgevoer is. Die verskillende proefpersone is alleenlik ook in die steekproef ingesluit indien daar ten opsigte van al drie gedigte volkome eenstemmigheid by die beoordelaars bestaan het.

- Volgens die finale beoordeling het dit geblyk dat 15 van die 345 seuns en 27 van die 360 dogters as kreatiewe poësieskeppers beoordeel en gekategoriseer kon word. Ten opsigte van die tweede kreatiwiteitskategorie is bevind dat die poësie van 38 seuns en 72 dogters as minder kreatief beskou word.

- Aangesien daar met betrekking tot 'n sekere aantal van die gedigte nie volkome eenstemmigheid bereik kon word oor die kreatiwiteitsgraad daarvan nie, is sodanige gedigte noodwendig vir die steekproef uitgesluit. Ten spyte hiervan is daar tog opgemerk dat die meerderheid van die poësie, naamlik 283 seuns en 233 dogters, as weinig kreatief beoordeel kon word.

- Die geïdentifiseerde proefpersone is vervolgens op grond van die verskillende kreatiwiteitskategorieë in drie groepe ingedeel sodat dit die ondersoekgroepe binne die doelpopulasie kon verteenwoordig.

- Die minimum aantal proefpersone binne die kreatiwiteitskategorie wat die kreatiewe poësieskepper verteenwoordig, is gebruik om die grootte van die steekproef te bepaal. Aangesien dié grootte volgens die beoordeling van die poësie op 15 vasgestel is, moes die steekproef van elkeen van die drie kreatiwiteitskategorieë 15 seuns en 15 dogters insluit.

- Nadat daar aan elkeen van die geïdentifiseerde proefpersone 'n nommer toegeken is, is volgens 'n ewekansige steekproefprosedure bepaal watter proefpersone in die verskillende kategorieë van die steekproef ingesluit kon word. Die steekproef wat uit die geïdentifiseerde kategoriese doelpopulasie volgens die metode van ewekansige steekproefneming getrek is, word in *tabel 7* aangedui.

Tabel 7: 'n Uiteensetting van die steekproef soos ewekansig bepaal uit die geïdentifiseerde kategoriese doelpopulasie

| | ONDERSOEKGROEP 1 | | ONDERSOEKGROEP 2 | | ONDERSOEKGROEP 3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kreatiewe poësie | | Minder kreatiewe poësie | | Weinig kreatiewe poësie | |
| | Seuns | Dogters | Seuns | Dogters | Seuns | Dogters |
| Kategoriese doelpopulasie | 15 | 27 | 38 | 72 | 283 | 233 |
| Steekproefgrootte | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 |

### 4.3.5 *Statistiese tegnieke*

Ten einde 'n verband tussen die verskillende kategorieë van die afhanklike veranderlike en spesifieke onafhanklike veranderlikes, soos in *tabel 1* uiteengesit, te identifiseer, is besluit om 'n *eenrigting-variansieanalise* (De Wet, et al.- 1981: 214-220) te gebruik. Na aanleiding van hierdie statistiese tegniek kon uit die *beduidendheid van groepverskille* afgelei word of daar 'n verband tussen die skepping van kreatiewe poësie en identifiseringseienskappe soos konvergente denke, divergente denke, persoonlikheidsfaktore, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en bepaalde belangstellingskomponente bestaan.

Die *eenrigting-variansieanalise* is aangevul met die *post hoc-vergelyking van Scheffé* (De Wet, et al.- 1981: 206) waarvolgens die groepe wat beduidend van mekaar verskil, geïdentifiseer kon word. Ten opsigte van genoemde statistiese tegnieke is gebruik gemaak van 'n *SPSS-rekenaarprogram* (Hull en Nie, 1981) wat die resultate, volgens die toepassing van 'n *"One-way"-opdrag*, kon aantoon.

Deur middel van 'n *BMDP-rekenaarprogram* (Dixon, 1975) is 'n analise van *kovariansie* (De Wet, et al.- 1981: 106) uitgevoer om, volgens die grootte van die *F-waarde*, aan te toon of daar 'n interafhanklike verband tussen konvergente en divergente denke binne en tussen die onderskeie kreatiwiteitskategorieë bestaan.

Die *Chi-kwadraattoets* (McCall 1975: 300 en Wright 1976: 430-432) is as statistiese tegniek gebruik om te bepaal of die frekwensies ten opsigte van die kategoriese doelpopulasie (vgl *tabel 7*) vir seuns en dogters beduidend verskil. Hieruit kon afgelei word wat die rol van geslagsverskille met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie is nadat 'n *kontingensiekoëffisiënt* (Gouws, et al.- 1982: 159) volgens die *Chi-kwadraat* bereken is om die mate van verwantskap tussen hierdie veranderlikes aan te dui.

Die *diskriminantanalise* (Brown, 1983: 220 en Huysamen, 1978: 134-135) is as statistiese tegniek aangewend om uit die verskillende onafhanklike veranderlikes te bepaal wat die interafhanklike verband tussen konvergente denke, divergente denke, persoonlikheidsfaktore, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë, belangstelling en geslag met betrekking tot kreatiewe poësieskepping is. Die resultate, wat uit 'n *"Discriminant"-opdrag* volgens die *SPSS-rekenaarprogram* verkry is, kon ook aantoon watter kombinasie van hierdie veranderlikes kenmerkend van die potensieel kreatiewe poësieskepper is.

# *HOOFSTUK 5*

# *RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK*

## *5.1 INLEIDING*

Aangesien dit uit die beoordeling van die poësie geblyk het dat die skepping van hierdie kreatiewe taalproduk nog enkele leemtes by die adolessent openbaar, en dat daar min proefpersone is wat werklik aan al die kriteria ten opsigte van *literêr-teoretiese*, *estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels* kan voldoen, sou dit meer aanvaarbaar wees om in die verdere verloop van die ondersoek te verwys na die potensiaal om kreatief te wees, eerder as wat die produk 'n 'volmaak' kreatiewe manifestasie veronderstel. Na aanleiding hiervan kan die ondersoekgroepe dus beter gekwalifiseer word deur te verwys na adolessente wat *potensieel kreatief-begaafd (groep 1)*, *potensieel minder kreatief-begaafd (groep 2)* en *potensieel weinig kreatief-begaafd (groep 3)* ten opsigte van die skepping van poësie is.

Om te bepaal watter *identifiseringsattribute* binne die wyer *persoonsbeeld* van die *potensieel kreatief-begaafde poësieskeppers* ingesluit kan word, sal dit by die uiteensetting van die resultate nodig wees om deur middel van die *eenrigting-variansieontledings* en die *post hoc-vergelyking van Scheffé* aan te dui watter ondersoekgroepe beduidend ten opsigte van die veranderlikes *konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë* en *belangstellings* verskil. Vir dié doel word die resultate van hierdie veranderlikes afsonderlik ten opsigte van *dogters, seuns* en die *totale groep* bespreek, waaruit die moontlike verband tussen die afhanklike en onafhanklike veranderlikes in die verskillende hipoteses afgelei kan word. Die resultate met betrekking tot die interafhanklike verband tussen konvergente- en divergente denke, die rol van geslagsverskille by

kreatiewe poësieskepping, en die interafhanklikheid tussen die verskillende onafhanklike veranderlikes, sal onderskeidelik deur middel van *kovariansieanalise, die Chi-kwadraattoets* en die *diskriminantanalise* aangetoon word.

Die verloop van die bespreking sal soos volg wees:

*Hoofstuk 5:* Rapportering van die resultate waarvolgens betekenisvolle afleidings met betrekking tot die aanvaarding of verwerping van die verskillende eksperimentele hipoteses gemaak kan word.

*Hoofstuk 6:* 'n Bespreking, evaluering en integrasie van die navorsingsresultate met die literatuur.

*5.2 HIPOTESE 1: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer konvergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.*

Ter inleiding kan hier net kortliks vermeld word dat die resultate vir die *eenrigting-variansieanalise* soos volg vir die toetsing van elke hipotese gerapporteer sal word:

- 'n Verwysing na die meetinstrumente;

- 'n beskrywing van die tabelle waaruit die resultate afgelei kon word;

- 'n evaluering van die beduidende groepverskille om die moontlike verband tussen die skepping van kreatiewe poësie en die verskillende onafhanklike veranderlikes aan te toon, en

- 'n aanvaarding of verwerping van die eksperimentele hipoteses.

*Hipotese 1*, wat 'n verband tussen konvergente vermoë en kreatiewe poësieskepping veronderstel, is getoets na aanleiding van die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* wat as meetinstru-

ment gebruik is om die basiese *konvergente vermoëns*, soos *verbale, nie-verbale* en die *totale intelligensietellings*, te kwantifiseer.

Ten opsigte van die *nie-verbale komponent* van *intelligensie* word in *tabel 8.1* opgemerk dat daar vir seuns, dogters en die totale groep, beduidende verskille bestaan. Groepe 1 en 3 (seuns); 1 en 3, 1 en 2 (dogters); 1 en 3, 1 en 2 (totaal) verskil beduidend op die 1%-peil.

*Tabel 8.1: Eenrigting-variansieanalise vir die nie-verbale komponent van intelligensie volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 120.53 | | | |
| | 2 | 15 | 113.60 | 7.75 | .0014xx | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 105.33 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 121.20 | | | |
| | 2 | 15 | 107.93 | 7.86 | .0013xx | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 105.40 | | | 1 en 2 |
| Totaal: | 1 | 30 | 120.86 | | | |
| | 2 | 30 | 110.76 | 15.07 | .0000xx | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 105.36 | | | 1 en 2 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die verskille in die gemiddelde roupunttellings ($\bar{x}$), waaruit die rigting van die beduidende groepverskille afgelei kan word, blyk volgens *tabel 8.1* soos volg vir die *nie-verbale komponent* van *intelligensie* te wees:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (120.53) | > | Groep 3 (105.33) |
| *Dogters:* | Groep 1 (121.20) | > | Groep 3 (105.40) |
| | Groep 1 (121.20) | > | Groep 2 (107.93) |
| *Totaal:* | Groep 1 (120.86) | > | Groep 3 (105.36) |
| | Groep 1 (120.86) | > | Groep 2 (110.76) |

Hierdie resultate impliseer dus dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) oor sterker *nie-verbale* vermoëns beskik in vergelyking met die groepe wat potensieel minder of weinig kreatief-begaafd met betrekking tot die skepping van poësie is.

*Tabel 8.2: Eenrigting-variansieanalise vir die verbale komponent van intelligensie volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | *1* | *15* | *119.26* | | | |
| | *2* | *15* | *113.93* | *14.06* | *.0000*$^{xx}$ | *1 en 3* |
| | | | | | | *2 en 3* |
| *Dogters:* | *1* | *15* | *126.33* | | | |
| | *2* | *15* | *108.00* | *21.06* | *.0000*$^{xx}$ | *1 en 2* |
| | *3* | *15* | *102.00* | | | *1 en 3* |
| *Totaal:* | *1* | *30* | *122.80* | | | |
| | *2* | *30* | *110.96* | *31.43* | *.0000*$^{xx}$ | *1 en 2, 1 en 3,* |
| | *3* | *30* | *99.83* | | | *2 en 3* |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Soos in die geval van die nie-verbale komponent blyk dit volgens *tabel 8.2* dat daar ook vir die *verbale komponent* van *intelligensie* beduidende verskille bestaan. Groepe 1 en 3, 2 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (dogters); 1 en 2, 1 en 3, 2 en 3 (totaal) verskil beduidend op die 1%-peil. Die rigting van die beduidende verskille blyk soos volg uit die gemiddelde roupunttellings (x) volgens *tabel 8.2:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (119.26) | $>$ | Groep 3 (97.66) |
| | Groep 2 (113.93) | $>$ | Groep 3 (97.66) |
| *Dogters:* | Groep 1 (126.33) | $>$ | Groep 3 (102.00) |
| | Groep 1 (126.33) | $>$ | Groep 2 (108.00) |
| *Totaal:* | Groep 1 (122.80) | $>$ | Groep 3 (99.83) |
| | Groep 1 (122.80) | $>$ | Groep 2 (110.96) |
| | Groep 2 (110.96) | $>$ | Groep 3 (99.83) |

Die beduidende groepverskille regverdig dus die afleiding dat seuns, dogters en die totale groep wat binne die potensieel kreatiewe kategorie ingesluit word, oor sterker *verbale vermoëns* beskik in vergelyking met die adolessent wat potensieel minder of weinig kreatief in die skepping van poësie is. 'n Verdere afleiding wat uit die verskille in die gemiddelde roupunttellings gemaak kan word, is dat die potensieel minder kreatiewe groep seuns, en die totale groep binne dié kategorie, ook oor sterker *verbale vermoëns* as die ooreenstemmende groepe in die potensieel weinig kreatiewe kategorie beskik.

Volgens die *gesamentlike nie-verbale* en *verbale intelligensietellings* blyk dit uit *tabel 8.3* dat groepe 1 en 3, 2 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (dogters); 1 en 2, 1 en 3, 2 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil verskil.

Volgens *tabel 8.3* word die rigting van die beduidende groepverskille soos volg deur die gemiddelde roupunttellings aangetoon:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (121.66) | $>$ | Groep 3 (101.53) |
| | Groep 2 (115.20) | $>$ | Groep 3 (101.53) |
| *Dogters:* | Groep 1 (125.86) | $>$ | Groep 3 (102.53) |
| | Groep 1 (125.86) | $>$ | Groep 2 (108.53) |

*Totaal:* Groep 1 (123.76) > Groep 3 (102.03)
Groep 1 (123.76) > Groep 2 (111.86)
Groep 2 (111.86) > Groep 3 (102.03)

*Tabel 8.3: Eenrigting-variansieanalise vir die gesamentlike nie-verbale en verbale intelligensietellings volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{X}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 121.66 | | | |
| 2 | 15 | 115.20 | 13.48 | .0000xx | 1 en 3 |
| 3 | 15 | 101.53 | | | 2 en 3 |
| *Dogters:* 1 | 15 | 125.86 | | | |
| 2 | 15 | 108.53 | 21.06 | .0000xx | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 102.53 | | | 1 en 3 |
| *Totaal:* 1 | 30 | 123.76 | | | |
| 2 | 30 | 111.86 | 31.53 | .0000xx | 1 en 2, 1 en 3, |
| 3 | 30 | 102.03 | | | 2 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die resultate toon aan dat die potensieel kreatiewe groep (seuns, dogters en die totale groep) oor *gesamentlike nie-verbale* en *verbale intelligensievermoëns* beskik wat beduidend van die potensieel minder en weinig kreatiewe groepe verskil. Hieruit kan dus afgelei word dat, volgens 'n totale intelligensietelling, die potensieel kreatiewe poësieskepper meer intelligent as die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskepper is.

Na aanleiding van die resultate ten opsigte van die nie-verbale, verbale en die gesamentlike komponente van intelligensie, kan aangeneem word dat *konvergente vermoëns*, soos gemanifesteer in die gekwantifiseerde intelligensietellings, in noue verband met kreatiewe poësieskepping staan. Die eksperimentele hipotese word dus aanvaar dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, oor meer *konvergente vermoëns* beskik in vergelyking met dié wat potensieel minder of weinig kreatief is.

*5.3 HIPOTESE 2: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer divergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.*

Die *Remote Associative Test* is as meetinstrument gebruik om *gemeenskaplike voorwerpe* en *gemeenskaplike aktiwiteite* as komponente van *divergente denke* te kwantifiseer. Die belangrike beginsel van divergensie, naamlik dat 'n persoon in staat moet wees om dinge wat op die oppervlakte ver van mekaar verwyder is, in verband met mekaar te bring, is op albei komponente van toepassing gemaak. In dié verband word verwys na 'n volledige beskrywing van die *Remote Associative Test (hoofstuk 4)*.

Volgens *tabel 8.4* blyk dit dat die beduidende groepverskille vir *gemeenskaplike voorwerpe*, as komponent van *divergente denke*, soos volg uiteengesit kan word: Groepe 1 en 3 (seuns) verskil beduidend op die 1%-peil; groepe 1 en 3 (dogters) verskil beduidend op die 5%-peil, terwyl groepe 1 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil verskil.

Uit *tabel 8.4* kan die rigting van die groepverskille vir *gemeenskaplike voorwerpe* soos volg van die gemiddelde roupunttellings afgelei word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (14.66) | > | Groep 3 (11.46) |
| *Dogters:* | Groep 1 (14.53) | > | Groep 3 (10.80) |
| *Totaal:* | Groep 1 (14.60) | > | Groep 3 (11.13) |

*Tabel 8.4: Eenrigting-variansieanalise vir gemeenskaplike voorwerpe as komponent van divergente denke volgens die Remote Associative Test*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 14.66 | | | |
| | 2 | 15 | 12.86 | 5.46 | .0078$^{xx}$ | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 11.46 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 14.53 | | | |
| | 2 | 15 | 12.66 | 4.95 | .0117$^{x}$ | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 10.80 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 14.60 | | | |
| | 2 | 30 | 12.76 | 10.55 | .0001$^{xx}$ | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 11.13 | | | |

x: *Beduidend op die 5%-peil* xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Ten opsigte van *gemeenskaplike voorwerpe* is dit dus opvallend dat die beduidendheid van verskille in al drie kategorieë, asook al drie subkategorieë van die ondersoekgroepe, slegs beduidende verskille in die geval van groepe 1 en 3 kon aantoon. Na aanleiding hiervan, tesame met die hoër gemiddelde roupunttellings wat in *tabel 8.4* opgemerk word, kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe groepe seuns, dogters en die totale groep, meer *divergent* in hulle denke met betrekking tot *gemeenskaplike voorwerpe* as die weinig kreatiewe poësieskepper is.

Die resultate in *tabel 8.5* uiteengesit, dui daarop dat daar ook vir *gemeenskaplike aktiwiteite*, as komponent van *divergente denke*, beduidende verskille bestaan. Groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns); groepe 1 en 2, 1 en 3 (dogters) en groepe 1 en 2, 1 en 3 (totaal) verskil beduidend op die 1%-peil.

In *tabel 8.5* blyk die rigting van die groepverskille, volgens die gemiddelde roupunttellings, soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (16.06) | > | Groep 3 (9.53) |
| | Groep 1 (16.06) | > | Groep 2 (12.13) |
| *Dogters:* | Groep 1 (14.26) | > | Groep 3 (10.40) |
| | Groep 1 (14.26) | > | Groep 2 (10.86) |
| *Totaal:* | Groep 1 (15.16) | > | Groep 3 (9.96) |
| | Groep 1 (15.16) | > | Groep 2 (11.50) |

*Tabel 8.5: Eenrigting-variansieanalise vir gemeenskaplike aktiwiteite as komponent van divergente denke volgens die Remote Associative Test*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | 1 | 15 | 16.06 | | | |
| | 2 | 15 | 12.13 | 28.83 | .0000[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 15 | 9.53 | | | 1 en 3 |
| *Dogters:* | 1 | 15 | 14.26 | | | |
| | 2 | 15 | 10.86 | 7.96 | .0012[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 15 | 10.40 | | | 1 en 3 |
| *Totaal:* | 1 | 30 | 15.16 | | | |
| | 2 | 30 | 11.50 | 29.54 | .0000[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 30 | 9.96 | | | 1 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Uit die resultate kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe groep (seuns, dogters en die totale groep) meer divergente denke vir gemeenskaplike aktiwiteite openbaar in vergelyking met die ooreenstemmende proefpersone in die potensieel minder en weinig kreatiewe kategorieë.

In *tabel 8.6* word opgemerk dat daar in die geval van die *totale divergente tellings*, dit wil sê, vir die som van die tellings vir *gemeenskaplike voorwerpe* en *gemeenskaplike aktiwiteite*, beduidende verskille op die 1%-vlak bestaan. Groepe 1 en 2, 1 en 3, 2 en 3 (seuns); groepe 1 en 2, 1 en 3 (dogters) en groepe 1 en 2, 1 en 3 (totaal) toon vir elke kreatiewe kategorie beduidende verskille op die 1%-peil.

*Tabel 8.6: Eenrigting-variansieanalise vir die gesamentlike divergente tellings volgens die Remote Associative Test*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 30.73 | | | |
| 2 | 15 | 25.00 | 19.97 | $.0000^{xx}$ | 1 en 2, 1 en 3 |
| 3 | 15 | 21.00 | | | 2 en 3 |
| *Dogters:* 1 | 15 | 29.06 | | | |
| 2 | 15 | 23.53 | 7.33 | $.0019^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 21.13 | | | 1 en 3 |
| *Totaal:* 1 | 30 | 29.90 | | | |
| 2 | 30 | 24.26 | 23.57 | $.0000^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 30 | 21.06 | | | 1 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.6)* kan die rigting van die groepverskille soos volg uiteengesit word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (30.73) | > | Groep 3 (21.00) |
| | Groep 1 (30.73) | > | Groep 2 (25.00) |
| | Groep 2 (25.00) | > | Groep 3 (21.00) |
| *Dogters:* | Groep 1 (29.06) | > | Groep 3 (21.13) |
| | Groep 1 (29.06) | > | Groep 2 (23.53) |
| *Totaal:* | Groep 1 (29.90) | > | Groep 3 (21.06) |
| | Groep 1 (29.90) | > | Groep 2 (24.26) |

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die potensieel kreatiewe poësieskepper, in die geval van seuns, dogters en die totale groep, meer *divergent* in hulle denke as die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskepper is. Volgens die *gesamentlike divergente tellings* is dit ook opvallend dat subkategorie 2 (seuns) en subkategorie 3 (seuns) verskil. Hierdeur word geïmpliseer dat die groep seuns wat potensieel minder kreatief is, tóg meer divergent in hulle denke as die groep seuns wat potensieel weinig kreatief in die skepping van poësie is.

Omdat die tellings van groep 1 (seuns, dogters en die totaal) beduidend hoër is as vir groep 2 en groep 3, bevestig die resultate *hipotese 2,* naamlik dat adolessente wat kreatiewe poësie skep, oor meer divergente vermoëns beskik in vergelyking met die adolessente wat minder of weinig kreatief is.

5.4 *HIPOTESE 3: Konvergente en divergente denke is interafhanklike met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie.*

Om vas te stel wat die *interafhanklikheid* van *konvergente* en *divergente denke* by kreatiewe poësieskepping is, is die tellings van die gesamentlike nie-verbale en verbale intelligensietellings met die gesamentlike tellings vir divergente denke in verband gebring. Na aanleiding van 'n *kovariansieanalise* het dit geblyk dat, volgens die grootte van die *F-waarde,* afgelei kon word watter subkategorieë van elke ondersoekgroep beduidende verskille met betrekking tot die interafhanklikheid van konvergente en divergente vermoëns aantoon.

*Tabel 8.7: Kovariansieanalise vir die interafhanklikheidsbepaling van konvergente en divergente denke*

| Ondersoekgroepe | N | R | G/V | F-waarde | p |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: 1 | 15 | .4905 | 13 | 4.11 | .0634 |
| 2 | 15 | .4907 | 13 | 4.12 | .0632 |
| 3 | 15 | .4521 | 13 | 3.34 | .0906 |
| xGroepe 1, 2 en 3 | 45 | .2999 | 43 | 4.24 | .0453x |
| Dogters: 1 | 15 | .0058 | 13 | .00 | .9836 |
| 2 | 15 | .1262 | 13 | .21 | .6540 |
| 3 | 15 | .3565 | 13 | 1.89 | .1920 |
| xGroepe 1, 2 en 3 | 45 | .5305 | 43 | 16.84 | .0001xx |
| Totaal: 1 | 30 | .3612 | 28 | 4.20 | .0498x |
| 2 | 30 | .0786 | 28 | .17 | .6796 |
| 3 | 30 | .4006 | 28 | 5.35 | .0282x |
| xGroepe 1, 2 en 3 | 90 | .4048 | 88 | 17.25 | .0000xx |

x: *Beduidend op die 5%-peil* xx: *Beduidend op die 1%-peil*

G/V: *Grade van vryheid*

- *Hoë F-waardes* - Dui op beduidende verskille wat 'n *onafhanklikheid* tussen konvergente- en divergente denke impliseer.

- *Lae F-waardes* - Dui op nie-beduidende verskille wat 'n *interafhanklikheid* tussen konvergente- en divergente denke impliseer.

Uit die resultate, volgens *tabel 8.7*, blyk dit dat die *F-waardes* vir die volgende subkategorieë betekenisvolle resultate kon oplewer:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ˣGroepe 1, 2 en 3 | (Seuns): | F-waarde: | 4.24; | p: .0453ˣ |
| ˣGroepe 1, 2 en 3 | (Dogters): | F-waarde: | 16.84; | p: .0001ˣˣ |
| ˣGroepe 1, 2 en 3 | (Totaal): | F-waarde: | 17.25; | p: .0000ˣˣ |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Groep 1 (Dogters): | F-waarde: | .00; | p: .9836 |
| Groep 2 (Dogters): | F-waarde: | .21; | p: .6540 |
| Groep 3 (Dogters): | F-waarde: | 1.89; | p: .1920 |

Die afleiding wat uit hierdie resultate gemaak kan word, is dat daar beduidende groepverskille op die 5%-peil vir ˣgroepe 1, 2 en 3 (seuns) en op die 1%-peil vir ˣgroepe 1, 2 en 3 (dogters) en ˣgroepe 1, 2 en 3 (totaal) bestaan. Hierdie beduidende verskille impliseer dus dat daar met betrekking tot die samevoeging van die verskillende kreatiwiteitskategorieë vir seuns, dogters en die totale groep, geen *interafhanklikheid* tussen *konvergente- en divergente denke* bestaan nie. Dié bevinding dui ook daarop dat die interafhanklikheid tussen genoemde veranderlikes slegs vir die afsonderlike kreatiwiteitskategorieë kan bestaan.

Die lae *F-waarde* (.00) wat ten opsigte van die potensieel kreatiewe groep dogters waargeneem word, impliseer dat hierdie groep, in vergelyking met die potensieel minder en weinig kreatiewe groep dogters, 'n groter mate van interafhanklikheid tussen konvergente- en divergente denke openbaar. Die groter *F-waarde* vir seuns (4.11) en die totale groep (4.20) binne die potensieel kreatiewe kategorie dui daarop dat die interafhanklikheid tussen konvergente- en divergente denke minder as in die geval van die potensieel kreatiewe groep dogters is.

Na aanleiding van die lae *F-waarde* wat vir die potensieel kreatiewe groep dogters opgemerk is, kan die hipotese dus aanvaar word dat konvergente en divergente denke interafhanklik met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie is.

*5.5 HIPOTESE 4: Adolessente wat kreatiewe poësie skep, openbaar bepaalde persoonlikheidstrekke wat hulle onderskei van die adolessent wat minder of weinig kreatiewe poësie skep*

Die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)* is as meetinstrument gebruik om te bepaal of daar persoonlikheidseienskappe is wat binne die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word. Om hierdie eienskappe te identifiseer, sal dit nodig wees om die verskillende subhipoteses na aanleiding van die persoonlikheidsfaktore, volgens die *HSPV*, te evalueer.

*Hipotese 4.1: Die kreatiewe poësieskepper is meer teruggetrokke, afsydig, krities en koel*

- *Faktor A - Hoë telling: Na-buite-lewend, hartlik, sorgeloos en deelnemend*

- *Faktor A - Lae telling: Teruggetrokke, afsydig, krities en koel*

Volgens die resultate in *tabel 8.8* blyk dit dat groepe 2 en 3 (dogters); 1 en 3, 2 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil vir *Faktor A* van die *HSPV* verskil.

Die rigting van die groepverskille word soos volg uit die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.8)* afgelei:

*Dogters:* Groep 2 (7.60) $<$ Groep 3 (11.66)
*Totaal:* Groep 1 (8.50) $<$ Groep 3 (11.30)
Groep 2 (8.73) $<$ Groep 3 (11.30)

*Tabel 8.8: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor A van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 8.40 | | | |
| | 2 | 15 | 9.86 | 2.86 | .0684 | - |
| | 3 | 15 | 10.93 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 8.60 | | | |
| | 2 | 15 | 7.60 | 5.27 | .0091[xx] | 2 en 3 |
| | 3 | 15 | 11.66 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 8.50 | | | |
| | 2 | 30 | 8.73 | 6.73 | .0019[xx] | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 11.30 | | | 2 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die resultate impliseer dus, volgens die beskrywing van *Faktor A*, dat die dogters wat potensieel minder kreatief is, meer teruggetrokke, afsydig, krities, koel en nie na buite-lewend, hartlik, sorgeloos en deelnemend is nie. Alhoewel dié bevinding teenstrydig is met die geformuleerde eksperimentele hipotese, blyk dit volgens die resultate wat op die totale groepe van toepassing is dat die potensieel kreatiewe en minder kreatiewe groepe ooreenstemmende persoonlikheidstrekke met die potensieel kreatiewe groep dogters vir *Faktor A* van die *HSPV* openbaar.

Ten opsigte van *hipotese 4.1* kan dus, volgens die uiteensetting van die resultate in *tabel 8.8,* aanvaar word dat die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers en die dogters wat minder kreatief is, in vergelyking met die potensieel weinig kreatiewe poësieskepper, meer teruggetrokke, afsydig, krities en koel is.

*Hipotese 4.2:* *Die kreatiewe poësieskepper is meer intelligent, abstrakdenkend en beskik oor sterker skolastiese en verstandelike vermoëns*

- *Faktor B - Hoë telling:* Meer intelligent, abstrakdenkend, meer skolastiese verstandelike vermoë

- *Faktor B - Lae telling:* Minder intelligent, konkreetdenkend, minder skolastiese verstandelike vermoë

Die groepverskille vir *Faktor B* van die *HSPV* is volgens *tabel 8.9* beduidend op die 1%-peil vir groepe 1 en 2, 1 en 3 (dogters), asook vir groepe 1 en 2, 1 en 3 (totaal). Soos in die geval van *Faktor A* kon geen beduidende verskille vir die groepe seuns gevind word nie.

Na aanleiding van die gemiddelde roupunttellings word die beduidende groepverskille soos volg aangetoon:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Dogters:* | Groep 1 (9.26) | > | Groep 3 (6.53) |
| | Groep 1 (9.26) | > | Groep 2 (7.40) |
| *Totaal:* | Groep 1 (8.73) | > | Groep 3 (6.90) |
| | Groep 1 (8.73) | > | Groep 2 (7.46) |

Die hoër gemiddelde roupunttellings wat vir *Faktor B* by die potensieel kreatiewe groep opgemerk word, dui daarop dat dogters en die totale groep binne hierdie kategorie meer intelligent en abstrakdenkend is, en dat hulle oor meer skolastiese verstandelike vermoëns beskik. Daarteenoor dui die laer gemiddelde roupunttellings ten opsigte van die potensieel minder en weinig kreatiewe groepe dogters en die totale groepe

daarop dat persone in hierdie kategorieë minder intelligent en konkreetdenkend is. Volgens die beskrywing van *Faktor B* beskik hulle ook oor minder skolastiese verstandelike vermoëns. Dié resultate regverdig dus die afleiding dat *hipotese 4.2* vir dogters en die totale groep aanvaar kan word.

*Tabel 8.9: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor B van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | x̄ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 8.20 | | | |
| | 2 | 15 | 7.53 | 2.85 | .0690 | - |
| | 3 | 15 | 7.26 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 9.26 | | | |
| | 2 | 15 | 7.40 | 18.00 | .0000xx | 1 en 2 |
| | 3 | 15 | 6.53 | | | 1 en 3 |
| Totaal: | 1 | 30 | 8.73 | | | |
| | 2 | 30 | 7.46 | 17.41 | .0000xx | 1 en 2 |
| | 3 | 30 | 6.90 | | | 1 en 3 |
| xx: Beduidend op die 1%-peil | | | | | | |

*Hipotese 4.3:* *Die kreatiewe poësieskepper is meer aantasbaar deur gevoelens en is emosioneel minder stabiel*

- *Faktor C - Hoë telling:* Emosioneel stabiel, sien die werklikheid in die oë en is kalm.
- *Faktor C - Lae telling:* Aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel en word maklik ontstel.

In *tabel 8.10* word opgemerk dat beduidende groepverskille vir *Faktor C* van die *HSPV* bestaan. Groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns) verskil beduidend op die 1%-peil; groepe 1 en 3, 2 en 3 (dogters) verskil beduidend op die 5%-peil, terwyl groepe 1 en 3 asook 2 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil verskil.

Uit die gemiddelde roupunttellings, volgens *tabel 8.10*, word die rigting van die groepverskille soos volg afgelei:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (8.06) | < | Groep 3 (12.00) |
| | Groep 1 (8.06) | < | Groep 2 (11.40) |
| *Dogters:* | Groep 1 (6.73) | < | Groep 3 (9.80) |
| | Groep 2 (6.13) | < | Groep 3 (9.80) |
| *Totaal:* | Groep 1 (7.40) | < | Groep 3 (10.90) |
| | Groep 2 (8.76) | < | Groep 3 (10.90) |

*Tabel 8.10: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor C van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | 1 | 15 | 8.06 | | | |
| | 2 | 15 | 11.40 | 7.20 | .0020[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 15 | 12.00 | | | 1 en 3 |
| *Dogters:* | 1 | 15 | 6.73 | | | |
| | 2 | 15 | 6.13 | 4.39 | .0186[x] | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 9.80 | | | 2 en 3 |
| *Totaal:* | 1 | 30 | 7.40 | | | |
| | 2 | 30 | 8.76 | 6.73 | .0019[xx] | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 10.90 | | | 2 en 3 |

x: *Beduidend op die 5%-peil* xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Seuns wat kreatief ten opsigte van die skepping van poësie is, is volgens *Faktor C* van die *HSPV* meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel en word maklik ontstel. Daarteenoor is die potensieel minder en weinig kreatiewe groepe seuns emosioneel meer stabiel, minder aantasbaar deur gevoelens en sien die werklikheid in die oë. Dieselfde verskynsel word minder beduidend (op die 5%-peil) vir dogters opgemerk, met dié verskil dat dogters in die potensieel minder kreatiewe kategorie meer geneig is om, in vergelyking met die weinig kreatiewe groep, persoonlikheidstrekke ten opsigte van *Faktor C* te openbaar wat kenmerkend van die potensieel kreatiewe poësieskepper is. Vir die totale groepe is die bevindinge dieselfde as laasgenoemde, maar met beduidende groepverskille op die 1%-peil.

Na aanleiding van die resultate, volgens *tabel 8.10*, kan dus gekonstateer word dat die potensieel kreatiewe poësieskepper meer aantasbaar deur gevoelens is, maklik ontstel word en ook minder stabiel voorkom *(Hipotese 4.3)*.

*Hipotese 4.4:* *Die kreatiewe poësieskepper is onafhanklik, aggressief, laat hulle self geld en is meer dominerend*

- *Faktor E - Hoë telling:* Aanmatigend, laat hulle self geld, onafhanklik, hardkoppig, aggressief en dominerend
- *Faktor E - Lae telling:* Gehoorsaam, gematig, inskiklik en gedwee

Volgens *tabel 8.11* blyk dit dat daar geen beduidende verskille vir die verskillende ondersoekgroepe bestaan nie. Die implikasie van die nie-beduidende groepverskille is dat geen geldige bevindinge met betrekking tot *Faktor E* van die *HSPV* uit die resultate afgelei kan word nie.

Alhoewel die verskille in gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.11)* baie gering is en daarom ook nie beduidende groepverskille aantoon nie, is dit tog opvallend dat seuns, dogters

en die totale groep binne die potensieel kreatiewe, minder en weinig kreatiewe kategorie, hoë gemiddelde roupunttellings vir *Faktor E* van die *HSPV* openbaar.

Op grond van die nie-beduidende groepverskille word *subhipotese 4.4* verwerp en kan dus nie aanvaar word dat die kreatiewe poësieskepper onafhanklik, aggressief en meer dominerend is nie.

*Tabel 8.11: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor E van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 9.40 | | | |
| 2 | 15 | 9.53 | 2.62 | .0845 | - |
| 3 | 15 | 11.66 | | | |
| *Dogters:* 1 | 15 | 9.80 | | | |
| 2 | 15 | 7.33 | 2.88 | .0668 | - |
| 3 | 15 | 7.53 | | | |
| *Totaal:* 1 | 30 | 9.60 | | | |
| 2 | 30 | 8.43 | 1.22 | .2977 | - |
| 3 | 30 | 9.60 | | | |

*Hipotese 4.5:* *Die kreatiewe poësieskepper is pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde en het 'n sterk superego-ontwikkeling.*

- *Faktor G - Hoë telling:* Pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde en 'n sterk superego-ontwikkeling

- *Faktor G - Lae telling:* Opportunisties, ontwyk reëls, voel min verpligtinge en het 'n swak superego-ontwikkeling

In *tabel 8.12* word opgemerk dat geen beduidende groepverskille vir *Faktor G* van die *HSPV* bestaan nie en dat geen geldige bevindinge vir die huidige ondersoek hieruit afgelei kan word nie.

*Tabel 8.12: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor G van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | x̄ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 12.66 | | | |
| | 2 | 15 | 12.13 | .15 | .8570 | - |
| | 3 | 15 | 12.73 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 13.33 | | | |
| | 2 | 15 | 12.73 | 1.76 | .1839 | - |
| | 3 | 15 | 11.40 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 13.00 | | | |
| | 2 | 30 | 12.43 | .71 | .4929 | - |
| | 3 | 30 | 12.06 | | | |

*Hipotese 4.5* word dus verwerp, naamlik dat die kreatiewe poësieskepper, in vergelyking met dié wat minder en weinig kreatief is, meer pligsgetrou, volhardend, reëlgebonde en oor 'n sterker superego-ontwikkeling beskik.

*Hipotese 4.6: Die kreatiewe poësieskepper is bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens*

- *Faktor O - Hoë telling:* Bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens
- *Faktor O - Lae telling:* Kalm, vol selfvertroue, bedaard en onbekommerd

Vir *Faktor O* van die *HSPV* bestaan daar, volgens die resultate in *tabel 8.13*, beduidende verskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 3, 2 en 3 (dogters) en 1 en 3 (totaal). Alhoewel die gemiddelde roupunttellings, in die geval van seuns, beduidend op die 5%-peil verskil, kon die *post hoc-vergelyking van Scheffé* geen beduidende groepverskille aantoon nie.

*Tabel 8.13: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor O van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | *1* | *15* | *12.80* | | | |
| | *2* | *15* | *9.93* | *4.06* | *.0243*$^{x}$ | - |
| | *3* | *15* | *9.93* | | | |
| *Dogters:* | *1* | *15* | *14.73* | | | |
| | *2* | *15* | *15.33* | *6.21* | *.0043*$^{xx}$ | *1 en 3* |
| | *3* | *15* | *11.73* | | | *2 en 3* |
| *Totaal:* | *1* | *30* | *14.06* | | | |
| | *2* | *30* | *12.33* | *6.52* | *.0023*$^{xx}$ | *1 en 3* |
| | *3* | *30* | *10.83* | | | |

*x: Beduidend op die 5%-peil xx: Beduidend op die 1%-peil*

Uit die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.13)* kan die rigting van die beduidende groepverskille soos volg afgelei word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Dogters:* | Groep 1 (14.73) | > | Groep 3 (11.73) |
| | Groep 2 (15.35) | > | Groep 3 (11.73) |
| *Totaal:* | Groep 1 (14.06) | > | Groep 3 (10.83) |

Na aanleiding hiervan wil dit dus voorkom dat die potensieel kreatiewe en minder kreatiewe groepe dogters meer bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig en geneig tot skuldgevoelens is. In teenstelling hiermee is die potensieel weinig kreatiewe groep dogters meer geneig om kalm, vol selfvertroue, bedaard en onbekommerd te wees. Dieselfde verskynsel word ten opsigte van die totale groepe vir die potensieel kreatiewe in vergelyking met die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers opgemerk.

Volgens die uiteensetting van die resultate blyk dit dus dat *hipotese 4.6*, naamlik dat die kreatiewe poësieskepper bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens is, vir dogters en die totale groep aanvaar kan word.

*Hipotese 4.7: Die kreatiewe poësieskepper is selfgenoegsaam, vindingryk en verkies eie besluite*

- *Faktor $Q_2$ - Hoë telling:* Selfgenoegsaam, verkies eie besluite en is vindingryk
- *Faktor $Q_2$ - Lae telling:* Groepafhanklik, "'n aanhanger" en 'n goeie volgeling

Die resultate in *tabel 8.14*, met betrekking tot *Faktor* $Q_2$ van die *HSPV*, toon aan dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 3 (seuns) asook 1 en 2, 1 en 3 (totaal) bestaan.

Die rigting van die beduidende groepverskille word soos volg uit die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.14)* afgelei:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (12.06) | > | Groep 3 (8.73) |
| *Totaal:* | Groep 1 (12.00) | > | Groep 3 (8.90) |
| | Groep 1 (12.00) | > | Groep 2 (9.66) |

*Tabel 8.14: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor $Q_2$ van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 12.06 | | | |
| | 2 | 15 | 10.00 | 5.94 | .0053[xx] | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 8.73 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 11.93 | | | |
| | 2 | 15 | 9.33 | 2.83 | .0699 | - |
| | 3 | 15 | 9.06 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 12.00 | | | |
| | 2 | 30 | 9.66 | 7.90 | .0007[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 30 | 8.90 | | | 1 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Hiervolgens blyk dit dat *hipotese 4.7* aanvaar kan word, aangesien die potensieel kreatiewe groep seuns, sowel as die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers, geneig is om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees. Die potensieel weinig kreatiewe groep seuns, asook die totale groepe wat minder en weinig kreatief is, neig weer om meer groepafhanklik en goeie volgelinge te wees.

*Hipotese 4.8:* *Die kreatiewe poësieskepper is beheersd, sosiaal korrek, self-gedissiplineerd en besit 'n hoë mate van selfsentiment*

- *Faktor* $Q_3$ - *Hoë telling:* Beheersd, sosiaal korrek, self-gedissiplineerd en 'n hoë mate van selfsentiment
- *Faktor* $Q_3$ - *Lae telling:* Geneig tot ongedissplineerde self-konflik, verontagsaam protokol, volg eie aandrange en 'n gebrek aan integrasie

*Tabel 8.15: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor* $Q_3$ *van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 11.00 | | | |
| 2 | 15 | 10.20 | .42 | .6550 | - |
| 3 | 15 | 11.00 | | | |
| *Dogters:* 1 | 15 | 12.13 | | | |
| 2 | 15 | 9.66 | 2.43 | .1002 | - |
| 3 | 15 | 11.00 | | | |
| *Totaal:* 1 | 30 | 11.56 | | | |
| 2 | 30 | 9.93 | 2.48 | .0889 | - |
| 3 | 30 | 11.00 | | | |

In *tabel 8.15* word opgemerk dat daar geen beduidende groepverskille vir *Faktor* $Q_3$ van die *HSPV* bestaan nie. Aangesien geen geldige bevindinge met betrekking tot hierdie persoonlikheidsfaktor uit die resultate afgelei kan word nie, word *hipotese 4.8* dus verwerp en kan daar nie aanvaar word dat kreatiewe poësieskeppers meer beheersd, sosiaal korrek, self-gedissiplineerd is, en oor 'n hoë mate van selfsentiment beskik nie.

*Hipotese 4.9: Die kreatiewe poësieskepper is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd*

- *Faktor* $Q_4$ - *Hoë telling:* Gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd
- *Faktor* $Q_4$ - *Lae telling:* Ontspanne, rustig, traag en ongefrustreerd

Volgens *tabel 8.16* bestaan daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir *Faktor* $Q_4$ van die *HSPV* ten opsigte van groepe 1 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (totaal). Op die 5%-peil word 'n beduidende groepverskil ook vir groepe 1 en 3 (dogters) aangedui.

Die rigting van die groepverskille, volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.16)*, blyk soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (11.73) | > | Groep 3 (7.33) |
| *Dogters:* | Groep 1 (13.46) | > | Groep 3 (10.86) |
| *Totaal:* | Groep 1 (12.60) | > | Groep 3 (9.10) |
| | Groep 1 (12.60) | > | Groep 2 (10.46) |

Uit die resultate kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) meer gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd in vergelyking met die potensieel weinig kreatiewe groepe is. Volgens die laer gemiddelde roupunttellings blyk dit dat die weinig kreatiewe groepe meer geneig is om ontspanne, rustig, traag en ongefrustreerd te wees. Ten opsigte van die totale groepe wil dit ook uit die resultate voorkom dat die potensieel minder kreatiewe groep dieselfde eienskappe vir hierdie persoonlikheidsfaktor as die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers openbaar. Hierdie resultaat bevestig dit dus nog verder dat *subhipotese 4.9* aanvaar kan word.

As gevolg van 'n gebrek aan genoegsame motivering uit die literatuur, kan die persoonlikheidseienskappe vir *Faktor D, F, H, I en J,* volgens die beskrywing van die *HSPV,* nie as subhipoteses vir die ondersoek gebruik word nie. Aangesien dit

*Tabel 8.16: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor $Q_4$ van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | $\overline{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 11.73 | | | |
| | 2 | 15 | 9.40 | 8.43 | .0008[xx] | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 7.33 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 13.46 | | | |
| | 2 | 15 | 11.53 | 4.43 | .0179[x] | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 10.86 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 12.60 | | | |
| | 2 | 30 | 10.46 | 10.52 | .0001[xx] | 1 en 2 |
| | 3 | 30 | 9.10 | | | 1 en 3 |

x: *Beduidend op die 5%-peil* xx: *Beduidend op die 1%-peil*

volgens die resultate blyk dat daar tog van hierdie faktore is wat beduidende groepverskille aantoon, is dit nodig om sodanige resultate te rapporteer sodat dit as identifiseringsattribute binne die persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word. Beduidende groepverskille is vir *Faktor F, I en J* opgemerk en word dus vervolgens gerapporteer.

- *Faktor F - Hoë telling:* Onbesorgd, vrolik, entoesiasties, impulsief en opgewek
- *Faktor F - Lae telling:* Sober, versigtig, rustig, swygsaam en neerslagtig

Die resultate vir *Faktor F* van die *HSPV* toon volgens *tabel 8.17* aan dat groepe 1 en 3 (seuns) en groepe 1 en 3 (totaal) beduidend op die 5%-peil verskil. Geen beduidende groepverskille is vir dogters waargeneem nie.

Volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.17)* blyk die rigting van die beduidende groepverskille soos volg:

*Seuns:* Groep 1 (8.66) < Groep 3 (11.80)
*Totaal:* Groep 1 (9.20) < Groep 3 (11.33)

Die bevindinge uit die resultate dui daarop dat die potensieel kreatiewe groep seuns, en die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers, meer sober, versigtig, ernstig en swygsaam is.

*Tabel 8.17: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor F van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | *15* | *8.66* | | | |
| 2 | *15* | *10.13* | *5.03* | *.0110*$^{x}$ | *1 en 3* |
| 3 | *15* | *11.80* | | | |
| *Dogters:* 1 | *15* | *9.73* | | | |
| 2 | *15* | *9.53* | *.53* | *.5894* | - |
| 3 | *15* | *10.86* | | | |
| *Totaal:* 1 | *30* | *9.20* | | | |
| 2 | *30* | *9.83* | *3.35* | *.0395*$^{x}$ | *1 en 3* |
| 3 | *30* | *11.33* | | | |

x: *Beduidend op die 5%-peil*

Daarteenoor blyk die seuns en die totale groep wat in die potensieel weinig kreatiewe kategorie ingesluit word, meer onbesorgd, vrolik, entoesiasties, impulsief en opgewek te wees.

- *Faktor I - Hoë telling:* Teerhartig, afhanklik, fyngevoelig en saggeaard
- *Faktor I - Lae telling:* Ontoegeeflik, selfstandig, realisties en onverdraagsaam

Die resultate in *tabel 8.18* openbaar 'n beduidende groepverskil op die 5%-peil vir groepe 1 en 3 (seuns) met betrekking tot *Faktor I* van die *HSPV.* Alhoewel daar ten opsigte van die totale groepe 'n beduidende verskil op die 5%-peil vir die gemiddelde roupunttellings bestaan, is die verskil te klein om groepverskille volgens die *post hoc-vergelyking van Scheffé* te kon aantoon. Geen beduidende verskille kon vir dogters gevind word nie.

*Tabel 8.18: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor I van die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | *1* | *15* | *9.86* | | | |
| | *2* | *15* | *7.60* | *4.26* | *.0207*$^x$ | *1 en 3* |
| | *3* | *15* | *6.46* | | | |
| *Dogters:* | *1* | *15* | *15.80* | | | |
| | *2* | *15* | *13.06* | *2.86* | *.0685* | - |
| | *3* | *15* | *13.86* | | | |
| *Totaal:* | *1* | *30* | *12.83* | | | |
| | *2* | *30* | *10.33* | *3.27* | *.0424*$^x$ | - |
| | *3* | *30* | *10.16* | | | |

x: *Beduidend op die 5%-peil*

Volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.18)* is die rigting van die beduidende groepverskil soos volg:

*Seuns:* Groep 1 (9.86) > Groep 3 (6.46)

Hierdie resultate toon dus aan dat die potensieel kreatiewe groep seuns meer teerhartig, afhanklik, oorbeskermd en fyngevoelig is. Volgens die laer gemiddelde roupunttellings blyk dit dat die potensieel weinig kreatiewe groep seuns weer meer geneig is om ontoegeeflik, selfstandig, realisties en onverdraagsaam te wees.

*Tabel: 8.19: Eenrigting-variansieanalise vir Faktor J van die HSPV*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 8.13 | | | |
| | 2 | 15 | 7.26 | 1.35 | .2700 | - |
| | 3 | 15 | 6.40 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 10.53 | | | |
| | 2 | 15 | 9.00 | 2.78 | .0730 | - |
| | 3 | 15 | 7.46 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 9.33 | | | |
| | 2 | 30 | 8.13 | 3.93 | .0232$^{x}$ | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 6.93 | | | |

x: *Beduidend op die 5%-peil*

- *Faktor J - Hoë telling:* Weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend en onwillig om handelend op te tree
- *Faktor J - Lae telling:* Lewenskragtig, gaan redelik saam met die groep, lewensbly en tree handelend op

In *tabel 8.19* word aangetoon dat daar 'n beduidende groepverskil op die 5%-peil tussen groepe 1 en 3 (totaal) vir *Faktor J* van die *HSPV* bestaan. Geen beduidende verskille is vir seuns en dogters gevind nie.

Die rigting van die groepverskil word soos volg, volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.19)*, uiteengesit:

*Totaal:* Groep 1 (9.33) > Groep 3 (6.93)

Uit hierdie resultate kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe groep poësieskeppers (totaal) meer weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend en onwillig is om handelend op te tree. Die potensieel weinig kreatiewe groep is meer lewenskragtig, lewensbly, gaan geredelik saam met die groep en tree handelend op.

5.6 *HIPOTESE 5: Adolessente wat kreatiewe poësie skep, is meer geneig om emosionele angs te ervaar in vergelyking met dié wat minder of weinig kreatief is*

Volgens *tabel 8.20* blyk dit dat daar beduidende groepverskille op die 5%-peil ten opsigte van die *A-telling* (Onbewuste angs) van die *IPAT-Angsskaal* vir seuns en die totale groep bestaan.

Die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.20)* toon aan dat die rigting van hierdie beduidende groepverskille soos volg is:

| | | |
|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (18.26) | Groep 3 (12.13) |
| *Totaal:* | Groep 1 (20.60) | Groep 3 (15.36) |

*Tabel 8.20: Eenrigting-variansieanalise vir telling A van die IPAT-Angsskaal: Onbewuste angs*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 18.26 | | | |
| | 2 | 15 | 17.00 | 4.93 | .0119$^x$ | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 12.13 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 22.93 | | | |
| | 2 | 15 | 19.60 | 1.57 | .2141 | - |
| | 3 | 15 | 18.60 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 20.60 | | | |
| | 2 | 30 | 18.30 | 4.61 | .0125$^x$ | 1 en 3 |
| | 3 | 30 | 15.36 | | | |
| x: Beduidend op die 5%-peil | | | | | | |

Die resultate in *tabel 8.20* gerapporteer, veroorloof dus die afleiding dat die potensieel kreatiewe groep (totaal) en die seuns wat binne hierdie kategorie ingesluit word, meer geneig is om, in vergelyking met die potensieel minder en weinig kreatiewe groepe, *onbewuste angs* te ervaar.

In *tabel 8.21* word opgemerk dat daar geen beduidende groepverskille met betrekking tot die *B-telling* van die *IPAT-Angsskaal* bestaan nie. Hierdie resultate impliseer dus dat simptomatiese angs nie 'n eienskap is wat binne die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word nie.

*Tabel 8.21: Eenrigting-variansieanalise vir telling B van die IPAT-Angsskaal: Simptomatiese angs*

| Ondersoekgroepe | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: 1 | 15 | 15.13 | | | |
| 2 | 15 | 15.40 | 1.61 | .2111 | - |
| 3 | 15 | 11.46 | | | |
| Dogters: 1 | 15 | 24.86 | | | |
| 2 | 15 | 20.93 | 1.31 | .3324 | - |
| 3 | 15 | 20.13 | | | |
| Totaal: 1 | 30 | 20.00 | | | |
| 2 | 30 | 18.16 | 1.66 | .1958 | - |
| 3 | 30 | 15.80 | | | |

Ten opsigte van die *totale angstellings* kon geen beduidende groepverskille volgens *tabel 8.22* opgemerk word nie. Dit verklaar dus dat emosionele angs nie noodwendig 'n eienskap is wat met kreatiewe poësieskepping in verband gebring kan word nie. Alhoewel dié bevinding op *simptomatiese angs* en die *totale angstelling* van toepassing is, blyk dit volgens die resultate in *tabel 8.20* dat *hipotese 5* nie geheel en al verwerp kan word nie, aangesien die voorkoms van onbewuste angs by die groep potensieel kreatiewe poësieskeppers nie uitgesluit is nie. Laasgenoemde verskynsel is ook volgens *tabel 8.20* by die potensieel kreatiewe groep seuns opgemerk. Na aanleiding hiervan kan dus aanvaar word dat die voorkoms van emosionele angs by die kreatiewe poësieskepper nie uitgesluit is nie.

*Tabel 8.22: Eenrigting-variansieanalise vir die totale telling van die IPAT-Angsskaal*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | *1* | *15* | *33.40* | | | |
| | *2* | *15* | *31.06* | *2.89* | *.0664* | - |
| | *3* | *15* | *23.60* | | | |
| *Dogters:* | *1* | *15* | *44.46* | | | |
| | *2* | *15* | *40.53* | *.74* | *.4804* | - |
| | *3* | *15* | *38.73* | | | |
| *Totaal:* | *1* | *30* | *38.93* | | | |
| | *2* | *30* | *35.80* | *2.44* | *.0923* | - |
| | *3* | *30* | *31.16* | | | |

*5.7 HIPOTESE 6: Kreatiewe potensiaal, soos gemanifesteer in die persoonlikheid van die individu, hou verband met die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent*

Die *kreatiewe potensiaaltelling* is gekwantifiseer na aanleiding van 'n formule soos uiteengesit en beskryf in *hoofstuk 4.*

Volgens *tabel 8.23* blyk dit dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns) en 1 en 3 (totaal) met betrekking tot die gemanifesteerde *kreatiewe potensiaaltellings* bestaan.

Na aanleiding van die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.23)* word die rigting van die beduidende groepverskille soos volg afgelei:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (75.26) | > | Groep 3 (58.80) |
| | Groep 1 (75.26) | > | Groep 2 (64.73) |
| *Totaal:* | Groep 1 (72.56) | > | Groep 3 (59.10) |

*Tabel 8.23: Eenrigting-variansieanalise vir die gemanifesteerde kreatiewe potensiaaltellings volgens die HSPV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 75.26 | | | |
| 2 | 15 | 64.73 | 14.95 | .0000^xx^ | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 58.80 | | | 1 en 3 |
| *Dogters:* 1 | 15 | 69.86 | | | |
| 2 | 15 | 67.33 | 1.56 | .2214 | - |
| 3 | 15 | 59.40 | | | |
| *Totaal:* 1 | 30 | 72.56 | | | |
| 2 | 30 | 66.03 | 7.77 | .0008^xx^ | 1 en 3 |
| 3 | 30 | 59.10 | | | |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is naamlik dat die potensieel kreatiewe seunsgroep, en die totale groep binne hierdie kategorie, volgens die gekwantifiseerde potensiaaltellings meer kreatief blyk te wees as wat dit in die geval van die minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is.

Na aanleiding hiervan is dit dus geregverdig om *hipotese* 6 te aanvaar, naamlik dat kreatiewe potensiaal, soos gemanifesteer in die persoonlikheid van die adolessent, veral kenmerkend van die kreatiewe poësieskepper ten opsigte van seuns en die totale groep is.

5.8 *HIPOTESE 7:* *Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor besonder ryk fantasieë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is ten opsigte van hierdie produk*

Die *Imaginal Process Inventory* is as meetinstrument gebruik waarvolgens fantasie, en veral *dagdroomfantasieë*, gekwantifiseer kon word. Aangesien die verkreë itemtellings vir die verskillende subskale van die meetinstrument te klein is om geldige en betroubare afleidings te kon maak, is die subskale wat *dagdroomfrekwensies* meet, saamgevoeg om meer betroubare resultate daaruit te kon verkry. Subskale wat nie op *dagdroomfantasie* betrekking het nie, is ook vir die doel van die resultaatrapportering uitgesluit, aangesien die literatuurmotivering met betrekking tot die formulering van *hipotese 7* hoofsaaklik met die voorkoms van *dagdroomfantasieë* verband hou.

Ten opsigte van die *totaaltellings* vir *subskale 1A en 1B* (Dagdroomfrekwensies) van die *Imaginal Process Inventory* blyk dit uit *tabel 8.24* dat daar slegs in die geval van die totale telling 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde roupunttellings op die 5%-peil bestaan. Aangesien hierdie verskil volgens die *F-waarde* slegs 3.20 is, kon dit nie beduidende groepverskille volgens die *post hoc-vergelyking van Scheffé* aantoon nie. Na aanleiding hiervan word *hipotese 7* verwerp en kan daar dus nie aanvaar word dat die kreatiewe poësieskepper meer geneig tot dagdroomfantasieë as die potensieel minder en weinig kreatiewe adolessente is nie.

5.9 *HIPOTESE 8:* *Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, is meer gereed om affektiewe belewenisse te rapporteer as dié wat minder of weinig kreatief is*

Die gereedheid om emosionele belewenisse te rapporteer, kan volgens die beskrywing van die *Imaginal Process Inventory* *(hoofstuk 4)* deur geselekteerde subskale van hierdie vraelys

*Tabel 8.24: Eenrigting-variansieanalise vir die totaaltelling van subskaal 1A en 1B van die Imaginal Process Inventory: Dagdroomfrekwensie*

| Ondersoekgroepe | | N | x̄ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 29.66 | | | |
| | 2 | 15 | 31.33 | 1.25 | .2955 | - |
| | 3 | 15 | 28.40 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 35.26 | | | |
| | 2 | 15 | 35.80 | 2.96 | .0624 | - |
| | 3 | 15 | 31.80 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 32.46 | | | |
| | 2 | 30 | 33.56 | 3.20 | .0456$^{x}$ | - |
| | 3 | 30 | 30.10 | | | |

x: *Beduidend op die 5%-peil*

voorspel word. Vir die doel van die huidige ondersoek word die totaaltelling van hierdie subskale gebruik om die verband met kreatiewe poësieskepping aan te toon.

Volgens die resultate in *tabel 8.25* blyk dit dat daar geen beduidende groepverskille opgemerk kon word nie. Hierdie bevinding impliseer dus dat *hipotese 8* verwerp word en dat daar nie 'n verband tussen die gereedheid om *emosionele belewenisse* te rapporteer, en die skepping van kreatiewe poësie bestaan nie.

*Tabel 8.25: Eenrigting-variansieanalise vir die totale telling van die Imaginal Process Inventory ten opsigte van geselekteerde subskale wat affektiewe belewenisse kan voorspel*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 461.13 | | | |
| | 2 | 15 | 481.20 | .47 | .6266 | - |
| | 3 | 15 | 381.06 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 454.60 | | | |
| | 2 | 15 | 441.26 | .02 | .9847 | - |
| | 3 | 15 | 434.33 | | | |
| Totaal: | 1 | 30 | 457.86 | | | |
| | 2 | 30 | 461.23 | .29 | .7493 | - |
| | 3 | 30 | 407.70 | | | |

*5.10 HIPOTESE 9: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor 'n sterker kognitiewe taalvermoë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is*

Die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* is gebruik om kognitiewe taalvaardigheid te kwantifiseer. Die verskillende kognitiewe taalvaardighede wat vir die doel van die onderhawige ondersoek gebruik is en wat vervolgens in die bespreking van die resultate uiteengesit sal word, sluit *leesbegrip*, *spelling*, *woordeskat* en die *totaaltelling* vir die meting van taalvermoë in.

Ten opsigte van *leesbegrip*, as komponent van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets*, blyk dit volgens *tabel 8.26* dat groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (dogters); 1 en 2, 1 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil verskil.

*Tabel 8.26: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent leesbegrip van die Afrikaanse Taalvermoëtoets*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 10.26 | | | |
| 2 | 15 | 6.60 | 17.75 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 6.86 | | | 1 en 3 |
| *Dogters:* 1 | 15 | 10.73 | | | |
| 2 | 15 | 7.80 | 17.88 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 5.93 | | | 2 en 3 |
| *Totaal:* 1 | 30 | 10.50 | | | |
| 2 | 30 | 7.20 | 33.01 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 30 | 6.40 | | | 1 en 3 |
| xx: *Beduidend op die 1%-peil* | | | | | |

Die rigting van die beduidende groepverskille word soos volg uit die gemiddelde roupunttellings (*tabel 8.26*) afgelei:

*Seuns:* Groep 1 (10.26) > Groep 3 (6.86)
Groep 1 (10.26) > Groep 2 (6.60)

*Dogters:* Groep 1 (10.73) > Groep 3 (5.93)
Groep 1 (10.73) > Groep 2 (7.80)

*Totaal:* Groep 1 (10.50) > Groep 3 (6.40)
Groep 1 (10.50) > Groep 2 (7.20)

Hierdie beduidende verskille impliseer dat die potensieel kreatiewe groepe seuns, dogters en die totale groep, oor 'n *leesbegrip* beskik wat hulle positief onderskei van die groepe wat potensieel minder of weinig kreatief is in die skepping van poësie.

In *tabel 8.27* word opgemerk dat groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns); 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 (dogters); 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil met betrekking tot *spelling* as komponent van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* verskil.

Volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.27)* is die rigting van die beduidende groepverskille soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (24.26) | > | Groep 3 (16.93) |
| | Groep 1 (24.26) | > | Groep 2 (20.20) |
| *Dogters:* | Groep 1 (25.86) | > | Groep 3 (17.53) |
| | Groep 1 (25.86) | > | Groep 2 (21.60) |
| | Groep 2 (21.60) | > | Groep 3 (17.53) |
| *Totaal:* | Groep 1 (25.06) | > | Groep 3 (17.23) |
| | Groep 1 (25.06) | > | Groep 2 (20.90) |
| | Groep 2 (20.90) | > | Groep 3 (17.23) |

Die bevindinge wat hieruit afgelei kan word, is dat die seuns, dogters, en die totale groep binne die potensieel kreatiewe kategorie, oor 'n beter spelvermoë in vergelyking met die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers beskik. Dit is ook opvallend dat die potensieel minder kreatiewe dogters en die totale groep binne dié kategorie, geneig is om beduidend beter te spel as in die geval van die potensieel weinig kreatiewe groepe.

Uit die resultate in *tabel 8.28* blyk dit dat groepe 1 en 3, 2 en 3 (seuns); 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 (dogters); 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil ten opsigte van *woordeskat,* as komponent van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets,* verskil.

*Tabel 8.27: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent spelling van die Afrikaanse Taalvermoëtoets*

| Ondersoekgroepe | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: 1 | 15 | 24.26 | | | |
| 2 | 15 | 20.20 | 11.42 | .0001xx | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 16.93 | | | 1 en 3 |
| Dogters: 1 | 15 | 25.86 | | | |
| 2 | 15 | 21.60 | 18.20 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3 |
| 3 | 15 | 17.53 | | | 1 en 3 |
| Totaal: 1 | 30 | 25.06 | | | |
| 2 | 30 | 20.90 | 29.01 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3 |
| 3 | 30 | 17.23 | | | 1 en 3 |
| xx: Beduidend op die 1%-peil | | | | | |

Volgens die gemiddelde roupunttellings (*tabel 8.28*) is die rigting van die beduidende groepverskille soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (24.33) | > | Groep 3 (17.40) |
| | Groep 2 (22.06) | > | Groep 3 (17.40) |
| *Dogters:* | Groep 1 (26.33) | > | Groep 3 (19.13) |
| | Groep 1 (26.33) | > | Groep 2 (22.66) |
| | Groep 2 (22.66) | > | Groep 3 (19.13) |
| *Totaal:* | Groep 1 (25.33) | > | Groep 3 (18.26) |
| | Groep 1 (25.33) | > | Groep 2 (22.36) |
| | Groep 2 (22.36) | > | Groep 3 (18.26) |

*Tabel 8.28: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent woordeskat van die Afrikaanse Taalvermoëtoets*

| Ondersoekgroepe | | N | x̄ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 24.33 | | | |
| | 2 | 15 | 22.06 | 13.67 | .0000xx | 1 en 3 |
| | 3 | 15 | 17.40 | | | 2 en 3 |
| Dogters: | 1 | 15 | 26.33 | | | |
| | 2 | 15 | 22.66 | 30.65 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3, |
| | 3 | 15 | 19.13 | | | 1 en 3 |
| Totaal: | 1 | 30 | 25.33 | | | |
| | 2 | 30 | 22.36 | 36.61 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3, |
| | 3 | 30 | 18.26 | | | 1 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die afleiding wat uit die beduidende verskille gemaak kan word, is dat die potensieel kreatiewe groep seuns, dogters, en die totale groep binne hierdie kategorie, oor 'n beter *woordeskat* as die potensieel minder en weinig kreatiewe persone beskik. Ten opsigte van dogters en die totale groep blyk dit, soos in die geval van *spelvermoë*, dat die potensieel minder kreatiewe poësieskeppers oor 'n beduidend beter *woordeskat* as die potensieel weinig kreatiewe persone beskik.

Vir die *totaaltelling* van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* word in *tabel 8.29* opgemerk dat groepe 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 vir seuns, dogters, en die totale groep, beduidend op die 1%-peil verskil.

*Tabel 8.29: Eenrigting-variansieanalise vir die totaaltelling van die Afrikaanse Taalvermoëtoets*

| Ondersoekgroepe | N | x̄ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: 1 | 15 | 58.86 | | | |
| 2 | 15 | 48.20 | 18.82 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 |
| 3 | 15 | 40.53 | | | |
| Dogters: 1 | 15 | 62.93 | | | |
| 2 | 15 | 52.06 | 36.36 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 |
| 3 | 15 | 42.60 | | | |
| Totaal: 1 | 30 | 60.90 | | | |
| 2 | 30 | 50.13 | 49.99 | .0000xx | 1 en 2, 2 en 3, 1 en 3 |
| 3 | 30 | 41.56 | | | |

xx: Beduidend op die 1%-peil

Die gemiddelde roupunttellings (*tabel 8.29*) toon die rigting van die beduidende groepverskille soos volg aan:

*Seuns:* Groep 1 (58.86) > Groep 3 (40.53)
Groep 1 (58.86) > Groep 2 (48.20)
Groep 2 (48.20) > Groep 3 (40.53)

*Dogters:* Groep 1 (62.93) > Groep 3 (42.60)
Groep 1 (62.93) > Groep 2 (52.06)
Groep 2 (52.06) > Groep 3 (42.60)

*Totaal:* Groep 1 (60.90) > Groep 3 (41.56)
Groep 1 (60.90) > Groep 2 (50.13)
Groep 2 (50.13) > Groep 3 (41.56)

Volgens die resultate blyk dit dus dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totatle groep) meer kognitief taalvaardig as die potensieel minder en weinig kreatiewe persone is. Dit wil verder ook uit die hoër gemiddelde roupunttellings voorkom dat die potensieel minder kreatiewe persone, vir al drie kategorieë van die ondersoekgroepe, meer kognitief taalvaardig as die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers is.

Na aanleiding van die positiewe bevindinge uit die resultate, soos opgemerk in die verskillende *taalvaardigheidskomponente* en die *totaaltelling* van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets*, kan *hipotese 9* dus aanvaar word, naamlik dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, oor 'n sterker kognitiewe taalvermoë beskik in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

*5.11 HIPOTESE 10: Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, stel meer belang in belangstellingskomponente soos taal, kreatiewe denke, uitvoerende kunste en beeldende kunste in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is*

Om te bepaal of daar *belangstellings* is wat in die persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word, is die *19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)* gebruik waarvolgens die tellings van vier geselekteerde belangstellingskomponente gekwantifiseer kon word. Die komponente sluit belangstellings ten opsigte van *beeldende kunste, uitvoerende kunste, kreatiewe denke* en *taal* in.

Uit die gegewens in *tabel 8.30* blyk dit dat beduidende groepverskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 2, 2 en 3 (dogters); 1 en 2, 2 en 3 (totaal) met betrekking tot *beeldende kunste*, as belangstellingskomponent van die *19-VBV*, bestaan.

*Tabel 8.30: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent beeldende kunste van die 19-VBV*

| Ondersoekgroepe | | N | $\bar{x}$ | F-waarde | p | Groepverskille: Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns: | 1 | 15 | 15.73 | | | |
| | 2 | 15 | 22.46 | 2.88 | .0673 | - |
| | 3 | 15 | 15.06 | | | |
| Dogters: | 1 | 15 | 20.06 | | | |
| | 2 | 15 | 30.53 | 7.51 | .0016$^{xx}$ | 1 en 2 |
| | 3 | 15 | 16.33 | | | 2 en 3 |
| Totaal: | 1 | 30 | 17.90 | | | |
| | 2 | 30 | 26.50 | 9.60 | .0002$^{xx}$ | 1 en 2 |
| | 3 | 30 | 15.70 | | | 1 en 3 |
| xx: Beduidend op die 1%-peil | | | | | | |

Volgens die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.30)* kan die rigting van die groepverskille soos volg uiteengesit word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Dogters:* | Groep 1 (20.06) | $<$ | Groep 2 (30.53) |
| | Groep 2 (30.53) | $>$ | Groep 3 (16.33) |
| *Totaal:* | Groep 1 (17.90) | $<$ | Groep 2 (26.50) |
| | Groep 2 (26.50) | $>$ | Groep 3 (15.70) |

Hierdie resultate dui daarop dat die potensieel minder kreatiewe dogtersgroep, en die totale groep binne dié kategorie, meer geneig is om 'n belangstelling vir *beeldende kunste* te toon in vergelyking met die potensieel kreatiewe en weinig kreatiewe persone. Die laer gemiddelde roupunttellings by die potensieel kreatiewe groep impliseer dat hierdie belangstelling nie in die

persoonsbeeld van die kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word nie.

Ten opsigte van die komponent *uitvoerende kunste* van die *19-VBV* is daar volgens die resultate van *tabel 8.31* beduidende groepverskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 2, 1 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (totaal). Vir groepe 1 en 3 (dogters) is 'n beduidende verskil op die 5%-peil waargeneem.

*Tabel 8.31: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent uitvoerende kunste van die 19-VBV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 22.60 | | | |
| 2 | 15 | 3.13 | 48.25 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 15 | 3.93 | | | 1 en 3 |
| *Dogters:* 1 | 15 | 22.66 | | | |
| 2 | 15 | 16.06 | 4.81 | .0131$^{x}$ | 1 en 3 |
| 3 | 15 | 9.66 | | | |
| *Totaal:* 1 | 30 | 22.63 | | | |
| 2 | 30 | 9.60 | 21.63 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2 |
| 3 | 30 | 6.80 | | | 1 en 3 |

x: *Beduidend op die 5%-peil* xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.31)* dui die rigting van die beduidende groepverskille soos volg aan:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (22.60) | > | Groep 2 (3.13) |
| | Groep 1 (22.60) | > | Groep 3 (3.93) |
| *Dogters:* | Groep 1 (22.66) | > | Groep 3 (9.66) |
| *Totaal:* | Groep 1 (22.63) | > | Groep 3 (6.80) |
| | Groep 1 (22.63) | > | Groep 2 (9.60) |

*Tabel 8.32: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent kreatiewe denke van die 19-VBV*

| *Ondersoekgroepe* | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 30.33 | | | |
| 2 | 15 | 34.00 | 3.12 | .0545 | - |
| 3 | 15 | 28.20 | | | |
| *Dogters:* 1 | 15 | 31.06 | | | |
| 2 | 15 | 37.26 | 17.67 | .0000$^{xx}$ | 1 en 3 |
| 3 | 15 | 20.93 | | | 2 en 3 |
| *Totaal:* 1 | 30 | 30.70 | | | |
| 2 | 30 | 35.63 | 17.28 | .0000$^{xx}$ | 1 en 2, 1 en 3, |
| 3 | 30 | 24.56 | | | 2 en 3 |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Volgens die betekenisvolle verskille in die gemiddelde roupunt-tellings blyk dit dat die potensieel kreatiewe groep (seuns, dogters en die totale groep), op grond van 'n belangstelling in die *uitvoerende kunste*, van die potensieel weinig kreatiewe adolessente onderskei kan word. Die kreatiewe groep seuns, en die totale groep binne hierdie kategorie, toon ook 'n meer positiewe belangstelling in *uitvoerende kunste* as in die geval van die ooreenstemmende persone in die potensieel minder kreatiewe groep.

In *tabel 8.32* word opgemerk dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir groepe 1 en 3, 2 en 3 (dogters); 1 en 2, 1 en 3, 2 en 3 (totaal) met betrekking tot die komponent *kreatiewe denke* van die *19-VBV* bestaan.

Volgens die gemiddelde roupunttellings (*tabel 8.32*) is die rigting van die beduidende groepverskille soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Dogters:* | Groep 1 (31.06) | > | Groep 3 (20.93) |
| | Groep 2 (37.26) | > | Groep 3 (20.93) |
| *Totaal:* | Groep 1 (30.70) | < | Groep 2 (35.63) |
| | Groep 1 (30.70) | > | Groep 3 (24.56) |
| | Groep 2 (35.63) | > | Groep 3 (24.56) |

*Tabel 8.33: Eenrigting-variansieanalise vir die komponent taal van die 19-VBV*

| *Ondersoekgroepe* | | *N* | $\bar{x}$ | *F-waarde* | *p* | *Groepverskille: Scheffé* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* | *1* | *15* | *31.00* | | | |
| | *2* | *15* | *9.33* | *51.12* | *.0000*$^{xx}$ | *1 en 2* |
| | *3* | *15* | *6.13* | | | *1 en 3* |
| *Dogters:* | *1* | *15* | *30.86* | | | |
| | *2* | *15* | *19.46* | *12.61* | *.0001*$^{xx}$ | *1 en 2* |
| | *3* | *15* | *11.00* | | | *1 en 3* |
| *Totaal:* | *1* | *30* | *30.93* | | | |
| | *2* | *30* | *14.40* | *43.01* | *.0000*$^{xx}$ | *1 en 2* |
| | *3* | *30* | *8.56* | | | *1 en 3* |

xx: *Beduidend op die 1%-peil*

Alhoewel die groepverskille beduidend is, kan 'n belangstelling in hierdie komponent nie so sterk met die potensieel kreatiewe groep geassosieer word nie, aangesien die beduidendheid van verskille, soos opgemerk in die gemiddelde roupunttellings, eerder in die guns van die potensieel minder kreatiewe groep bestaan. 'n Moontlike verklaring hiervoor word in *hoofstuk 6* aangedui.

Die resultate in *tabel 8.33* toon aan dat groep 1 en 2, 1 en 3 (seuns); 1 en 2, 1 en 3 (dogters) en 1 en 2, 1 en 3 (totaal) beduidend op die 1%-peil vir *taal*, as komponent van die *19-VBV*, verskil.

Die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.33)* toon die rigting van die beduidende groepverskille soos volg aan:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Seuns:* | Groep 1 (31.00) | > | Groep 3 (6.13) |
| | Groep 1 (31.00) | > | Groep 2 (9.33) |
| *Dogters:* | Groep 1 (30.86) | > | Groep 3 (11.00) |
| | Groep 1 (30.86) | > | Groep 2 (19.46) |
| *Totaal:* | Groep 1 (30.93) | > | Groep 3 (8.56) |
| | Groep 1 (30.93) | > | Groep 2 (14.40) |

As gevolg van die beduidende groepverskille op die 1%-peil, asook die baie betekenisvolle verskille in die gemiddelde roupunttellings, kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers baie meer geïnteresseerd is in die *ontleding* en *waardering* van *taal* as wat dit in die geval van die potensieel minder en weinig kreatiewe persone is.

Met die uitsondering van *beeldende kunste* en *kreatiewe denke*, as komponente van die *19-VBV*, kan *hipotese 10* dus aanvaar word, naamlik dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, meer geneig is as die minder en weinig kreatiewe poësieskeppers om belang te stel in belangstellingskomponente soos *taal* en *uitvoerende kunste*.

*5.12 HIPOTESE 11: Adolessente dogters is meer geneig tot kreatiewe poësieskepping as adolessente seuns*

Die beduidende verskil op die 1%-peil ($x^2 = 18.7$) wat vir die frekwensieverdeling van die doelpopulasie (*tabel 8.34*) opgemerk word, toon aan dat *seuns* en *dogters* verskillende proposisies binne die drie kreatiwiteitskategorieë verteenwoordig.

*Tabel 8.34: Frekwensiebepaling waarvolgens $x^2$ en 'n kontingensiekoeffisiënt vir die verband tussen geslagsverskille en die skepping van kreatiewe poësie uit die doelpopulasie bereken is*

| *Ondersoekgroepe* | *F* | *% Proporsies* | $F_1$ | $F-F_1$ | $(F-F_1)^2$ | $\frac{(F-F_1)^2}{F_1}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Seuns:* 1 | 15 | 2.3 | 21.1 | -6.1 | 37.2 | 1.8 |
| 2 | 38 | 5.7 | 55.3 | -17.1 | 292.4 | 5.3 |
| 3 | 283 | 42.3 | 259.5 | 23.5 | 552.3 | 2.1 |
| *Dogters:* 1 | 27 | 4.0 | 20.9 | 6.1 | 37.2 | 1.8 |
| 2 | 72 | 10.8 | 54.7 | 17.3 | 299.3 | 5.5 |
| 3 | 233 | 34.9 | 256.5 | -23.5 | 552.3 | 2.2 |
| *Kontingensiekoeffisiënt = 0.16* | | | *Grade van vryheid: 5* | | | $x^2 = 18.7^{xx}$ |
| xx: *Beduidend op die 1%-peil* | | | | | | |

Alhoewel die *kontingensiekoeffisiënt* van 0.16 nie 'n baie betekenisvolle verband tussen geslagsverskille en kreatiewe poësieskepping aandui nie, kan uit die *proporsionele verdelings* volgens *tabel 8.34* afgelei word dat dogters (4.0%) meer as seuns (2.3%) tot kreatiewe poësieskepping geneig is. Dié bevinding word ondersteun na aanleiding van die groter proporsionele verdeling wat vir seuns (42.3%) teenoor dogters (34.9%) vir die potensieel weinig kreatiewe kategorie waargeneem is. Hiervolgens is dit dus geregverdig om te aanvaar dat dogters, in 'n groter mate as seuns, in staat is om kreatiewe poësie te skep.

### 5.13 *HIPOTESE 12: Konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en belangstelling is interafhanklike veranderlikes met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie*

Na aanleiding van die *eenrigting-variansieanalises* wat op die verskillende veranderlikes volgens *hipotese 12* toegepas is, kon uit die resultate afgelei word watter van hierdie veranderlikes identifiseringsattribute binne die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper verteenwoordig. Om te bepaal wat die interafhanklikheid van hierdie veranderlikes is, sodat die *groeplidmaatskap* van elke potensieel kreatiewe poësieskepper daaruit voorspel kan word, is van 'n *diskriminantanalise* gebruik gemaak.


Die waarde van die *diskriminantanalise* is verder ook daarin geleë dat dit volgens die diskriminantwaardes kon aantoon watter veranderlikes, na aanleiding van die interafhanklikheid daarvan, ingesluit behoort te word in 'n persoonsbeeld wat op die potensieel kreatiewe poësieskepper van toepassing is. Die verspreiding van die lede van elke groep rondom die *groepsentroïdes*, dit wil sê die waardes wat die grootste interafhanklikheid voorspel, gee nie net 'n aanduiding van die interafhanklikheid van die verskillende veranderlikes nie, maar toon ook volgens die *kanoniese funksiewaardes* aan watter mate van onafhanklikheid daar tussen die potensieel kreatiewe, minder en weinig kreatiewe groepe bestaan. Die *diskriminantanalise* kan ook na aanleiding van die groeplidmaatskap van elke proefpersoon aantoon wat die betroubaarheid ten opsigte van die beoordeling van poësie deur die verskillende beoordelaars is.

Die veranderlikes wat volgens die *diskriminantanalise* 'n besonder sterk *diskriminantfunksie* het, en waaruit die interafhanklikheid en groeplidmaatskap vir onderskeidelik seuns, dogters en die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers afgelei kon word, word op bladsy 200 aangetoon.


Tabel 8.35: Diskriminantanalise vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, kreatiewe potensiaal, kognitiewe taalvaardigheid en belangstelling

| | | Voorspelling van groeplidmaatskap | | |
|---|---|---|---|---|
| Ondersoekgroepe | N | 1 | 2 | 3 |
| Seuns: 1 | 15 | 15<br>100.0% | 0<br>0% | 0<br>0% |
| 2 | 15 | 0<br>0% | 15<br>100.0% | 0<br>0% |
| 3 | 15 | 0<br>0% | 3<br>20.0% | 12<br>80.0% |
| Dogters: 1 | 15 | 14<br>93.3% | 1<br>6.7% | 0<br>0% |
| 2 | 15 | 0<br>0% | 15<br>100.0% | 0<br>0% |
| 3 | 15 | 0<br>0% | 0<br>0% | 15<br>100% |
| Totaal: 1 | 30 | 29<br>96.7% | 1<br>3.3% | 0<br>0% |
| 2 | 30 | 1<br>3.3% | 27<br>90.0% | 2<br>6.7% |
| 3 | 30 | 0<br>0% | 5<br>16.7% | 25<br>83.3% |


Persentasie van gevalle wat korrek voorspel is:
Seuns: 93.3%  Dogters: 97.8%  Totaal: 90.0%




*Figuur 12.1: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: seuns*




*Figuur 12.2: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: dogters*




*Figuur 12.3: Diskriminantprofiel vir die voorspelling van groeplidmaatskap met betrekking tot die interafhanklikheid van veranderlikes: totale groep*

*Veranderlikes met 'n sterk diskrimantfunksie:*

- *Seuns:* Die totaaltellings vir intelligensie en divergente vermoëns; Faktor A, C, F, I, $Q_2$ en $Q_4$ van persoonlikheid; kreatiewe potensiaal (soos gemanifesteer in die persoonlikheid); die totaaltelling vir kognitiewe taalvaardigheid; kreatiewe denke en taal as komponente van belangstelling.

- *Dogters:* Die totaaltellings vir intelligensie en divergente vermoëns; Faktor A, B, C, F, O, $Q_2$ en $Q_4$ van persoonlikheid; die totaaltelling vir kognitiewe taalvaardigheid, kreatiewe denke en taal as komponente van belangstelling.

- *Totale groep:* Die totaaltellings vir intelligensie en divergente denke; Faktor A, B, C, F, O, $Q_2$ en $Q_4$ van persoonlikheid; kreatiewe potensiaal (soos gemanifesteer in die persoonlikheid); die totaaltelling vir kognitiewe taalvaardigheid; uitvoerende kunste en taal as komponente van belangstelling.

Volgens *tabel 8.35* en *figure 12.1 tot 12.3* blyk dit dat die interafhanklikheid van konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, kreatiewe potensieel, kognitiewe taalvaardigheid en belangstelling duidelik sigbaar is in die verspreiding van die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) rondom die groepsentroïde. Na aanleiding hiervan wil dit voorkom dat seuns, dogters en die totale groep binne die potensieel kreatiewe kategorie, oor persoonseienskappe beskik wat hulle, volgens *kanoniese diskriminantfunksies 1 en 2 (figure 12.1 tot 12.3)*, duidelik van die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers onderskei.

Hierdie eienskappe word gekoppel aan die veranderlikes wat, soos reeds uiteengesit, 'n diskriminantfunksie het en dus kon diskrimineer teen veranderlikes wat nie in die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit moes word nie.

In *tabel 8.35* word opgemerk dat die klassifikasie van proefpersone in die drie kreatiwiteitskategorieë baie betroubaar is, aangesien hieruit afgelei kon word dat 93.3% van die seuns, 97.8% van die dogters en 90.0% van die totale groep korrek voorspel is.

Alhoewel veranderlikes soos emosionele angs, enkele persoonlikheidsfaktore, fantasie, affektiewe prosesse en beeldende kuns, as komponent van belangstelling, nie volgens die interafhanklikheidsbepaling in die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word nie, word *hipotese 12* tog gedeeltelik aanvaar, aangesien dit volgens die resultate blyk dat konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, kreatiewe potensiaal, kognitiewe taalvermoë en belangstelling interafhanklik is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie.

## *5.14 SAMEVATTING*

Uit 'n totaal van 46 veranderlikes wat in hierdie ondersoek gebruik is, het dit geblyk dat 26 daarvan betekenisvolle resultate met betrekking tot die potensieel kreatiewe poësieskepper kon oplewer. Alhoewel 'n groot aantal van dié veranderlikes op die potensieel kreatiewe groepe seuns, dogters en die totale groep betrekking het, is daar van die veranderlikes, soos blyk uit die resultate van *hoofstuk 5*, wat slegs positiewe resultate vir elke afsonderlike groep binne die kreatiewe kategorie kon aantoon. Om 'n persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper vir seuns, dogters en die totale groep saam te stel, word die resultate vervolgens weer volledig in *hoofstuk 6* bespreek, geëvalueer en met vorige navorsingsbevindinge geïntegreer.

# HOOFSTUK 6

## BESPREKING EN EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

### 6.1 INLEIDING

In die onderhawige ondersoek is daar gepoog om 'n psigologiese persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper te konstrueer sodat dit as 'n belangrike riglyn kon dien waarvolgens die kreatief-begaafde adolessent geïdentifiseer kan word. Hierdie breë hoofdoelstelling is aangevul met sekondêre doelstellings wat voorsiening maak vir spesifieke identifiseringsattribute wat binne die psigologiese persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kan word.

Die verkreë resultate het aan die lig gebring dat heelwat van die eksperimentele hipoteses, wat na aanleiding van die verskillende doelstellings vanuit 'n literatuuroorsig geformuleer is, betekenisvolle implikasies gehad het. Om die betekenisvolheid van die resultate aan te dui, sal dit nodig wees om die bespreking in hierdie hoofstuk soos volg te struktureer:

- 'n Algemene oriëntasie waarvolgens die formulering van die doelstellings en die verskillende hipoteses vanuit 'n literatuuroorsig gemotiveer word;

- 'n bespreking en evaluering van die navorsingsresultate;

- 'n integrasie van die navorsingsresultate met die belangrikste literatuurbeskouinge, en

- die konstatering van identifiseringsbeginsels wat uit die finale bevindinge afgelei kon word.

Die veranderlikes wat as moontlike identifiseringsattribute binne die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper

ingesluit kan word, is *konvergente denke, divergente denke, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë, belangstellings* en *geslag*.

## *6.2 KONVERGENTE DENKE EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

Schepers (1979: 5) toon aan dat superieure konvergente vermoëns die belangrikste norm of algemeenste attribuut is waarvolgens begaafde kinders geïdentifiseer word. Hierdie beskouing word onderskryf deur Yarborough en Johnson (1983: 135) wat aantoon dat die problematiek rondom die identifisering van die begaafde kind in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat navorsers algemeen aanvaar dat intelligensie en begaafdheid sinoniem is. Die belangrikheid van intelligensie, as identifiseringsattribuut vir begaafdheid, kan dus nie ontken word nie en daarom is dit geregverdig om te aanvaar dat *konvergente vermoëns* as attribuut ingesluit behoort te word in 'n identifiseringsprogram wat op die *kreatief-begaafde kind* van toepassing is. Na aanleiding hiervan kon die hipotese dus gestel word dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, oor meer konvergente vermoëns beskik in vergelyking met dié wat minder of weinig kreatief is.

Volgens die resultate in *hoofstuk 5 (tabelle 8.1, 8.2 en 8.3)* blyk dit dat betekenisvolle afleidings met betrekking tot die *nie-verbale, verbale* en die *totale komponent* van *intelligensie* uit die gekwantifiseerde tellings van die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* gemaak kon word. Die beduidende groepverskille wat uit die gemiddelde roupunttellings afgelei is, het aangetoon dat die potensieel kreatiewe groep seuns, dogters en die totale groep, oor sterker konvergente vermoëns beskik in vergelyking met dié groepe wat potensieel minder of weinig kreatief is.

Die verkreë resultate het aan die lig gebring dat gemiddelde intelligensietellings van 120, 119 en 121 vir seuns; 121, 125 en 125 vir dogters, en 120, 122 en 123 vir die totale groep, kenmerkend van die potensieel kreatiewe poësieskeppers ten opsigte van onderskeidelik die nie-verbale, verbale en die totale komponent van intelligensie is. Daarteenoor is tellings van 113, 113 en 115 vir seuns; 107, 108 en 108 vir dogters, en 110, 110

en 111 vir die totale groep by die potensieel minder kreatiewe groep waargeneem. Die laer gemiddelde intelligensietellings van 105, 97 en 101 vir seuns; 105, 102 en 102 vir dogters, en 105, 99 en 102 vir die totale groep, toon aan dat die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers oor minder konvergente vermoëns beskik in vergelyking met dié wat in die potensieel kreatiewe kategorie ingesluit is.

Volgens die kategoriese indeling van intelligensietellings, soos uiteengesit in Gouws, et al. (1982: 135), wil dit dus voorkom dat die kreatiewe poësieskepper (seuns, dogters en die totale groep) as intellektueel begaafd geklassifiseer kan word, aangesien die IK-tellings vir die verskillende komponente van intelligensie vanaf 119 tot 126 wissel. Hierdie bevinding sluit aan by navorsers soos Prentky (1980: 29) wat aantoon dat die kreatiewe persoon oor 'n IK-telling van ongeveer 120 beskik, maar dat dit nie beteken dat so 'n persoon as hoogs begaafd (130 tot 139) of as uiters begaafd (140+) geklassifiseer kan word nie.

Die identifisering van begaafde kinders word tans nog in 'n groot mate gekoppel aan 'n superieure intellektuele vermoë sodat die kind wat 'n telling van minder as 130 in die konvensionele IK-toets behaal, en dus volgens die kategoriese norm nie hoogs of uiters intellektueel begaafd is nie, uitgesluit word vir die programme wat deur die buitekurrikulêre sentrums vir hoogbegaafdes aangebied word. Dit impliseer dus dat die kind wat kreatief-begaafd is, en wat moontlik nie as hoogbegaafd geïdentifiseer word nie, nie die geleentheid gebied word om sy kreatiewe potensiaal te ontplooi nie.

'n Identifiseringsbeginsel wat dus na aanleiding van bogenoemde bevindinge gekonstateer kan word, is naamlik dat superieure konvergente vermoëns wél as riglyn vir die identifisering van kreatiewe begaafdheid gebruik kan word, maar dat die IK-snypunt vir die identifisering van begaafdheid vanaf 'n telling van 130 na 120 verlaag behoort te word. Dit kan verseker dat, volgens die bevindinge van die onderhawige ondersoek, dat die potensieel kreatiewe persoon nie uitgesluit word wanneer begaafd-

heidseienskappe geïdentifiseer word nie. 'n Verdere identifiseringsbeginsel is dat konvergente vermoëns aangevul behoort te word deur ander persoonskwaliteite wat as identifiseringsattribute binne die wyer persoonsbeeld van die kreatief-begaafde persoon ingesluit kan word.

## 6.3 *DIVERGENTE DENKE EN KREATIEWE POëSIESKEPPING*

Volgens Van der Walt (1981b: 143) omvat *divergente denke* die hoër deel van die verstand en sluit die element van verbeelding in. Dit is dus dié deel van die denkproses wat op kreatiwiteit van toepassing is en verskil van konvergente denke wat as 'n nie-kreatiewe denkproses beskou kan word. Teenoor konvergente denke, wat te doen het met die bewaring van kennis sonder om iets nuuts tot stand te bring en gebruik word om 'n probleem met een bepaalde antwoord op te los, is divergente denke meer oop, minder analities en is dit 'n vermoë om 'n probleem met meer as net een moontlike antwoord op te los. Aangesien die skepping van poësie 'n kreatiewe manifestasie impliseer, kon die hipotese dus gestel word, naamlik dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, oor meer divergente vermoëns beskik in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is.

In *hoofstuk 5 (tabelle 8.4, 8.5 en 8.6)* word opgemerk dat betekenisvolle afleidings uit die resultate met betrekking tot *gemeenskaplike voorwerpe, gemeenskaplike aktiwiteite* en die *gesamentlike divergente* tellings gemaak kon word. Die resultate, soos gekwantifiseer deur die *Remote Associative Test*, dui daarop dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) meer geneig is om divergent te dink as wat dit in die geval van die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is. Die hoër gemiddelde roupunttellings wat deur die potensieel kreatiewe poësieskeppers vir die verskillende komponente van divergente behaal is, bevestig dus die veronderstelling dat die skepping van kreatiewe poësie met divergente denke geassosieer kan word.

Dié bevinding sluit aan by navorsers soos Schepers (1979: 6) en Wolters (1980: 36) wat aantoon dat die vermoë om op 'n onkonvensionele wyse produktief te dink, kreatiwiteit veronderstel en dat hierdie vorm van denke divergent van aard is. Die onkonvensionele van divergente denke, soos byvoorbeeld gemanifesteer in die skepping van kreatiewe poësie, word deur De Bono (1978: 38) ondersteun wanneer hy noem dat dit 'n manier van dink is wat "spronge" maak en in die rigting beweeg om nuwe, oorspronklike en ongewone idees voort te bring.

Na aanleiding van bogenoemde bevindinge wil dit dus voorkom dat die identifiseringsprogramme ook voorsiening behoort te maak vir die kwantifisering van divergente denke, aangesien die *kreatief-begaafde* kind divergent dink en dus nie volgens die konvensionele IK-toets geïdentifiseer kan word nie. Om te voorkom dat *kreatief-begaafdes* uitgesluit word vir programme wat deur die sentrums vir hoogbegaafdes aangebied word, is dit dus nodig dat die IK-toets aangevul behoort te word deur *kreatiwiteitstoetse* wat divergente denke kan kwantifiseer.

## 6.4 *DIE INTERAFHANKLIKE VERBAND TUSSEN KONVERGENTE EN DIVERGENTE DENKE MET BETREKKING TOT DIE SKEPPING VAN KREATIEWE POËSIE*

Volgens Yamamota (1966: 195) moet die onafhanklikheid tussen konvergente en divergente denke nie oorbeklemtoon word nie, aangesien kreatiewe vermoë die grondslag van intellektuele aktiwiteite veronderstel. Guilford (1971: 79) sluit hierby aan en glo dat die vermoë om kreatief te dink, 'n belangrike aspek van intelligensie verteenwoordig en dus 'n interafhanklikheid tussen konvergente en divergente denke impliseer. Die hipotese kon dus na aanleiding hiervan geformuleer word, naamlik dat konvergente en divergente vermoëns interafhanklik is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent.

Die verkreë resultate, soos verkry uit 'n *kovariansieanalise*, het volgens *tabel 8.7* aan die lig gebring dat die lae *F-waarde* van .00 'n hoë mate van interafhanklikheid tussen konvergente en divergente ten opsigte van die potensieel kreatiewe groep dogters aandui. Alhoewel geen positiewe resultate vir die potensieel kreatiewe groep seuns en die totale potensieel kreatiewe groep opgemerk word nie, kan die hipotese nie geheel en al verwerp word nie en moet daar na aanleiding van die betekenisvolle resultate wat met betrekking tot die dogters verkry is, aanvaar word dat daar 'n neiging vir 'n interafhanklikheid tussen konvergente en divergente denke bestaan.

Hierdie bevinding sluit aan by Prentky (1980: 47) wat aantoon dat navorsers begin besef het dat die konvergente denkkategorie ook met kreatiewe vermoëns in verband gebring kan word. Ten opsigte van vorige bevindinge is aangedui dat konvergensie, soos gemeet deur die IK-toets, tesame met divergensie, wat kreatiwiteit veronderstel, die wyer intellektuele vermoëns van 'n persoon verteenwoordig. Huidige bevindinge dui egter daarop dat daar nie 'n direkte verband tussen divergensie en IK bestaan nie, maar dat kreatiwiteit 'n interafhanklike verband tussen konvergente en divergente denke impliseer.

Die waarde van hierdie bevindinge is veral daarin geleë dat dit die belangrike rol van konvergente en divergente vermoëns, as afsonderlike en interafhanklike identifiseringsattribute, onderstreep en dat dit aantoon dat hierdie attribute ingesluit behoort te word in 'n identifiseringsprogram wat op die *kreatief-begaafde* kind van toepassing is.

## 6.5 PERSOONLIKHEID EN KREATIEWE POëSIESKEPPING

Van der Walt (1981b: 143) dui daarop dat die kreatiewe komponent van begaafdheid nie net divergente denke insluit nie, maar dat dit eerder ook dui op 'n funksionele vermoë van die persoonlikheid, naamlik die aanwending van bepaalde kognitiewe, konatiewe, emosionele en ander psigiese en noëtiese vermoëns om iets oorspronkliks en skeppends daar te stel.

Pogings om 'n algemene persoonlikheidsbeeld van die besonder kreatiewe persoon te konstrueer, is reeds deur verskeie navorsers ondersoek. Die teenstrydige navorsingsresultate wat opgelewer is, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat kreatiewe prestasies op verskillende terreine gelewer word en dat hierdie terreine ook besondere eise aan die persoon stel wat met dié spesifieke persoonlikheidskenmerke in verband gebring kan word. Uit die literatuuroorsig het dit geblyk dat kreatiwiteit en begaafdheid, ten opsigte van persoonlikheidsondersoeke, as geïsoleerde en afsonderlike komponente nagevors is, maar dat hierdie ondersoeke tog ooreenkomste met betrekking tot die voorkoms van sekere persoonlikheidstrekke kan aantoon. Volgens hierdie bevindinge, soos uiteengesit in *hoofstuk 3*, kon bepaalde subhipoteses vir die onderhawige ondersoek geformuleer en nagevors word.

- *Die kreatiewe poësieskepper is teruggetrokke, afsydig, krities en koel*

Die beduidende groepverskille op die 1%-peil wat uit die laer gemiddelde roupuntteling vir die minder kreatiewe dogters en die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers volgens *tabel 8.8* afgelei kon word, toon aan dat die adolessente in hierdie kategorieë meer geneig is om teruggetrokke, afsydig, krities en koel te wees. Dié persoonlikheidseienskap onderskei hulle dus van die potensieel weinig kreatiewe persone wat 'n hoër gemiddelde roupunttelling volgens die gekwantifiseerde *Faktor A-tellings* van die *HSPV* openbaar. Stein (1974: 58) se bevinding sluit hierby aan, aangesien dit uit sy ondersoeke blyk dat die kreatiewe persoon nie in interpersoonlike verhoudinge belangstel nie, nie sosiale interaksie wil bewerkstellig nie en introverties is.

- *Die kreatiewe poësieskepper is meer intelligent, abstrakdenkend en beskik oor sterker skolastiese en verstandelike vermoëns*

In *tabel 8.9* is opgemerk dat beduidende groepverskille op die 1%-peil vir *Faktor B* van die *HSPV* uit die hoër gemiddelde

roupunttellings ten opsigte van die kreatiewe groep dogters en die totale groep kreatiewe poësieskeppers afgelei kan word. Die hoër gemiddelde roupunttellings dui daarop dat die adolessente binne hierdie kategorieë meer intelligent en abstrakdenkend is, en dat hulle oor meer skolastiese vermoëns beskik. Dié bevinding sluit aan by Butcher (1970: 113) wat aantoon dat die kreatiewe persoon meer intellektueel-selfgenoegsaam en meer radikaal in hulle optrede as die nie-kreatiewe persone is. Van der Walt (1981a: 11) noem dat die begaafde persoon veral aan sy opmerklik hoër verstandelike vermoëns uitgeken word en dat 'n buitengewone intellektuele dryfkrag en 'n veelsydige belangstelling in idees ook kenmerkend van hierdie persone is.

- *Die kreatiewe poësieskepper is meer aantasbaar deur gevoelens en emosioneel minder stabiel*

Die laer gemiddelde roupunttellings en die beduidende groepverskille op die 1%-peil en 5%-peil *(tabel 8.10)* wat vir die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) met betrekking tot *Faktor C* van die *HSPV* waargeneem is, toon aan dat hierdie persone meer as die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers geneig is om aantasbaar deur gevoelens en emosioneel minder stabiel te wees. Dit sluit aan by Stein (1974: 59) wat bevind dat die kreatiewe persoon emosioneel minder stabiel, intuïtief en empaties is. Gevoel is ook vir die kreatiewe persoon belangriker as denke en daarom is hy meer subjektief. Ten opsigte van die onderhawige ondersoek kan ook in hierdie verband opgemerk word dat genoemde bevindinge korreleer met 'n basiese beginsel van poësieskepping, naamlik dat die stimulus daarvoor dikwels ook 'n subjektiewe bewuswording van 'n gevoelservaring is wat uiteindelik in 'n kreatiewe taalproduk manifesteer.

- *Die kreatiewe poësieskepper is onafhanklik, aggressief, laat hulle self geld en is meer dominerend*

Volgens *tabel 8.11* blyk dit dat geen beduidende groepverskille uit die gemiddelde roupunttellings vir *Faktor E* van die *HS-PV* afgelei kon word nie. Hierdie bevinding veronderstel dus dat die potensieel kreatiewe poësieskepper nie noodwendig meer onafhanklik, aggressief en dominerend as die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is nie. Die resultate van die onderhawige ondersoek verskil egter van Stein (1974: 60) wat bevind dat kreatiewe persone meer geneig is om dominant, aggressief, selfgeldend en selfgenoegsaam voor te kom. Die teenstrydige resultate kan moontlik verklaar word na aanleiding daarvan dat die bevindinge van Stein op algemene kreatiwiteit van toepassing is, terwyl dié van die onderhawige ondersoek meer spesifiek op estetiese kreatiwiteit betrekking het. In die lig hiervan wil dit dus voorkom dat die potensieel kreatiewe poësieskepper oor 'n persoonlikheidsbeeld beskik wat ten opsigte van sekere trekke afwyk van die persoonlikheidsbeeld wat vir algemene kreatiwiteit gekonstrueer is.

- *Die kreatiewe poësieskepper is pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde en het 'n sterk superego-ontwikkeling*

In *tabel 8.12* word waargeneem dat geen beduidende groepverskille uit die gemiddelde roupunttellings vir *Faktor G* van die *HSPV* afgelei kon word nie. Dié resultate impliseer dus dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers nie onderskei kon word op grond van persoonlikheidseienskappe wat met pligsgetrouheid en 'n sterk verantwoordelikheidsin verband hou nie. Die bevinding van die huidige ondersoek verskil egter van dié van navorsers soos Van der Walt (1981a: 11) en Sumption en Luecking (1960: 120) wat onderskeidelik aantoon dat die kreatiewe en begaafde persoon oor persoonlikheidseienskappe beskik wat met pligsgetrouheid en verantwoordelikheid korreleer. Die ietwat teenstrydige bevinding van die onderhawige ondersoek kan moontlik ook na aanleiding van die voorafgaande motivering verklaar word, naamlik dat die resultate van vorige navorsers met algemene kreatiwiteit en begaafdheid verband hou en dat die bevindinge van hierdie ondersoek meer spesifiek op die persoonlikheidsbeeld van die kreatiewe poësieskepper van toepassing is.

- *Die kreatiewe poësieskepper is bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens*

Die resultate in *tabel 8.13* toon aan dat die groep potensieel kreatiewe poësieskeppers op grond van die beduidende groepverskille wat vir *Faktor O* van die *HSPV* opgemerk is, onderskei kan word. Uit hierdie bevinding kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe groep dogters en die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers meer geneig is om bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens te wees. Groenewald (1970: 61) se beskouing onderskryf hierdie bevinding, aangesien hy aantoon dat die kreatiewe persoon verhoogde spanningsvlakke ervaar wat verband hou met kreatiewe oplossings vir probleme wat die persoon vir homself skep. Ten opsigte van die huidige ondersoek kan die bevinding dat die kreatiewe poësieskepper meer geneig is om bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens te wees, moontlik gekoppel word aan die spanninge en konflikte wat dikwels in die poësie manifesteer en wat ook dikwels die oorsprong van die stimulus vir die skepping van dié kreatiewe produk impliseer.

- *Die kreatiewe poësieskepper is selfgenoegsaam, vindingryk en verkies eie besluite*

Die beduidende groepverskille op die 1%-peil wat vir *Faktor* $Q_2$ van die *HSPV* uit die gemiddelde roupunttellings *(tabel 8.14)* afgelei kan word, toon aan dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns en die totale groep) geneig is om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees. Genoemde bevinding word ondersteun deur die resultate van Van der Walt (1981a: 11) en Sumption en Luecking (1960: 118) wat aantoon dat die begaafde persoon oorspronklik en vindingryk optree. Volgens laasgenoemde navorser word hierdie eienskap veral opgemerk in die skryf van gedigte, musiekkomposisies, teken, handewerk en speelaktiwiteite. Die resultate van Stein (1974: 59) ondersteun ook die bevinding van die onderhawige ondersoek wanneer hy noem dat kreatiewe persone geneig is om selfgenoegsaam, selfstandig en onafhanklik te wees.

- *Die kreatiewe poësieskepper is beheersd, sosiaal korrek, selfgedissiplineerd en besit 'n hoë mate van selfsentiment*

Die resultate vir *Faktor* $Q_3$ van die *HSPV* kon volgens *tabel 8.15* geen beduidende groepverskille aantoon nie. Hieruit word dus afgelei dat die potensieel kreatiewe poësieskepper nie noodwendig meer beheersd, sosiaal korrek en selfgedissiplineerd in vergelyking met die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is nie. Die resultate van die huidige ondersoek kon dus nie die bevindinge van Stein (1974: 60) bevestig nie, aangesien genoemde navorser bevind het dat kreatiewe persone selfgedissiplineerd en baie deeglik is en dat hulle ook oor 'n besondere werkskapasiteit beskik. Die teenstrydigheid wat ook ten opsigte van hierdie persoonlikheidstrek opgemerk word, kan net soos vir *Faktor E* en *Faktor G* moontlik toegeskryf word aan die feit dat vorige navorsers 'n persoonlikheidsbeeld vir algemene kreatiwiteit gekonstrueer het en dat die bevindinge van hierdie ondersoek op die persoonlikheidsbeeld van die kreatiewe poësieskepper van toepassing is.

- *Die kreatiewe poësieskepper is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd*

Volgens *tabel 8.16* blyk dit dat daar beduidende groepverskille op die 5%-peil vir dogters en op die 1%-peil vir seuns en die totale groep met betrekking tot *Faktor* $Q_4$ van die *HSPV* bestaan. Die hoër gemiddelde roupunttellings wat vir die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) opgemerk word, impliseer dus dat hulle meer as die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers geneig is om gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd te wees. Dié bevinding sluit aan by die resultate van MacKinnon (1965: 274) wat aantoon dat die kreatiewe persoon baie bewus is van die wêreld waarin hy hom bevind en besonder ontvanklik is vir die indrukke wat die wêreld op hom maak. Hy ervaar dus meer as die minder kreatiewe persoon en juis as gevolg van hierdie ontvanklikheid ondervind hy ook verhoogde spanningsvlakke. Poësieskepping veronderstel dan ook dat die skepper van die kreatiewe produk die wêreld om hom moet waarneem,

dat hy ontvanklik moet wees vir die indrukke wat op hom gemaak word en dat hy hierdie indrukke in die poësie sal vergestalt.

- *Die kreatiewe poësieskepper is sober, versigtig, swygsaam en neerslagtig*

Alhoewel daar nie genoegsame literatuurbeskouinge gevind is op grond waarvan subhipoteses vir *Faktor F, I en J* geformuleer kon word nie, het dit tog volgens die resultate in *tabelle 8.17 tot 8.19* geblyk dat hierdie persoonlikheidsfaktore met kreatiewe poësieskepping in verband gebring kan word.

In *tabel 8.17* word opgemerk dat beduidende groepverskille op die 5%-peil vir seuns en die totale groep met betrekking tot *Faktor F* van die *HSPV* bestaan. Uit die laer gemiddelde roupunttellings wat vir die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns en die totale groep) waargeneem is, blyk dit dat hierdie persone meer geneig is om sober, versigtig, rustig, swygsaam en neerslagtig voor te kom. Dié bevinding hou moontlik verband met die feit dat die poësieskepper, as gevolg van sy swygsaamheid, dit moeilik vind om op direkte wyse te kommunikeer sodat hy sy gewaarwordinge en gevoelens eerder in die vorm van 'n kreatiewe skepping tot die leser en hoorder rig.

- *Die kreatiewe poësieskepper is teerhartig, afhanklik, fyngevoelig en saggeaard*

Die beduidende groepverskil op die 1%-peil vir *Faktor I* van die *HSPV* toon aan dat die potensieel kreatiewe groep seuns, soos afgelei uit die hoër gemiddelde roupunttelling, meer geneig is om teerhartig, afhanklik, fyngevoelig en saggeaard in vergelyking met die seuns in die potensieel minder en weinig kreatiewe kategorieë te wees. Dit blyk dat hierdie persoonlikheidstrekke oor die algemeen kenmerkend van dogters is en dat dit moontlik die rede is waarom daar nie beduidende groepverskille ten opsigte van die dogtersgroep gevind kon word nie. Seuns wat kreatiewe poësie skep, blyk dus hiervolgens oor persoonlikheidseienskappe te beskik wat in ooreenstemming met dié van dogters

is. Van der Walt (1981b: 144) noem in hierdie verband dat twee fundamentele trekke van kreatiwiteit, naamlik sensitiwiteit en onafhanklikheid, onderskeidelik vroulike en manlike eienskappe is. Kreatiewe seuns sal dus tot verwyfdheid en dogters tot seunsagtigheid geneig wees - persoonlikheidseienskappe wat aanpassing in die portuurgroep bemoeilik. As gevolg hiervan sal kreatiewe kinders soms hulle skeppende vermoë verdoesel om sodoende hul manlikheid of vroulikheid te behou. Die verdoeseling van die skeppende vermoë impliseer dus dat die kreatief-begaafde kind nie bloot net op grond van die manifestasie van 'n kreatiewe produk geïdentifiseer kan word nie, maar dat die totale persoonsbeeld wat na aanleiding van 'n diagnostiese toetsbattery gekonstrueer is, 'n meer betroubare voorspelling van kreatiewe potensiaal veronderstel.

- *Die kreatiewe poësieskepper is weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend en onwillig om handelend op te tree*

Volgens *tabel 8.19* bestaan daar 'n beduidende groepverskil op die 5%-peil vir *Faktor J* van die *HSPV*. Uit die hoër gemiddelde roupunttelling kan afgelei word dat die totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers meer as die potensieel minder en weinig kreatiewe persone geneig is om weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties en peinsend op te tree. Die identifisering van die kreatiewe poësieskepper as 'n persoon wat geneig is om individualisties op te tree, hou moontlik verband met die feit dat die skepping van poësie opsigself 'n manifestasie van individuele en persoonlike gewaarwordinge is wat in die kreatiewe taalproduk na vore kom.

Die bevinding van die huidige ondersoek dat daar *persoonlikheidsfaktore* volgens die *HSPV* is wat met kreatiewe poësieskepping in verband staan, bevestig dus die veronderstelling dat persoonlikheid 'n attribuut is wat in 'n identifiseringsprogram ingesluit behoort te word op grond waarvan die *kreatief-begaafde* kind geïdentifiseer kan word.

## 6.6 *EMOSIONELE ANGS EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

Volgens die resultate in *tabelle 8.20 tot 8.22* blyk dit dat beduidende groepverskille op die 1%-peil alleenlik vir die komponent *Onbewuste angs* van die *IPAT-Angsskaal* opgemerk kon word. Uit die hoër gemiddelde roupunttellings (tabel 8.20) kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe groep (seuns en die totale groep) meer onbewuste angs ervaar in vergelyking met die ooreenstemmende persone wat in die potensieel minder en weinig kreatiewe kategorieë ingesluit word. Dié bevinding word bevestig deur Butcher (1970: 114) wat aantoon dat kreatiewe persone oor die algemeen 'n hoër angspeil as nie-kreatiewe persone openbaar. Uit sy navorsing het dit geblyk dat die voorkoms van neurotiese eienskappe onder wetenskaplikes betreklik min voorgekom het, terwyl die voorkomssyfer van neurose onder skrywers, skilders en komponiste relatief hoog was.

Aangesien geen betekenisvolle bevinding met betrekking tot die *totale angstelling* opgemerk kon word nie, blyk dit dat, alhoewel die komponent *Onbewuste angs* van die *IPAT-Angsskaal* beduidende resultate opgelewer het, die bevindinge van die onderhawige ondersoek dit nie regverdig dat *emosionele angs* as attribuut in 'n identifiseringsprogram vir die *kreatief-begaafde* kind ingesluit kan word nie.

## 6.7 *KREATIEWE POTENSIAAL EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

Die resultate in *tabel 8.23* toon aan dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir die *gemanifesteerde kreatiewe potensiaaltellings* volgens die *HSPV* bestaan. Na aanleiding van die hoër gemiddelde roupunttellings blyk dit dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns en die totale groep) oor meer *kreatiewe potensiaal* beskik in vergelyking met dié persone wat potensieel minder of weinig kreatief in die skepping van poësie is. Dié bevinding sluit aan by die uiteensetting volgens die handleiding van die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys* (RGN, 1967: 8) waarin aangetoon word dat kreatiwiteit in noue verband met persoonlikheid, vermoë en temperament staan

en dat die *HSPV-profiel* dus na aanleiding van die kwantifisering van hierdie veranderlikes nuttig gebruik kan word om die potensiaal vir kreatiwiteit veral vir seuns en die totale groep te voorspel.

Dit is opvallend om op te merk dat 'n groot aantal van die *persoonlikheidsfaktore* wat volgens die *HSPV* gebruik is om kreatiewe potensiaal te kwantifiseer, betekenisvolle resultate ten opsigte van die verband met kreatiewe poësieskepping opgelewer het. Op grond hiervan is dit dus geregverdig om aan te beveel dat die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys* 'n noodsaaklike meetinstrument is wat ingesluit behoort te word in 'n identifiseringsprogram wat op die *kreatief-begaafde* kind van toepassing is.

## *6.8 FANTASIE EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

Die resultate in *tabel 8.24* wat uit die geselekteerde *dagdroomfantasieskale* volgens die *Imaginal Process Inventory* verkry is, toon aan dat daar geen beduidende groepverskille bestaan nie. Hiervolgens kan dus afgelei word dat die potensieel kreatiewe poësieskepper nie noodwendig oor beduidend meer dagdroomfantasieë beskik in vergelyking met die potensieel minder of weinig kreatiewe poësieskeppers nie. Dit wil dus voorkom dat dié bevinding teenstrydig met die literatuurbeskouinge is, aangesien dit volgens 'n psigoanalitiese benadering blyk dat kreatiewe persone geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp, met die gevolg dat hulle fantasieë, wat 'n manifestasie van onbewuste denke is, vrylik toegang tot die bewuste het. In dié verband noem Maslow (1962: 96) dat baie kinders kreatief is juis as gevolg van die feit dat hulle baie selde onbewuste impulse verdring.

Die teenstrydige bevinding van die onderhawige ondersoek hou moontlik verband met die feit dat die literatuurbeskouinge baie teoreties gefundeer is en dat, sover vasgestel kan word, weinig empiriese navorsing in dié verband onderneem is. Dit blyk ook dat die *Imaginal Process Inventory* nie voldoende was om dagdroomfantasieë te kwantifiseer nie. In die lig hiervan wil dit dus voorkom dat *fantasie* nie as attribuut ingesluit kan word in 'n program waarvolgens die kreatief-begaafde kind geïdentifiseer kan word nie.

## 6.9 *AFFEKTIEWE PROSESSE EN KREATIEWE POëSIESKEPPING*

Volgens *tabel 8.25* word opgemerk dat geen beduidende groepverskille ten opsigte van die geselekteerde subskale van die *Imaginal Process Inventory*, wat *affektiewe belewenisse* kan voorspel, bestaan nie. Dié bevinding impliseer dus dat die adolessent wat kreatiewe poësie skep, nie meer gereed is om affektiewe belewenisse te rapporteer as dié wat minder of weinig kreatief is nie. Volgens die literatuuroorsig in *hoofstuk 3* blyk dit dat daar uiteenlopende beskouinge in verband met die affektiewe proses bestaan en dat dit gekoppel word aan gebrekkige en onbetroubare eksperimentele gegewens. Alhoewel enkele teoretiese beginsels in die literatuuroorsig aangedui is, het dit geblyk dat die rol van affektiewe prosesse met betrekking tot kreatiwiteit nog nie werklik empiries nagevors is nie. Die onbeduidende resultate van die onderhawige ondersoek kan dus moontlik hieraan toegeskryf word, maar kan ook verband hou met die feit dat die skepping van poësie 'n gemanifesteerde gevoelservaring is. Laasgenoemde word deur Müller (1970: 20) weerspreek wanneer hy noem dat poësie ook die gevoelskomponent kan uitsluit.

In die lig hiervan wil dit dus voorkom dat die potensieel kreatiewe poësieskepper nie op grond van die gereedheid om affektiewe belewenisse te rapporteer, geïdentifiseer kan word nie.

## 6.10 *KOGNITIEWE TAALVERMOë EN KREATIEWE POëSIESKEPPING*

Die resultate volgens *tabelle 8.26 tot 8.29* toon aan dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir die komponente *leesbegrip, spelling, woordeskat* en die *totaaltelling* van die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* bestaan. Uit die gemiddelde roupunttellings kan afgelei word dat die potensieel kreatiewe poësieskepper oor sterker taalvermoëns beskik in vergelyking met dié persone wat potensieel minder of weinig kreatief ten opsigte van poësieskepping is. Hierdie bevinding sluit aan by die literatuurbeskouing van Müller (1970: 7) wat aantoon dat 'n persoon oor 'n besondere taalvermoë moet beskik en dat sy denke georden en taalgebruik verfyn moet wees alvorens hy dit produktief in 'n nuwe en oorspronklike taalproduk kan manifesteer. Smith (1976: 87) noem ook in dié verband dat taalontwikkeling

kulmineer wanneer 'n persoon in staat is om sy skriftelike taalgebruik kreatief aan te wend.

Na aanleiding van die bevinding uit die onderhawige ondersoek kan dus gekonstateer word dat 'n verfynde taalontwikkeling en 'n sterk kognitiewe taalvermoë attribute binne die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper verteenwoordig en dat die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* dus 'n waardevolle meetinstrument is om sodanige persone te identifiseer.

### *6.11 BELANGSTELLING EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

In *tabelle 8.30 tot 8.33* word opgemerk dat daar beduidende groepverskille vir *beeldende kunste*, *uitvoerende kunste*, *kreatiewe denke* en *taal* as komponente van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)* bestaan. Volgens die gemiddelde roupunttellings in *tabel 8.30* blyk dit dat die resultate vir die komponent *beeldende kunste* positief ten opsigte van die potensieel minder kreatiewe poësieskeppers is en dat geen betekenisvolle bevindinge vir die potensieel kreatiewe poësieskeppers daaruit afgelei kon word nie.

Uit die beduidende groepverskille en die hoër gemiddelde roupunttellings (*tabel 8.31*) wat vir die komponent *uitvoerende kunste* van die *19-VBV* opgemerk is, kan afgelei word dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) meer in die *uitvoerende kunste* belangstel as wat dit in die geval van die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is. Alhoewel geen betekenisvolle bevindinge vir die komponent *beeldende kunste* uit die resultate afgelei kon word nie, blyk dit tog dat die positiewe bevinding van die onderhawige ondersoek met betrekking tot die komponent *uitvoerende kunste* aansluit by die navorsingsresultate van Trollinger (1983: 94) wat aantoon dat die kreatiewe persoon hoër tellings behaal het in belangstellingsvelde soos *skryfwerk*, *kuns* en *handwerk*.

Volgens die resultate in *tabel 8.32* wil dit voorkom dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers meer belangstel in die komponent *kreatiewe denke* van die *19-VBV* as wat dit in die geval

van die potensieel weinig kreatiewe poësieskeppers is. Uit die gemiddelde roupunttellings word egter opgemerk dat die potensieel minder kreatiewe poësieskeppers hoër tellings in hierdie belangstellingskomponent behaal en dat hulle dus, in vergelyking met die potensieel kreatiewe poësieskeppers, meer in *kreatiewe denke* belangstel. Hierdie ietwat teenstrydige navorsingsbevinding kan moontlik gekoppel word aan die feit dat die vrae van die *19-VBV* nie net verband hou met 'n belangstelling in die uitvoering van skeppende werk nie, maar dat dit ook 'n aanduiding gee van 'n persoon se belangstelling in die gebruik van logiese denke om vraagstukke op te los.

Die resultate in *tabel 8.33* toon aan dat daar beduidende groepverskille op die 1%-peil vir die komponent *taal* van die *19-VBV* bestaan. Die hoër gemiddelde roupunttellings impliseer dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) meer belangstel in die waardering van letterkunde en die praktiese aanwending en ontleding van taal as wat dit in die geval van die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskeppers is. Hierdie bevinding sluit ook aan by dié van Trollinger (1983: 94) wat, soos reeds vermeld, noem dat kreatiewe persone geneig is om 'n belangstelling vir *skryfwerk* te toon.

Aangesien die resultate van die huidige ondersoek aantoon dat daar belangstellings is wat met kreatiewe poësieskepping geassosieer kan word, wil dit voorkom asof die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* as nuttige meetinstrument gebruik kan word om sodanige persone te identifiseer. Die waarde van so 'n vraelys is veral ook daarin geleë dat dit nie net op kreatiewe begaafdheid van toepassing is nie, maar dat persone se belangstellings vir wyduiteenlopende begaafdheidstudierigtings soos staatkundig-wysgerige studie, taal- en literatuurstudie, skeppende en uitvoerende kunste, kommunikasiestudie, informatika, sterrekunde en die studie van elektronika hiervolgens geïdentifiseer kan word.

## *6.12 GESLAGSVERSKILLE EN KREATIEWE POËSIESKEPPING*

Navorsingsresultate het aan die lig gebring dat daar nog nie eenstemmigheid bereik kon word in 'n poging om die verband

tussen *geslagsverskille* en kreatiewe begaafdheid te verklaar nie. Volgens Barron (1963: 221) is die meeste navorsing in verband met kreatiwiteit veral rondom mans en kinders gesentreer en verklaar dit in die lig van dié beskouing dat intellektuele kreatiwiteit minder by die vrou voorkom. Taylor (1975: 79) koppel die kreatiewe gebrek by die vrou aan 'n verskeidenheid faktore en meen dat heelwat navorsing nog gedoen kan word om te bepaal of dit toegeskryf kan word aan sosiale en kulturele faktore, verskille in rolverwagtinge en -moontlikhede of aan die meer basiese psigologiese en biologiese verskille.

Helson (1968: 35) verklaar hierdie verskille in terme van Erich Newmann se fenomenologiese beskrywing van *patriargale* en *matriargale bewustheid.* Eersgenoemde word beskryf as doelgerig, objektief en analities wat verband hou met 'n meganiese of logiese oorsaak. In matriargale bewustheid is die psige gevul met emosionele inhoude en weerspieël onbewuste prosesse. Aangesien die skepping van poësie 'n manifestasie van emosionele belewenisse kan wees en volgens die *psigoanalitiese benadering* in noue verband met die onbewuste staan, kon die hipotese vir die huidige ondersoek dus gestel word dat adolessente dogters meer as adolessente seuns tot kreatiewe poësieskepping geneig is.

Volgens die resultate in *tabel 8.34* kon uit die beduidende verskil op die 1%-peil afgelei word dat seuns en dogters verskillende proporsies binne die drie kreatiwiteitskategorieë verteenwoordig. Die implikasie hiervan is dus dat die voorkoms van kreatiewe poësieskepping by die adolessent ook deur *geslagsverskille* gedetermineer word.

Die mate van verwantskap wat tussen geslag en die skepping van kreatiewe poësie bestaan, kon uit *tabel 8.34* volgens die betekenisvolle *proporsionele verdelings* en die positiewe *kontingensiekoeffisiënt* waargeneem word. Die groter proporsies vir onderskeidelik dogters in die potensieel kreatiewe kategorie en seuns in die potensieel weinig kreatiewe kategorie toon aan dat dogters dus meer tot kreatiewe poësieskepping in staat is as seuns.

Hierdie bevinding word ondersteun deur navorsers soos Buffery en Gray wat volgens Prentky (1980: 128) beweer dat geslagsverskille in die ontwikkeling van die menslike brein se topografie verklaar waarom die vroulike geslag superieur ten opsigte van taalvaardigheid is. Aangesien die skepping van poësie 'n *estetiese kunsvorm* is, kan in dié verband ook verwys word na De Haan en Havighurst (1962: 29) wat bevind dat begaafdes 'n sterk disposisie tot intellektuele bedrywigheid toon en dat hulle, veral die *vroulike geslag,* sterker *esteties* ingestel is.

## 6.13 DIE INTERAFHANKLIKHEID VAN KOGNITIEWE, KONATIEWE EN AFFEKTIEWE VERANDERLIKES MET BETREKKING TOT KREATIEWE POËSIESKEPPING

Volgens Van der Walt (1981b: 143) dui die kreatiewe komponent van begaafdheid op 'n funksionele vermoë van die persoonlikheid, naamlik die aanwending van bepaalde kognitiewe, konatiewe, emosionele en ander psigiese en noëtiese vermoëns om iets oorspronkliks en skeppends daar te stel. Dié beskouing regverdig dus die hipotese dat konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en belangstelling interafhanklike veranderlikes is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie.

Die resultate, volgens die *diskriminantanalise,* het aan die lig gebring dat dit veral konvergente en divergente vermoëns, persoonlikheidsfaktore, kreatiewe potensiaal, kognitiewe taalvermoë en belangstelling is wat 'n interafhanklike verband met kreatiewe poësieskepping toon. Hierdie bevinding sluit aan by die literatuurbeskouinge van Guilford, Prentky, Smith, Singer, Jordaan, Master, Guilford, et.al., Erasmus en Pelser wat in hulle navorsingsondersoeke 'n interafhanklike verband tussen enkele relevante veranderlikes kon aantoon.

Guilford (1971: 79) veronderstel dat kreatiwiteit met divergente denke gassosieer word en verklaar na aanleiding hiervan dat kreatiewe vermoë die grondslag vir intellektuele aktiwiteite is. Prentky (1980: 29) sluit hierby aan en noem dat daar wel 'n positiewe korrelasie tussen kreatiwiteit en intelligensie be-

staan, maar dat dit nie die superieure intelligensievlakke verteenwoordig nie. Volgens genoemde navorsingsresultate blyk dit dus dat daar 'n interafhanklike korrelasie tussen *konvergente en divergente vermoëns* bestaan en dat dit die bevindinge van die onderhawige ondersoek ondersteun.

Smith skryf in die inleiding tot die werk *Cognition and affect* deur Antrobus (1970) dat *kognisie* en *affek* interafhanklike komponente veronderstel. Hierdie beskouing impliseer ook dat kognitiewe gebeure en affektiewe toestande 'n raamwerk bied waarbinne dagdrome bestudeer kan word. Volgens Singer (1970: vi) is dagdrome 'n kognitiewe vaardigheid wat gebruik kan word om affektiewe toestande te weeg te bring. Jordaan (1975: 475) onderskryf die interafhanklike verband tussen *kognisie* en *affek* en meen dat daar sprake van 'n emosie is indien 'n persoon die gevoel wat hy ervaar, met 'n betekenisvolle stimulussituasie, naamlik 'n kognitiewe inhoud, in verband bring.

Alhoewel dit uit die resultate van die huidige ondersoek geblyk het dat *dagdroomfantasieë* nie 'n positiewe diskriminantfunksie gehad het om as interafhanklike veranderlike geïdentifiseer te kon word nie, beteken dit nie dat *kognisie* en *affek* as onafhanklike veranderlikes bestaan nie. Die negatiewe resultate ten opsigte van fantasie en die gereedheid om affektiewe belewenisse uit dagdrome te rapporteer, kan in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat die *Imaginal Process Inventory*, wat as meetinstrument gebruik is om dagdroomfrekwensies te kwantifiseer, nie voldoende was om aan die doel te beantwoord nie. Die totaaltellings van elke subskaal van die vraelys blyk te laag te wees om betekenisvolle resultate te kon oplewer. 'n Verdere verklaring vir die negatiewe resultate is moontlik ook daarin geleë dat die skepping van poësie nie noodwendig deur 'n gevoelservaring gestimuleer word nie en dat die oorsprong van die stimulus dikwels rasioneel en kognitief van aard is.

Die bevinding dat *kognitiewe taalvermoë* 'n positiewe interafhanklike diskriminasiefunksie kon aantoon, word ondersteun

deur Master (1983: 162) wat bevind dat 'n uitgebreide woordeskat een van die belangrikste eienskappe van intellektueel-begaafde persone is. Guilford, Scheuerle en Shonburn (1981: 159) sluit hierby aan en noem dat superieure konvergente vermoëns verband hou met 'n buitengewone en gevorderde woordeskat, 'n betekenisvolle aanwending van verskillende taalsimbole en verbale gedrag wat vlotheid, duidelikheid en 'n "rykheid" van uitdrukkings insluit.

Volgens die resultate van die onderhawige ondersoek het dit geblyk dat daar nie 'n positiewe diskriminantfunksie met betrekking tot die interafhanklikheid van affektiewe prosesse as onafhanklike veranderlike bestaan nie, en dat die afleiding dus gemaak kan word dat hierdie veranderlike nie interafhanklik ten opsigte van die kognitiewe en konatiewe veranderlikes is nie. Dié resultate is ietwat teenstrydig, aangesien dit uit die literatuurbeskouinge wil voorkom dat die literêre kunswerk 'n kognitiewe taalmanifestasie is wat 'n gevoelsreaksie verbeeld. Erasmus (1982: 45) noem in die verband dat taal juis die besondere eienskap besit dat dit inderdaad 'n draer van affek is waardeur die kind in affektiewe kontak en verhouding tot die wêreld van sy medemens kan toetree. Die teenstrydigheid van die resultate is moontlik daarin geleë dat, ten spyte van die meetinstrument wat nie voldoende was om affektiewe prosesse te kwantifiseer nie, die literêre kunswerk nie noodwendig 'n manifestasie van gevoelservaringe is nie en dat rasionele en kognitiewe ervaringe ook in 'n kunswerk verbeeld kan word.

Pelser (1982: 4) meen dat daar 'n duidelike interafhanklike verband tussen persoonlikheid en belangstelling bestaan. Die bevinding van die huidige ondersoek sluit hierby aan, aangesien in die resultate opgemerk is dat *Faktor A, B, C, F, O,* $Q_2$ *en* $Q_4$ van die *HSPV* en belangstellings soos *uitvoerende kunste, kreatiewe denke* en *taal,* as komponente van die *19-VBV,* positiewe diskriminantfunksies ten opsigte van die interafhanklikheid kon aantoon.

Na aanleiding van die veranderlikes wat as identifiseringsattribute geïdentifiseer is en die interafhanklike verband wat met

betrekking tot enkele kognitiewe en konatiewe veranderlikes opgemerk is, kan gekonstateer word dat die potensieel kreatiewe poësieskeppers (seuns, dogters en die totale groep) oor 'n persoonsbeeld beskik wat hulle van die potensieel minder en weinig kreatiewe poësieskepper onderskei.

## 6.14 GEVOLGTREKKINGS

Ten opsigte van die verskillende *hipoteses* wat *eksperimenteel-psigologies* nagevors is, is bevind dat

- *konvergente vermoëns*, soos gemanifesteer in die *nie-verbale, verbale* en *totale intelligensietellings*, verband hou met die skepping van kreatiewe poësie;

- *divergente denke* met kreatiewe poësieskepping geassosieer kan word;

- *konvergente* en *divergente denke interafhanklik* is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie;

- die potensieel kreatiewe poësieskepper op grond van 'n eiesoortige *persoonlikheidsbeeld* onderskei kan word;

- die potensieel kreatiewe poësieskepper meer *kognitief taalvaardig* as die potensieel minder en weinig kreatiewe persone is;

- *belangstellings* in *uitvoerende kunste* en *taal* kenmerkend van die potensieel kreatiewe poësieskepper is;

- *dogters* meer tot kreatiewe poësieskepping in staat is as seuns, en

- dat 'n *persoonsbeeld* van die potensieel kreatiewe poësieskepper gekonstrueer kon word as gevolg van die interafhanklikheid wat tussen *kognitiewe* en *konatiewe* veranderlikes bestaan.

Die *persoonsbeeld* wat na aanleiding van hierdie bevindinge vir *seuns*, *dogters* en die *totale groep potensieel kreatiewe poësieskeppers* saamgestel is, sluit die volgende *identifiseringsattribute* in:

- *Adolessente seuns* wat as potensieel kreatiewe poësieskeppers gekategoriseer is, beskik oor bogemiddelde konvergente (intellektuele) en divergente vermoëns - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel en toon min egosterkte - is sober, versigtig, ernstig en swygsaam - is teerhartig, afhanklik, oorbeskermd en fyngevoelig - is geneig om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees - is gespanne, aangedrewe en gefrustreerd - ervaar onbewuste angs - is potensieel tot kreatiewe denke in staat - beskik oor sterk kognitiewe taalvaardighede en toon 'n belangstelling vir taal en uitvoerende kunste.

- *Adolessente dogters* wat kreatiewe poësie skep, beskik oor bogemiddelde konvergente (intellektuele) en divergente vermoëns - is intelligent en meer abstrakdenkend - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel en toon min egosterkte - is skaam, beheersd, onvrymoedig en sku - is bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig en geneig tot skuldgevoelens - is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd - beskik oor 'n sterk kognitiewe taalvaardigheid en toon 'n belangstelling vir kreatiewe denke, taal en uitvoerende kunste.

- Die *totale groep adolessente* wat as potensieel kreatiewe poësieskeppers geklassifiseer is, beskik oor bogemiddelde konvergente (intellektuele) en divergente vermoëns - is meer teruggetrokke, afsydig, krities en koel - is intelligent en meer abstrakdenkend - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel, toon min egosterkte en is veranderlik - is sober, versigtig, ernstig en swygsaam - is meer weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend en onwillig om

handelend op te tree - is meer bevrees, bekommerd, neerslagtig, onrustig en geneig tot skuldgevoelens - is geneig om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees - is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd - ervaar onbewuste angs - is potensieel tot kreatiewe denke in staat - beskik oor 'n sterk kognitiewe taalvaardigheid en toon 'n belangstelling vir kreatiewe denke, taal en uitvoerende kunste.

Die onbeduidende resultate wat ten opsigte van *fantasie* en *affektiewe prosesse* gevind is, verklaar waarom hierdie veranderlikes nie in die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kon word nie.

Na aanleiding van hierdie bevindinge wil dit dus voorkom dat 'n *identifiseringsprogram* saamgestel kan word op grond waarvan die adolessent wat potensieel tot kreatiewe poësieskepping in staat is, geïdentifiseer kan word. Dit blyk uit die bevindinge dat so 'n program voorsiening behoort te maak vir *meetinstrumente* wat positiewe resultate ten opsigte van die huidige ondersoek kon oplewer. Dié meetinstrumente sluit die volgende in:

- Die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* waarvolgens *konvergente denke* na aanleiding van die konvensionele verbale, nie-verbale en totale intelligensietellings gekwantifiseer kan word;

- die *Remote Associative Test* wat as *kreatiwiteitstoets* gebruik kan word om die verbale komponent van *divergente vermoëns* te meet;

- die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys* vir die identifisering van 'n *persoonlikheidsbeeld* en die kwantifisering van *kreatiewe potensiaal* ;

- die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* vir die meting van *kognitiewe taalvaardigheid,* en

- die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* waarvolgens vasgestel kan word of die *belangstellings* met *uitvoerende kunste, taal* en *kreatiewe denke* korreleer.

Aangesien geen betekenisvolle resultate volgens die *IPAT-Angsskaal* en die *Imaginal Process Inventory* verkry kon word nie, word dit noodwendig as meetinstrument uitgesluit in 'n identifiseringsprogram wat op die potensieel kreatiewe poësieskepper van toepassing is.

## 6.15 EVALUERING EN AANBEVELINGS

Daar is gepoog om deur middel van hierdie ondersoek 'n bydrae te lewer tot 'n verheldering van die problematiek wat rondom die identifisering van die begaafde kind sentreer. Aangesien heelwat begaafde kinders as gevolg van 'n gebrek aan duidelike identifiseringsnorme nie as begaafd geklassifiseer word nie, kon dié ondersoek riglyne aandui waarvolgens die kind, wat *kreatief-begaafd* is, geïdentifiseer kan word.

Die relatief klein steekproef wat in die ondersoek gebruik is, het egter meegebring dat daar nie op 'n hoë mate van veralgemening aanspraak gemaak kan word nie. Dié leemte word verklaar na aanleiding daarvan dat net vyf van die tien skole wat die aanvanklike doelpopulasie verteenwoordig het, geskik was om as doelpopulasie te dien waaruit die steekproef vir die huidige ondersoek getrek kon word. Die onvermoë van die kind om kreatiewe poësie te skep, word veral weerspieël in die feit dat slegs 15 seuns en 27 dogters uit die totale doelpopulasie as potensieel *kreatief-begaafd* ten opsigte van poësieskepping gekategoriseer is. Alhoewel die steekproef relatief klein is en breë veralgemenings dus nie gemaak kan word nie, het dit volgens die resultate van die *diskriminantanalise* geblyk dat 'n hoë mate van betroubaarheid aan die kategorisering van die proefpersone gekoppel word en dat hierdie bevinding impliseer dat aanspraak op veralgemenings nie volkome uitgesluit is nie.

Aangesien die proefpersone die *adolessensie-ontwikkelingsfase* verteenwoordig, is die bevindinge van die huidige ondersoek nie van toepassing op persone wat buite die ouderdomsgrense van dié fase val nie. Die potensieel kreatiewe adolessent mag moontlik 'n andersoortige persoonsbeeld openbaar in vergelyking met die potensieel kreatiewe kind wat homself in 'n vroeër ontwikkelingsfase bevind. Hiervolgens blyk dit dat die geskiktheid van 'n identifiseringsprogram wat na aanleiding van die ondersoek saamgestel is, grotendeels op die senior sekondêre fase van die hoërskoolkind betrekking het.

Die skepping van poësie, wat as kreatiwiteitsvorm vir die onderhawige ondersoek gebruik is, regverdig ook nie 'n moontlike aanspraak daarop dat die bevindinge met ander *kreatiwiteits- en begaafdheidsvorme* vereenselwig kan word nie. Uit die ondersoek het dit geblyk dat poësieskepping 'n *kreatiewe taalmanifestasie* is en dat dit dus onrealisties sou wees om te aanvaar dat die *persoonsbeeld* wat na aanleiding van hierdie kreatiewe produk gekonstrueeer is, op die breë terrein van *kreatiewe begaafdheid* van toepassing is.

In die lig van hierdie evaluering word die volgende riglyne en aanbevelings aangedui wat moontlik kan bydra om die identifisering van die begaafde kind nog meer sinvol te maak:

- *Superieure intellektuele vermoëns* blyk 'n belangrike identifiseringsnorm te wees, maar moet nie as die enigste maatstaf vir die identifisering van al die verskillende begaafdheidsvorme gesien word nie. Uit die onderhawige ondersoek wou dit voorkom dat die kind wat *kreatief-begaafd* ten opsigte van poësieskepping is, oor 'n bogemiddelde intelligensie beskik, maar dat dit nie noodwendig superieure intellektuele vermoëns impliseer nie.

- Meer spesifieke identifiseringsprogramme en -norme moet ontwikkel word, aangesien uit die bevindinge van die huidige ondersoek afgelei kan word dat *kreatiewe begaafdheid* meer as net kreatiewe poësieskepping veronderstel. Dié kreatiewe produk is slegs 'n komponent van *estetiese kreatiwiteit*

wat aantoon dat die identifiseringsattribute van die huidige ondersoek nie ook op al die ander estetiese kreatiwiteitsvorme, soos byvoorbeeld musiek, uitvoerende en beeldende kunste, van toepassing is nie. Die breë terrein van *estetiese kreatiewe begaafdheid* is verder ook onafhanklik van *wetenskaplike, tegnologiese* en *hibridiese kreatiwiteit.* Hierdie bevinding sluit aan by die vorige aanbeveling, naamlik dat *intellektuele vermoëns,* wat 'n identifiseringsattribuut vir *intellektuele begaafdheid* is, nie noodwendig gebruik kan word om al die verskillende begaafdheidsvorme te identifiseer nie.

- 'n Soortgelyke navorsingsondersoek as dié word aanbeveel waarin meer as een begaafdheidsvorm ingesluit word. Na aanleiding van so 'n ondersoek kan vasgestel word of daar betekenisvolle identifiseringsattribute vir elke afsonderlike begaafdheidsvorm bestaan. 'n Verdere aanbeveling is dat so 'n ondersoek verskillende ontwikkelingsfases van die kind behoort in te sluit om daarvolgens te bepaal of ooreenstemmende identifiseringsattribute vir die verskillende fases waargeneem kan word.

## *6.16 SLOTOPMERKING*

Die belangrikste doelstelling van die ondersoek was om na aanleiding van kreatiewe poësieskepping, wat 'n *estetiese begaafdheidsmanifestasie* is, 'n *persoonsbeeld* te konstrueer op grond waarvan die *kreatief-begaafde kind* deur middel van 'n meer wetenskaplik-gefundeerde identifiseringsprogram geïdentifiseer kan word. Die bydrae wat dié ondersoek kon lewer, is veral daarin geleë dat 'n *diagnostiese toetsprogram* na aanleiding van die verskillende identifiseringsattribute saamgestel kon word wat as riglyn kan dien om die *begaafde kind* meer sinvol te identifiseer.

# *HOOFSTUK 7*

## *SAMEVATTING*

Die problematiek rondom die identifisering van die begaafde kind word in die jongste tyd al hoe meer besef, sodat navorsers hulle ten doel stel om betekenisvolle attribute aan te dui waarvolgens hierdie kinders geïdentifiseer kan word. *Superieure intellektuele vermoëns* is huidiglik nog een van die algemeenste kriteria wat gebruik word om die begaafde kind ten opsigte van verskillende en uiteenlopende *begaafdheidsvorme* te onderskei.

*Kreatiewe begaafdheid* blyk 'n begaafdheidsvorm te wees waaroor daar nog weinig navorsing gedoen is in 'n poging om kinders binne hierdie kategorie te identifiseer. Na aanleiding hiervan was die belangrikste doelstelling van die huidige ondersoek gewees om, vanuit 'n *kreatiwiteits- en begaafdheidsperspektief*, 'n *persoonsbeeld* te konstrueer op grond waarvan die *kreatief-begaafde kind* geïdentifiseer kan word. Om aan die hoofdoelstelling te beantwoord, is die *skepping van poësie* as manifestasie van kreatiewe begaafdheid gebruik om, met betrekking tot die sekondêre doelstellings van die ondersoek, te bepaal of daar *identifiseringsattribute* is wat binne die *persoonsbeeld* van die *kreatiewe poësieskepper* ingesluit kan word.

Volgens die literatuuroorsig wou dit voorkom dat *konvergente* of *intellektuele vermoëns, divergente denke, persoonlikheidseienskappe, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë* en *belangstellings* moontlike attribute binne die *persoonsbeeld* van die *kreatief-begaafde persoon* verteenwoordig. Hierdie afleidings kon op grond van die volgende *literatuurbevindinge* gemaak word:

- *Konvergente en divergente denke* - Meer resente navorsing dui daarop dat daar wel 'n positiewe korrelasie tussen

*konvergente* of *intellektuele vermoëns* en kreatiwiteit bestaan, maar dat dit nie noodwendig die *superieure-intelligensievlakke* verteenwoordig nie. Daar is verder bevind dat persone met 'n hoë intelligensiekwosiënt nie noodwendig kreatief is nie, maar dat *kreatiewe begaafdheid* besondere intelligensievermoëns veronderstel. Uit die literatuurbevindinge wou dit ook voorkom dat kreatiwiteit nie net divergente denke insluit, soos voorheen algemeen aanvaar is nie, maar dat die belangrikheid van konvergente denke ook benadruk word. Kreatiwiteit word hiervolgens in terme van die *interafhanklikheid* van *konvergente* en *divergente vermoëns* verklaar.

- *Persoonlikheidseienskappe* - Daar is bevind dat die kreatiwiteitsgraad, begaafdheid en die effektiewe aanwending van intelligensie deur ander *nie-kognitiewe* faktore beïnvloed word. In dié verband blyk dit dat kreatiwiteit en begaafdheid, alhoewel in die verlede meestal geïsoleerd nagevors, 'n ooreenstemmende verband ten opsigte van bepaalde *persoonlikheidstrekke* openbaar. Hiervolgens is uit die literatuurbevindinge afgelei dat die kreatiewe en begaafde persoon oorspronklik, vindingryk, meer intelligent en abstrakdenkend is. Hulle is ook onafhanklik, krities, volhardend, selfgenoegsaam, verkies eie besluite, is beheersd, self-gedissiplineerd en gespanne. 'n Teenstrydigheid in die literatuur wat in hierdie ondersoek nagevors moes word, is die verskil in navorsingsresultate wat betref die voorkoms van neurotiese gedragsvorme.

- *Fantasie* - Volgens die bevindinge in die literatuuroorsig is *fantasie* 'n onbewuste, nie-waarneembare geestesaktiwiteit wat hoofsaaklik teoreties gefundeer is en waarvan die belangrikheid met betrekking tot kreatiewe skepping nog nie werklik empiries bewys kon word nie. In hierdie verband is opgemerk dat kreatiewe persone geneig is om repressie as verdedigingsmeganisme te verwerp sodat die onbewuste denke, waarvan *dagdroomfantasieë* 'n manifestasie is, vrylik toegang tot die bewuste verkry. Alhoewel *psigoanalities* gefundeer, blyk dit uit die literatuur dat daar wel 'n moontlike verband tussen *kreatiewe begaafdheid* en die voorkoms van *dagdroomfantasieë* kan bestaan.

- *Affektiewe prosesse* - Uit die literatuurbevindinge is opgemerk dat die gereedheid en gebruik van *innerlike emosionele ervaringe* om tot kreatiewe denke te lei, veral beïnvloed word deur die kognitiewe stimulussituasie en die responssterkte wat daardeur ontlok word. Volgens hierdie teoretiese beginsel wil dit voorkom dat die manifestasie van 'n *literêr-kreatiewe taalproduk* dikwels deur 'n *emosie* met 'n kognitiewe stimulus ontlok is, en dat dit met die hulp van kognitiewe prosesse en persoonlikheidsfaktore tot produktiewe denke kon lei. Hierdie bevinding impliseer dus dat *affektiewe ervaringe, kognitiewe denke* en *persoonlikheidsfaktore* interafhanklike komponente binne die proses van kreatiewe skepping verteenwoordig.

- *Kognitiewe taalvermoë* - Volgens die literatuurbeskouinge is *taalontwikkeling* 'n geordende proses wat normaal verloop vanaf die aanleer van taal, dit wil sê vanaf die kind se eerste ervaringe en kommunikasie met ander, totdat dit begin kulmineer wanneer taal so verfyn is dat dit kreatief aangewend kan word. Dit het ook geblyk dat taal 'n *begaafdheidsmanifestasie* is, aangesien dit 'n *kognitiewe vaardigheid* impliseer wat met die intellektuele vermoë van die kind verband hou. In die literatuur is verder gekonstateer dat *taal* en *denke* interafhanklike ontwikkelingsprosesse is waaruit afgelei kon word dat taal, as *kreatiewe begaafdheidsmanifestasie,* die verband tussen 'n *verfynde taalontwikkeling* en 'n *geordende denksisteem* suggereer.

- *Belangstelling* - Enkele ondersoeke wat onderneem is om 'n verband tussen kreatiwiteit en belangstelling aan te dui, het aan die lig gebring dat 'n eiesoortige belangstellingspatroon kenmerkend van die kreatiewe persoon is. In hierdie verband is gevind dat kreatiewe persone betreklik ongeïnteresseerd is in min besonderhede, eerder in die betekenis en implikasies van feite belangstel, verbaal baie bekwaam en intellektueel baie weetgierig is. Die moontlikheid dat daar 'n verband tussen 'n belangstelling in *taal* en kreatiewe poësieskepping kan bestaan, word versterk deur die navorsingsresultate wat 'n positiewe korrelasie tussen 'n belangstelling in *skryfwerk* en kreatiwiteit kon aantoon. Die navorsingsbevinding dat kreatiewe perso-

ne ook 'n belangstelling vir *kuns* toon, versterk die veronderstelling dat belangstellingskomponente soos *uitvoerende* en *beeldende kunste* met kreatiewe poësieskepping geassosieer kan word. Aangesien die skepping van poësie self 'n kreatiewe manifestasie is, is dit baie waarskynlik dat dit korreleer met *kreatiewe denke* as belangstellingskomponent van die *19-Veld-Belangstellingsvraelys*. Hierdie komponent gee 'n aanduiding van 'n persoon se belangstelling in die gebruik van logiese denke vir die oplossing van vraagstukke en vir die uitvoering van skeppende werk.

Alhoewel *geslagsverskille* nie noodwendig 'n identifiseringsattribuut verteenwoordig wat binne die persoonsbeeld van die kreatief-begaafde persoon ingesluit kan word nie, is in die literatuuroorsig opgemerk dat dit tog 'n rol kan speel in die skepping van 'n *kreatiewe taalkunswerk*. Dit blyk veral uit navorsingsgegewens wat aantoon dat die *vroulike geslag* oor die algemeen meer superieur ten opsigte van taalvaardighede as die manlike geslag is. In aansluiting hiermee is in die literatuur bevind dat die groter *emosionaliteit* by die vroulike geslag, tesame met die feit dat die vrou oor die *vermoë beskik om idees uit die onbewuste* vir haar skeppingswerk te verkry, die moontlikheid versterk dat die vroulike geslag meer kreatief-begaafd ten opsigte van die skepping van 'n taalkunswerk as die manlike geslag sal wees.

Die veronderstelling dat kreatiewe begaafdheid 'n omvattende begrip is wat die *kognitiewe, affektiewe* en die *konatiewe* aspekte van die *psige* behels, impliseer volgens die literatuurbeskouinge 'n *interafhanklike* verband tussen 'n groot aantal veranderlikes wat binne die wyer *psigologiese persoonsbeeld* van die kreatief-begaafde persoon ingesluit kan word.

Volgens die bevindinge in die literatuur het dit verder geblyk dat kreatiewe vaardighede veral in die *adolessensie-ontwikkelingsfase* begin kulmineer, met die gevolg dat proefpersone in hierdie ontwikkelingsfase as uiters geskik vir die onderhawige ondersoek gevind is.

Die verskillende *eksperimentele hipoteses* wat na aanleiding van die literatuurbevindinge geformuleer en op die *adolessent* van toepassing gemaak kon word, sluit die volgende in:

- *Hipotese 1:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer konvergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 2:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor meer divergente vermoëns in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 3:* Konvergente en divergente denke is interafhanklik met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie

- *Hipotese 4:* Adolessente wat kreatiewe poësie skep, openbaar bepaalde persoonlikheidstrekke wat hulle onderskei van die adolessent wat minder of weinig kreatiewe poësie skep

- *Hipotese 4.1:* Die kreatiewe poësieskepper is meer teruggetrokke, afsydig, krities en koel

- *Hipotese 4.2:* Die kreatiewe poësieskepper is meer intelligent, abstrakdenkend en beskik oor sterker skolastiese en verstandelike vermoëns

- *Hipotese 4.3:* Die kreatiewe poësieskepper is meer aantasbaar deur gevoelens en is emosioneel minder stabiel

- *Hipotese 4.4:* Die kreatiewe poësieskepper is onafhanklik, laat hulle self geld en is meer dominerend

- *Hipotese 4.5:* Die kreatiewe poësieskepper is pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde en het 'n sterk superego-ontwikkeling

- *Hipotese 4.6:* Die kreatiewe poësieskepper is bevreesd, bekommerd, onrustig en geneig tot skuldgevoelens

- *Hipotese 4.7:* Die kreatiewe poësieskepper is selfgenoegsaam, vindingryk en verkies eie besluite

- *Hipotese 4.8:* Die kreatiewe poësieskepper is beheersd, sosiaal korrek, self-gedissiplineerd en besit 'n hoë mate van selfsentiment

- *Hipotese 4.9:* Die kreatiewe poësieskepper is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd

- *Hipotese 5:* Adolessente wat kreatiewe poësie skep, is meer geneig om emosionele angs te ervaar in vergelyking met dié wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 6:* Kreatiewe potensiaal, soos gemanifesteer in die persoonlikheid van die individu, hou verband met die skepping van kreatiewe poësie by die adolessent

- *Hipotese 7:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor ryk dagdroomfantasieë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 8:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, is meer gereed om affektiewe belewenisse te rapporteer as dié wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 9:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, beskik oor 'n sterker kognitiewe taalvermoë in vergelyking met die adolessent wat minder of weinig kreatief is

- *Hipotese 10:* Die adolessent wat kreatiewe poësie skep, stel meer belang in belangstellingskomponente soos

taal, kreatiewe denke, beeldende en uitvoerende kunste

- *Hipotese 11:* Adolessente dogters is meer geneig tot kreatiewe poësieskepping as adolessente seuns

- *Hipotese 12:* Konvergente vermoëns, divergente vermoëns, persoonlikheid, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en belangstelling is interafhanklike veranderlikes met betrekking tot die skepping van poësie

Om die verskillende hipoteses eksperimenteel-psigologies te toets, is gebruik gemaak van 'n *steekproef* wat uit drie groepe seuns en drie groepe dogters bestaan het en wat, op grond van die gehalte van die poësie, in drie kreatiwiteitskategorieë ingedeel is. Volgens die beoordeling van die poësie het dit geblyk dat daar weinig proefpersone is wat aan die vereistes ten opsigte van *literêr-teoretiese, estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels* kon voldoen om in die kreatiewe kategorie ingesluit te word. Uit 'n totale doelpopulasie van 668 proefpersone kon slegs 15 seuns en 27 dogters as potensieel kreatiewe poësieskeppers gekategoriseer word. Van die oorblywende proefpersone is die poësie van 72 dogters en 38 seuns as potensieel minder kreatief, en 233 dogters en 283 seuns as potensieel weinig kreatief beoordeel en gekategoriseer. Aangesien dit geblyk het dat slegs 15 seuns potensieel kreatief is, is hierdie aantal gebruik om op ewekansige wyse te bepaal watter proefpersone in die verskillende kategorieë van die steekproef ingesluit kon word.

Die *meetinstrumente* wat vir die ondersoek gebruik is, het die volgende ingesluit:

- Die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets* waarvolgens *konvergente denke* na aanleiding van die verbale, nie-verbale en die totale intelligensietellings gekwantifiseer kon word;

- die *Remote Associative Test* wat as *kreatiwiteitstoets* gebruik is om die verbale komponent van *divergente vermoëns* te meet;

- die *Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys* vir die identifisering van 'n *persoonlikheidsbeeld* en die kwantifisering van *kreatiewe potensiaal;*

- die *IPAT-Angsskaal* om 'n moontlike verband tussen *emosionele angs* en kreatiewe poësieskepping te kon aandui;

- die *Imaginal Process Inventory* om vas te stel of die voorkoms van *dagdroomfantasieë* en die gereedheid om *affektiewe belewenisse* te rapporteer, met kreatiewe poësieskepping geassosieer kan word;

- die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* vir die meting van *kognitiewe taalvaardigheid*, en

- die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* waarvolgens vasgestel kon word of belangstellings soos *beeldende kunste, uitvoerende kunste, taal* en *kreatiewe denke* met die skepping van kreatiewe poësie in verband gebring kan word.

Die resultate van die ondersoek is op grond van die volgende *statistiese tegnieke* verkry:

- 'n *Eenrigting-variansieanalise* waarvolgens uit die beduidendheid van die groepverskille afgelei kon word of daar 'n verband tussen die skepping van kreatiewe poësie en identifiseringseienskappe soos konvergente denke, divergente denke, persoonlikheidsfaktore, kreatiewe potensiaal, emosionele angs, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë en bepaalde belangstellingskomponente bestaan.

- Die *eenrigting-variansieanalise* is aangevul met die *post hoc-vergelyking van Scheffé* waarvolgens die groepe wat beduidend van mekaar verskil, geïdentifiseer kon word.

- 'n Analise van *kovariansie* is uitgevoer om, volgens die grootte van die *F-waarde,* aan te toon of daar 'n interafhanklike verband tussen konvergente- en divergente denke binne en tussen die onderskeie kreatiwiteitskategorieë bestaan.

- Die *Chi-kwadraattoets* is gebruik om te bepaal of die frekwensies ten opsigte van die kategoriese doelpopulasie vir seuns en dogters beduidend verskil. Hieruit kon afgelei word wat die rol van *geslagsverskille* met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie is nadat 'n *kontingensiekoeffisiënt* volgens die *Chi-kwadraat* bereken is om die mate van verwantskap tussen hierdie veranderlikes aan te dui.

- Deur middel van 'n *diskriminantanalise* kon vasgestel word watter mate van *interafhanklikheid* tussen konvergente denke, divergente denke, persoonlikheidsfaktore, kreatiewe potensiaal, emosionele angs, fantasie, affektiewe prosesse, kognitiewe taalvermoë, belangstelling en geslag met betrekking tot kreatiewe poësieskepping bestaan. Hieruit kon ook afgelei word watter kombinasie van veranderlikes met die potensieel kreatiewe poësieskepper geassosieer kan word.

Na aanleiding van die verskillende *hipoteses* wat *eksperimenteel-psigologies* nagevors is, is bevind dat

- *konvergente vermoëns,* soos gemanifesteer in die *nie-verbale, verbale* en *totale intelligensietellings,* verband hou met die skepping van kreatiewe poësie;

- *divergente denke* 'n vermoë is wat met kreatiewe poësieskepping geassosieer kan word;

- *konvergente* en *divergente denke interafhanklik* is met betrekking tot die skepping van kreatiewe poësie;

- die potensieel kreatiewe poësieskepper op grond van 'n eiesoortige *persoonlikheidsbeeld* onderskei kan word;

- die potensieel kreatiewe poësieskepper meer *kognitief taalvaardig* as die potensieel minder en weinig kreatiewe persone is;

- *belangstellings* in *uitvoerende kunste* en *-taal* kenmerkend van die potensieel kreatiewe poësieskepper is;

- *dogters* meer tot kreatiewe poësieskepping in staat is as seuns, en

- dat 'n *persoonsbeeld* van die potensieel kreatiewe poësieskepper gekonstrueer kon word as gevolg van die *interafhanklike* verband wat tussen *kognitiewe* en *konatiewe* veranderlikes bestaan.

Die *persoonsbeeld* wat na aanleiding van hierdie bevindinge vir *seuns, dogters* en die *totale groep potensieel kreatiewe poësieskepper* saamgestel is, sluit die volgende *identifiseringsattribute* in:

- *Adolessente seuns* wat potensieel kreatiewe poësie skep, beskik oor bogemiddelde konvergente en divergente vermoëns - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel en toon min egosterkte - is sober, versigtig, ernstig en swygsaam - is teerhartig, afhanklik, oorbeskermd en fyngevoelig - is geneig om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees - is gespanne, aangedrewe en gefrustreerd - ervaar onbewuste angs - is potensieel tot kreatiewe denke in staat - beskik oor sterk kognitiewe taalvaardighede en toon 'n belangstelling vir taal en uitvoerende kunste.

- *Adolessente dogters* wat as potensieel kreatiewe poësieskeppers gekategoriseer is, beskik oor bogemiddelde konvergente en divergente vermoëns - is intelligent en meer abstrakdenkend - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel en toon min egosterkte - is skaam, beheersd, onvrymoedig en sku - is bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig en geneig tot skuldgevoelens - is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd - beskik oor 'n sterk kognitiewe taalvaardigheid en toon 'n belangstelling vir kreatiewe denke, taal en uitvoerende kunste.

- Die *totale groep adolessente* wat as potensieel kreatiewe poësieskeppers geklassifiseer is, beskik oor bogemiddelde konvergente en divergente vermoëns - is meer teruggetrokke, afsydig, krities en koel - is intelligent en meer abstrakdenkend - is meer aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, word maklik ontstel, toon min egosterkte en is veranderlik - is sober, versigtig, ernstig en swygsaam - is meer weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend en onwillig om handelend op te tree - is meer bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig en geneig tot skuldgevoelens - is geneig om eie besluite te verkies, selfgenoegsaam en vindingryk te wees - is gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd - ervaar onbewuste angs - is potensieel tot kreatiewe denke in staat - beskik oor 'n sterk kognitiewe taalvaardigheid en toon 'n belangstelling vir kreatiewe denke, taal en uitvoerende kunste.

Die onbeduidende resultate wat veral ten opsigte van *fantasie* en *affektiewe prosesse* gevind is, verklaar waarom dit nie as identifiseringsattribute in die persoonsbeeld van die potensieel kreatiewe poësieskepper ingesluit kon word nie.

Volgens die bevindinge van die ondersoek het dit dus geblyk dat 'n *identifiseringsprogram* saamgestel kon word op grond waarvan die adolessent wat potensieel tot kreatiewe poësieskepping in staat is, geïdentifiseer kan word. Die *Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets*, wat huidiglik nog as een van die belangrikste *meetinstrumente* gebruik word om die *begaafde kind* volgens sy *superieure intellektuele vermoëns* te identifiseer, behoort aangevul te word deur 'n toetsprogram wat meer spesifiek op die *kreatief-begaafde kind* van toepassing is. In dié verband kon uit die bevindinge van die huidige ondersoek afgelei word dat sodanige persone nie noodwendig oor *superieure intellektuele vermoëns* beskik nie en dat hulle dus moontlik as hoogbegaafdes uitgesluit kan word. As riglyn vir die identifisering van *kreatiewe begaafdheid* word aanbeveel dat, alhoewel nie op alle kreatiewe begaafdheidsvorme van toepassing nie, *meetinstrumente* soos die *Remote Associative Test* of ander relevante *kreatiwiteitstoetse*, die *Hoërskool-Per-*

*soonlikheidsvraelys* en die *19-Veld-Belangstellingsvraelys* in so 'n toetsprogram ingesluit behoort te word. Die *Afrikaanse Taalvermoëtoets* kan ook veral van waarde wees ten opsigte van begaafdheidsvorme wat met *kreatiewe taalmanifestasies* verband hou.

# BYLAE A

## LITERêR-TEORETIESE, ESTETIESE EN KREATIWITEITSBEGINSELS WAARVOLGENS DIE POëSIE BEOORDEEL EN GEKATEGORISEER IS

### 1. INLEIDING

Die implikasie dat poësieskepping 'n volledige en suiwer manifestasie van die menslike gees is, en dus die aanwending van bepaalde kognitiewe, konatiewe en affektiewe vermoëns insluit, bring mee dat dit ook hiervolgens beoordeel en gekategoriseer moes word. Na aanleiding hiervan is *literêr-teoretiese, estetiese* en *kreatiwiteitsbeginsels* in aanmerking geneem op grond waarvan die beoordeling, evaluering en kategorisering kon plaasvind.

Alhoewel daar veral ten opsigte van die literêr-teoretiese beginsels duidelike beoordelingsmaatstawwe en riglyne in die literatuur aangedui is, sou dit onregverdig en onrealisties wees om die poësie van die adolessent volgens dieselfde norme te beoordeel wat byvoorbeeld op 'n N P van Wyk Louw, 'n D J Opperman en 'n Elizabeth Eybers van toepassing is. Binne die verwysingsraamwerk van die voorgeskrewe leerplanne en die ervaringsveld van die kind sou dit meer aanvaarbaar wees om volgens die bestaande norme nie noodwendig literêre kritiek uit te spreek nie, maar om die potensiaal vir die skepping van kreatiewe poësie waar te neem en die evaluering daarvolgens te doen. Daarom sal dit ook in die resultate van die huidige ondersoek opgemerk word dat die beoordeling en kategorisering van poësie na die verskillende potensialiteitsvlakke van kreatiwiteit verwys, eerder as wat dit veronderstel dat die taalproduk volgens literêre, estetiese en kreatiwiteitsbeginsels 'volmaak' kreatief behoort te wees.

## 2. *LITERêR-TEORETIESE BEGINSELS*

Die kreatiewe aard van poësie lê in 'n groot mate opgesluit in die wyse waarop die verskillende literêre 'boustene' of struktuurmomente funksioneel en oorspronklik aangewend word, sodat rasionele, irrasionele, emosionele en fantasiebelaaide belewenisse in 'n gestruktureerde taaleenheid kan manifesteer.

Volgens Müller (1970: 7) kan alle struktuurmomente van taal, naamlik klank, betekenis, woordgroep, sintaksis, ens., in die kunswerk betrek word. Aangesien die taal, met sy klankvorme en semantiese aspekte, steeds as *'n eenheid* funksioneer, kan daar geen kreatiewe taalspel wees sonder sekere wete- (of kennis-) konsekwensies nie. Die unieke gebruik van taal in 'n literêre kunswerk bring mee dat die leser 'n belewenis en 'n besondere perspektief op die getransformeerde werklikheid verkry. Belewenisse word uit die raamwerk van die konvensionele sienings en opvattings op 'n besondere wyse uitgehef, sodat dit op onkonvensionele wyse na vore kom teen die gewoonteagtergrond of werklikheid waarvan dit normaalweg 'n deel is. In dié verband merk Antonissen (1966: 220) soos volg op:

> *"Kuns is in wese geen 'afbeelding' of 'nabootsing' van die 'werklikheid' nie; dit weerspieël en reproduseer ongetwyfeld iets en in heelwat gevalle baie van die 'werklikheid', maar dit is kuns juis vir sover dit die 'werklikheid' oorstyg en (dus) transformeer, reïnterpreteer, herontdek, nuwe samehange ontdek en máák."*

Ten opsigte van die huidige ondersoek is dit nodig om bepaalde literêr-teoretiese riglyne aan te dui waarvolgens die verskillende struktuurelemente binne die taalkunswerk as geïntegreerde 'boustene' funksioneer. Verder sal daar ook gelet word op die

taalmatige manifestasie om te bepaal wat die kreatiwiteitsgraad van die poësie is. Spangenberg (1980: 97) noem in die verband dat daar duidelik afgebakende *beginsels* bestaan waarvolgens 'n gedig *ontleed* kan word:

- Dit is eerstens belangrik om vas te stel wat die gedig sê, uitbeeld of suggereer. Die getransformeerde belewenis wat in die taalkunswerk verbeeld word, moet dus vir die leser en vertolker verstaanbaar wees. Dit veronderstel uiteraard dat elke woord en versreël se betekenis en implikasies sover moontlik begryp moet word. In die geval van gedigte waarvan die betekenis of implikasies nie voor-die-hand-liggend en duidelik is nie, sal die leser heelwat moet interpreteer. *Interpretasie*, dit wil sê die verklaring, vertolking en verduideliking daarvan, behels volgens Spangenberg (1980: 97) onder meer die volgende, naamlik dat:

    - die betekenis van vreemde en neologistiese woorde verklaar moet word;

    - wanneer daar om sintaktiese redes iets duisters aan 'n versreël is (byvoorbeeld as gevolg van gedurfde inversies of uiteenplasings, of om welke rede ook al), daardie versreël eers in meer 'normale', verstaanbaarder taal oorgeskryf behoort te word;

    - alle verwysings in die gedig nagegaan en verklaar word;

    - die metafore in die gedig, en waar nodig, ook die vergelykings geïnterpreteer en verklaar sal word;

    - die simboliek in simboliese gedigte, die metaforisering in die gedig as uitgebreide metafoor en die 'beeld' en 'toepassing' in beeld-toepassing-gedigte verstaan word;

    - die paradokse en ironieë in die gedig geïdentifiseer, verklaar en sover moontlik op die funksie en effek daarvan gewys word;

- waar toepaslik, die innerlike samehange in die gedig aangetoon sal word;

- wanneer die insigte van 'n gedig (of bepaalde insigte daarin) baie ondubbelsinnig 'n verwantskap toon met insigte in ander gedigte, daardie verwantskap aangetoon behoort te word.

- Nadat die gedig *geïnterpreteer* is ten einde die insigte daarvan aan te toon en om aan te dui wat die gedig sê, suggereer of uitbeeld, moet vervolgens kommentaar gelewer word oor die *metrum*, *klank* en *ritme* van die gedig. Ten opsigte van niemetriese verse moet aangetoon word watter ritmiserings-, intensiverings- en struktureringsprinsipes die gedig vertoon in die plek van die 'afwesige' metrum en rym.

- Kommentaar moet gelewer word oor die rol en funksie van *stylfigure* wat in die gedig voorkom. Die woord *stylfiguur* kan in Afrikaans as oorkoepelende term gebruik word vir sowel "figure of speach" (inversie, retoriese vraag, polisindeton, parallelisme, ens.) as "figure of thought" of "trope" (sinekdogee, hiperbool, ironie, ens.). *Stylfigure* is uiteraard ook belangrike *stileringsbeginsels* wat die taal van die gedig kreatief stileer en distansieer van die gewone en konvensionele gesprekstaal. Een van die mees komposisionele middele is *parallelisme*, soos dit onder meer gevind word in *klankherhaling* (byvoorbeeld alliterasie en assonansie), in *woordherhaling*, in die *herhaling van versreëls* (byvoorbeeld die refrein), in *gedagteparallelisme* en in die *parallelle sinskonstruksies*. Dié middele, maar veral *klank*, is volgens Gräbe (1983: 51) 'n selektor met 'n sterk rigtinggewende funksie in die kreatiewe proses.

- Wanneer die samehange, korrespondensies en herhalings in die gedig aangetoon word, word daar ook implisiet kommentaar gelewer op *die bou* van die gedig. Die samehange en herhalings beklemtoon nie net die hoofinsigte in die gedig nie, maar bou en struktureer die gedig tot 'n hegte eenheid.

Die ontleding van 'n gedig volgens genoemde beginsels impliseer noodwendig ook die *evaluering* van die kunswerk. Wanneer 'n bepaalde woord, reëls of beeld suggestief of meerduidig gebruik word, veronderstel dit dat die geslaagdheid daarvan as kreatief beskou kan word. Wanneer *ekspressiewe* en *suggestiewe metriese variasies* opgemerk word, of wanneer aangetoon kan word hoedat die ritme en klank van 'n gedig andersins suggestief is (soos byvoorbeeld met *klanksimboliek*), dan veronderstel dit dat die klank en ritme van die gedig geslaagd of kreatief is. Die eksplisiete vorme van evaluering kom na vore wanneer daar byvoorbeeld aangedui word of die beelde en simbole in 'n gedig treffend en oorspronklik of stereotiep is, en of daar gesogthede of inkonsekwensies in die beelding (en simboliek) of in enige ander aspek van die gedig is.

Op grond van genoemde *literêr-teoretiese beginsels* probeer Spangenberg (1980: 116) aantoon wat die onderskeid tussen 'n *goeie* en 'n *swak* gedig is. Daardeur wil hy ook by implikasie aandui wat die verskil tussen *kreatiewe* en *nie-kreatiewe* poësie is.

- Hiervolgens blyk dit dat 'n *swak gedig* gekenmerk word deur taal-, woord- en beeldgebruik wat konvensioneel (gemeenplasig) is en waarin die insigte stereotiep en oorvereenvoudigd (simplisties) is. Dit bevat ook swakhede soos onsamehangendheid, onduidelikheid, veelwoordigheid, niksseggende herhalings van feitlik sinonimiese woorde, sentimentalitiet en die onfunksionele aard van klank en ritme of ander swakhede in die klank en ritme, soos byvoorbeeld metrum- en rymdwang.

- 'n *Goeie gedig* word gekenmerk deur insigte, taal-, woord- en beeldgebruik wat oorspronklik (kreatief) en samehangend is, en waarin die suggestiewe gebruik van klank en ritme duidelik in die gedig na vore kom.

## 3. *ESTETIESE BEGINSELS*

Die beoordeling van die affektiewe komponent van poësieskepping hou veral verband met die *estetiese waarderingsgesindheid*

wat daar met betrekking tot hierdie kreatiewe handeling geopenbaar word. Volgens Müller (1970: 17) is die estetiese van 'n kunswerk veral geleë in die harmoniese strukturering van taalmiddele waardeur 'n eenheid tot stand kom waarin 'n besondere 'werklikheid' vervat is. Wanneer gevind word dat die kunswerk werklik 'n hegte struktuur is, dat 'n eie 'wêreld' volkome daarin geaktualiseer word, dan is die werk esteties *goed* of *mooi*.

Die term 'esteties' dui op 'n bepaalde houding, 'n instelling waarvolgens die mens hom op sekere voorwerpe (gewoonlik dié van die kuns) rig. Hierdie houding of instelling word gewek en voortgebring deur die besondere aard van die voorwerpe self. Die estetiese van 'n taalkunswerk impliseer dat die waardes van klank, ritme, sintaktiese bewegings en betekenisse deur hulle besondere samewerking en integrasie omgesit is in *estetiese waardes* en deel geword het van 'n *estetiese geheel*. Gräbe (1983: 50) sluit hierby aan en noem dat die buite-sintaktiese verbande versoenbaar moet wees met die geheelinterpretasie van die gedig - anders sou 'n "kreatiewe" leser moontlik in die versoeking kon kom om onwaarskynlike betekenisse in die gedig "in te lees".

Alhoewel die estetika as psigologiese verskynsel die afgelope aantal jare intensief nagevors is, kon daar nog nie werklik 'n antwoord gevind word op die vraag waarom die mens 'n waarneembare estetiese ervaring geniet nie. Child (1978: 111) stel dit dan ook soos volg:

> "... *aesthetic theory seems to have been started, and to have been repeatedly invigorated, by an effort to understand why people act and experience in the capacity of appreciators or consumers of the arts.*"

Kreitler en Kreitler (1972: 6) haal twee teorieë aan op grond waarvan dié verskynsel probeer verklaar word:

Die bydrae van die *psigoanalitiese teorie* hou hoofsaaklik verband met die oorsake en oorsprong van die genot wat met die belewenis van 'n estetiese kunswerk ondervind word. Volgens hierdie teorie bestaan daar by die volwasse persoon behoeftes en begeertes wat weens fiksasie en repressie gedeeltelik kinderlik of primitief gebly het. Die bevrediging van hierdie behoeftes en begeertes is in die weg gestaan deur sosiale reëls en standaarde of deur die norme wat in die superego geïnterneer is. Die waarneming en ervaring van estetiese kunswerk verskaf plaasvervangende fantasiebevrediging vir hierdie onbevredigde begeertes in 'n gesublimeerde sosiaal-aanvaarbare vorm. Die bevrediging word moontlik gemaak deur dieselfde meganismes wat geld vir drome en dagdrome. Die latente-inhoud van die kunswerk, versluier deur simbolisering, vervanging en ander vorme van verdraaiing, aktiveer die onderdrukte begeertes sodat dit in die fantasie bevredig word. Holland (1975: 52) sluit hierby aan en verklaar soos volg:

> *"The psychoanalytic theory of literature holds that the writer expresses and disguises childhood fantasies."*

Die leser verwerk onbewustelik die fantasie-inhoud van die literêre kunswerk met sy eie voorstelling van hierdie fantasieë sodat dit tot 'n bepaalde waarderingsgesindheid kan lei.

Die bydrae van die psigoanalitiese teorie is dus geleë in die verklaring van die trefkrag van latente-inhoude, asook in die metode wat gebruik word vir die ontsyfering van hierdie inhoude.

Die belangrikste kritiek teen die psigoanalitiese teorie is dat die metode voorsiening maak vir te veel uiteenlopende interpretasies van dieselfde kunswerk terwyl daar nie duidelike riglyne vir eenvoudige verifieerbare prosedure bestaan nie. Die teorie is ook onvoldoende ten opsigte van die kognitiewe

funksieverklaring van die kunswerk, aangesien die skepper en kunswaardeerder as *intellektueel* nie hierby ingesluit word nie. In dié verband noem Van Wyk Louw (1978: 134) dat daar in die skepping en waardering van die poësie 'n duidelike onderskeid tussen 'n *intellektueel* en 'n *digter* gemaak kan word. As suiwer tipe wil die intellektueel *weet* en dink hy nie in die eerste plek aan die praktiese toepassing van die waarheid wat hy ontdek nie; veel is daar wat hy nie begryp selfs wanneer sy kennis nooit 'n toepassing kan hê nie. Daarteenoor wil die digter *vorm* en is hy bowenal in die tot stand kom van iets geïnteresseer. Hy is selfs gewillig om min te weet, as die kunswerk maar net gebore kan word.

Alhoewel die bydrae van die *Gestalt-psigologie* ten opsigte van die verklaring van estetiese gedrag nie so bekend is nie, is die waarde daarvan nie minder as die psigoanalitiese teorie nie. Volgens Kreitler en Kreitler (1972: 7) is die belangrikste beginsel van hierdie teorie dat die geheel meer is as die som van die onderdele of verhoudinge tussen die onderdele. Dit is 'n "gestalt", 'n geheel met kwaliteite wat nie tot die samestellende dele verminder en bestudeer kan word nie.

Kreitler en Kreitler (1972: 8) noem dat Gestalt-georiënteerde navorsers daarop wys dat die verskillende onderdele van 'n kunswerk tot 'n verenigde geheel verander word en dat die ontvanger die kunservaring die beste verstaan deur te kyk na die wedersydse verhoudinge tussen die onderdele en hulle rol in die geheel.

Die hoofdoelstelling van die Gestalt-psigoloë, met betrekking tot die estetika, is dus geleë in die ontrafeling van die indrukke wat die *vormlike aspekte* van die kunswerk genoem word. Hulle belangstelling in die kuns is dus gekoppel aan hierdie vormlike aspekte. Hulle hoofbydrae in hierdie verband, ook bekend as die teorie van *ekspressie* of *fisionomiese persepsie,* toon aan hoe persepsie van uitdrukking en emosionele belewenisse 'n integrale deel van die waarnemingsproses vorm. Alhoewel die hipotese van *fisionomiese persepsie* volgens Berlyne (1971: 16) suggestief is, bied dit egter nie 'n verklaring vir die vraagstuk waarom sekere mense 'n estetiese kunswerk meer as ander kan waardeer nie. Dit gee ook

nie 'n aanduiding van watter emosionele ervaringe en watter soorte uitdrukkings met estetiese waardering in verband gebring kan word nie.

'n Benadering wat meer lig op genoemde vraagstuk werp, is die *teorie van empatie* of *emosionele invoeling*. Empatie verwys na daardie deel van die kunswaardeerder se emosionele betrokkenheid wat bestaan in die weerspieëling van die emosies binne die kunswerk eerder as wat dit 'n reaksie op die kunswerk is. In kort is dit dus die vermoë om die gevoel van 'n ander persoon waar te neem. Kreitler en Kreitler (1972: 265) omskryf die begrip *empatie* dan ook soos volg:

> *"Empathy is defined as an observer's reacting emotionally because he perceives that another is experiencing or is about to experience an emotion."*

'n Belangrike beginsel van hierdie teorie is dat die kunswaardeerder die kunswerk eers intellektueel moet verstaan. Hy rekonstrueer dit dan as 'n kwasie-perseptuele voorstelling en voeg sekere besonderhede by wat gedeeltelik gegrond is op assosiasies en algemeen relevante informasie waaroor hy beskik. Hierdie voorstelling wek sekere assosiasies en mag ontstaan as gevolg van vorige ervarings wat met hierdie voorstelling 'n ooreenkoms toon. Volgens dié beginsel is empatie dus afhanklik van akkurate kognitiewe beoordeling van die voorstelling en van die proses van verbeelding.

Die estetiese waardebepaling van 'n gedig kan volgens Segers (1978: 139) ook op grond van die *gevoelsreaksies* wat die kunswerk by die leser ontlok, gedoen word. Alhoewel hierdie benadering, volgens die beginsel van die *resepsie-estetika*, 'n betekenisvolle bydrae lewer waarvolgens die affektiewe komponent van poësie beoordeel kan word, is dit egter onvoldoende om 'n waardebepaling van alle poësie hiervolgens te doen, aangesien belewenisse wat in 'n kunswerk verbeeld word, nie noodwendig altyd gevoelservaringe bevat nie. Müller (1970: 20) sluit hierby aan en noem

dat die estetiese skoonheid van 'n gedig in die werk se eenheid van struktuurkwaliteite geleë is en dat hierdie eenheid ook dinge kan omsluit wat nie in die werklikheid as esteties 'mooi' beskou word nie: skorre klanke, grusame beelde en immorele gedagtes.

## 4. KREATIWITEITSBEGINSELS

In hoofstuk 3 van die literatuuroorsig is reeds opgemerk dat die kreatiwiteitsgraad van 'n skeppingswerk volgens bepaalde *kreatiwiteitsvlakke* en *produkkriteria* aangedui kan word. Hierdie beoordelingsbeginsels staan in noue verband met die beskrywing van die kreatiwiteitsbegrip, waarvolgens dit uit die literatuur in hoofstuk 2 wou voorkom dat kreatiwiteit 'n vermoë is om nuwe, oorspronklike en ongewone idees voort te bring.

Ten opsigte van die *kreatiwiteitsbeoordeling* van poësie word die *literêr-teoretiese* en *estetiese beginsels* as riglyne gebruik waarvolgens die oorspronklike aanwending van die verskillende literêre 'boustene' of struktuurelemente in die gemanifesteerde taalkunswerk as eenheid beoordeel en gekategoriseer kan word.

## 5. EVALUERING VAN BEGINSELS OM 'N SIMPLISTIESE BEOORDELINGSMAATSTAF MET BETREKKING TOT POëSIESKEPPING TE IDENTIFISEER

Die waarde van 'n literêre werk ontstaan eers werklik wanneer daardie waarde deur die leser ervaar en beoordeel word. Aangesien elke leser oor 'n besondere persoonlikheid en 'n eie kritiese vermoë beskik, is daar by die lees van 'n kunswerk altyd 'n subjektiewe element betrokke wat meebring dat verskillende waardeoordele oor dieselfde werk kan ontstaan.

Die veronderstelling dat 'n waarde-oordeel altyd persoonlik is en die subjektiewe moment van insig en intuïsie omvat, impliseer egter nie dat alle kunswerke persoonlik-relatief is en dat daar dus nie juiste en algemeen-geldige uitsprake gelewer kan word nie. Wanneer 'n oordeel oor 'n kunswerk alleen subjektief is, dit wil sê, dat dit 'n aanduiding gee van hoe die literêre werk deur

die leser ervaar word, dan kan die oordeel van die oningeligte leser prinsipieel gelykgestel word aan dié van die gevoeligste kritikus.

Om 'n geldige en objektiewe waarde-oordeel met betrekking tot die poësieskepping van die adolessent uit te spreek, is dit belangrik dat die literêr-teoretiese en estetiese beginsels vereenvoudig word om daarvolgens te bepaal watter gedigte as kreatief, minder kreatief en weinig kreatief beoordeel en gekategoriseer kan word. Die belangrikste beginsels wat in die voorafgaande bespreking uiteengesit is, kan soos volg as riglyne vir die beoordeling gebruik word:

- Volgens *literêr-teoretiese beginsels* is 'n gedig kreatief wanneer 'n belewenis of ervaring van die werklikheid op 'n besondere wyse in die taalkunswerk gemanifesteer word.

- Die gedig moet gekenmerk word deur insigte, taal-, woord- en beeldgebruik wat oorspronklik en samehangend is en waarin klank en ritme suggestief en artistiek aangewend word.

- Volgens *estetiese beginsels* is die gedig kreatief wanneer die verskillende struktuurmomente 'n harmoniese geheel vorm en wanneer 'n eie 'wêreld' volkome in die kunswerk geaktualiseer word.

Binne hierdie simplistiese verwysingsraamwerk kan poësie wél volgens die verskillende *literêr-teoretiese* en *estetiese beginsels* beoordeel word, maar weens die gekompliseerde en subjektiewe aard daarvan is dit moeilik om duidelik-afgebakende en rigiede riglyne vir beoordeling vas te lê. In dié verband merk Johl (1984: 249) soos volg op:

> *"Die literêre werk is 'n selfstandige gesagsentrum wat sélf die riglyne verskaf vir die wyse waarop hy 'gelees' (geïnterpreteer) wil wees en ook vir ver-*

*bandlegging na buite die teks. Die werk, en wel: as 'n geheel, kan op simboliese of impliserende wyse van toepassing wees op of geldigheid hê vir 'n ander ervaringswerklikheid of die empirie op die maniere waarvoor in die teks voorsiening gemaak word."*

# BYLAE B

## VOORBEELDE VAN GEDIGTE WAT AS POTENSIEEL KREATIEF, MINDER KREATIEF EN WEINIG KREATIEF BEOORDEEL EN GEKATEGORISEER IS

| KREATIEWE POëSIE | MINDER KREATIEWE POëSIE | WEINIG KREATIEWE POëSIE |
|---|---|---|
| - die verslaafde | - Die Swartbaars | - Wiskunde |
| - 66 dae | - Kunstenaar se Beeld | - Eensaamheid |
| - Komponis | - Liewe Taal ..... | - Die Maan |
| - Die Shopping Centre | - Sonate | - Die Droom |
| - Die Oes | - 'n Ongeluk | - Die Hartseer |
| - Die Inkblerts | - Enkeling | - Kamera |
| - Sondag | - Puberteit | - Onregverdigheid |
| - Jy sou kon | - Laingsburg | - My skoen |
| - Harlekyn | - Elke mens - 'n nar | - Op die atletiekbaan |
| - Rusdag vir die Dooies | - Konflik | - Septembermaand |

die verslaafde

die pil-perfekte sirkel
sieksee groen
val
in die kleurlose oseaan van glas

Ek kantel
beseer in 'n meer van geel
waarin ek kinderlik plas
tot dit my verveel
en ek vlieg.

Liewe Heer
in hierdie gat
wat mense 'n woonstel noem
sterf ek elke dag 'n heerlike dood.
want Liewe Heer
- ek is verslaaf aan die vel.

*66 DAE ... (Noord-Ierland, Bobby Sands)*

*Skadu's skuif stadig oor*
*'n koue leë sel,*
*waar lewe stadig versmoor*
*in bleek been en vel.*

*Lag en vreugde is min.*
*Bloedbaddens van 'n verlede*
*hang oor menige gesin.*
*Tog nou is dit die hede?*

*Is die einde al in sig,*
*nogmaals terreur en bomme!*
*en 'n flou sprankie lig*
*val op twee bloedrooi blomme ...*

KOMPONIS

'n Idee

Gevoed deur skeppingsdrang
ontkiem dit tot 'n potloodskets teen skildersdoek
wat soek -
nog vaag in die lug bly hang.

'n Palet:
'n Verskeidenheid van helder, kras koperkleur;
houtkleure - wat die oog kalmeer, en
kleure warm, vloeiend, ryk
wat kras en kalm tot eenheid stryk...

Selektief aangewend
om die skets te laat groei
tot sigbare melodie-buitelyne
tot ritme
wat elke besonderheid in ordelikheid laat saamvloei
tot harmoniese gemeenskaplikheid wat
kleur en vorm
nuwe betekenis gee.

Selektief aangewend
om die gekrap te laat groei
tot 'n boom - wat bloei
in die styl van die hart.

Nou 'n konkrete werklikheid wat geur versprei
om ander
tot bewondering te lei.

'n Simfonie.

DIE SHOPPING CENTRE

Manies-depressiewe
aap-winkeliers
gluur
deur tralies van glas
na die rye papajas
wat dobberend voor die hok verbyloop.

Dames
met wentelende vlieë-kinders
begin moed verloor
en daardie
"heeldag vars" effek
het iewers langs die pad versmoor.

Fonteine sing:
"Yea! Yea! Yea!"
onverantwoordelikes
beheer draadruimtevoertuie
met kosseklere
cheapprint van die alpe
verestoffer van volstruisvere

komperkassier
gee duidelik kennis in Morse
rand en sent.

DIE OES

Die koringland lê wit
- die regte tyd is hier
om te skei
die goedkoop van die duur.

Van ver af kom die oesmasjien -
agter word die goedkoop strooi
verwaai en dan geslinger,
verlaat - soos 'n vuil lap weggegooi.

In die ruim word versamel
die min, maar duur
gekoopte korrels wat gereed was
vir dié uur.

Só sal dit wees op God se tyd -
die oes van die mensdom ryp.
Dan sal Hy kom in oordeel
- van die hemel af!

Wat sal jy dan wees, o mens,
die koring of die kaf?

## DIE INKBLERTS

Blou-blou ink op wit papier
Die vrug
van 'n bloeiende pen
die stuurman van 'n verbeeldingsvlug.

'n Boeppens mandolien
met krom
gedraaide nek en snare dof en roes
deur stof wat dit bedek.

'n Woudgod met woeste baard
tem wydsbeen
met saamgetrekke spier wat bult en rol
'n oer-halfmens-halfdier.

'n Balkon bevlek met spatsels
blommekleur
Eenkant staan 'n gieter
bros van seelug, roes plek-plek deur.

En wyd bo alles troon 'n arend
koninklik trots,
op 'n krans wat pyl na benede
waar branders breek en klots.

Die teuels van my gedagte
hang slap
in kou wit hande van abstrak,
tog sterk verbeeldingskragte.

SONDAG

Bach-kantates
kruip deur die venster

ons gaan kerk toe
en ek ruik
dennenaalde
en pappa se aftershave

"rondom jerusalem is berge"
die klein kerkie
op die besige hoek
is redelik beprop
met die bourgeoisie.

eerwaarde
se woorde verjaag die Nox

Bach-kantates
rol soos dowwe heuwels
- konvergeer in 'n berg.

*JY SOU KON ...*

*En met die onskuld van 'n kind*
*sou jy seker ook my hart gevat het,*
*want ek wonder of jy my eers sou vra...*

*En as ek kon weet*
*waar die feetjies wou skuil*
*en die kabouters die traan van*
*die reën se huil weggesteek het,*
*was ek joune.*

*Maar, dis nie kabouterland*
*met 'n groot geel son en blou-blou lug*
*oortrek met allerlei kleurvolle prag nie ... maar*
*Dis die wêreldjie waarin ek bly*
*en daar agter wag die swart van die nag.*

## HARLEKYN

Met oë wat vrolik-spottend loer,
En kuiltjies in sy wange.
Tande, wit soos perlemoer,
Verberg hartseer - verlange.

Sy snaakse mus sit lankal skeef,
Sy hare is deurmekaar.
Maar jy laat die snare leef -
Dié van sy stok-ou blikkitaar.

Ja, Harlekyn - wie sal ooit weet,
Hoeveel pyn jou hart moet hou?
En praat jy soms oor al die leed -
Van jou kind en van jou vrou?

"Hy is maar net 'n Harlekyn!"
En niemand deel die smart met hom.
"Hy ken mos geen verdriet en pyn ..."
Ja - só dink die mensedom.

x x x x

Hoe anders voel en wat hul wens,
As ons maar ander se hart kon lees;
As daar gevoel was vir medemens,
Dan sou die wêreld beter wees ...

## RUSDAG VIR DIE DOOIES

Noordeinde se begraafplaas
lê naby die see
waar geregimenteerde plotte
ietwat koppig
teen die heuwel op marsjeer.

grafstene staan wag
tekens van vergeet
en veral van skuldgevoel.

Besoekers gluur
met kamera-oë
(dis swaar vir 'n mens
om in vrede te kan rus)
want die koue graniet
is 'n lykshuis.

Noordeinde se begraafplaas
is op Sondag gesluit
(rusdag vir die dooies)
- ons luister na 'n trein
se ongoddelike gefluit.

DIE SWARTBAARS

In koel diep poele
met digte groen palmiet getooi
lê hy en wag, lê en loer
vir onskuldige klein vissie of prooi.

Micropterus Salmoides,
ook swartbaars genoem -
as tafelvis word jy
as uitstekend geroem.

Met fyn kunsvliegies
meesterlik hanteer,
en rooi plastiek wurmpies
word jy aangekeer.

En as jy geflous word,
kunsaas aansien as prooi,
sal die water kook
soos jy kop en lyf rondgooi.

En in die net geskep -
jou toekoms duister en gedoem,
is die hengelaar oorstelp
met jou, wat hul swartbaars noem.

KUNSTENAAR SE BEELD

Met hande perfek
word 'n beeld geskep
van 'n diep gevoel
tot se eie volmaaktheid

Met sy eie idee
al dansend in sy geheue
skep hy 'n gawe aan hom gegee
met springende bewegings die beeld

Met perfekte perspektief
word die profiel se uitdrukking
'n gedwonge hartseer
wat hy van die kritiek moet ontbeer

Hy weet sy beeld sal val,
as vallende kunsstuk, opstaan
uit die vuil ongewenste stof
om nooit weer te val

Net omdat hy as kunstenaar sal sterf
om weer te regeer oor sy eie skepping ...

LIEWE TAAL ...

Waar is jou waarde heen?
Het jy dan vergeet,
dat ons jou moet meet
aan aardstandaard langebeen?

Vir lange jare, man,
dien ons jou met ywer:
Maar al hoe stywer
word die self-strik gespan.

Daar is duur betaal vir jou,
soms, - met lewensbloed
en dapper man se moed. -
Wil jy ons dan vergeet, juis nou?

Jy is deurmekaar gemaal
van vreemde woorde soos,
Nee, ek recognise jhou mos nie
O, onse pragtige, vermengde taal ...

SONATE

'n Dawerend akkoord
gevolg deur 'n ademlose stilte -
Helder melodieuse tone
wat my hart en siel vul met wisselende emosies ...

Dit voer mee na 'n ander wêreld
en borrel en maal in my binneste
Bring eers onrus, daarna -
'n gevoel van welbehae, kalmte en stille
dankbaarheid,
tot die laaste klanke wegsterf.

## 'N ONGELUK

'n Lag.
  'n Slag.
    'n Gil.
Geskokte oë wat staar
Gesigte wat vrees

Sirenes en
  Histerie en
    bloed.
Hoekom dít? Waarom óns?
Gesigte wat rou.

## ENKELING

'n Sanger in sy ydel waan -
die dromer in die kalkligmaan.
Elke aand 'n lied te sing:
Illusies wat die skemer bring

Sal iemand glimlag in sy gang;
Sy kop knik vir die dromer sang?
'n Enkelingsbestaan is syn ...

Die stomme skares stroom verby,
iedereen 'n lewenstryd te stry.
Elk 'n dromer in 'n kalkligmaan,
'n Sanger in 'n ydel waan.

PUBERTEIT

Sien my in my verwarring, Heer,
want die wêreld maak my skulpie seer.
Kyk na my, mikroskopies keer
op keer, om vrotword af te weer.

Ek is nog jonk, hul maak oud.
Keer Heer! Dis te vroeg, 'n fout!
Wetenskaplik 'n stadia van pyn
en ek wou nog bid: "maak my hartjie rein".

Ek wou eers blom ná 'n fase van bot,
en hul maak klaar uit die larwe 'n mot.
My vlerkies is nog te broos en fyn,
ek spartel Heer, groot word bring pyn.

*LAINGSBURG:*

*'n Watergeweld wat woed en storm*
*het sonder genade meegesleur,*
*'n norm.*

*Bome ontwortel,*
*harte geskeur*
*hul sing hul loflied om God*
*te eer.*

*Die skeiding was swaar en vol smart,*
*vele sê: "Satan wou God tart".*

*Maar 'n volk staan op*
*uit die smartekom,*
*gebukkend*
*krom ...*
*nooit gedink só 'n smart sou kom*

*Hul loflied is harder*
*Hul loof die Heer*
*en sê: "God, aan U alle eer!"*

## ELKE MENS - 'N NAR

Kersieneus en wit gesig,
Grappies maak en lag-lag vermaak.
Om die ek weg te steek
agter 'n masker te skuil - 'n masker van grimering gemaak!

................ te lag,
om van hartseer tot - vrolik te raak.
En jy - jou gevoelens skuil
agter 'n masker van valsheid gemaak.

So gaan ons elk
nes jy - die nar
agter 'n masker die lewe deur wat verhoed -
dat jy, die ek, deur ander gaan breek.

## KONFLIK

*Bloedig fel die hitte neer*
*Op loopgrawe vol troepe.*
*Slaggereed met koeëls, geweer -*
*Swetend ... Vresend ... Wagtend ...*

*Skielik as 'n takkie kraak*
*Word elke spier gespan.*
*Moordlustig gluur die wrede wraak -*
*Brandend ... Gloeiend ... Soekend ...*

*Dan word roeringe gewaar,*
*Gewere begin blaf.*
*Alma makker saamgeskaar -*
*Vurend ... Vegtend ... Biddend ...*

*Weer het rustigheid begin,*
*Die stof gaan lê in stilte.*
*Nog 'n vyand is oorwin -*
*Swetend ... Gloeiend ... Biddend ...*

## WISKUNDE

Ek droom 'n droom
'n wiskundige droom
'n droom van pythagoras
dit laat my sommer raas

$r^2 = a^2 + b^2$ dit maak my sommer siek
Dan slaan sy met 'n riet
toe raas ek sommer raak
'n Driehoek ja, dus waar

... Gelukkig maar net 'n droom!

EENSAAMHEID

Dit is eensaam so stil.
Ek het jou liefde verloor,
die liefde wat my hart nie meer vul

Ek voel so stil,
in die donker
Jy het my gekul
met André Jonker

My liefde vir jou bestaan nie meer.
Enigste uitweg is, Selfmoord
Niks sal my keer
Dit is my laaste woord

## DIE MAAN

Rond soos 'n bal
van die aarde af weg;
sweef in die heelal
tot wie weet waar.

Gate in die maan
van waar mens uitval;
en in die ruimte rond sweef
totdat die slaap kom.

## DIE DROOM

Ek lê en droom
'n Wonderbaarlike droom
Die droom die gaan
Oor die grote maan.

Die maan wentel om die aarde
'n Hele driehonderd en sestig grade
Dit is die waarheid
net soos onse vryheid.

Ek word wakker met 'n sug.
Kyk om my heen na die lug
Maar waar die maan was
Is daar nou net die blou lug so wasig.

DIE HARTSEER

Hier loop ek nou alleen
in die silwer maanskyn.
Langs die waterstroom
loop ek en droom.

Ek dink aan jou;
en die tye saam met jou -
elke aand langs hierdie stroom
reg - onder deur hierdie boom.

Nou sal ek dit moet vergeet;
vergeet dat ek jou geken het;
vergeet dat ons hier geloop het,
maar steeds sal (daar) ek 'n sagte plekkie hê vir jou

KAMERA

Dit is 'n sekonde
Dit is 'n oomblik
Dit is die fokus van dié kamera
Dit is 'n druk van 'n knoppie

En die werking van die masjinerie
sorg dat jou glimlag
in ewiglik op 'n stukkie
glanspapier verenig word

Jou nageslag kan altyd
daarna in jou gerig vasstaan
As hulle deur die foto album blaai

ONREGVERDIGHEID

Ek sit in die maanlig en treur
my hart is bitter seer
Sy het my verlaat. Ja verlaat, nie net vir nou
maar vir ewig ... en altyd.

Die verlange kom en gaan.
Ek wat die lewe wil verlaat.
Ek weet nie hoe ..., ek sit en dink
maar 'n oplossing kan ek nie vind.

Ek haat en verwyt, maar wat sal dit help
Hoekom ek. Ja waarom net altyd ek.

MY SKOEN

Hier op die rak staan ek blink en glad
Ek is nuut en swart en ruik na leer
My toon is sag en my hak is hard
Maar wie wil nou meer ek kry soms seer

Deur die klippe en modder gaan ek heen
In water en op gras gaan ek goed te pas
Vir weke het ek honger gelei
Kos kon ek glad nie kry

In die stof word ek neergeplof
Nou lê ek hier in die modderplas
Niemand meer om my op te pas

Ek wens ek was nog nuut en glad
Waar ek hoort op die winkelrak
Of met 'n baas wat my goed op sal pas.

## OP DIE ATLETIEKBAAN

Op die atletiekbaan
het ons gestaan.
toe die skoot klap
het ons laat vat.

By die halflyn is ons verby
en vinnig deur die wind gesny
tot by die wenpaal
het ons genaal.

Toe die lyn breek
het ons geweet.
Die pot is myne
en nie syne.

SEPTEMBERMAAND

Dis 'n aand in Septembermaand
'n maanligaand, so eensaam
alleen sit hy daar
In die rustigheid van die nag.

Hy sit en dink aan sy nooi
die mistigheid van die nag
wat die verloop nog groter maak
Die wind wat deur die blare en bome waai
Dit en egalig sonder geluid of lawaai

# BYLAE C

## BESPREKING EN KRITIESE EVALUERING VAN POËSIE WAT AS KREATIEF, MINDER KREATIEF EN WEINIG KREATIEF BEOORDEEL EN GEKATEGORISEER IS

### 1. INLEIDING

Die verdeling van die primêre tekste in groepe wat varieer tussen kreatief, minder kreatief en weinig kreatief kan nie rigoristies deurgevoer en gehandhaaf word nie en is dus met ander woorde nie absoluut nie.

Tussen die poësie uit die kreatiewe en minder kreatiewe kategorieë is daar, wat gehalte betref, soms net 'n graadverskil. Tussen die kreatiewe en weinig kreatiewe is daar 'n beduidende verskil. Waar die beste voorbeelde uit die kreatiewe groep getuig van 'n kreatiewe omgaan met die stof, sy dit vanuit die invalshoek, die poging om 'n oorspronklike of eie perspektief aan 'n gegewe te bied, of die mate van tegniese beheersing, die greep op materiaal en struktuur, bied die weinig kreatiewe groep, feitlik sonder uitsondering, bloot 'n uiterlike skyn van poësie deur die "onbeholpe" gebruikmaking van konvensionele kenmerke van die skematiese vers soos rym, strofeverdeling, ensovoorts.

Aangesien die poësie van die kreatiewe groep eerder 'n latente poëtiese vermoë as werklike realisering van konseptualisering verraai, is dit nie gerade om slegs een voorbeeld as verteenwoordigend van die kreatiewe potensiaal van die hele groep te neem nie - te dikwels is daar slegs enkele kreatiewe ligpunte in die hele vers. Daarom volg hier, groepgewys, 'n oorkoepelende aanduiding van die faktore wat een groep, as 'n geheel, van die ander onderskei.

## 2. BESPREKING EN EVALUERING

### 2.1 DIE KREATIEWE KATEGORIE

In hierdie kategorie word die potensiële graad van kreatiwiteit gekenmerk deur die omdigting van meestal konkrete gegewe wat reeds dui op 'n mate van *transformering* danksy pogings tot 'n eie oorspronklike siening.

Waar die skematiese vers figureer, is daar reeds 'n mate van *ontginning*, byvoorbeeld ten opsigte van die semantiese skakeling van rymwoorde om opposisies of samehange te bewerkstellig. In vergelyking met die weinig kreatiewe kategorie is dit opmerklik dat versreëlsnit en sintaksis 'n bevredigende spanningsverhouding aangaan en dat die skema in 'n mindere mate 'n dwangbuis word.

Omdat daar 'n groter *eksperimenteerdrang- en vermoë* is, word hier 'n voorkeur vir die groter beweeglikheid en soepelheid van die vrye vers gevind, sonder dat die eenheidskonsep verloor word. Ander *struktureringsmoontlikhede* (interne klankskakeling, strofiese organisasie, assosiatiewe skakeling) word wel aangewend.

Die poësie is in 'n groter mate *konkreet-beeldend* as die weinig kreatiewe groep. Die beste gedigte word gekenmerk deur die dramatisering van die situasie of gegewe. Dit demonstreer eerder as om bloot te praat oor of om te betoog. Blote moralisering is hier opvallend minder as in die ander groep. *Beeldspraak* huiwer plek-plek nog tussen retoriese klänke en die begin van 'n eie aanslag. *Taalbeheersing* en *woordeskat* is op 'n meer gevorderde peil.

### 2.2 DIE MINDER KREATIEWE KATEGORIE

Die poësie in hierdie kategorie bevat meestal minder van die positiewe kenmerke en neig soms na die weinig kreatiewe groep. Kreatiwiteit is nie totaal afwesig nie, maar versifikasie is byna in alle opsigte tentatief.

## 2.3 *DIE WEINIG KREATIEWE KATEGORIE*

Blote *rymelary* is kenmerkend van hierdie kategorie. *Tegniese onbeholpenheid,* 'n onvermoë om die *taalmedium* te beheers en *sintakties-semantiese vaaghede* is duidelik te bespeur. Daar is weinig *eksperimenteerdrang- en vermoë* asook 'n opvallende *beeldonvermoë* sonder dat daar met ander tegnieke gekompenseer word. Die sienings is meestal simplisties en elementêr, terwyl betoog en moralisering oorheers.

# *BIBLIOGRAFIE*

Alberts, N.F. 1969. Die ontwikkeling van 'n beroepsbelangstellings-vraelys, gebaseer op aktiwiteitsbelangstelling. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil) - Universiteit van Pretoria.)

Aliotti, N.C. 1981. Intelligence, Handedness, and Cerebral Hemispheric Preference in Gifted Adolescents. *Gifted Child Quarterly*, 25(1): 36-41.

Antonissen, R. 1966. 'n Ietsie teorie en standpuntverklaring. (*In:* Antonissen, R.: Spitsberaad. Kaapstad: Nasou: 220-227.)

Antrobus, J.S. 1970. Cognition and affect. Boston: Little, Brown and Co.

Arieti, S. 1976. Creativity: The magic synthesis. New York: Basic Books.

Ary, D., Jacobs, L.C. en Razavieh, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Ausubel, D.P. en Robinson, F.G. 1973. School learning. London: Holt, Rinehart and Winston.

Barron, F. 1963. Creativity and psychological health: origins of personality and creative freedom. Princeton: N.J. van Norstrand.

Batcher, E. 1981. Emotion in the classsroom - A study of Children's Experience. New York: Praeger Scientific.

Behr, A.L. 1973. Methods and techniques in educational and psychological research. Pretoria: J.L. van Schaik.

Berlyne, D.E. 1971. Aesthetics and psychobiology. New York: Appleton.

Brooks, C. en Warren, R.P. 1976. Understanding poetry. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Brown, F.G. 1983. Principles of educational and psychological testing. Third Edition. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Brugman, G. en Dudink, A. 1976. De vraag naar creativiteit. Amsterdam: Boom Meppel.

Butcher, H.J. 1970. Human intelligence. London: Methuen and Company Ltd.

Child, D. 1973. Psychology and the teacher. London: Holt, Rinehart and Winston.

Child, J.R. 1978. Aesthetic theories. *Handbook of perception*, 10: 112-130.

Cilliers, C.A. 1972. Die Groep-Rorschach en die begaafde student. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Phil.) - Universiteit van Stellenbosch.)

Coetzee, M.A. en Miles, J. 1971. Drumpel. Johannesburg: McGraw-Hill.

De B ono, E. 1978. Lateral thinking. Middlesex: Penguin Books.

De Bruto, H.F. 1980. A(a)frikaans as kommunikasiemiddel. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 14(2): 2.14.

De Haan, R.F. en Havighurst, R.J. 1962. Educating gifted children. Chicago: The University of Chicago Press.

De Wet, J.J., Monteith, J.L. de K., Venter, P.A. en Steyn, H.S. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban: Butterworth.

Dixon, W.J. (ed). 1975. Biomedical computer programs. California: University of California Press.

Dudek, S.Z. 1974. Creativity in young children - attitude or ability? *Journal of Creative Behavior*, 8: 282-292.

Duminy, P.A. 1960. Begaafdheid. Enkele psigologiese en pedagogiese aspekte. Pretoria: J.L. van Schaik.

Duminy, P.A. 1963. Begaafdheid en die onderwys van begaafde kinders. Amsterdam: J.M. Meulenhoff.

Du Toit, J.M. 1975. Statistiese metodes. Stellenbosch: Kosmo.

Eberle, R.F. 1972. Developing imagination through SCAMPER. *Journal of Creative Behavior*, 6: 199-203.

Erasmus, G.F. 1982. Die moedertaal as skoolvak met spesiale verwysing na Afrikaans. Johannesburg. (Poefskrif (D.Ed) - Randse Afrikaanse Universiteit.)

Eybers, E. 1978. Voetpad van verkenning. Pretoria: Human en Rousseau.

Flor-Henry, P. 1974. Psychoses, neurosis and epilepsy. *British Journal of Psychiatry*, 124: 144-150.

Foster, J. 1971. Creativity and the teacher. London: MacMillan.

Freud, S. 1900-1901. The interpretation of dreams. Part 2. Vol. V. London: The Hogarth press and the Institute of Psychoanalysis.

Freud, S. 1908. The relation of the poet to day-dreaming. (*In:* Jones, E., ed. Collected papers. Vol. 4. 1953). London: Hogarth Press.

Freud, S. 1913. The interpretation of dreams. London: Allen and Univin Ltd.

Freud, S. 1917. Introductory lectures on psycho-analysis, part 3. (*In:* Strachey, J., ed. The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud, Vol. 16). London: Hogarth Press. 1963.

Freud, S. 1964. *Psychological Essays.* Obsessive actions and religious rites. The poet and fantasy. "Cultural" sex morals and modern neuroses. New York: MacMillan.

Getzels, J.W. en Jackson, P.W. 1962. Creativity and intelligence. New York: John Wiley.

Ghiselin, B. 1954. The creative process. Berkeley: University of California Press.

Ghiselin, B. 1963. The creative process and its relation to the identification of creative talent. (*In:* Taylor, C.W. en Barron, F. Scientific creativity. 355- 364). New York: John Wiley.

Gielen, J.J. 1967. "Creativiteit en intelligentie." *Pedagogisch Forum,* 1(8): 282-289.

Ginsberg, G.P. and Whittemore, R.G. 1968. "Creativity and verbal ability: a direct examination of their relationship." *British Journal of Educational Psychology,* 38(2): 133-139.

Gordon, W.J.J. 1961. The development of creative capacity. New York: Harper and Bros.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. en Plug, C. 1982. Psigologiewoordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

Gräbe, I. 1983. Eksploitasie van klankmatige aspekte in T.T. Cloete se Jukstaposisie. (*In:* In teen die groot vergeet), Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

Groenewald, F.P. 1970. 'n Deurskouing van enkele aspekte van die kreatiwiteitsverskynsel. Pretoria (Tesis (M.Ed) - Unisa.)

Guilford, A.M., Scheuerle, J. en Shonburn, S. 1981. Aspects of Language development in the Gifted. *Gifted Child Quarterly.* 25(4): 159-163.

Guilford, J.P. 1966. "Measurement and creativity." *Theory into practice.* 5(4): 186-189.

Guilford, J.P. 1971. Some misconceptions regarding measurement of creative talents, *Journal of Creative Behavior.* 5: 77-87.

Haefele, J.W. 1962. Creativity and innovation. New York: Rheinhold.

Havighurst, R.J. 1961. "Conditions productive of superior children." *Teachers College Record,* 62(7): 524-531.

Helson, R. 1968. Generality of sex differences in creative style. *Journal of Personality,* 36: 33-48.

Holland, J.L. en Taylor, C.W. 1962. Development and application of tests of creativity. *Review of Educational Research,* 32: 91-100.

Holland, N.N. 1975. The dynamics of literary response. New York: Oxford University Press.

Hoon, A. 1979. Afrikaans - 'n sleutel vir senior hoërskoolleerlinge by die bestudering van Afrikaans Eerste Taal. Totiusdal: Ignesco Uitgewers Edms. Bpk.

Hull, C.H. en Nie, N.H. 1981. SPSS pocket guide. Chicago: SPSS Inc.

Huysamen, G.K. 1978. Beginsels van sielkundige meting. Pretoria: Academica.

Jackson, PW en Messick, S. 1965. The person, the product and the response: conceptual problems in the assessment of creativity. *Journal of Personality,* 33: 309-329.

Johl, C.S. 1984. Literêre evaluering en die huidige stand van die Afrikaanse literêre kritiek. Johannesburg. (Proefskrif (D.Litt en Phil - Randse Afrikaanse Universiteit.)

Jones, T.P. 1972. Creative learning in perspective. London: University of London Press.

Jordaan, W.J., Jordaan, J.J. en Niewoudt, J.M. 1975. Algemene Sielkunde: 'n Psigobiologiese benadering. Johannesburg: McGraw-Hill.

Kavolis, V. 1972. Sex norms, emotionality and artistic creativity: psycho-historical explorations. *Psychoanalytic Review*, 58: 22-33.

Klinger, E. 1971. Structure and functions of fantasy. New York: Wiley - Interscience.

Kneller, G.F. 1965. The art and science of creativity. New York: Holt, Rinehart and Wilson.

Koestler, A. 1964. The act of creation. London: Hutchinson.

Koschmieder, E. 1975. Denken - Sprechen - Schreiben. München: Verslag der Bayerischen Akademie der Wissenscaften.

Kreitler, H. en Kreitler, S. 1972: Psychology of the arts. North Carolina: Duke University Press.

Kriel, R.G. 1952. Die psigologie van belangstelling - histories en eksperimenteel ondersoek. Potchefstroom. (Tesis (M.Sc.) - Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.)

Kris, E. 1952. Psychoanalytic explorations in art. New York: International Universities Press.

Lovery, J. 1982. Developing creativity in gifted children. *Gifted Child Quarterly*, 26(3): 133-139.

Lytton, H. 1971. Creativity and education. London: Routledge and Kegan Paul.

Maslow, A.H. 1962. Emotional blocks to creativity. (*In:* Parnes, S.J. en Harding, H.F.: A source book for creative thinking, 93-103). New York: Charles Scribner's Sons.

MacKinnon, D.W. 1963. The identification of creativity. *International Association of Applied Psychology Bulletin*, 12: 25-46.

MacKinnon, D.W. 1965. Personality and the realization of creative potensial. *American Psychologist*, 20: 273-281.

MacKinnon, D.W. 1966. "Nature - what makes a person creative." *Theory into practise*, 5(4): 152-156.

Master, D.L. 1983. Writing and the gifted child. *Gifted Child Quarterly*, 27(4): 162-168.

Massialas, B.G. en Zevin, J. 1967. Creative encounters in the classroom. New York: John Wiley and Sons.

McCall, R.B. 1975. Fundamental statistics for psychology. New York: Harcourt Brace.

Mednick, S.A. 1962. The associative basis of the creative process. *Psychological Review*, 69: 220-232.

Mednick, S.A. 1964. An associative interpretation of the creative process. (*In:* Taylor, C.W. en Barron, F. eds. Scientific creativity. New York: John Wiley).

Mowly, G.J. 1970. Psychology for effective teaching. London: Holt, Rinehart and Winston.

Müller, H.C.T. 1970. Aspekte van die Literatuurstudie. Studiehandleiding. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Nel, B.F. 1965. Taal as geestelike aangeleentheid en die verhouding van denke tot taal. *Paedagogische Studiën*, 42: 15-26.

Offner, D.H. 1967. "Emergizing the creative potensial in future engineers." *Journal of Creative Behavior*, 1: 15-21.

Omond, J.L. 1983. Die begaafdes. Pretoria: Haum.

Passow, A.H. 1981. The nature of giftedness and talent. *Gifted Child Quarterly*, 25(1): 5-10.

Patton, M.Q. 1981. Creative evaluation. London: Sage.

Pelser, F.C. 1982. Die gebruikswaarde van die Kodus-belangstellingsvraelys met die oog op sinvolle onderwys- en beroepskeuses. Afgerolde inligtingstuk aan beroepsleiers. Potchefstroom: Potchefstroomse Onderwyskollege.

Prentky, R.A. 1980. Creativity and psychopathology. A neurocognitive perspective. New York: Praeger Publishers.

Pyle, D.W. 1979. Intelligence. An introduction. London: Routledge and Kegan Paul.

Razik, T. 1966. "Recent findings and developments in creativity studies." *Theory into practise*, 1: 160-165.

Renzulli, J.S. 1984. I.K. nie die enigste maatstaf. Die Vaderland, 68: 6, kol. 8, Jul. 2.

Révész, G. 1952. Talent en genie. Leiden: E.J. Brill.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1965. Handleiding vir die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets - Junior en Senior Reeks. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1967. Handleiding vir die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1968. Handleiding vir die IPAT-Angsskaal. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1971. Handleiding vir die 19-Veld-Belangstellingsvraelys. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Rieber, R.W. 1980. Psychology of language and thought. New York: Plenum Press.

Roux, N.E. 1984. Onderwys vir hoogbegaafde onderspresteerders vereis besondere aandag. *Compass*, 5: 1-12.

Schafer, R. 1958. Regression in the service of the ego: The relevance of a psycho-analytic concept for personality assessment. 119-148. (*In:* Lindzey, G. Assessment of human motives). New York: Rinehart.

Schepers, J.M. 1979. Begaafdheid en die identifisering van die begaafde kind. (*In:* Die begaafde kind. Verrigtinge van 'n simposium aangebied deur die Instituut vir Voortgesette Opleiding van die Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria. Augustus 1979). Pretoria: Muckleneuk.

Segers, R.T. 1978. Receptie-esthetika: Grondslagen, teorie en toepassing. Nederlands: Huis aan de drie grachten.

Shapiro, R.J. 1965. The integrating of remotely associated concepts as a process in scientific creativity. *Psychologia Africana,* 11: 40-48.

Shapiro, R.J. 1968. Creative research scientists. Monograph supplement. *Psychologia Africana.* National Institute for Personnel Research.

Shields, J.B. 1968. The gifted child. National Foundation for Educational Research in England and Wales: Bucks and London.

Siegel, S. 1956. Nonparametric statistics. New York: McGraw-Hill.

Singer, J.L. 1970. Drives, affects and daydreams. (*In:* J.S. Antrobus, Cognition and Affect). Boston: Little, Brown and Co.

Singer, J.L. 1973. The child's world of make-believe. New York: Academic Press.

Singer, J.L. en Antrobus, J.S. 1963. A factor-analytic study of daydreaming and conceptually correlated cognitive and personality variables. *Perceptual and Motor Skills*, 17: 187-209.

Singer, J.L. en Antrobus, J.S. 1970. Subscale Keys: Imaginal Process Inventory. New York, 1-30.

Singer, J.L. en Antrobus, J.S. 1972. Dimensions of daydreaming - a factor analysis of imaginal processes and personality scales. *(In:* Sheeman - The adaptive function of imagery). New York: Academic Press.

Smit, A.J. 1977. Taalfenomologie in pedagogiese perspektief. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - Unisa.)

Smith, J.A. 1976. Creative teaching of the language arts in the elementary school. Boston: Allyn and Bacon.

Snyman, H. 1981. Verkenningsvlugte. Kaapstad: Perskor.

Spangenberg, D.F. 1980. Peilings van die poësie. Johannesburg: Academica.

Stein, M.I. 1974. Stimulating creativity. New York: Academic Press.

Steinburg, L. 1967. "Creativity as a character trait: an expanding concept." *(In:* Creativity: its educational implications. Gowan, J.C., Torrance, E.P. en Denos, G.D.: 124-137). New York: John Wiley.

Stoddard, E.P. en Renzulli, J.S. 1983. Improving the writing skills of talent pool students. *Gifted Child Quarterly*, 27(1): 21-27.

Sumption, M.R. en Luecking, E.M. 1960. Education of the gifted. New York: Ronald Press.

Taylor, C.W. 1964. Creativity: progress and potential. New York: McGraw-Hill.

Taylor, I.A. 1975. Perspectives in creativity. Chicago: Aldine Publishing Company.

Torrance, E.P. 1962. Guiding creative talent. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Transvaalse Onderwysdepartement. 1972a. Sillabus vir Afrikaans Eerste Taal: Standerd 5, 6 en 7. Pretoria: T.O.D.

Transvaalse Onderwysdepartement. 1972b. Sillabus vir Afrikaans Eerste Taal - Hoër Graad: Standerd 8, 9 en 10. Pretoria T.O.D.

Transvaalse Onderwysdepartement. 1975. Sillabus vir Afrikaans Eerste Taal - Standaardgraad: Standerd 8, 9 en 10. Pretoria: T.O.D.

Transvaalse Onderwysdepartement. 1983. Buitekurrikulêre sentrum vir hoogbegaafde leerlinge (Inligtingstuk). Johannesburg: Johannesburg College of Education.

Trollinger, L.M. 1983. Interests, activities and hobbies of high and low creative women musicians during childhood, adolescent and college years. *Gifted Child Quarterly*, 27(2): 94-97.

Troost, A.P. 1966. Die meting van beroepsbelangstelling. (*In:* Ontwikkelingsielkunde - Sielkunde biblioteek 1). Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Walt, L.K. 1981a. Die begaafde - besondere persoonlikheidstrekke van nie-intellektuele aard. *Die Unie*, 78(1): 11-14.

Van der Walt, L.K. 1981b. Die kreatiwiteitsverskynsel - enkele gedagtes. *Die Unie*, 78(5): 140-144.

Van Jaarsveld, A.J. 1970. Kreatiwiteit en die opvoeding. Potchefstroom: Pro-Rege-pers Beperk.

Van Niekerk, H.G. 1972. Die intellektueel-begaafde student - 'n persoonlikheidsondersoek. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Phil) - Universiteit van Stellenbosch.)

Van Rensburg, F.I.J. 1975. Die kunswerk as taal. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Van Straten, H.M. 1967. 'n Algemene en eksperimentele ondersoek na die wesensgrade van belangstelling. Pretoria. (Tesis (M.A.) - Universiteit van Pretoria)

Van Wyk Louw, N.P. 1977. Deurskouende verband. Pretoria: Human en Rousswau.

Vinacke, W.E. 1952. The psychology of thinking. New York: McGraw-Hill.

Vygotsky, L.S. 1971. The psychology of art. Cambridge: The M.I.T. Press.

Wallach, M.A. en Kogan, N. 1965. A new look at the creativity - intelligence distination. *Journal of Personality*, 33: 348-369.

Wertheimer, M. 1945. Productive thinking. New York: Harper and Row.

Wertheimer, M. 1959. Productive thinking. London: Tavistock.

Williams, F.E. 1967. Intellectual creativity and the teacher. *Journal of Creative Behavior*, 1: 173-180.

Williams, F.E. 1969. Creativity ... and bridge between the cognitive and affective domains. (Afgerolde lesing aangebied voor die *First Annual Special Education Symposium* gehou op 20 Maart 1969 te North Illinois University: De Kalb - Illinois).

Wolters, B.J. 1980. Studies over creativiteit. 'S Gravenhage: Staatsuitgevery.

Wright, R.L.D. 1976. Understanding statistics. New York: Hacourt Brace Jovanovich.

Yamamota, K. 1966. "Do creativity tests really measure creativity?" *Theory into practise,* 5(4): 194-199.

Yarborough, B.H. en Johnson, R.A. 1983. Identifying the gifted: A theory-practise gap. *Gifted Child Quarterly,* 27(3): 135-138.

# S U M M A R Y

CREATIVITY AND POETRY-CREATION BY THE ADOLESCENT

A PSYCHOLOGICAL INVESTIGATION

by

PAUL PHILIPPUS BOTHA

PROMOTOR: Prof P E van Jaarsveld
PART-PROMOTER: Prof M C A Seyffert
DEPARTMENT: Psychology
UNIVERSITY: Potchefstroom
DEGREE: Doctor Philosophiae

May 1985

# CREATIVITY AND POETRY - CREATION BY THE ADOLESCENT

# A PSYCHOLOGICAL INVESTIGATION

## 1. INTRODUCTION

In recent times there has been a growing awareness of the problematic issues concerning the identification of the gifted child, leading research to set as its goal the indication of significant attributes by which these children can be identified. At present, *superior intellectual abilities* are the most common criteria used to distinguish the *gifted child* in terms of the diverse forms of giftedness.

## 2. AIMS

*Creative giftedness* seems to be a form of giftedness in which little research has been done, concerning the identification of children within this category. With reference to this, the most important goal of the recent study was to, by using a *creativity and giftedness perspective*, construct an *identity profile* by which the *creative-gifted child* could be identified. In answer to the main aim the *creation of poetry* was used as a manifestation of creative giftedness to determine, in accordance with the secondary aims of the study, if there are any attributes of identification that could be included in the *identity profile* of the creative poet.

## 3. SURVEY OF LITERATURE

According to the *literature review* it is evident that *convergent or intellectual abilities, divergent thinking, personality characteristics, fantasy, affective processes, cognitive language ability* and *interests* may represent attributes within the *identity profile* of the *creatively-gifted person*. These inferences can be made on the grounds of the following literature-findings:

- *Convergent and divergent thinking* - Recent research proves that convergent or intellectual abilities correlates positively with creativity, however not necessarily representing the *superior intellectual levels*. Further findings proved that individuals with a high intelligence quotient do not necessarily have creative abilities, but that creative giftedness presupposes exceptional intelligence abilities. In the literature it was also shown that creativity not only consists of divergent thinking, as was earlier accepted, but that the importance of convergent thinking should not be overlooked. According to these findings creativity is seen as the interdependence of *convergent and divergent abilities*.

- *Personality characteristics* - It was found that the degree of creativity, giftedness and the effective application of intelligence are influenced by *non-cognitive factors*. In reference to this it seems that creativity and giftedness, although in the past mostly researched in isolation, reveal an accordant relation with regard to particular personality traits. It was infered from literature-findings that the creative and gifted person thinks more abstractly, is more intelligent, original and resourceful. They are also independent, critical, perservering, self-sufficient, prefer own decisions, are controlled, self-disciplined and emotionally strained. A discrepancy in the literature that had to be researched in this study, was the differences in research results concerning the occurrence of neurotic behavior patterns.

- *Fantasy* - According to the findings in the literature-review, fantasy is an unconscious, non-observable mental activity which is mainly theoretically founded and of which the importance with reference to creativity have not yet been proven empirically. In this context it was found that creative persons are inclined to reject repression as a defense mechanism, causing unconscious thinking, of which *day-dream fantasies* are a manifestation, to have free entry to the conscious processes. Although a *psychoanalytic perspective* from the literature, there seems to be a possible correlation between creative giftedness and the occurrence of day-dream fantasies.

- *Affective processes* - Literature findings prove that the readiness and usage of internal emotional experiences, to lead to creative thinking, are particularly influenced by the cognitive stimulus situation and the response-strength it elicits. According to this theoretical principle it seems that the manifestation of a literary-creative language product is frequently elicited by an emotion with a cognitive stimulus, and that it could lead to productive thinking with help of cognitive processes and personality factors. This finding implies that affective experiences, cognitive thinking and personality factors represent interdependent components within the process of creative deeds.

- *Cognitive language abilities* - According to literary considerations, language development is a regulated process that usually runs from the acquirement of language, that is the child's first experience of and communication with others, to the stage where it culminates with language being so refined that it can be applied in creative ways. It also appears that language is a creativity manifestation, considering that it implies cognitive skills related to the intellectual abilities of the child. Literature further states *language* and *thought* as interdependent developmental processes from which can be infered that language, as a creative giftedness-manifestation, suggests a correlation between refined language development and a regulated thought system.

- *Interest* - Certain studies on the correlation between creativity and interest have shown that a distinctive feature of the creative person is a interest pattern with a character of its own. In this context it was found that creative persons are relatively disinterested in little detail, and relatively interested in the meaning and implications of facts, verbally very capable and intellectually very inquisitive. The possibility of a correlation between interest in language and creative poetry is reinforced by research results that show a positive correlation between an interest in writing and creativity. The research finding that creative persons show an interest in art,

- reinforces the assumption that the interestcomponents of *performing and fine arts* can be associated with creative poetry. Considering that the creation of poetry is in itself a creative manifestation, it is very likely that it correlates with the interestcomponent of creative thinking in the *19-Field-Interest Questionnaire.* This component gives an indication of a person's interest in the use of logical thinking, in the resolution of problems and for the performing of creative work.

Although *sex differences* do not necessarily represent an attribute of identification that could be included in the identity image of the creative-gifted person, it was seen in the literature review that sex differences could play a part in the forming of creative language-artwork. It seems from research results that the *female sex* is, in general, superior to the male sex, with regard to language skills. In conjunction with this, the literature shows that *higher emotionality* in the female sex, coupled with the fact that females have the ability to get ideas for their creations from the *unconscious,* strengthens the possibility of females being more creatively-gifted than males, with regard to the forming of creative language-artwork.

The assumption of creative giftedness as a comprehensive concept, embracing the cognitive, affective and conative elements of the psyche, implies, according to the literature review, an *interdependent* correlation between a large number of variables, which could be included in the broader, *psychological personality image* of the *creatively-gifted person.*

According to literature findings, it seems that creative skills start culminating, particularly in the *adolescent developmental phase,* with the result that experimental subjects in this developmental phase are exceedingly suitable for the study in question.

## 4. *EXPERIMENTAL HYPOTHESES*

The different experimental hypotheses that were formulated with reference to the literature findings, and could be applied to the

adolescent, include the following:

- *Hypothesis 1:* The adolescent forming creative poetry, has more convergent abilities by comparison with the adolescent with less or little creativity

- *Hypothesis 2:* The adolescent forming creative poetry, has more divergent abilities by comparison with the adolescent with less or little creativity

- *Hypothesis 3:* Convergent and divergent thinking are interdependent with regard to the forming of creative poetry

- *Hypothesis 4:* Adolescents forming creative poetry, reveal certain personality traits that distinguish them from the adolescent who forms less or little creative poetry

- *Hypothesis 4.1:* The creative poet is more reserved, aloof, critical and phlegmatic

- *Hypothesis 4.2:* The creative poet is more intelligent, thinks more abstractly and has stronger scholastic and mental capabilities

- *Hypothesis 4.3:* The creative poet is more affected by feelings and is emotionally less stable

- *Hypothesis 4.4:* The creative poet is independent, assertive and more dominating

- *Hypothesis 4.5:* The creative poet is conscientious, persistent, serious, and has a strong superego-development

- *Hypothesis 4.6:* The creative poet is anxious, troubled, uneasy and is inclined to experience feelings of guilt.

- *Hypothesis 4.7:* The creative poet is self-sufficient, resourceful and prefers to make his own decisions

- *Hypothesis 4.8:* The creative poet is controlled, socially correct, self-disciplined and has a high degree of positive self-sentiment

- *Hypothesis 4.9:* The creative poet is anxious and nervous, highly strung and frustrated

- *Hypothesis 5:* Adolescents forming creative poetry, are more inclined to experience emotional anxiety, in comparison to those that are less creative

- *Hypothesis 6:* Creativity potential, as manifested in the personality of the individual, is correlated to the forming of creative poetry by the adolescent

- *Hypothesis 7:* The adolescent forming creative poetry, has rich day-dream fantasies by comparison with the adolescent with less or little creativity

- *Hypothesis 8:* The adolescent forming creative poetry, is more willing to report on affective experiences than those with less or little creativity

- *Hypothesis 9:* The adolescent forming creative poetry, has a stronger cognitive language ability in comparison to the adolescent with less or little creativity

- *Hypothesis 10:* The adolescent forming creative poetry, has a stronger interest in components of interest, such as language, creative thinking and fine- and performing arts

- *Hypothesis 11:* Adolescent females are more inclined to form creative poetry than adolescent males

- *Hypothesis 12:* Convergent abilities, divergent abilities, personality, fantasy, affective processes, cognitive language-ability and interest are interdependent variables with regard to the creation of poetry

## 5. *METHOD OF STUDY*

To do an experimental-psychological testing of the different hypotheses, a sample was used consisting of three male groups and three female groups, that were devided into three creativity-categories, on the grounds of the quality of their poetry. According to the evaluation of the poetry it seemed that there were few experimental subjects who could comply to the conditions for inclusion into the creative category, with regard to *literary-theoretical, aesthetical and creativity principles*. From a total goalpopulation of 668 experimental subjects, only 15 males and 27 females could be categorised as potentially creative poets. Of the remaining experimental subjects, the poetry of 72 females and 38 males was evaluated as potentially less creative, while the poetry of 233 females and 283 males was evaluated and categorised as having little potential creativity. Considering that only 15 males were seen as potentially creative, this number was used to determine at random which experimental subjects could be included in the different categories of the sample.

## 6. *INSTRUMENTS OF MEASUREMENT*

The *measuring-instruments* used in the study, consisted of the following:

- The *New South African Group Test* whereby convergent thinking could be quantified according to verbal, non-verbal and total intelligence scores;

- the *Remote Associative Test* which was used as creativity test to measure the verbal component of divergent abilities;

- the *High School Personality Questionnaire* used for the identification of a personality image and the quantification of creativity potential;

- the *IPAT Anxiety Scale* used for the indication of a possible correlation between emotional anxiety and creative poetry;

- the *Imaginal Process Inventory* to determine whether the occurrence of day-dream fantasies and the willingness to report emotional experiences, could be associated with creative poetry;

- the *Afrikaanse Taalvermoëtoets* for measuring cognitive language abilities;

- the *19 Field Interest Inventory* whereby it could be determined if interests · such as fine arts, performing arts, language and creative thinking bear any relation to creative poetry.

## 7. *STATISTICAL PROCEDURE*

The results of this study were acquired by way of the following *statistical techniques:*

- A *one-way variance analysis* from which it could be infered, looking at the significance of group differences, whether a correlation exists between creative poetry and characteristics of identification, such as convergent thinking, divergent thinking, personality factors, creativity potential, emotional anxiety, fantasy, affective processes, cognitive language ability and certain interests components.

- The *one-way variance analysis* was suplemented by the *post hoc comparison of Scheffé,* whereby the groups that differed significantly from each other, could be identified.

- An *analysis of covariance* was performed according to the *F-value*, to indicate if an interdependent correlation exists between convergent and divergent thinking within and amidst the respective creativity categories.

- The *Chi-square test* was used to determine whether a significant difference in frequencies with regard to the categorical goalpopulation for males and females exists. From this could be infered what the function of sex differences is in regard to creative poetry. This was done after a *contingency coefficient* was calculated according to the Chi-square test, to indicate the extent of a relationship between these variables.

- By way of a *discriminant analysis* the *degree of interdependency* that exists between convergent thinking, divergent thinking, personality factors, creativity potential, emotional anxiety, fantasy, affective processes, cognitive language ability, interest and sex, with regard to creative poetry, could be determined. From this could be infered what combination of variables could be associated with the potentially creative poet.

## 8. RESULTS OF THE INVESTIGATION

With regard to the different hypotheses and the experimental-psychological research thereof, it was found that

- *convergent abilities*, as manifested in the *non-verbal, verbal,* and *total intelligence scores* bear a relationship to creative poetry;

- *divergent thinking* is an ability that can be associated with creative poetry;

- *convergent and divergent thinking* are interdependent with regard to creative poetry;

- the potentially creative poet can be distinguished on the basis of a *personality profile* with a character of its own;

- the potentially creative poet has greater *cognitive language abilities* than those potentially less creative;

- *interests* in *performing arts* and *language* are characteristic of the creative poet;

- *females* are more capable with regard to creative poetry than males, and

- that a *identity profile* of the potentially creative poet can be constructed as result of the interdependent relationship between *cognitive* and *conative variables*.

The *identity profile* assembled for *males*, *females* and the *total group* of potentially creative poets, with regard to the above findings, includes the following attributes of identification:

- *Adolescent males* that form potentially creative poetry, have above-average convergent and divergent capabilities - are more susceptible to feelings, emotionally less stable, are easily upset and show little ego-strength - are sober, cautious, serious and silent - are tender-hearted, dependent, over-protected and sensitive - are inclined to prefer their own decisions, are self-sufficient and resourceful - are emotionally strained, pressurised and frustrated - experience unconscious anxiety - have a potential for creative thinking - have strong cognitive language abilities and show an interest in language and the performing arts.

- *Adolescent females* categorised as potentially creative poets, have above-average convergent and divergent abilities - are intelligent and think more abstractly - are more susceptible to feelings, emotionally less stable, are easily upset and show little ego-strength - are shy, controlled, lack boldness

- are apprehensive, troubled, dejected, uneasy and are inclined to experience feelings of guilt - have a strong congitive language ability and show an interest in creative thinking, language and the performing arts.

- The *total group adolescents* classified as potentially creative poets, have above-average convergent and divergent abilities - are more reserved, aloof, critical and phlegmatic - are intelligent and think more abstractly, are more susceptible to feelings, emotionally less stable, are easily upset, show little ego-strength - are sober, cautious, serious and silent - are more hesitating, thwarting, individualistic, medatative, internally incommunicative and unwilling to take action - are more apprehensive, troubled, dejected, uneasy and inclined to experience feelings of guilt - are inclined to prefer their own decisions, are self-sufficient and resourceful - are emotionally strained, pressurised, highly strung and frustrated - experience unconscious anxiety - have a potential for creative thinking - have a strong cognitive language ability and show an interest in creative thinking, language and performing arts.

The statistically insignificant results found with regard to *fantasy* and *affective processes*, explain why it could not be included as an attribute for identification in the *identity profile* of the potentially creative poet.

## 9. *CONCLUDING REMARKS*

According to the findings of the study it seemed that a *programme of identification* could be compiled, from which it would be possible to identify the adolescent who is potentially capable of forming creative poetry. The *New South African Group Test* which at present is one of the most important

measuring instruments used to identify the gifted child according to his/her superior intellectual abilities, should be supplemented with a program of testing concentrating more on the *creatively-gifted child.* In this context it was infered from the present findings that these persons do not necessarily have superior intellectual abilities and that it is possible for them to be excluded from those categorised as being highly gifted. As 'n guideline for the identification of *creative-giftedness* it is recommended that, although not applicable to all forms of creative-giftedness, *measuring instruments* such as the *Remote Associative Test,* or other relevant *creativity tests,* the *High School Personality Questionnaire* and the *19 Field Interest Inventory,* be included in such a testing programme. The *Afrikaanse Taalvermoëtoets* can also be of value with regard to forms of giftedness that show correlations with *creative language manifestations.*